Die vertaling van kodewisseling in Deon Meyer se *Koors*

DJ Cloete

orcid.org/0000-0002-0040-6436

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister Artium in Algemene Taal- en Literatuurwetenskap* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr H Kotzé
Medestudieleier: Dr J Kirsten

Gradeplegtigheid: Mei 2020
Studentenommer: 24839884

Opsomming

Deon Meyer word beskou as een van Suid-Afrika se topverkoperskrywers. Daar word geredeneer dat Meyer nie net Afrikaanse letterkunde gerevolusioneer het nie, maar ook nuwe stemme tot die internasionale speurverhale van hierdie genre bygevoeg het met die vertalings van sy romans na Engels. Die belangrikheid van Meyer as speurverhaalouteur – veral in die buiteland – hang dus af van die vertaling van sy werk. Die inhoud van hierdie romans het interessante navorsingsmoontlikhede tot gevolg en een van hierdie elemente, wat hier van nader bekyk word, is die gebruik van kodewisseling as deel van 'n karakter se dialoog in Meyer se *Koors*. Hierdie kodewisseling dien as 'n karakteriseringsmetode in *Koors*, maar in *Fever* ontbreek dit. Ten spyte van die glossarium wat aan die einde van *Fever* voorsien word, en wat 'n aanduiding is dat daar 'n element van kodewisseling in die teks voorkom, figureer dit nie so prominent soos in die Afrikaanse teks nie. Hierdie studie wil ondersoek instel na die vertaling van Deon Meyer se *Koors*, veral met fokus op die vertaling van die karakter Domingo se dialoog omdat hy gebruik maak van kodewisseling. Hierdie karakter word gekarakteriseer as 'n spreker van Kaaps, waarin daar kodewisseling voorkom, maar die afwesigheid van hierdie karakteriseringsmetode in die Engelse weergawe het moontlik tot gevolg dat die karakter anders uitgebeeld word. Vertaling word beskou as die uitvoering van kommunikasie wat poog om oordrag te laat plaasvind oor kulturele en linguistiese grense. Die vertaler kan egter bepaal in watter mate hy/sy die konteks wil medieer.

Die oorweging tussen 'n bronteksgerigte benadering en 'n doelteksgerigte benadering is al vir 'n lang tyd deel van die vertaalteorie. Hierdie oorweging kom ook in die polisisteemteorie na vore. Volgens Even-Zohar (1990) se model is die polisisteem bedink as 'n heterogene, hiërargiese konglomeraat (of sisteem) van idees wat mekaar beïnvloed om 'n aaneenlopende, dinamiese proses van evolusie in die polisisteem as 'n geheel mee te bring. Uit die perspektief van die polisisteem word sekere tekste gekies vir vertaling (en die invoering in die doelsisteem) veral as gevolg van sistemiese redes. In die geval van hierdie studie sal die vraag dan gevra kan word watter rol Meyer se tekste speel in die Amerikaanse literêre polisisteem. Natuurlik verskyn die Engelse tekste van Meyer in verskeie polisisteme, maar omdat dit so 'n komplekse sisteem is, sal die Amerikaanse literêre polisisteem ter illustrasie gebruik word.

Hierdie studie sal gebruik maak van 'n kwalitatiewe algemene metodologiese benadering. Verskeie bronne wat versamel word, word dan ook gebruik as data. Die studie het van drie hoofdata-insamelingsmetodes gebruik gemaak: 'n teksanalise van die gekose tekste wat eindelik ook met mekaar vergelyk sal word; 'n analise van die parateks en aanlyn resensies; en 'n onderhoud.

Hierdie metode het dit moontlik gemaak om die navorsingsdoelwitte van hierdie studie te bereik. Eerstens wou die navorser bepaal watter spesifieke vertaalstrategieë gekies is om ’n kultuurspesifieke item soos kodewisseling as deel van Kaaps te vertaal. Hiervoor is daar verskillende voorbeelde uit die teks geneem vir die analises. Die voorbeelde is gesorteer volgens moontlike kodewisseling wat in ’n spesifieke voorbeeld voorkom. Verder is die Afrikaans en Engelse tekste naasmekaar geplaas, wat dit moontlik gemaak het om die Afrikaans en Engels met mekaar te vergelyk en om aan te toon waar daar moontlike verskille of probleemareas in die teks voorkom. Die voorbeelde is bespreek aan die hand van die gespreksituasie in sy geheel om te bepaal of daar ’n ekwivalente effek bewerkstellig is. Daar is bevind dat alhoewel die kodewisseling afwesig is in Domingo se dialoog in *Fever,* hy nie sy karaktereienskappe verloor nie en die gespreksituasie word by uitsondering anders uitgebeeld as in die bronteks.

’n Tweede doelwit was om te bepaal of die doel, funksie en posisie van Amerikaanse/Engelse vertalings van Meyer se *Koors* in die Amerikaanse literêre polisisteem bydra tot die verkose vertaalstrategieë. Die bespreking wat deel vorm van die polisisteemteorie het die analise van die parateks en aanlyn resensies ingesluit. Hierdie analise maak dit moontlik om die posisie van die skrywer en die roman binne ’n bepaalde sisteem as deel van die polisisteem vas te stel. *Fever* funksioneer as ’n spanningsverhaal en neem ’n meer sentrale posisie in die vertaalde spanningsverhaalsubsisteem. Hieruit kan beredeneer word dat dit die rede is waarom daar tot ’n mate van ’n meer innoverende repertoire gebruik gemaak word.

Die derde doelwit was om te bepaal wat die rol van die individuele rolspelers was tydens die selektering van spesifieke vertaalstrategieë van kultuurspesifieke items soos kodewisseling in die Engelse vertaling van *Koors*. Hieruit word bevind dat die netwerk van rolspelers waarin die vertaler haarself bevind, bydra tot die vertaalbesluite wat geneem word om uiteindelik ’n ekwivalente effek in die doelteks te bewerkstellig.

Sleutelwoorde: Vertaling, literêre vertaling, kodewisseling, karakterisering, vertaalstrategieë, ekwivalente effek, dialoog, Deon Meyer, polisisteemteorie, sosiologie van vertaling, netwerk.

Abstract

Deon Meyer is considered to be one of South Africa's top-selling authors. It has been argued that Meyer not only revolutionized Afrikaans literature, but also contributed to the new voices in the international arena considering crime fiction genre with his translated works in, amongst others, English. The importance of Meyer as a crime fiction author, especially in foreign countries, relies on the translation of his works. The content of these novels brings about interesting research possibilities and one of the elements that will be considered, is the use of code-switching as part of a character's dialogue in Meyer's *Koors.* In this instance code-switching serves as a method of characterization in *Koors*, but in *Fever* this seems to be absent. Despite the glossary provided at the end of *Fever*, which indicates a certain element of code-switching that is present, this element is not as prominent as it is in the Afrikaans text. This study investigates the translation of Deon Meyer's *Koors*, with focus on the translation of the character Domingo's dialogue, because he makes use of code-switching. This character is characterized as a speaker of Kaaps and he often makes use of code-switching because of the influence of English. However, the absence of this method of characterization in the English translation may cause this character to be depicted differently. Translation may be seen as the execution of communication that tries to ensure that transference takes place across cultural and linguistic borders, and other forms of communication. The translator can, however, decide to which extent he/she wants to mediate the context.

The consideration between a source text approach and a target text approach has been part of translation theory for a very long time. This consideration also presents itself in the polysystem theory. According to Even-Zohar's (1990) model, the polysystem is conceived as a heterogenous, hierarchical conglomerate (or system) of ideas that influence one another to bring about a continuous, dynamic process of evolution in the polysystem as a whole. From the perspective of the polysystem, specific texts are selected for translation (in the importation in the target system), especially because of systemic reasons. In the case of this study, it may then be asked what role Meyer's texts play in the American literary polysystem. Of course translation of Meyers's work into English forms part of various polysystems, but because it is such a complex system, the American literary polysystem will be used for the purpose of this study.

This study used a qualitative general methodological approach. Among others the researcher plays a key role in collecting data and working through documents, and various sources that have been collected will then also be used as data. The study will use three main data collection methods: a text analysis of the selected texts that will eventually also be compared with one another; an analysis of the paratext and online reviews; and interviews.

This method has made it possible to achieve the research objectives of this study. Firstly, this study intended to determine which specific translation strategies were chosen to translate a culture-specific item such as code-switching as part of Kaaps. For this, various examples were taken from the text to be analyzed. The examples were sorted according to possible identified code-switching found in a specific example. Furthermore, the Afrikaans and English texts were placed adjacent to each other, in order to see how the Afrikaans and English compare and to indicate where possible differences or problem areas in the text appear. The examples were discussed taking into consideration the whole conversation situation, to determine whether an equivalent effect was achieved. It has been found that, although the code-switching is absent in Domingo's dialogue in *Fever*, he does not lose his characteristics and that the conversation situation is portrayed differently than in the source text in only a few instances.

A second objective was to determine whether the purpose, function and position of American/English translations of Meyer's *Fever* in the American literature polysystem contribute to the chosen translation strategies. The discussion that forms part of the polysystem theory included the analysis of the paratext and online reviews. This analysis makes it possible to determine the position of the author and the novel within a particular system as part of the polysystem. *Fever* functions as a thriller and takes a more central position in the translated thriller subsystem. From this viewpoint, it can be argued that this is the reason why a more innovative repertoire is used and something like the glossary is included in *Fever*.

The third objective was to determine the role of the individual role players in selecting specific translation strategies for culture-specific items such as code-switching in the English translation. It is found that the network of roleplayers in which the translator finds herself, contributes to the translation decisions that are made to ultimately produce an equivalent effect in the target text.

Keywords: Translation, literary translation, code-switching, characterization, translation strategies, equivalent effect, dialogue, Deon Meyer, polysystem theory, sociology of translation, network.

Dankbetuigings

Soli Deo gloria

Hierdie studie is meer as net inhoud wat vasgevang is op die onderstaande bladsye. Dit is ’n reis wat ek meegedeel het met vele ander en hiervoor wil ek ook my innige dank betuig aan:

- My studieleier, dr. Herculene Kotzé, en mede-studieleier, dr. Johanita Kirsten, vir julle deursettingsvermoë en onskatbare studieleiding. Ek kan vir elkeen van julle nie genoeg dankie sê nie.
- My allerliefste, Candice Esterhuizen, vir jou liefde, motivering en geduld. Dit het baie geverg.
- My vriende Zander en Luwaney Janse van Rensburg, Willem Coetzee, Charmoné Grobbelaar, Monique Rabé, en Hennie Pieters, vir julle gewillige oor en julle deurlopende ondersteuning.
- My kollegas, prof. Tobie van Dyk, dr. Janien Linde, prof. Bernard Odendaal, prof. Thys Human en prof. Adri Breed, vir julle waardevolle insigte.
- Die skrywer van *Koors*, Deon Meyer, vir sy bereidwilligheid om deel te neem aan hierdie studie.
- My ouers, Heinrich Cloete en Hannelie von Lisenborgh, vir julle onvoorwaardelike liefde; en my ander ouers, Rudi en Debbie Esterhuizen, vir julle onvoorwaardelike ondersteuning.
- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Departement Kuns en Kultuur vir finansiële ondersteuning.

Inhoudsopgawe

Opsomming ..... *i*

Abstract ..... *iii*

Dankbetuigings ..... *v*

Inhoudsopgawe ..... *vi*

Lys van Tabelle ..... *x*

Lys van Figure ..... *xi*

Hoofstuk 1: Inleiding en kontekstualisering *12*

1.1. Kontekstualisering en probleemstelling **12**

1.1.1. Kodewisseling in *Koors* 12

1.1.2. Kodewisseling: agtergrond 13

1.1.3. Karakterisering deur middel van dialoog 14

1.1.4. Probleemstelling 16

1.1.5. Teoretiese konteks vir die ondersoek van die navorsingsvrae 16

1.2. Navorsingsvrae **18**

1.3. Doelwitte **18**

1.4. Navorsingsmetode **19**

1.4.1. Algemene benadering 19

1.4.2. Teksseleksie en teksanalise 19

1.4.3. Analise van die parateks en aanlyn resensies 20

1.4.4. Onderhouddata 20

1.5. Beperkings **21**

1.6. Hoofstukindeling **21**

Hoofstuk 2: Literatuuroorsig en teoretiese raamwerk *23*

2.1. Inleiding **23**

2.2. Kodewisseling **24**

2.2.1. Die ontwikkeling van Afrikaans en Kaaps 25

2.2.2. Die verskillende tipes kodewisseling in Kaaps 29

2.2.3. Kodewisseling in dialoog 32

2.3. Karakteriseringsmetodes **34**

2.3.1. Algemene karakteriseringsmetodes 35

2.3.2. Dialoog as karakteriseringsmetode 40

2.4. Ekwivalensie: dialoog, kultuur en vertaling 42

2.4.1. Dialoog as linguistiese middel vir die uitbeelding van kultuur 42

2.4.2. Vertaling: die oordrag van kultuur deur middel van linguistiese middels 43

2.4.3. Vertaler as ekwivalensieskepper 43

2.4.4. Ekwivalensie na Polisisteemteorie 46

2.5. Polisisteemteorie 47

2.5.1. Even-Zohar oor polisisteme 49

2.5.2. Die Suid-Afrikaanse literêre polisisteem en *Koors* 52

2.5.2.1. Algemene literêre polisisteem 52

2.5.2.2. Outeur in die polisisteem 54

2.5.2.3. Teks 55

2.5.3. Die Amerikaanse literêre polisisteem en *Fever* 56

2.5.3.1. Algemene literêre polisisteem 56

2.5.3.2. Outeur en vertaler in die polisisteem 57

2.5.3.3. Teks 58

2.6. Die rolspelers in die proses van vertaling 60

2.6.1. Sosiologie van vertaling 61

2.6.2. Verskillende rolspelers in vertaling 64

2.7. Samevatting 65

Hoofstuk 3: Metodologie 67

3.1. Inleiding 67

3.2. Rasionaal vir empiriese en kwalitatiewe navorsingsbenadering 67

3.3. Tekste (datastel) 71

3.4. Oorsig van data benodig 72

3.4.1. Selektering van items wat kodewisseling bevat 72

3.4.2. Selektering van karakteriseringsmetodes 72

3.4.3. Vergelykende tekstuele analise 73

3.4.4. Die doel, funksie en posisie van Meyer se vertaalde teks in die Amerikaanse polisisteem 73

3.5. Data-analise 75

3.5.1. Analise van kodewisseling 75

3.5.2. Analise van karakteriseringsmetodes 75

3.5.3. Vertaalstrategieë 76

3.5.4 Die rol van individuele agente in die selektering van vertaalstrategieë 76

3.5.4.1. Onderhoud en oop vrae 77

3.5.4.2. Struktuur van vraelyste 78

3.6. Etiese oorwegings 80

3.7. Samevatting 81

Hoofstuk 4: Analises en bevindinge 82

4.1. Inleiding 82

4.2. Die vertaling van kodewisseling 83

4.2.1. Kodewisseling in *Koors* en *Fever* 84

4.2.1.1. Tussengeplaaste lekseme uit Engels as kodewisseling 86

4.2.1.2. Morfologiese inbedding van Engelse lekseme 100

4.2.1.3. Klankmatige verafrikaansing van tussengeplaaste of morfologies ingebedde Engelse ontlenings 104

4.2.2. Linguistiese verskynsels van Kaaps 111

4.2.3. Karakteriseringsmetodes 112

4.3. Uitbeelding van kultuur en die invloed op ekwivalensie 121

4.3.1. Kaaps en kultuur 121

4.4. Die doel, funksie en posisie van Meyer se vertaalde teks in die Amerikaanse polisisteem 124

4.4.1. Paratekstuele analise 124

4.4.2. Die funksie en doel van Meyer se romans in die Amerikaanse literêre sisteem 128

4.4.3. Aanlyn resensies van Meyer se Engelse roman, *Fever* 129

4.4.4. Die posisie van Meyer se roman in die Amerikaanse literêre sisteem 133

4.5. Die netwerk van rolspelers 134

4.5.1. Rolspelers in die vertaalproses 134

4.5.1.1. KL Seegers 135

4.5.1.2. Habitus van die vertaler 135

4.6. Opsomming van bevindinge 135

4.7. Samevatting 138

Hoofstuk 5: Samevatting en aanbevelings 139

5.1. Inleiding 139

5.2. Vertaling van kodewisseling in *Koors* 139

5.2.1. Die verskillende tipes kodewisseling in Kaaps en vertaling 140

5.2.2. Karateriseringsmetodes en heruitbeelding 141

5.3. Die posisie van Meyer in die Amerikaanse literêre polisisteem 142

5.4. Rolspelers in die vertaalproses 144

5.5. Samevatting 144

5.6. Aanbevelings 146

Bronnelys 147

Aanhangsel A: Om karakter te begryp 154

Aanhangsel B: Uittreksel uit Excel-spreiblad van teks 155

Aanhangsel C: Onderhoudskedule vir vertaler 158

Lys van Tabelle

Tabel 1: Voorbeeld van kodewisseling in Koors en die gelykstaande teks in Fever ... 32
Tabel 2: Karakterisering van Domingo in Koors en Fever ... 36
Tabel 3: Teks uit die Amanzi-projek ... 37
Tabel 4: Dialoog – voorbeeld 1 ... 86
Tabel 5: Dialoog – voorbeeld 2 ... 87
Tabel 6: Dialoog – voorbeeld 3 ... 88
Tabel 7: Dialoog – voorbeeld 4 ... 88
Tabel 8: Dialoog – voorbeeld 5 ... 89
Tabel 9: Dialoog – voorbeeld 6 ... 91
Tabel 10: Dialoog – voorbeeld 7 ... 92
Tabel 11: Dialoog – voorbeeld 8 ... 93
Tabel 12: Dialoog – voorbeeld 9 ... 94
Tabel 13: Dialoog – voorbeeld 10 ... 96
Tabel 14: Dialoog – voorbeeld 11 ... 98
Tabel 15: Dialoog – voorbeeld 12 ... 99
Tabel 16: Dialoog – voorbeeld 13 ... 101
Tabel 17: Dialoog – voorbeeld 14 ... 101
Tabel 18: Dialoog – voorbeeld 15 ... 103
Tabel 19: Dialoog – voorbeeld 16 ... 105
Tabel 20: Dialoog – voorbeeld 17 ... 106
Tabel 21: Dialoog – voorbeeld 18 ... 108
Tabel 22: Dialoog – voorbeeld 19 ... 109
Tabel 23: Fonologiese variasies in Domingo se dialoog ... 111
Tabel 24: Karakterisering van Domingo as enigmatiese figuur ... 114
Tabel 25: Karakterisering van Domingo as militante karakter ... 115
Tabel 26: Karakterisering van Domingo deur middel van sy verhouding met Birdie. 116
Tabel 27: Karakterisering van Domingo deur sy verlede ... 118

Lys van Figure

Figuur 1: Om karakter te begryp (eie vertaling, sien oorspronklike weergawe aangeheg) (Culpeper, 2014) 38
Figuur 2: ’n Skema van die Literêre Sisteem gebaseer op Jakobson se Kommunikasiemodel 49
Figuur 3: Voorblad van Fever (e-boek) 125
Figuur 4: Voorblad van Koors (e-boek) 127

Hoofstuk 1: Inleiding en kontekstualisering

1.1. Kontekstualisering en probleemstelling

1.1.1. Kodewisseling in *Koors*

Deon Meyer word beskou as een van Suid-Afrika se topverkoperskrywers (Nicol, 2015). Afrikaanse speurverhale het ’n paar dekades geneem om volwassenheid te bereik, maar Meyer het daarin geslaag om romans te skryf wat bo-aan die lys van Afrikaanse topverkopers verskyn, en hierdie romans kan vergelyk word met internasionale speurverhale. Barrow (2016:3) redeneer dat Meyer dus nie net Afrikaanse letterkunde gerevolusioneer het nie, maar ook nuwe stemme tot die genre bygevoeg het met die vertalings van sy romans in Engels. Die belangrikheid van Meyer as speurverhaalouteur hang dus veral in die buiteland af van die vertaling van sy werk. Dit is belangrik om dit in gedagte te hou wanneer daar na die inhoud van die romans gekyk word en na hoe sekere aspekte daarvan vertaal is. Een van hierdie elemente wat van nader bekyk word, is die gebruik van kodewisseling as deel van ’n karakter se dialoog in Meyer se *Koors*. Hierdie kodewisseling dien as ’n karakteriseringsmetode in *Koors*, maar in *Fever* ontbreek dit. Ten spyte van die glossarium wat aan die einde van *Fever* voorsien word, en wat ’n aanduiding is dat daar ’n element van kodewisseling in die teks voorkom, figureer dit nie so prominent soos in die Afrikaanse teks nie.

Koors lyk soos die normale aanbod van ’n speurverhaal, maar bied die leser iets meer. Hierdie roman bevat wel die normale speurverhaalelemente, naamlik ’n moord wat opgelos moet word, maar die konteks waarin die karakters hulself bevind is aansienlik anders as die tipiese Meyer-aanbod. *Koors* se milieu word gekenmerk as ’n distopiese, post-apokaliptiese Suid-Afrika. Die jare word verdeel in diername, maar die leser kan aanneem dat dit in ’n nie te verre toekoms afspeel nie (Steenkamp, 2017). ‘Die Koors’ is die naam van die groot plaag/siekte wat ’n groot gedeelte van die wêreld se bevolking uitgewis het en as gevolg hiervan het die lewenswyse van die oorlewendes aansienlik verander.

Verder word die roman in die vorm van die hoofkarakter se memoires aangebied, maar dit word aangevul deur middel van ’n geskiedenisprojek wat saamgestel is deur vertellings van die lede van Amanzi, die utopiese nedersetting by die Vanderkloofdam, wat deur die hoofkarakter se pa, Willem Storm, gestig is (Steenkamp, 2017). Met hierdie optekeninge/vertellings kry die lede van die gemeenskap ’n geleentheid om iets te sê oor hulle geskiedenis en hoe hulle uiteindelik by Amanzi beland het. Een van hierdie lede is Domingo, wat ook ’n beduidende rol in Nico, die hoofkarakter, se lewe speel. Volgens die geskiedenisprojek kom Domingo van Abbotsdale (Meyer, 2016:97), ’n kleurlinggemeenskap

("Dis die coloured township van Malmesbury" (Meyer, 2016:97)). Soos met karakters wat verskyn in ander werke van Meyer, naamlik *7 Dae* en *Kobra* met verwysing na Vaughn Cupido wat meestal Kaaps praat (Kleyn, 2016:14), beeld Meyer Domingo ook uit as 'n spreker van Kaaps. Die hoofkarakter, Nico, maak ook 'n direkte opmerking oor Domingo se taalgebruik, "Hoekom praat Domingo nou met my wit Afrikaans? Hy het nog altyd Kaaps met my gepraat, dis asof hy my van iets wil uitsluit" (Meyer, 2016:270). Meyer maak gebruik van kodewisseling in die dialoog van die karakter om uit te beeld dat Domingo Kaaps praat en dit dien as 'n kenmerkende aspek van sy dialoog en as karakteriseringsmetode.

1.1.2. Kodewisseling: agtergrond

Van Dulm (2007:1) omskryf kodewisseling as die gebruik van twee of meer tale in dieselfde uiting of gesprek. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n Afrikaanse spreker 'n Engelse woord of woorde in 'n Afrikaanse sin gebruik. Kodewisseling kan ook plaasvind tussen spreekbeurte, in uitinge in 'n enkele spreekbeurt of tydens 'n enkele uiting of sin (Van Dulm, 2007:1). Volgens Du Plessis (1988:24) en Poplack (2004:589) kan dit die wisseling tussen tale en ook enige soort variëteit van 'n bepaalde taal insluit. Hierdie wisseling kan geaktiveer word deur die gespreksituasie, die gespreksdeelnemers, gespreksonderwerp of enige ander, selfs talige, faktore (Du Plessis, 1988:25).

In die meertalige Suid-Afrikaanse konteks het verskillende tale 'n invloed op mekaar en die kontak tussen die tale is onvermydelik. Du Plessis (1988:25) noem dat dit byna nooit gebeur dat die kontaktale mekaar ewe veel beïnvloed nie. Hierdie kontak tussen die tale bring interessante verskynsels mee en Du Plessis (1988:25) noem dat die wedersydse invloed daartoe lei dat die struktuur van die een taal inwerk op dié van die ander; hierdie inwerking veroorsaak patroonmatige versteuring of interferensie van die ander taal. Van Dulm (2007:4) ondersteun hierdie stelling deur te verwys na die invloed wat Afrikaans en die Bantutale op Engels gehad het vandat die Britse setlaars in die Kaap en Natal gearriveer het, al is dit net op leksikale vlak.

Alhoewel daar nog 'n mate van kontroversie ten opsigte van die oorsprong van Afrikaans is, verwys Van Dulm (2007:4) na Raidt (1989), Ponelis (1993) en Roberge (1993) wat saamstem dat Afrikaans ontwikkel het uit die Vroeë Moderne Nederlandse gesprekstaal wat in die vroeë 1700s in die Kaap gepraat is, ook bekend as "Kaapse Nederlands". Afrikaans was toe as die moedertaal van beide die wit en bruin mense in die vroeë 1800s in die Kaap gevestig en het van die Kaapstad-area versprei na ander dele van die land (Van Dulm, 2007:4). As gevolg van die toenemende diamant- en goudindustrieë was Afrikaans stewig gevestig in 'n multitalige Suid-Afrika (Ponelis, soos aangehaal deur Van Dulm, 2007:4).

Hierdie groot verskeidenheid tale in Suid-Afrika, en die verskillende variëteite van die tale wat gepraat word, het tot gevolg dat Van Dulm (2007:4) kodewisseling nie as die uitsondering op die reël beskou nie, maar as die norm in baie gemeenskappe in Suid-Afrika. Vir een van die oudste variëteite van Afrikaans, Kaaps, is die invloed van Engels opvallend op sy Nederlands-Afrikaanse basis (Hendricks, 2016:6).

1.1.3. Karakterisering deur middel van dialoog

Wanneer daar ŉ karakter in ŉ roman geskep word, beveel Steyn (2012:85) aan dat die outeur na verskillende kenmerke van ander mense kyk, wat onder andere insluit fisieke kenmerke, aanwendsels, maniertjies en gewoontes en maniere van praat. Soos daar gesien kan word in *Koors* en *Fever*, is daar verskeie maniere om hierdie aspekte van ŉ karakter uit te beeld. Met die eerste ontmoeting van Domingo beskryf Nico hoe hy lyk en die leser sien dus hierdie karakter uit ŉ ander karakter se perspektief wat iets oor elkeen van die karakters uitbeeld. Die geskiedenisprojek van Amanzi, soos daar reeds aangetoon is, skep ook agtergrond van die karakters deur vir die leser bekend te maak waar hulle vandaan kom of hoe hulle by Amanzi uitgekom het. Hierdeur kan daar gesien word dat die outeur verskeie karakteriseringsmetodes gebruik om die karakter in ŉ verhaal te verryk. Met elke so ŉ geleentheid nuanseer die outeur die karakter beter vir die leser en bied die leser die geleentheid om die karakter beter te visualiseer. In die geval van Domingo word ŉ groot hoeveelheid van die inhoud van die roman daaraan gewy om Domingo te karakteriseer. Meyer het van verskeie metodes gebruik gemaak hiervoor, waaronder sy dialoog ŉ kenmerkende karakteriseringsmetode in *Koors* is.

Soos daar gesien kan word uit die voorbeeld van Domingo, dra die manier van praat by tot die karakter en die kulturele agtergrond (Page, 1988:3) van die karakter. Page (1988:3) voer aan dat dialoog help om die storielyn te ontwikkel en die leser se verstaan van die karakter, en die agtergrond van die karakter verryk. Kleyn (2016:15) gebruik die voorbeeld van *Fiela se kind* (Mattee, 1985) om te illustreer hoe die dialoog van die karakters gebruik word om sekere karaktereienskappe asook individualiteit van karakters uit te beeld. Joseph (2010:9) noem dat die idee wat ons het oor wie ons is, waar ons behoort en hoekom en hoe ons in verhouding staan met ander om ons, alles taal as die kern daarvan het. Die dialoog stel die leser dus in staat om die karakter se eienskappe, persoonlikheid, asook die omstandighede van die karakter te visualiseer asof die karakter werklik bestaan (Culpeper, 2001:164).

Page (1988:3) noem dat die skep van ŉ illusie in ŉ fiktiewe werk en die voorstelling van spraak ŉ onderskeidende rol vervul omdat hierdie element as die naaste moontlike nabootsing van realiteit gesien kan word, juis omdat dit blyk (en niks meer as dit nie) of die outeur se teenwoordigheid hier as die minste hinderlik beskou word. Die manier waarop die skrywer die karakter deur middel van dialoog karakteriseer, speel dus ŉ sentrale rol in die manier waarop

die leser die karakter interpreteer. Culpeper (2001:164) redeneer dat die leser ŉ verstaan van die karakter ontwikkel tot so ŉ mate dat dit byna die proses van dialoogvoering soos in realiteit naboots. Wanneer daar dan na Domingo se dialoog gekyk word, is daar woorde wat uniek is aan sy dialoog (wat moontlik kan dien as ŉ vorm van ŉ idiolek – "'n Idiolek verwys na die eie, unieke taalgebruik waaroor elke individu beskik" (Nel, 2014:1)), byvoorbeeld die woord "scheme" (in beide bron- en doelteks) wat ook dan in die Engelse teks, *Fever*, se glossarium verskyn. Ander woorde soos "ja" en "pa" word ook deel van Domingo se dialoog in die Engelse teks, maar dit is opmerklik dat *Fever* nie gebruik maak van dieselfde hoeveelheid kodewisseling in Domingo se dialoog nie.

Meyer het daarin geslaag om die karakter, Domingo, as ŉ spreker van Kaaps uit te beeld en die leser die geleentheid te gee om die karakter se eienskappe, persoonlikheid en omstandighede te visualiseer. Wanneer dele van Domingo se dialoog vergelyk word met die voorgenoemde kenmerk van Kaaps (die inspeel van Engels) kom dit duidelik na vore. Meyer maak meestal gebruik van tussengeplaaste, direkte lekseme uit Engels, byvoorbeeld:

- "*Where the corona-virus stopped*, da' het Darwin begin" (Meyer, 2016:56)
- "Sleg. Anderkant Rawsonville, net voor die Du Toitskloof-pas, lê die uitgebrande *lorries* en busse en karre die hele pad vol, jy kan nie daar deur nie. *Charred bodies, it's pretty gruesome*. En daar is *hand-painted signs* wat sê, *danger, radiation, go through and die*. Die berge is swart, dit lyk *toxic*. Ek kan maar net dink hoe die Kaap self lyk …" (Meyer, 2016:78).

Ter illustrasie word ook die gelykstaande Engels gegee:

- "Where the corona virus stopped, Darwin stepped in." (Meyer, 2017:55)
- "Bad. Beyond Rawsonville, just before Du Toits Kloof Pass, the burned-out trucks and buses and cars are blocking the road. You can't get through. Charred bodies, it's pretty gruesome. And there are hand-painted signs saying danger, radiation, go through and die. The mountains are black, it looks toxic. I can only imagine what the Cape itself looks like …" (Meyer, 2017:73).

Die kodewisseling wat in die dialoog gevind word toon aan dat Domingo Kaaps praat en dra by tot die eienskappe, persoonlikheid en omstandighede van die karakter. Ander gedeeltes in die teks, soos uitgewys, bevestig dat die kodewisseling wat in Domingo se dialoog gebruik word, Kaaps moet voorstel. Kaaps word in die konteks van die standaardtaal in die roman gesien as ŉ variëteit en dien as ŉ verrykende karakteriseringsmetode. Om te beklemtoon hoe die kodewisseling deel vorm van die karakterisering van Domingo se karakter, moet die

kodewisseling dus nie net gesien word as ’n vorm van Kaaps nie, maar ook as deel van die idiolek van die karakter.

1.1.4. Probleemstelling

Soos met byna al Meyer se vorige werke, is *Koors* ook vertaal in onder andere Engels. Hierdie studie wil ondersoek instel na die vertaling van Deon Meyer se *Koors*, veral met fokus op die vertaling van die karakter Domingo se dialoog omdat hy gebruik maak van kodewisseling. Hierdie kodewisseling kom egter veel minder in die Engelse weergawe voor. Die betrokke karakter word gekarakteriseer as ’n spreker van Kaaps waarin daar kodewisseling voorkom, maar die afwesigheid van hierdie karakteriseringsmetode in die Engelse vertaling het moontlik tot gevolg dat die karakter anders uitgebeeld word. Soos hierbo vermeld, is daar verskeie ander karakteriseringsmoontlikhede in *Koors,* buiten kodewisseling, wat as ’n karakteriseringsmetode aangewend kan word. Hierdie karakteriseringsmoontlikhede voeg addisionele inligting by tot die karakter en verryk die manier waarop die leser die karakter kan voorstel en visualiseer. Die manier waarop die Engelse weergawe sekere van die addisionele karakteriseringsmetodes uitbeeld, verryk ook die karakter, maar die vraag kan dan ontstaan of hierdie alternatiewe karakteriseringsmetodes genoegsaam is, en of die teks sonder die kodewisseling ’n semiotiese verskraling ondergaan. Wanneer *Koors* met *Fever* vergelyk word, sal daar bepaal moet word of die vertaler kompenserende wyses aanwend om ’n soortgelyke effek te bewerkstellig, al dan nie.

1.1.5. Teoretiese konteks vir die ondersoek van die navorsingsvrae

Landsberg (1999:2) voer aan dat letterkunde gemik is op ’n spesifieke teikengehoor en dit lewer kommentaar op situasies en probleme in die kultuur waarin die kommunikasie plaasvind. Soos dit uit die voorafgaande gedeelte blyk, word die identiteit van die karakter gevorm deur, onder andere, die dialoog – ook ’n vorm van kommunikasie in ’n spesifieke kultuur. Hierdie fiktiewe karakter bevind homself ook in ’n spesifieke omgewing wat verder bydra tot die karakterisering. Net soos die karakter in ’n sekere milieu geplaas word, met ’n spesifieke identiteit, só funksioneer die roman *Koors* ook as ’n teks binne ’n spesifieke sisteem – die kultuur waarin die kommunikasie plaasvind. Die sukses van die roman hang af van die vermoë van die skrywer om sy idees en sy gevisualiseerde wêreld aan die leser oor te dra deur middel van die kommunikasie wat plaasvind. Dit is vir ’n vertaler ’n groot uitdaging om al hierdie aspekte in ag te neem wanneer die vertaling plaasvind, juis omdat die vertaler as tussenganger moet optree tussen die bronteks en -kultuur en doelteks en -kultuur. Hatim en Mason (1997:1) noem dat vertaling die uitvoering van kommunikasie is wat poog om oordrag oor kulturele en linguistiese grense te laat plaasvind. Die vertaler kan egter bepaal in watter mate hy/sy die konteks wil medieer.

Die oorweging tussen ’n bronteksgerigte benadering en ’n doelteksgerigte benadering is al vir ’n lang tyd deel van vertaalteorie (Barrow, 2016:8). Hierdie oorweging kom ook in die polisisteemteorie na vore. Volgens Even-Zohar (1990) se model, is die polisisteem bedink as ’n heterogene, hiërargiese konglomeraat (of sisteem) van idees wat mekaar beïnvloed om ’n aaneenlopende, dinamiese proses van evolusie in die polisisteem as ’n geheel mee te bring, soos ook beaam word deur Shuttleworth (2009:197). Die eerste deel van die definisie maak voorsiening vir verskynsels op verskillende vlakke, sodat die polisisteem van ’n gegewe nasionale letterkunde beskou word as een element wat ’n groter sosiale sisteem vorm (Shuttleworth, 2009:197). In ’n groter sosiale konteks word letterkunde nie net as ’n stel tekste gesien nie, maar ook in ’n breër sin as ’n stel faktore wat die produksie, bevordering en ontvangs van hierdie tekste bepaal. Met die voorgenoemde in oorweging, noem Barrow (2016:9) dat uit die perspektief van die polisisteem, sekere tekste gekies word vir vertaling (en die invoering in die doelsisteem) veral as gevolg van sistemiese redes. In die geval van hierdie studie sal die vraag dan gevra word watter rol Meyer se tekste speel in die Amerikaanse literêre polisisteem. Natuurlik verskyn die Engelse tekste van Meyer in verskeie polisisteme, maar omdat dit so ’n komplekse sisteem met ’n groot aantal faktore is, sal die Amerikaanse literêre polisisteem ter illustrasie gebruik word.

Tweedens sal die vertaalstrategieë wat gebruik is, ondersoek moet word om te bepaal watter strategie of strategieë deur die vertaler aangewend is, veral ten opsigte van die kodewisseling wat in die Afrikaanse teks voorkom. Volgens Even-Zohar (1990:46) is ’n sentrale idee van polisisteembenaderings dat die posisie en funksie van die vertaalde teks in die doelpolisisteem die keuse van vertaalstrategieë sal beïnvloed. Funksie, proses en produk is interafhanklik van mekaar (Toury, 1995:12) en dus sal die funksie van die teks in die doelsisteem die strategieë wat gebruik word, die produksie beïnvloed en eindelik ook die proses. Wanneer daar gekyk word na die komponente wat deel vorm van die polisisteem, word die sosiologiese aspekte oor vertaling nog nie in ag geneem nie.

Die identiteit en omgewing van die karakter staan sentraal in die ondersoek en die manier waarop Meyer die karakter uitbeeld, is belangrik om die verskynsel van kodewisseling te verstaan. Eweneens is dit belangrik vir die leser se verstaan van die karakter, en daarom nodig om die sosiologiese aspekte van die skryf- en vertaalproses te ondersoek. Die manier waarop Inghilleri (2009:282) veld[1] definieer stem baie ooreen met die idee van ’n polisisteem, maar word omskryf as plekke[2] vir die konfrontasie van verskeie kragte, individueel of institusioneel, en vir die produksie, disseminasie en goedkeuring van verskillende vorme van

[1] Eie vertaling van “field”
[2] Eie vertaling van “sites”

simboliese/materiële kapitaal. Velde word beskou as relatief outonome sosiale mikrokosmosse wat bestaan uit ’n netwerk van objektiewe verhoudings tussen objektief gedefinieerde posisies van kragte binne die sosiale ruimte (Inghilleri, 2009:280). “Social agents” of sosiale rolspelers bepaal en konsolideer hul posisies binne hierdie sosiale ruimte. Wanneer daar na die konteks van die studie gekyk word, is dit gevolglik nodig om die skrywer en vertaler as sosiale rolspelers in hierdie sosiale ruimte te bepaal en wat elkeen se verhouding is tot die ander, maar moontlik ook tot die komponente wat deel vorm van die polisisteem omdat dit die verhouding van die betrokke rolspelers sal beïnvloed en derhalwe ook die genoemde funksie, produksie en proses wat die vertaalstrategieë sal beïnvloed.

1.2. Navorsingsvrae

Na aanleiding van die karakterisering van Domingo – nie net deur middel van die dialoog nie, maar ook deur middel van die optekeninge wat deel vorm van die Amanzi-geskiedenisprojek en ander gevalle – praat hierdie karakter Kaaps. Op grond van die voorafgaande kontekstualisering en teoretiese raamwerk, word die volgende navorsingsvrae gevra:

1. Watter strategieë word deur die vertaler van *Koors* aangewend om kodewisseling te vertaal ten opsigte van die uitbeelding van die karakter, Domingo?
2. Wat is die posisie van Meyer se roman, *Fever*, in die Amerikaanse literêre polisisteem as voorbeeld van die internasionale Engelse literêre polisisteem?
3. Wat is die rol van die individuele rolspelers wanneer spesifieke vertaalstrategieë gekies word vir die vertaling van kultuurspesifieke items soos kodewisseling in die Engelse vertaling van *Koors*?

1.3. Doelwitte

Die doel is om eindelik te bepaal hoe die kodewisseling as deel van ’n roman, *Koors*, bygedra het tot die karakterisering van ’n karakter, Domingo, en die vertaalbesluite wat die vertaler geneem het tydens die proses van die literêre vertaling, spesifiek wanneer daar na die kombinasie van Engels en Afrikaans gekyk word.

Die spesifieke doelwitte is:

1. Om te bepaal watter strategieë deur die vertaler van *Koors* aangewend word om kodewisseling te vertaal ten opsigte van die uitbeelding van die karakter, Domingo.
2. Om te bepaal wat die posisie van Meyer se roman, *Fever*, is in die Amerikaanse literêre polisisteem as voorbeeld van die internasionale Engelse literêre polisisteem.

3. Om ondersoek in te stel na die rol van die individuele rolspelers wanneer spesifieke vertaalstrategieë gekies word vir die vertaling van kultuurspesifieke items soos kodewisseling in die Engelse vertaling van *Koors*.

1.4. Navorsingsmetode

1.4.1. Algemene benadering

Hierdie studie maak gebruik van ’n kwalitatiewe algemene metodologiese benadering. ’n Kwalitatiewe benadering is ’n benadering wat die betekenis wat individue of groepe aan ’n sosiale of menslike probleem toeskryf, ondersoek om dit beter te verstaan (Creswell, 2014:40). Creswell (2014:295) lys verskeie elemente wat deel vorm van die kwalitatiewe benadering in hierdie studie, onder andere dat die navorser ’n kernrol vervul deur data in te samel en om dokumente deur te werk. Verskeie bronne wat versamel is, word dan ook gebruik as data. Volgens Yin (2018:4) is ’n gevallestudie ’n ondersoekmetode wat in baie navorsingsvelde gevind kan word, en veral in evaluering, waarin die navorser ’n diepgaande analise van ’n geval doen. Daar word in hierdie geval ’n analise gedoen van Meyer se teks om uiteindelik bepaalde afleidings te kan maak ten opsigte van die vertaalstrategieë in die vertaling, *Fever.* Die studie maak gebruik van drie hoofdata-insamelingsmetodes: ’n teksanalise van die gekose tekste, wat eindelik ook met mekaar vergelyk is; ’n analise van die parateks en aanlyn resensies; en ’n onderhoud met die outeur.

1.4.2. Teksseleksie en teksanalise

Vir die doel van hierdie studie is slegs twee van Deon Meyer se werke gebruik vir ’n teksanalise en ook ’n vergelykende analise om die vertaalstrategieë wat gebruik is, te ondersoek, veral ten opsigte van kodewisseling. *Koors* (2016) en *Fever* (2017) is van Meyer se mees resente werke en wyk af van die normale aanbod van Meyer se ander romans. In die opsig dat die roman nie die tipiese speurverhaal is nie, maar elemente van die postapokaliptiese verhaal insluit. *Fever* is vertaal deur KL Seegers, soos byna al Meyer se vorige romans (uitsluitende *Feniks* (1996) en *Orion* (2000)). *Fever* is al die negende roman van Meyer wat deur KL Seegers vertaal is en dit dien as een van die redes waarom hierdie tekste gekies is. Die tweede rede waarom hierdie tekste gekies is, hou verband met die resentheid van die tekste en die manier waarop die karakter wat in hierdie studie ondersoek word, se dialoog in die tekste uitgebeeld word.

Hierdie teksanalise dra by tot die kontekstualisering van die roman en ook om agtergrond oor die karakter te skep om te bepaal hoe die karakter uitgebeeld word deur middel van die dialoog met spesifieke fokus op die aard en funksie van kodewisseling. Vervolgens is hierdie

karakteriseringsmetode in die breër konteks van ander moontlike (en kompenserende) karakteriseringsmetodes geplaas.

Die datastel bestaan uit uittreksels uit beide romans, *Koors* en *Fever*. Uittreksels waarin daar kodewisseling, soos gebruik deur Domingo, voorkom en die ooreenstemmende Engelse teks is gekies om die spesifieke inhoud van die twee verskillende romans te belyn. Verder is daar ook uittreksels waarin Domingo gekarakteriseer word, geïdentifiseer deur middel van 'n naamsoektog in die tekste. Die data wat ontgin is, is in 'n MS Excel-blad ingelees om latere vergelykings te vergemaklik.

Met die vergelykende tekstuele analise is die dialoog van Domingo in beide die Afrikaanse en Engelse tekste op sinsvlak met mekaar vergelyk in MS Excel. Daar is ondersoek gedoen na die gedeeltes wat kodewisseling bevat, om patrone en tendense te identifiseer om eerstens te bepaal in watter mate dit bydra tot die karakterisering van Domingo, en tweedens om te bepaal watter vertaalstrategieë gebruik is. Hierdie vergelyking sal onthul watter verskuiwing plaasgevind het in samehang met die kompenserende karakteriseringsmetodes in beide die bron- en doelteks.

Die doel van die vergelykende tekstuele analise vorm deel daarvan om te bepaal watter vertaalstrategieë gebruik is om uiteindelik hierdie geïdentifiseerde strategieë te skakel met die bevindinge wat gemaak word uit die ondersoek van die literêre polisisteme, die sosiologiese aspekte van die rolspelers en die uitwerking wat die vertaalproses gehad het.

1.4.3. Analise van die parateks en aanlyn resensies

Die inligting wat verkry is uit die paratekste oor beide die Afrikaanse en Engelse (Amerikaanse) tekste is gebruik om te bepaal wat die funksie en doel van hierdie tekste in die onderskeie literêre sisteme is, veral wat betref speurverhale, omdat Meyer as 'n speurverhaalskrywer bestempel word ten spyte van die feit dat *Koors* nie aan die tipiese Meyer-aanbod voldoen nie. Die parateks word ook in die groter polisisteembenadering gekontekstualiseer, om die rol van die teks, en daardeur die bydrae wat karakterisering en kodewisseling maak, te verstaan.

Om te bepaal watter posisie hierdie tekste in die onderskeie polisisteme, naamlik die Afrikaanse spanningsverhaalsubsisteem en die Amerikaanse vertaalde spanningsverhaalsubsisteem is, is daar gebruik gemaak van aanlyn resensies deur kritici en die algemene leserspubliek.

1.4.4. Onderhouddata

'n Gestruktureerde onderhoud, in die vorm van 'n vraelys, is met die outeur, Deon Meyer, gevoer. 'n Onderhoudskedule is ook aan die vertaler gestuur, maar sy kon ongelukkig nie voor

die afhandeling van hierdie studie terugvoer stuur nie. Ter aanvulling van hierdie leemte is ander hulpbronne gebruik, naamlik vorige onderhoude en koerantartikels. ’n Doel van hierdie studie was om te bepaal hoe die karakter, Domingo, gekarakteriseer word deur middel van sy dialoog, veral omdat hy gebruik maak van kodewisseling, wat ook aandui dat die karakter Kaaps praat en bydra tot die verryking van die karakter. Tesame met die ondersoek om die posisie van beide die Afrikaanse sowel as die Engelse tekste binne die onderskeie polisisteme te posisioneer, is daar van hierdie inligting gebruik gemaak om te bepaal op welke wyse die onderhoud gevoer moet word, juis omdat die teksanalises en parateks bydra tot die verstaan van hoe karakterisering en kodewisseling deel vorm van die teks. Die onderhoudskedule is op so ’n wyse opgestel om dieper insig te kry oor die inligting wat die teksanalises en parateks bied. Die data wat in hierdie onderhoud ingesamel is, dra by tot die verdere verstaan van die uitbeelding van die karakter, hoe kodewisseling en Kaaps deel vorm van die dialoog en Meyer se verstaan van Kaaps en ook die gebruik van kodewisseling.

Die etiese kwessies van hierdie studie kom in Hoofstuk 3 aan bod. Etieknommer: NWU-00793-18-S7

1.5. Beperkings

Hierdie studie bied nie ’n volledige oorsig van die kodewisseling wat in beide die romans, *Koors* en *Fever* voorkom nie. Daar word doelbewus gefokus op die uitbeelding van een spesifieke karakter en sy taalgebruik omdat dit ’n goeie voorbeeld is van dialoog waarin daar kodewisseling voorkom in die Afrikaanse roman, maar nie in die Engelse roman nie. Latere navorsing kan moontlik ondersoek instel na die kodewisseling in hierdie roman(s) in sy geheel.

Verskeie rolspelers word betrek by die proses van vertaling, maar word ter aanvulling tot die sisteembenadering wat gebruik word in die ondersoek net gelys omdat die klem hier op die skrywer en die vertaler geplaas word. Hierdie netwerk kan op ’n latere stadium meer in diepte verken word, aangesien ’n uitgebreide ondersoek na hierdie netwerk van rolspelers buite die omvang van hierdie studie val.

’n Verdere beperking van wat aangetoon kan word, is dat die vertaler nie kon deelneem aan die onderhoud nie (sien Aanhangsel C vir die onderhoudskedule). Omdat daar klem geplaas word op die vertaler as ’n rolspeler in die bogenoemde netwerk, sou antwoorde op die veronderstelde vrealys hierdie leemte vul. Na verskeie versoeke om deel te neem voor die inhandiging van hierdie studie kon sy ongelukkig weens ander verpligtinge nie deelneem nie.

1.6. Hoofstukindeling

Hierdie studie bestaan uit vyf hoofstukke. ’n Kort oorsig van elke hoofstuk word hieronder gebied.

Hoofstuk 1 bevat die inleiding, wat bestaan uit die kontekstualisering en probleemstelling, die navorsingsvrae en -doelwitte, dataversamelingsmetodes en beperkings.

Die opvolgende hoofstuk, Hoofstuk 2, bied ’n diepgaande bespreking van die literatuuroorsig en die teoretiese agtergrond van hierdie studie. Hierdie literatuuroorsig fokus op kodewisseling, karakterisering, ekwivalensie, vertaalstrategieë, polisisteemteorie en die sosiologie van vertaling.

Hoofstuk 3 sit die metodologie wat in hierdie studie gebruik is, uiteen. In hierdie hoofstuk word daar aangedui wat die rasionaal is vir ’n kwalitatiewe navorsingsbenadering en wat die data behels. ’n Oorsig van die nodige data word ook gebied en daar word verduidelik hoe die data-analise geskied.

Die analises van die data word in Hoofstuk 4 aangebied, saam met die bevindinge van hierdie studie. Die analises behels ’n bespreking van die geselekteerde voorbeelde om aan te toon hoe die dialoog gebruik word as ’n karakteriseringsmiddel, hoe die bronteks na die doelteks vertaal is, en of daar ’n ekwivalente effek bewerkstellig word. Hierdie hoofstuk bied ook die analises van die romans se parateks en aanlyn resensies om te bepaal watter posisie die roman in die literêre polisisteem ingeneem het. Die roman se posisie in die polisisteem en die agente betrokke in die vertaalproses word gebruik om te bepaal hoe die vertaalstrategieë beïnvloed word.

Hoofstuk 5 bevat die opsomming, samevatting en aanbevelings.

Hoofstuk 2: Literatuuroorsig en teoretiese raamwerk

2.1. Inleiding

Hierdie hoofstuk het ten doel om die relevante literatuuroorsig en teoretiese raamwerk vir hierdie studie te skep. Eerstens sal daar ’n oorsig gegee word van die konsepte rakende kodewisseling wat betrekking het tot hierdie studie. Aan die hand van hierdie oorsig sal daar geargumenteer word dat kodewisseling ook ’n kenmerk van Kaaps is. Om hierdie argument aan te voer moet daar agtergrond geskets word oor die ontwikkeling van Kaaps en ’n oorsigtelike diakroniese benadering word hier geneem om kodewisseling as ’n kenmerk van Kaaps uit te beeld. Kaaps, en dan ook kodewisseling, vorm deel van een van die karakteriseringsmetodes wat deur die skrywer, Deon Meyer, aangewend word om die karakter ‘Domingo’ in *Koors* uit te beeld. Om te verstaan watter rol kodewisseling, Kaaps en dialoog as ’n karakteriseringsmetode speel, word ander karakteriseringsmetodes ook gelys omdat dit as alternatiewe metodes tydens die vertaalproses gebruik kan word. Die bespreking hiervan sal egter ook argumenteer dat dialoog sentraal staan as karakteriseringsmetode ten opsigte van die karakter, Domingo.

Voorts sal die bostaande bespreking in die konteks van die teoretiese raamwerk waarin hierdie studie gesetel is, geplaas word. Daar word van drie teoretiese paradigmas gebruik gemaak, naamlik die kulturele benadering tot vertaling wat steun op ekwivalensie, die polisisteemteorie, en die sosiologiese teorieë van vertaling, naamlik die netwerk van agentskap en struktuur. Die kulturele benadering tot vertaling word verbind met Jakobson se idee dat kommunikasie binne ’n spesifieke konteks plaasvind en dat die dialoog wat ondersoek word ’n baie kultuurspesifieke manier van praat is. Die manier waarop die vertaler die dialoog vertaal het, binne die konteks van hierdie studie, word bespreek deur te fokus op die bronteksgerigte of doelteksgerigte benadering wat in ag geneem moet word wanneer die vertaler so ’n kultuurspesifieke item vertaal.

Nadat daar geargumenteer is dat die dialoog van Domingo ’n baie spesifieke kultuur, agtergrond en identiteit uitbeeld, is dit nodig om hierdie roman binne die polisisteem waarin die teks funksioneer, te plaas. Die polisisteemteorie word aangewend om die sistemiese posisie en funksie van ’n teks wat gekies word vir vertaling te bepaal en kan duidelikheid bied oor die gekose vertaalstrategieë wat aangewend is. Die posisionering van die teks binne die Amerikaanse[3] literêre sisteem bied ’n raamwerk om die verstaalstrategieë wat aangewend is en ook die afwesigheid van die kodewisseling in die Engelse teks, *Fever*, te analiseer.

[3] Die Amerikaanse literêre polisisteem word vir hierdie studie gekies omdat daar vorige studies reeds na die posisie van Meyer se werk in die Britse polisisteem ondersoek ingestel is (sien Barrow, 2016).

Ten spyte van die polisisteemteorie wat reeds ŉ raamwerk bied waarin hierdie tekste geanaliseer kan word, is dit ook nodig om die sosiologiese aspekte van die rolspelers te ondersoek, veral omdat die kulturele elemente, ook ten opsigte van die dialoog, so ŉ sentrale rol speel. Om die verskeie rolspelers wat deel vorm van die proses van vertaling te kontekstualiseer, sal daar gebruik gemaak word van die sosiologiese teorieë van vertaling. Die benadering van sosiologiese teorieë in vertaling, onder andere dié van Bourdieu, Latour en Cronin, beklemtoon die manier waarop die vertaler funksioneer binne ŉ netwerk, maar ook die vertaler wat eindelik dien as ŉ bemiddelaar tussen die bron- en doeltekskulture.

Elkeen van hierdie besprekings sal bydra tot die verstaan waarom die vertaler spesifieke vertaalkeuses uitgeoefen het ten opsigte van die dialoog van ŉ karakter wat as Kaaps uitgebeeld word (deur hoofsaaklik gebruik te maak van kodewisseling), waar 'Kaaps' ŉ kultuurspesifieke manier van praat is. Na elkeen van hierdie besprekings sal die hoofstuk saamgevat word deur ŉ bondige opsomming.

2.2. Kodewisseling

Alhoewel verskeie definisies van kodewisseling voorsien word, is die omskrywing van kodewisseling wat Van Dulm (2007:1) gebruik hier van toepassing, en sy verduidelik dat dit as die gebruik van twee of meer tale in dieselfde uiting of gesprek gesien kan word. Kodewisseling geskied tipies wanneer byvoorbeeld ŉ Afrikaanssprekende ŉ Engelse woord of woorde in ŉ Afrikaanse sin gebruik. Verder kan kodewisseling ook voorkom tussen spreekbeurte, in uitinge in ŉ enkele spreekbeurt of tydens ŉ enkele uiting of sin (Van Dulm, 2007:1). Ander moontlikhede van kodewisseling sluit ook in die wisseling tussen enige soorte variëteit (Du Plessis, 1988:24; Poplack, 2004:589). Hierdie wisseling kan geaktiveer word deur die gespreksituasie, die gespreksdeelnemers, gespreksonderwerp, en so meer (Du Plessis, 1988:25).

Van Dulm (2007:31) noem dat die geval van kodewisseling tussen tale van Suid-Afrika hoog is en dat Mesthrie (1993:58) kodewisseling tussen Engels en Afrikaans in letterkundige werke waargeneem het wat terugdateer na so vroeg as die 1800's. Hierdie letterkundige werke sluit reisigersjoernale en narratiewe in, wat beteken dat verskeie sosio-ekonomiese en rassegroepe gereeld tussen Engels en Afrikaans gewissel het – om die minder taalvaardige tweetalige sprekers te akkommodeer en ook vir stilistiese doeleindes (Van Dulm, 2007:31). Slabbert en Finlayson (1999:62) argumenteer dat al elf amptelike tale in Suid-Afrika kodewisseling kan toepas op verskillende plekke, maar dat die verskeidenheid tale wat

Die ondersoek na die posisie van Meyer se werk in die Amerikaanse literêre polisisteem bied hier die geleentheid tot nuwe bevindinge.

betrokke is in die kodewisseling self afhanklik is van verskeie faktore, soos onder andere die geografiese area (wat ook sal bepaal watter tale dominant is), die patrone van verstedeliking en die trekarbeiderstelsel.

Alhoewel daar vandag nog kodewisseling plaasvind in die verskillende tale, word daar al vir ŉ wyle gewissel tussen Afrikaans en Engels as gevolg van die magstryd en die regerende partye (vlg. Hendricks hieronder). Die volgende punte gee ŉ breë oorsig oor die ontwikkeling van Afrikaans en die invloed wat Engels op die taal gehad het en ook hoe dit uiteindelik uitgevloei het op Kaaps. Voorbeelde word voorsien vir die manier waarop kodewisseling in Kaaps gebruik word en hoe dit uiteindelik bydra tot die manier waarop die taal gesien word.

2.2.1. Die ontwikkeling van Afrikaans en Kaaps

Wanneer daar na die kontakgeskiedenis van Afrikaans gekyk word, poog hierdie studie geensins om ŉ volledige en omvangryke historiese beskrywing te gee nie. Daar word slegs verwys na studies (Conradie & Groenewald, 2014; Davids, 1994; Hendricks, 2016; Van Rensburg, 2018; en Willemse, 2016) wat die kontakgeskiedenis uitlê en sodoende die verwisselende gebruik van Afrikaans en Engels in Suid-Afrika verklaar. Conradie en Groenewald (2014:34) verwys opsommend na die kontakgeskiedenis in *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*, en daar kan gemerk word dat daar ŉ groot verskeidenheid sprekers ŉ bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van Afrikaans soos dit vandag bekendstaan. Conradie en Groenewald (2014:35) wys die volgende uit oor die ontwikkeling van Afrikaans:

> Die aantal, herkoms en aard van interaksie tussen hierdie groepe[4] het drasties verander met verloop van tyd, en dit is uiters belangrik om ŉ goeie begrip van hierdie verskillende faktore te hê ten einde die komplekse ontstaan van Afrikaans na te gaan. Gevolglik moet die historiese taalkundige fyn let op die sosiohistoriese omstandighede waarbinne die taal ontwikkel het, en hoe hierdie omstandighede verander het van die 17de tot die 19de eeu.

Hierdie verskillende omstandighede sal opsommend aangebied word om eindelik te fokus op die manier waarop Afrikaans-Engels kodewisseling gebruik word en hoe dit vergestalt in Kaaps en ook deel vorm van ŉ spesifieke identiteit of sosio-ekonomiese groep.

Die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) het in 1652 ŉ verversingspos in die Tafelvallei gestig. Dit was die gevolg van ŉ proses wat reeds sedert die 1590's aan die gang was: skepe van Europese handelsmaatskappye (hoofsaaklik dié van die Engelse East-India

[4] Hierdie groepe verwys na sprekers wat gewissel het van sprekers van verskillende Nederlandse dialekte, tot ŉ groot verskeidenheid van ander groepe wat verskillende vorme van Nederlands – of benaderings tot Nederlands – as tweede of verdere taal gebruik het in hul interaksie met ander Nederlandssprekendes (Conradie & Groenewald, 2014:34).

Company (EIC) en die Nederlandse VOC) het gereeld langs die kus van Suid-Afrika – en veral Tafelbaai – oorgebly om te ververs (Conradie & Groenewald, 2014:35). Conradie en Groenewald (2014:35) noem ook die volgende:

> Aldus het daar ŉ kontaksituasie ontstaan met die inheemse Khoi-Khoin-groepe wat van hulle vee met hierdie besoekers geruil het. Hierdie kontaksituasie het verder ontwikkel en vorm deel van die kolonialiseringsproses wat plaasgevind het na die Europese setlaars in die 1650's begin het om die verversingspos ŉ meer permanente vesting te maak.

Hendricks (2016:4) noem dat verafrikaansing van Nederlands aan die Kaap in die sewentiende eeu onder die invloed van slawe uit Asië (Maleisië, Java, Indonesië, Indië), Madagaskar en Mosambiek – wat naas hulle onderskeie moedertale ook Pasar-Maleis en Kreools-Portugees gepraat het – in die besonder bygedra het tot die hedendaagse Kaaps. Verder wys Hendricks (2016:4) uit dat hedendaagse Kaaps teruggevoer kan word na Europa, Afrika en die Ooste en beklemtoon die Engelse invloed ná ongeveer 1806.

Van Rensburg (2018:104) noem dat die meeste Kaapse inwoners tweetalig was na die verengelsing van die Kaapkolonie met Somerset se aankoms in 1822. Van Rensburg (2018:104) verwys na ŉ kernbron wat Changuion opgestel het om die verskille tussen Nederlands en Afrikaans uit te wys want Changuion was van mening dat die Kaapse inwoners se Nederlands twyfelagtig was. Engels het mettertyd ŉ groter rol vervul en hoër op die sosiale leer is Engels gepraat. Ten spyte hiervan het sprekers laer op die sosiale leer Afrikaans gepraat, veral onder sekere bevolkingsgroepe en ook in Moslemskole. Hulle het geweier om Engels as onderrigtaal aan te neem en het voortgegaan om Afrikaans te gebruik. Hendricks (2016:4) argumenteer dat Kaaps, histories gesien, bestempel kan word as ŉ talige uitvloeisel van twee opeenvolgende koloniale bewindstydperke aan die Kaap – die Nederlandse VOC (1600's tot ongeveer die einde van die 1700's) en die Engelse (1800's tot en met die vroeë 1900's). Verder word daar verwys na die talige aard van Kaaps en die samehang van die bepaalde fonologiese, leksikale en grammatiese verskynsels (merkers) en uitdrukkings word weerspieël deur die impak wat onder meer Engels, Arabies, Maleis en Indonesies op die Nederlands-Afrikaans historiese basis van Kaaps gehad het, die inspeel van Standaardafrikaans op Kaaps, asook die talige invloed vanuit ander vorme van Omgangsafrikaans (Hendricks, 2016:6). Daar word verder geargumenteer dat Kaaps in die Nederlandse bewindsperiode aan die Kaap en in die vroeëre jare van Engelse bewind wortel geskiet het en benut is as ŉ soort supervernakulêr binne ŉ sosiale konteks – spesifiek slawekonteks – wat as superdivers, oftewel multinasionaal en multikultureel, getipeer kan word (Hendricks, 2016:4).

In sy hoofstuk “Afrikaans – die produk van akkulturasie”, verduidelik Davids (1994) die ontwikkeling van Afrikaans as ’n vorm van akkulturasie in meer diepte, wat tot ’n mate aansluit by die volgende perspektief. Davids (1994:116) noem die volgende oor Kaaps:

> Die eindproduk waarin die resultate van hierdie taalkontak en akkulturasie duidelik gesien kan word, is die variëteit van Kaapse Afrikaans wat gepraat word deur die nakomelinge van slawe, die Kaapse Moslemgemeenskap, en bekend staan as die Maleier- of Kaapse Moslemafrikaans. Dit is waarskynlik die oudste variëteit van Kaapse Afrikaans, en besonder geskik vir historiese studie omdat die fonologie, leksikon en grammatika redelik staties gebly het sedert die taal vir die eerste keer rondom 1815 as onderrigmedium in Moslem skole en moskees gebruik is. ’n Verdere voordeel is dat dit opgeteken is – en dus nie soos ander Afrikaanse voorbeelde geskep is nie – in Arabiese fonetiese skrif. Arabiese Afrikaans is byna soos bandopnames van negentiende-eeuse ortoëpiese gebruike.
>
> Die meeste van die leksikale items wat Kaapse Moslemafrikaans van die vroeë slawetale geleen en geërf het, is nie in Standaardafrikaans opgeneem nie hoewel hulle lank voor standaardisering bestaan het. Die uitspraak van hierdie woorde is deur hulle opname in Kaapse Moslemafrikaans verander.

As gevolg hiervan het sommige woorde so verander dat dit nie meer dadelik deur sprekers van die herkomstale herken word nie. Alhoewel hierdie akkulturasie[5] plaasgevind het, is die bo- en onderstaande verduideliking ook in ag geneem wanneer daar na die impak van Engels op Kaaps gekyk word.

Willemse (2016:73) dui daarop dat die stigmatisering van Kaaps en die ingesteldheid teenoor Kaaps terug te voer is na die politieke en sosiale magsbalans in ons samelewing. Hy (Willemse, 2016:73) is van mening dat Kaaps of sy voorlopers gepraat word deur mense wat nie in die dominante stratum van die samelewing is nie. Daar is ’n koppeling tussen lae sosiale ordening, komieklikheid, domheid en die veragte taalvariëteit van nie-Kaaps-Hollandssprekers. Dit word gevestig deur Boniface en Bain se diskoers in hulle tekste (*De nieuwe ridderorde of De temperantisten* (1832) deur Boniface en *Kaatje Kekkelbek* en *Life among the Hottentots* (1838) deur Bain). Hierteenoor is daar egter ook ’n teenkant, en Willemse (2016:73) noem die volgende:

> Die sprekers self maak nie daardie koppeling nie. Trouens, ons het ’n goeie voorbeeld van hoe sprekers van hierdie taalvariëteit hul taalvorm beskou. Ons sien dit wanneer

[5] Raadpleeg Davids 1994 (sien bronnelys) vir ’n meer in diepte uiteensetting oor hierdie akkulturasieproses.

> die vorm van Kaaps wat vandag bekend staan as Arabiese Afrikaans, gebruik word. Achmat Davids in sy belangrike studie, *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915* (2011), dui oortuigend aan hoe die gekreoliseerde vorm van Europese, Suidoos-Asiatiese en inheemse tale met soppangheid, waardigheid, in alledaagse verkeer, die madrassa en die moskee gebruik is. Hier het ons dus een taalvorm met twee uiteenlopende perspektiewe wat afhang van die sosiale magsposisie waaruit beoordeel word.

Hierby word die musikale teaterproduksie en dokumentêr, *Afrikaaps* ingesluit. Volgens Van der Waal (2012:458) fokus beide van hierdie produkte op die "kreoolse" agtergrond van Afrikaans, wat aandui dat Afrikaans in die laat 1700's aanvanklik in Arabies geskryf is en dat die eerste opvoedkundige gebruike van Afrikaans vanaf 1806 vorentoe in 'n madrassa is. Die vervaardigers van *Afrikaaps* is aktiviste in 'n beweging wat wou gehad het dat Afrikaans weg beweeg van die dominant formele vorm deur die taal te eien vir almal wat dit praat (Van der Waal, 2012:458). Hierdie perspektief staan in sterk kontras met die oorspronklike siening van Afrikaans, en Van der Waal (2012:458) wys in hierdie verband daarop dat die storie van Afrikaans gevorm is deur 'n dominant rassige binêr gebaseer op identiteitsienings van suiwerheid teenoor kreolisering. Van der Waal (2012:459) argumenteer dat alhoewel die proses van kreolisering[6] vormend was van die Afrikaanse taal, het "wit" sienings en praktyke van linguistiese en rassige suiwerheid begin om voorrang te geniet en het eindelik hegemonies geword. Hierteenoor staan Afrikaanse variëteite, niestandaard vorme wat gepraat word deur bruin mense, wat aanhoudend gegroei het in 'n konteks waarin weerstand gebied word teen 'n Afrikaner etno-nasionalisme en rassisme (Van der Waal, 2012:459). Laastens wys Van der Waal (2012:459) uit dat die bevordering van Kaapse Afrikaans in openbare en opvoedkundige omgewings 'n positiewe impak sal hê op die selfbeeld en die kapasiteit van kognitiewe ontwikkeling van leerders, ander lede van die werkersklas en veral die Cape Flats. Sy (Van der Waal) argument is dat so 'n inklusiwiteit die debat oor Afrikaans se fokus sal verskuif van preservering en identiteit na bemagtiging, geregtigheid en regstelling

[6] Van der Waal (2012:447) voorsien die volgende konteks en definisie vir kreolisering: "In contrast to the idea of a fixed, bounded and pure hegemonic standard language, the concept of creolisation finds its grounding in the process of language as related and varied practices. Creolisation has recently been drawn upon by coloured Afrikaans-speakers to indicate disaffection with nationalist white imaginations of Afrikaans (Kaganof 2011; Willemse 2009). The origin of the concept is from Caribbean linguistics, indicating the meeting of languages under conditions of slavery and colonialism that gave rise to pidgins (linguistically limited and used in contact situations only), some of which developed into creole languages (linguistically rich and that were transmitted inter-generationally). The Caribbean islands are a workshop of creolisation as people from very diverse backgrounds were brought together there, giving rise to mixing and hybridity in language and culture (Stewart 2007)."

en dit sal ’n “oopheid” onder die standaardvariëteit van Afrikaans en sy sprekers meebring. Van der Waal (2012:460) dui aan dat:

> This will mean that the realities of language shift and the continuous emergence of mixed forms of Afrikaans should not be experienced as catastrophes to be averted by patrolling the boundaries of the pure, but as natural processes, even a cause for celebration. Finding commonalities between the speakers of Afrikaans in formal and informal communication is one possibility that may prove to be of value in the creolisation process towards a more cosmopolitanism-orientated South African society, [...]

Van der Waal se uitsprake in hierdie artikel, *Creolisation and Purity: Afrikaans Language Politics in Post-Apartheid Times*, stem ooreen met die praktyke wat in Afrikaans in die laaste paar jare gevolg het. Voorbeelde hiervan sluit in dat die nuutste uitgawe van die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* Kaapse Afrikaanse woorde ingesluit het. Verder moedig die samestellers van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* se 11de omvattend herbewerkte uitgawe, die Taalkommissie (wat self besig met die standaardvariëteit van Afrikaans), selfs die ontwikkeling en gebruik van al die variëteite van Afrikaans in verskillende kontekste aan, aangesien die standaardtaalvorm juis gevoed en op die lange duur verander en gewysig word deur ontwikkelinge en aanpassings in sy onderbou (Taalkommissie, 2017:v). Alhoewel hierdie benaderings reeds ’n mate van oopheid wys teenoor die variëteite van Afrikaans, is daar verskeie vorme van Kaaps wat nie hierby ingesluit word nie, waaronder kodewisseling een vorm is.

2.2.2. Die verskillende tipes kodewisseling in Kaaps

Van Rensburg (2018:76) het reeds in van die vroegste werke wat in Kaaps gepubliseer is, kodewisseling geïdentifiseer juis as gevolg van die bogenoemde invloed van Engels in die Kaap. Van Rensburg (2018:76) verwys na Piet Uithaalder, wat die skuilnaam van Abdullah Abdurahman is, en noem dat hy “ewe tuis in Engels was as in Kaaps.” Hy het tussen 1902 en 1909 die rubriek *Straatpraatjies* in ’n politieke koerant geskryf en Van Rensburg noem dat ’n mens die invloed van Engels op Kaaps kan sien in die woordeskat en taalstruktuur wat Uithaalder gebruik. Van Rensburg (2018:76) voorsien die voorbeeld van Uithaalder waar hy die spot dryf met dr. Smartt wat probeer Afrikaans praat: “Alright ik shall hollans speak”. Voorts merk Van Rensburg (2018:76) op: “Afrikaans en Engels word party keer afwisselend gebruik, en dan word daar weer van die een oorgeslaan na die ander toe.” Taalverwisseling, of in die geval van hierdie studie liewer *kodewisseling*, het ook in die binnelandse taalgebied gebeur tussen Khoi-Afrikaans en Veeboerafrikaans. Uit hierdie voorafgaande voorbeeld wat Van

Rensburg voorsien kan daar gesien word dat tussengeplaaste Engels gebruik word om ŉ vorm van Kaaps uit te beeld.

Wanneer die talige aard van Kaaps van nader beskou word, is daar verskillende aspekte wat geïdentifiseer kan word om Kaaps te beskryf. Hendricks (2016) identifiseer hierdie aspekte in sy hoofstuk "Die aard en konteks van Kaaps: ŉ Hedendaagse, Verledetydse en Toekomstige perspektief" uit *Kaaps in Fokus* en lys die volgende: die impak van Engels, uitspraakverskynsels in Kaaps, die gebruik van leksikale items en uitdrukkings in Kaaps, die grammatiese kenmerke van Kaaps, die konkurrensie tussen Kaaps en Standaardafrikaans en Kaaps as heterogene taalvorm. By laasgenoemde noem Hendricks (2016:26) dat Kaaps nie manifesteer as ŉ variëteit wat gebruiksmatig eenvormig is nie, maar hy redeneer dat Kaaps wesenlik ŉ heterogene variëteit van Afrikaans is: "Daar is weliswaar sprake van idiolektiese verskille. By een bepaalde spreker is fonologiese merkers dominant, terwyl die Kaaps van ŉ ander spreker meer bepaald leksikaal of grammaties gemerk is." (Hendricks, 2016:26) Hieruit kan daar gesien word dat elke spreker ŉ unieke manier het waarop hy/sy hom-/haarself uitdruk in die taal wat van toepassing is op die individuele karakter wat in hierdie studie geanaliseer word.

Omdat kodewisseling die fokus van hierdie ondersoek is, word dit in meer diepte bespreek, maar vir volledigheidshalwe sal daar per geleentheid ook ander kenmerke van Kaaps uitgewys word. Alvorens hierdie bespreking sal daar eers aandag geskenk word aan die prominente nuanses wat Hendricks (2016:7) lys om aan te toon wat die impak van Engels op Kaaps is:

a) Tussengeplaaste direkte ontlenings uit Engels

   Ek *mean*, sy was al *seventy eight*, en nog altyd *independant*. Self *town* toe geloep, self haa *pension* ge-draw ... *Jus' shows you, you never can tell* ... die dood kom ienagge tyd. (Otto-Salies, *Diekie*, bl. 49)

b) Morfologiese inbedding van direkte Engelse ontlenings

   *Racist*geid (Snyders, *Political Joke*, bl. 55); *unsettled*geid (Snyders, *Political Joke*, bl. 56); *traffic cop*-tjommie (Son, "Oom Sonnie", 8/4/2015).

c) Klankmatige verafrikaansing van tussengeplaaste of morfologies ingebedde Engelse ontlenings

   erre-plein < aeroplane (Snyders, *Die Burger* Landelik, 24/5/2001); ge*settisfied* (Petersen, *As die Son ondergaan*, bl. 25); koelek < collect (Snyders, *Die Burger* Landerlik, 12/4/2001); sêd < sad (Otto-Sallies, *Diekie*, bl. 48).

Die etiket wat Hendricks vir die bogenoemde nuanses voorsien, is egter nie volledig toepaslik wanneer dit vergelyk word met studies oor kodewisseling nie. Myers-Scotton (1993:5) noem dat ontlenings beskou kan word as óf kulturele ontleningslekseme óf as kern-ontleningslekseme. Kulturele ontleningslekseme word beskou as items wat nuut is tot die kultuur, teenoor kern-ontleningslekseme wat beskou word as items wat oorgedra word in 'n taal al is daar reeds 'n gevestigde lekseem in die ontvangstaal vir die spesifieke objek of konsep. Indien hierdie lekseme dan nie as kodewisseling beskou word nie, word die vraag dan gevra: Wat word wel as kodewisseling beskou? Myers-Scotton (1993:5) noem dat hierdie onderskeid tussen ontlenings en kodewisseling onproduktief is en die verskil lê vir haar daarin dat die woord wat deel vorm van die taal wat gebruik word (ook matrikstaal) 'n ander status het as die woord wat van 'n ander taal ingevoer word (ook ingebedde taal) ten opsigte van die mentale leksikon.[7]

Om hierdie onderskeid te tref in Kaaps is 'n groter uitdaging juis as gevolg van die voorafgaande uiting wat Hendricks maak, wat noem dat Kaaps nie gebruikmatig eenvormig is nie. Die metode wat Myers-Scotton (1993:16) volg om onderskeid te tref tussen ontlenings en wat as werklike kodewisseling beskou kan word, is om te let op die frekwensie van die woorde wat gebruik word. Kodewisseling sal volgens haar 'n laer frekwensie toon as ontlenings (Myers-Scotton, 1993:16). Sy motiveer hierdie manier van onderskeid soos volg: leksikale inskrywings vir kodewisseling is in die ingebedde taal se sprekers se mentale leksikon, nie in die matrikstaal nie. Hierteenoor vorm ontlenings deel van die matrikstaal se leksikon, dit wil sê dat hierdie ontlenings, per definisie, deur die matrikstaal ingeneem is. Myers-Scotton (1993:16) noem dat sy 'n kennelik arbitrêre frekwensie gebruik om onderskeid te tref tussen ontlenings en kodewisseling deur slegs gebruik te maak van woorde wat drie keer of minder in haar opnames voorkom, te beskou as 'n vorm van kodewisseling.

Vir die doel van hierdie studie sal daar nie van so 'n arbitrêre frekwensie gebruik gemaak word nie omdat daar bepaalde faktore is wat hier 'n rol speel en die onderskeid meer uitdagend maak. Eerstens is Domingo 'n fiktiewe karakter en dieselfde werklikheidspraak word nie hier gebruik soos in die studie van Myers-Scotton nie; en die data is ook reeds meer gestruktureerd en deurdag as 'n gesprek wat natuurlik voorkom. Verder word die data ook beperk tot Domingo se dialoog om spesifiek te fokus op die uitbeelding van Kaaps en nie om Deon Meyer se

[7] Vgl. ook Poplack, S. 2001. Code-switching (linguistic). *International encyclopedia of the social and behavioral sciences*, 12:2062-2065 en Haspelmath, M. 2009. Lexical borrowing: Concepts and issues. (*In* Haspelmath, M. & Tadmor, U., *reds.* Loanwords in the world's languages: A comparative handbook. Berlin: De Gruyter Mouton. pp.35-54.) vir 'n verdere bespreking oor die onderskeid tussen ontlenings en kodewisseling.

gebruik van kodewisseling in *Koors* in sy geheel te ondersoek nie. Om dan onderskeid te tref tussen ontlenings en kodewisseling in Domingo se dialoog (sien 2.2.3.) word alle Engelse woorde wat in sy dialoog voorkom, beskou as kodewisseling, terwyl woorde wat klankmatig verafrikaans is, deel sal vorm van ontlenings.

Wanneer daar na die gebruik van kodewisseling in *Koors* gekyk word, maak Meyer ook gebruik van hierdie tussengeplaaste Engels om Kaaps uit te beeld. Volgens die beskrywing van Myers-Scotton (1993:3) kan kodewisseling óf intersintakties óf intrasintakties wees. Die volgende afdeling lê klem op die gebruik van kodewisseling in die roman, maar dui ook die verband aan tussen die manier waarop kodewisseling in realiteit gebruik word.

2.2.3. Kodewisseling in dialoog

Daar is verskillende maniere om Kaaps uit te beeld, en Hendricks wys uit (sien hierbo) dat daar selfs idiolektiese verskille is. Die voorbeelde van kodewisseling[8] (soos uitgewys in Hoofstuk 1) uit *Koors* word gebruik om aan te toon hoe Meyer Engels gebruik om Kaaps uit te beeld in Domingo se dialoog (sien die onderstaande tabel). Hierdie voorbeelde dui op beide die intrasintaktiese maar ook die intersintaktiese kodewisseling wat Myers-Scotton uitwys. Die intrasintaktiese voorbeeld word eerste aangetoon, waar Domingo 'n volledige sin in Afrikaans en Engels uiter; en die tweede voorbeeld dui op 'n intersintaktiese uiting van Domingo, waar sommige sinne volledig in Afrikaans voorkom en ander volledig in Engels:

***Tabel 1: Voorbeeld van kodewisseling in* Koors *en die gelykstaande teks in* Fever**

***Koors* – Afrikaans**	***Fever* – Engels**
Where the corona-virus stopped, da' het Darwin begin. (Meyer, 2016:56)	Where the corona virus stopped, Darwin stepped in. (Meyer, 2017:55)
Sleg. Anderkant Rawsonville, net voor die Du Toitskloof-pas, lê die uitgebrande *lorries* en busse en karre die hele pad vol, jy kan nie daar deur nie. *Charred bodies, it's pretty gruesome*. En daar is *hand-painted signs* wat sê, *danger, radiation, go through and die*. Die berge is swart, dit lyk *toxic*. Ek kan maar net dink hoe die Kaap self lyk … (Meyer, 2016:78).	Bad. Beyond Rawsonville, just before Du Toits Kloof Pass, the burned-out trucks and buses and cars are blocking the road. You can't get through. Charred bodies, it's pretty gruesome. And there are hand-painted signs saying danger, radiation, go through and die. The mountains are black, it looks toxic. I can only imagine what the Cape itself looks like … (Meyer, 2017:73).

[8] In Hoofstuk 4 word voorbeelde wat beskou word as ontlenings uitgelig word, soos hierbo bespreek is in afdeling 2.2.2.

Volgens Myers-Scotton (1988:151)[9] is die premis dat sprekers 'n aanvullende onderhandelingsbeginsel gebruik om by die relasionele invoer van die gesprek uit te kom. Dit is tipies wanneer 'n spreker dan van kodewisseling gebruik sal maak. Die voorgenoemde premis is bykomend tot die afhanklikheid van die koöperatiewe beginsel ("cooperative principles"), sy geassosieerde grondstellings ("maxims") en die gespreksimplikasies ("conversational implicatures") wat gegenereer word om die inhoud te verstaan van wat gesê word (Grice, soos verwys deur Myers-Scotton, 1988:152). Hierdie onderhandelingsbeginsel wys die spreker aan om te kies uit die vorm van hul gespreksbydrae. Hierdie bydrae simboliseer die stel regte en verpligtinge wat hy/sy wil hê tussen die spreker en die aangespreekte vir die huidige interaksie in werking moet tree. Myers-Scotton (1988:152) verduidelik verder dat sprekers weet wanneer die gebruik van 'n sekere kode gemerk of ongemerk is ten opsigte van die regte en verpligtinge tussen deelnemers; en alhoewel hierdie teorie universeel is, is dit uniek vir elke spraakgemeenskap. Sprekers weet watter kodes gemerk en ongemerk is vir interaksies wat gekonvensionaliseerd in die gemeenskap is (Myers-Scotton, 1988:152).

Rakende die voorgenoemde gekonvensionaliseerde interaksies merk Myers-Scotton (1988:152) op dat 'n gekonvensionaliseerde interaksie enige interaksie is waarvoor 'n spraakgemeenskap 'n idee van 'n voorafbepaalde gesprek ("script") het. Die lede van die spraakgemeenskap besit oor hierdie vermoë omdat hierdie interaksies gereeld in die gemeenskap voorkom. Dit geskied in so 'n mate dat ten minste die medium waarin hierdie interaksies plaasvind, ingeoefen is – met ander woorde, die variëteit wat gebruik word, of selfs spesifieke fonologiese of sintaktiese patrone of leksikale items wat gebruik word, is voorspelbaar. Verder voorsien Myers-Scotton (1988:153) 'n voorbeeld van 'n interaksie tussen 'n sekuriteitswag en 'n besoeker. Die manier waarop die sprekers se interaksie plaasvind, vind op verskillende vlakke plaas soos die gesprek verloop. Eerstens word daar op 'n neutrale vlak gekommunikeer, wat 'n ongemerkte vorm van kommunikasie vir die gespreksituasie is, maar soos die gesprek verloop kom die sprekers agter dat hulle 'n moedertaal deel en skakel dan oor na hierdie taal wat 'n ander vorm van gekonvensionaliseerde interaksies bewerkstellig. In so 'n geval is daar 'n gevoel van 'n voorskriftelikheid ("script"), maar dit is nie in alle gevalle so nie en in die laasgenoemde geval is daar 'n verkennende benadering tot die gesprek deur beide die spreker en die aangespreekte. Albei erken ook dat enige linguistiese keuse

[9] Hier verwys Myers-Scotton na van haar vorige werk, sien Scotton 1983, The negotiation of identities in conversation: a theory of markedness and code choice. *International Journal of the Sociology of Language,* 44:115-136.

verkennend is, met die bedoeling om ’n kandidaat van die indeks van ’n wederkerige aanvaarde verhouding te word – dus, om die ongemerkte keuse te word.

Selfs uit hierdie realiteitsvoorbeeld kan daar gesien word dat die betrokke persone ’n spesifieke identiteit koppel aan die kodes wat die sprekers kies om te gebruik. Die spreker het die mag om deur middel van sy/haar taalgebruik te bepaal watter identiteit hy/sy gebruik as die meer dominante identiteit. Hoewel Myers-Scotton (1988:153) redeneer dat selfs twee of meer kodes as die ongemerkte keuse beskou kan word (veral as die verskillende identiteite wat die spreker ten toon wil stel), en dat dit in ’n spesifieke “spraakgemeenskap” deur ’n ander linguistiese variëteit gekodeer is. Hiervolgens kan daar geredeneer word dat skrywers soos Meyer van kodewisseling gebruik maak om die identiteit van ’n karakter aan die lesers bekend te stel. Die leser sal dan kan bepaal wat ’n gemerkte en ongemerkte keuse is wanneer ’n spesifieke karakter gekontekstualiseer word.

Ten opsigte van die vertaling van kodewisseling stel Sternberg (in Weston & Gardner Chloros, 2015:198) drie strategieë voor wat die skrywer, met ander woorde die vertaler, kan gebruik in so ’n geval. Die eerste is die gebruik van verwysende inperking (“referential restriction”), waar die vertaler slegs van een taal gebruik maak en die karakters almal in daardie taal laat praat. Die tweede is die gebruik van homogene konvensie (“homogenizing convention”), waar ’n tweetalige omgewing en karakters almal eentalig in die bronteks uitgebeeld word. Die derde is die gebruik van verwysende verbinding (“vehicular matching”), waar kodewisseling deurlopend gebruik word om die karakters en omgewing uit te beeld. Daar sal ondersoek ingestel word oor watter een van die strategieë oorhoofs gebruik is in die vertaling van *Koors*. Buiten die karakterisering deur middel van die dialoog word daar ook ander metodes in ’n roman aangewend. Die onderstaande afdeling fokus meer op hierdie metodes en word aan die hand van verdere voorbeelde bespreek in Hoofstuk 4.

2.3. Karakteriseringsmetodes

Daar is reeds genoem dat dialoog bydra tot die identiteit van ’n karakter, maar uit die voorafgaande voorbeeld kan daar ook gesien word dat kommunikasie ’n onderhandelingsproses is en dat daar ’n spesifieke identiteit gekoppel kan word aan die manier waarop iemand kies om te kommunikeer. Skrywers maak gebruik van dialoog om karakters beter vir hulle lesers te karakteriseer. Ten spyte hiervan word daar ook ander karakteriseringsmetodes gebruik. Omdat dialoog deel vorm van die fokus van hierdie ondersoek, sal dit in meer diepte bespreek word, maar vir volledigheidsonthalwe is dit nodig om ook na die ander karakteriseringsmetodes ondersoek in te stel.

2.3.1. Algemene karakteriseringsmetodes

Karakteriseringsmetodes kan vanuit twee verskillende benaderings bekyk word: die eerste is vanuit die skrywer se oogpunt en die ander is vanuit die leser se oogpunt. Hierdie onderskeid word getref omdat vertaling te make het met beide perspektiewe, want die vertaler moet kan verstaan waarom die karakter op 'n spesifieke manier optree, en sodoende vind daar 'n vorm van analise plaas en dan word die karakter herskryf vir 'n nuwe teikengehoor, wat weer die perspektief van die vertaler as "skrywer" verg. Die vertaler vervul hier dan die rol van 'n leser en skrywer op 'n sikliese manier om te verstaan waarom die karakter optree soos hy/sy optree, en skryf dan die karakter vir die nuwe teikengehoor sodat dit vir die leser moontlik is om die "nuutgeskepte" karakter te dekodeer[10]. Hierdie benadering sal op 'n latere stadium verbind word met die bron- en doelteksbenadering.

Wanneer daar vanuit die skrywer se perspektief na karakteriseringsmetodes gekyk word, is daar verskeie metodes wat aangewend kan word om uiteindelik 'n karakter te skep en deel te laat vorm van die plot van die verhaal. Alhoewel elke skrywer sy of haar eie kreatiewe proses volg om karakters te skep en uiteindelik om 'n roman te skryf, beveel Steyn (2012:85), soos reeds vermeld, aan dat 'n skrywer na verskillende kenmerke van ander mense moet kyk, wat onder andere fisieke kenmerke, aanwendsels, maniertjies en gewoontes, en maniere van praat insluit. Vergelyk ook die voorbeeldgesprek tussen die sekuriteitswag en die besoeker wat op 'n spesifieke wyse gekommunikeer het en die gesprek verken het om die ongemerkte keuse te word. Hierdie gesprek sal tipies al die voorgenoemde aspekte insluit wat Steyn lys en 'n skrywer sal die leser attent maak op 'n spesifieke voorkoms of manier van doen van die karakter om die interaksie tussen karakters uit te beeld. Die skrywer gebruik ook so 'n geleentheid of interaksie om die karakter beter vir die leser te nuanseer en bied die leser die geleentheid om die karakter beter te visualiseer. In die geval van Domingo is daar 'n groot hoeveelheid van die inhoud van die roman wat daaraan gewy is om Domingo te karakteriseer en Meyer het van verskeie metodes gebruik gemaak hiervoor, waaronder sy dialoog 'n kenmerkende karakteriseringsmetode in *Koors* is. Ander voorbeelde van karakteriseringsmetodes sal wees om 'n karakter bekend te stel deur 'n ander karakter, waar die leser dan die blik aanneem van die karakter wat 'n ander karakter beskryf: vergelyk byvoorbeeld die manier waarop Nico vir Domingo beskryf wanneer hy hom die eerste keer ontmoet. Sien die onderstaande tabel:

[10] Hierdie konsep hou verband met Jakobson se kommunikasiemodel waar 'n kode gestuur word tussen 'n sender en 'n ontvanger. In hierdie model word die kode deur 'n sender gekodeer en deur die ontvanger dekodeer.

***Tabel 2: Karakterisering van Domingo in* Koors *en* Fever**

***Koors* – Afrikaans**	***Fever* – Engels**
Dit is meer as drie dekades gelede dat ek die eerste keer vir Domingo gesien het. Ek dink my herinneringe is sterk gekleur deur die groot indruk wat hy op my as dertienjarige gemaak het. (Meyer, 2016:73)	It's more than three decades since I saw Domingo for the first time. I think my memories today are strongly coloured by the huge impression he made on me as a thirteen-year-old. (Meyer, 2017:69)
Die aand van 7 April het ek net een woord geskryf: Domingo. Dit is al wat ek sou nodig hê om te onthou. (Meyer, 2016:73)	On the evening of 7 April I wrote only one word: Domingo. It was all I needed to remember. (Meyer, 2017:69)
Sy tred is soos dié van 'n roofdier aan die bopunt van die voedselketting, argeloos en vol selfvertroue. Hy haal sy donkerbril af, sy oë is hipnoties, lig – 'n grys wat soos 'n verkleurmannetjie sy omgewing weerspieël, nou vaagweg groen, dan 'n vermoede van blou, in sterk kontras met sy donker gelaat. Hy loop tot by Pa. Hy steek sy hand uit. (Meyer, 2016:76)	His walk was like a predator at the top of the food chain, nonchalant, supremely confident. He took off his dark glasses. His eyes were hypnotic, pale – a grey that reflected the environment like a chameleon, now faintly green, then a hint of blue, in strong contrast to his dark complexion. He walked up to Pa. Put out his hand. (Meyer, 2017:72)

Die outeur bied sodoende die geleentheid vir die leser om Domingo deur Nico se perspektief te ervaar. 'n Ander manier waarop Meyer Domingo karakteriseer, is deur die karakter self aan die "woord" te stel; nie deur direkte dialoog nie, maar deur sy vertelling wat neergepen word deur 'n ander karakter, soos in die optekeninge van die Amanzi-projek. Sien die tabel op die volgende bladsy:

Tabel 3: Teks uit die Amanzi-projek

***Koors* – Afrikaans**	***Fever* – Engels**
Ek is in Abbotsdale gebore. Dis die coloured township van Malmesbury. Ek het daar skoolgegaan. My ma het by die Sasko mill op die dorp gewerk. Ma' ek was daar naby Swellendam toe Die Koors kom. Soort van paramilitary occupation gehad. Nee, ek gaan nie elaborate nie. No need. Useless information.	As recorded by Willem Storm. The Amanzi History Project. I was born in Abbotsdale. It's the coloured township of Malmesbury. I went to school there. My mother worked at the Sasko mill in town. But I was there near Swellendam when the Fever came. It had a sort of paramilitary occupation. No, I'm not going to elaborate. No need. Useless information.

In die optekeninge van die Amanzi-projek word die leser van meer agtergrondinligting oor die spesifieke karakter voorsien. Daar kan gesien word dat die outeur in hierdie roman gebruik maak van verskillende vertellingshoeke om die karakter beter te nuanseer vir die leser.

Die skryfproses behels dat die outeur die karakter op 'n spesifieke manier kodeer sodat die leser daardie karakter op ongeveer dieselfde manier dekodeer. Dit is wel nie altyd moontlik om die karakter te analiseer soos die outeur oorspronklik bedoel het nie. Wat bogenoemde betref, stel Culpeper in sy boek *Language and Characterisation: People in Plays and Other Texts* 'n model voor waarvolgens die analise van 'n karakter gemaak kan word om die teks beter te kan verstaan, en om te kan verstaan watter karakteriseringsmoontlikhede in die teks opgesluit is. Culpeper (2014:2) tref eerstens 'n onderskeid tussen *karakters* en *karaktereienskappe*. Die woord *karakter* kan in sommige gevalle dubbelsinnig wees, en Culpeper (2014:2) tref daarom die volgende onderskeid: Karakters is die mense wat die fiktiewe wêreld van 'n boek, drama, film, ensovoorts bewoon, terwyl karaktereienskappe verwys na die eienskappe of karakteristieke wat hierdie mense in die fiktiewe wêreld besit. Hierdie verklaring sal ook geld vir hierdie studie.

Na 'n bespreking van verskeie benaderings in die veld van karakterisering en die verskeie maniere waarop daar moontlik na 'n karakter gekyk kan word om die betekenis daarvan af te kan lei, voorsien Culpeper 'n model wat die meeste van hierdie argumente saamvat. Die volgende diagram toon aan hoe karakterisering kan werk:



Figuur 1: Om karakter te begryp (eie vertaling, sien oorspronklike weergawe aangeheg) **(Culpeper, 2014)**

Culpeper (2014:35) wys daarop dat die figuur hierbo geïdealiseer sowel as vereenvoudig is, en dat dit bloot voorstel hoe karakterisering kan werk. Die lynpyle dui die verhouding tussen die komponente aan, maar ter wille van beklemtoning dui hierdie pyle aan dat die verstaan daarvan ’n kombinasie van bo-na-onder-prosesse (dit is, bepaal deur kennis in die geheue) en onder-na-bo-prosesse (bepaal deur tekstuele elemente) is, waarvan die verstaan siklies is: wat jy sien, beïnvloed wat jy weet; en wat jy weet, beïnvloed wat jy sien (Culpeper, 2014:35).

Hieronder volg ’n opsomming van die komponente in die model soos uiteengesit deur Culpeper (2014:36):

- *Beheerstelsel*

  Die beheerstelsel neem die hele verstaanproses in ag. Dit reguleer die vlak van prosessering wat nodig is en die vlak van koherensie (veral) volgens die doelwitte van die leser. ’n Deel van hierdie literêre beheerstelsel sal wees om vir karakter te lees. Hier word byvoorbeeld ’n groter vlak van onsamehangendheid verdra as in die teksbasis, en die skep van ’n spesifieke situasiemodel wat sekere karakters bevat, kan langer uitgestel word as vir ander tekstipes.

- *Voorafkennis*

  Dit het te make met die kennis wat in die langtermyngeheue bewaar word en wat vir die verstaanproses gebruik kan word. ’n Onderdeel van hierdie kennis sal inligting bevat wat relevant is om uiteindelik ’n karakter te kan verstaan. Hierdie tipe voorafkennis kan verskil in tipe, en dit kan byvoorbeeld feite, kennis oor die toekoms en verlede, kennis oor oplossings vir probleme en kennis oor die oorsaak van gebeure bevat.[11]

- *Situasiemodel*

  Hier word voorafkennis en tekstuele elemente gekombineer om ’n betekenisvoorstelling te skep – ons gevoel van waaroor die teks gaan. ’n Deel van die situasiemodel kan (afhangende van die tekstipe) bestaan uit ons indrukke van ’n karakter. Hierdie deel sal ’n reeks indrukke insluit wat met die karakter verband hou, byvoorbeeld indrukke oor doelwitte, menings, eienskappe, emosies en sosiale verhoudings. ’n Karakter in die situasiemodel kan gevorm word deur voorafkennis oor regte mense, sowel as fiktiewe karakters. Tekstuele aanduidings kan die balans van kennis oor regte mense en kennis oor fiksionele karakters beïnvloed.

- *Teksvlak*

  Net soos die situasiemodel is hierdie vlak ook ’n betekenisvoorstelling, maar sluit slegs die proposisionele inhoud van die teks in. Van hierdie proposisies sal uiteraard verband hou met karakter. Die literêre beheerstelsel kan moontlik toegang gee tot die konstruksie van ’n ryker teksvlak as in die geval vir ander tekstipes. Dit is een manier om onsamehangendheid of onbepalende tekstuele inligting oor karakters te hanteer. Om dit minder tegnies te stel: ons kan verskeie gedeeltes van karakterinligting in ons geheue stoor as ons spesifiek vir karakter lees, eerder as om te probeer om hulle te

[11] Sien Culpeper (2014:36) vir voorbeelde oor elkeen van hierdie tipes voorafkennis.

integreer met voorafkennis. Vir sommige karakters kan hulle proposionele bestaan in die teksvlak geïnkorporeer word in die situasiemodel en ’n invloedryke rol speel. Hier word van ’n voorbeeld van allegoriese karakters gebruik gemaak. Voorts kan die teksvlak ’n makroproposisionele teksvlak insluit wat gebruik maak van voorafkennis om die inligting op ’n hoër vlak te organiseer. Dit kan byvoorbeeld kennis oor genre en wêreldkennis insluit. Karakters kan in die makroproposisionele teksvlak ingesluit word solank hulle gedefinieer word deur ’n funksie in die raamwerk (soortgelyk aan die verstaan van karakters as aktante of dramatiese rolle). Die voorafkennis vervul hier ’n organisatoriese rol, waar dit in die situasiemodel geïntegreer word met tekstuele inligting om eindelik nuwe inligting te produseer.

- *Oppervlakstruktuur*
  Die oppervlakstruktuur van die teks sluit die spesifieke linguistiese keuses in wat aan karakters toegedeel is. Die oppervlakstruktuur sal sintaktiese en semantiese analises ondergaan om uiteindelik ’n teksvlak te vorm. Dit is wel nie die geval dat die oppervlakstruktuur sal ontaard in die proposisies van die teksvlak nie. Formele oppervlakkenmerke – indien dit relevant geag word – kan in die situasiemodel geïnkorporeer word.

Laastens word daar genoem dat hierdie model vir karakterisering gebruik kan word om ’n skaal van vermensliking van karakters te akkommodeer, soos sommige protagoniste, maar ook ander karakters wat meer allegories van aard is (aktante) en relatief tekstueel is.

Omdat Culpeper hierdie model op dramas wou toepas, was dit nodig dat hy ’n duideliker voorstelling (konteks), situasie en diskoers vir die karakter moes skep, omdat die model nie noodwendig voorsiening maak vir ’n kommunikatiewe konteks nie. Dit is egter nie nodig vir hierdie studie nie, omdat die kommunikatiewe konteks binne ’n omskryfde voorstelling, situasie en diskoers plaasvind, maar dit sluit nie uit dat daar wel afleidings gemaak moet word om die konteks beter te beskryf nie. Wanneer hierdie model in ag geneem word om ’n karakter beter te verstaan, is dit ook nodig om die dialoog op so ’n wyse te benader. Die verskillende vlakke van die model bied die leser die geleentheid om die dialoog van die karakter uit verskillende perspektiewe te beskou en skets ook die teoretiese agtergrond wat die leser in ag moet neem wanneer daar gelees word vir karakterisering, en eindelik ook die dialoog van ’n spesifieke karakter.

2.3.2. Dialoog as karakteriseringsmetode

Dieselfde onderskeid wat hierbo getref word tussen skrywer en leser, word in die volgende bespreking voortgesit. Soos Steyn (2012:85) uitwys, is dit vir die skrywer van belang om onder

andere op te let na die maniere van praat wanneer hulle mense waarneem. Die manier van praat is gewoonlik kenmerkend aan ’n spesifieke karakter, om realiteit op een of ander wyse na te boots. Dialoog is een van die maniere wat ’n skrywer kan gebruik om so na as moontlik aan die werklikheid te kom in ’n fiktiewe wêreld, omdat die skrywer nie noodwendig iets beskryf nie, maar die uiting van ’n karakter weergee. Die skrywer maak gebruik van ’n spesifieke stel woorde en manier van praat om die leser van ’n karakter te oorreed en om die karakter ook op so ’n manier aan die leser voor te stel dat die karakter gevisualiseer kan word. Sodoende sal die skrywer ook vir elke karakter ’n vorm van ’n idiolek kan skep en indien die dialoog getrou bly aan die karakter, sal die leser sonder moeite kan bepaal wie aan die woord is sonder dat die skrywer dit voor of na elke spreekbeurt moet aankondig.

Culpeper (2011:163) maak staat op navorsing wat ondersoek ingestel het na die verband tussen spesifieke aanduidings (op teksvlak)[12] en spesifieke karaktereienskappe, maar neem in ag dat hierdie navorsing net op twee aspekte gefokus het, naamlik persepsies met die eerste ontmoeting, en die rol van werklikheidspraak. Navorsing oor die verhouding tussen geskrewe taal, insluitende fiksionele tekste, en karakters, bestaan nog byna glad nie (Culpeper, 2011:164). Daar word egter geredeneer dat dit onwaarskynlik is dat ons die interpretasie-apparatus wat ons vir werklikheidsdiskoers gebruik, afskakel wanneer ons fiksionele tekste interpreteer. Nes die skrywer, kan die analis die dialoog gebruik om afleidings te maak rakende die storielyn en die karakter (en sy/haar agtergrond) deur te kyk na die dialoog. Soos Page (1988:3) aanvoer, kan die dialoog help om die storielyn te ontwikkel en die leser se verstaan van die karakter en die agtergrond van die karakter te verryk. Simpson (1998:41) stel dat dramadialoog slegs deur middel van die verhouding met die sosiale konteks buite die dramateks toeganklik gemaak word. Verder word daar genoem dat die norme, waardes en gedragswyses wat bepaal hoe mense in die werklikheid hulle linguistiese gedrag orden, die basis vorm van die manier waarop spraak en aksies van fiksionele karakters in die wêreld van ’n drama geïnterpreteer word. Simpson stel juis ondersoek in na die manier waarop sommige karakters in ’n teks nie by ’n gekonvensionaliseerde interaksie hou nie en dan die gemerkte keuse word, soos Myers-Scotton ook uitwys.

Wanneer daar afleidings gemaak word oor ’n karakter deur op sy/haar dialoog te fokus, is daar verskeie aspekte wat oorweeg moet word. Culpeper (2011:163) noem dat hierdie aspek meer fokus op die oppervlakstrukture en teksvlak, soos in die diagram aangedui word. Daar word ook verder onderskeid getref tussen die eksplisiete en implisiete karakterisering wat plaasvind. Soms spreek die karakter hom-/haarself uit oor hom-/haarself, en ander kere moet dit afgelei word. Verder is daar ook outoritêre aanduidings wat gemaak word deur die skrywer

[12] Eie invoeging

in die vorm van ’n verteller. Om werklik die karakter te kan verstaan en analiseer moet daar teruggekeer word na die bogenoemde model. Dit is nodig dat die leser oor voorafkennis beskik om afleidings te kan maak oor die karakter, en in hierdie geval ook die dialoog van die karakter. Natuurlik moet die ander komponente van die model ook in ag geneem word en die leser moet die konteks van die karakter ook kan verstaan. Hierdie konteks kan deur die skrywer bepaal word, maar die leser sal self ook afleidings moet maak.

Die volgende afdeling fokus op die manier waarop die konteks ’n rol speel en hoe die spesifieke karakter van ’n sekere gemeenskap of sosiale groep deel vorm; en hoe die vertaler uiteindelik hierdie sosiale groep en die konteks van die karakter tydens die vertaalproses in ag moet neem.

2.4. Ekwivalensie: dialoog, kultuur en vertaling

2.4.1. Dialoog as linguistiese middel vir die uitbeelding van kultuur

Die voorafgaande aspekte oor dialoog word in ag geneem om te verstaan dat die manier van praat van ’n spesifieke karakter nie net eie aan hom-/haarself is nie, maar dat hierdie karakter ook deel vorm van ’n spraakgemeenskap. Daar is verskeie aspekte wat die skrywer in ag moet neem wanneer hy/sy besluit om ’n karakter op ’n spesifieke manier te laat praat, en die skrywer moet ook in ag neem wat die beperkinge van die medium is waarin hy/sy met die leser kommunikeer. Hughes (1996:92) bevind byvoorbeeld dat as ’n skrywer kies om iets “realisties” uit te beeld, die leser onmiddellik aanneem dat ’n spesifieke spreker nie normaal is as hy/sy nie by sekere konvensies van taal hou nie (sien ook Culpeper, 2011 en Simpson, 1998)[13]. Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld Nico se dialoog met dié van Domingo. Culpeper (2011:166) wys uit dat dit vir ons makliker is om mense as deel van ’n sosiale groep te sien as om hulle as individue te sien – om hierdie rede vorm nie net dialekte deel van hierdie bespreking nie, maar ook die sosiale groep wat die dialek praat.

Indien die leser nie voorafkennis het oor ’n sekere dialek nie, sal dit nie vir hom/haar moontlik wees om te verstaan waarom die persoon op ’n spesifieke manier praat en waarom die skrywer gekies het om die woorde op ’n spesifieke manier uit te beeld nie. Wanneer daar bykomende inligting tot die leser se beskikking gestel word, sal dit dan vir hom/haar makliker wees om te verstaan of om afleidings te maak oor die teks/dialoog. Culpeper (2011:157) gebruik die voorbeeld van ’n Skotse advertensie wat hy aan sy Maleise studente gewys het

[13] Hughes (1996:92) verduidelik hier dat die leser dit vreemd sou vind as ’n karakter nie niestandaardtaal praat nie, maar in realiteit is daar byvoorbeeld slegs ongeveer 4 persent van die bevolking wat Standaardengels praat. Sy (Hughes, 1996:92) noem dat as ’n skrywer kies om ’n minder gekonvensionaliseerde, alhoewel meer verteenwoordigende, idiolek uit te beeld, skep hy/sy spraak/dialoog wat op die voorgrond geplaas word en uitermate kenmerkend is.

wat geen voorafkennis oor die Skotse aksent gehad het nie. Hierdie studente het nie geweet hoe om die klanke uit te spreek en watter aksent dit moes voorstel nie. Hieruit kan daar vier afleidings gemaak word: (1) die verbuiging van woorde en die aanpassing van spelling is nie noodwendig suksesvol om ’n spesifieke aksent of manier van praat uit te beeld nie; (2) konteks sal geskep moet word om die leser beter in te lig oor waarom ’n spesifieke manier van praat in die teks gebruik word; (3) konteks sal nodig wees om die kode van die aksent te dekodeer en; (4) soos Culpeper (2011:167) uitwys, het die skrywer (gewoonlik) net linguistiese middels tot sy/haar beskikking om in ’n teks soos ’n roman te karakteriseer.

2.4.2. Vertaling: die oordrag van kultuur deur middel van linguistiese middels

Vanuit ’n vertaalperspektief is die bogenoemde vier elemente een van die vlakke wat ’n uitdaging bied vir die vertaler. Verskeie navorsers argumenteer dat ’n vertaler nie net besluite moet neem op ’n leksikale of linguistiese vlak nie, maar ook op ’n sosiale, ekonomiese, politiese en kulturele vlak (sien Barrow, 2016:37 en Müller & Feinauer, 2008:129). Verskeie van die voorgenoemde aspekte word hier betrek: die karakter as individuele spreker, die karakter wat deel vorm van ’n groter gemeenskap van sprekers, die assosiasie wat die leser maak wanneer hy/sy hierdie sprekers aanhoor, die konteks (of afwesigheid daarvan) wat beskikbaar gestel word aan al die rolspelers en ook die assosiasie en persepsie van al die rolspelers rakende die gegewe konteks. Die skrywer wat vir ’n spesifieke teikengehoor skryf, kan poog om al hierdie voorgenoemde komponente tydens die skryfproses in ag te neem; en so ook moet die vertaler wanneer die teks vir ’n nuwe teikengehoor geskryf word. Barrow (2016:37) noem dat die doelteksleser nie noodwendig bekend is met al die kulturele aspekte van die bronteks nie, en die vertaler moet dit in ag neem wanneer hy/sy vertaal. Ten spyte hiervan moet die vertaler ’n raamwerk bepaal wat die kulturele aspekte in ag neem voordat vertaalbesluite geneem kan word, omdat ’n besluit op die leksikale vlak ’n groot uitwerking kan hê op die semiotiese vlak van die teks (Barrow, 2016:37). Wanneer daar na ’n teks gekyk word, kan dit slegs sin maak as dit in verband gebring kan word met inligting waaroor daar reeds beskik word (Baker 2018:260). ’n Teks kan dit wat ons van die wêreld weet, bevestig, weerspreek, verander of verleng; solank dit op een of ander manier verband hou met mekaar (Baker 2018:260). Baker (2018:260) redeneer dat daar ’n groot oorvleueling is tussen identifisering van verwysing en om toegang te hê tot relevante agtergrondinligting. Die vertaler maak ’n aanname oor of die teikenleser vertroud is met die inligting wanneer hy/sy besluit om bepaalde verwysings vir die leser te verduidelik of nie.

2.4.3. Vertaler as ekwivalensieskepper

Op dieselfde wyse moet die vertaler besluit of hy/sy ’n bron- of doelteksgerigte benadering wil gebruik. Hierdie keuse hou baie kere verband met die idee van ekwivalensie. Pym (2007:277)

verwys na ’n verskeidenheid idees[14] wat aanleiding daartoe gegee het dat die meeste vertaaldefinisies op een of ander manier na ekwivalensie verwys, veral in die veld van toegepaste taalkunde. Newmark (1988:48) noem dat daar soms geredeneer word dat die hoofdoel van enige vertaling is om ’n “ekwivalente effek” te bereik; met ander woorde, om dieselfde effek (of ten minste so na as moontlik) op die leser van die vertaling te hê as wat die oorspronklike teks op sy leser gehad het.[15] Newmark (1988:48) is van mening dat “ekwivalente effek” die gewenste *resultaat* van die vertaling is, eerder as die *doel* van die vertaling. Hy sonder twee gevalle uit waar dit wel nie so is nie: (1) as die doel van die brontaalteks is om ’n invloed (“affect”) te hê, terwyl die doel van die doeltaalvertaling is om in te lig (of andersom); en (2) as daar ’n prominente kulturele gaping tussen die bron- en doeltaalteks is.

Dit is kunsmatig om woorde te verdeel in skynbaar selfvervatte areas soos *woorde*, *grammatika* en *teks*, omdat hierdie areas nie individueel onafhanklik is nie (om maar een aspek hieroor te noem); maar hierdie tipe verdeling kan wel help om potensiële probleemareas in vertaling uit te wys (Baker, 2018:5). Op grond hiervan voer Baker (2018:5) aan dat die bogenoemde verdeling van areas vir gerieflikheidsonthalwe gedoen word, omdat dit die teks meer werkbaar maak. Sy gebruik ook die term *ekwivalensie* vir gerieflikheidsonthalwe in haar boek, *In Other Words* (Baker, 2018:5), met dien verstande dat alhoewel ekwivalensie tot ’n sekere mate bereik kan word, dit beïnvloed word deur ’n verskeidenheid linguistiese en kulturele faktore, en om hierdie rede altyd relatief is. Nord (2018:5) gee in haar boek, *Translation as a Purposeful Activity: Functionalist Approaches Explained*, ’n historiese oorsig oor die verskillende gebruike van ekwivalensie en noem dat Nida (1964) onderskeid getref het tussen *formele* en *dinamiese* ekwivalensie. *Formele* ekwivalensie is hiervolgens ’n getroue reproduksie van die bronteks se vormelemente; terwyl *dinamiese* ekwivalensie die ekstra-linguistiese kommunikatiewe effek denoteer. Nord (2018:5) verwys na die volgende stelling van Nida om hierdie verskil beter te omskryf: ’n Vertaling wat dinamiese ekwivalensie nastreef, het ten doel om ’n volledig natuurlike uitdrukking daar te stel en probeer om vir die teikenleser verbande te trek na gedragsmaniere wat relevant is vir die konteks van die teikenleser se eie kultuur; dit vereis nie dat die teikenleser die kulturele patrone van die brontaalkonteks verstaan om die boodskap te begryp nie.

[14] Hierdie idees sluit argumente in om die bestaan van vertaling in die aangesig van strukturalistiese linguiste teen te staan, o.a. *langue* vs. *parole*, die moontlikheid van ondersoek na sisteme buiten *langue* en ’n verwante benadering wat meer neig na leksikale semantiek (vgl. Pym, 2007:275).
[15] Hierdie ekwivalente effek word ook “ekwivalente reaksie” beginsel of volgens Nida, “dinamiese ekwivalensie” genoem.

Bogenoemde verduideliking toon dat die teikengehoor 'n kernrol speel in beide gevalle, maar ook dat die teikengehoor in die een geval nie noodwendig die besluite wat gemaak word tydens die vertaalproses, beïnvloed nie. Wat wel blyk 'n invloed te hê, is die manier waarop die doel van die vertaling poog om die teikenleser in verband te bring met die gedrag wat relevant is vir die konteks van sy/haar eie kultuur. Pym (2007:290) beklemtoon egter dat *ekwivalensie* nie *domestikering*[16] beteken nie, dat dit nie teenoor kreatiwiteit gestel word nie, en dat dit nie net in "een geur" voorkom nie. Volgens Pym (2007:290) kan ekwivalensie as 'n struktuur van oortuigings beskou word, en dit moet ook as sodanig geanaliseer word. Pym (2007:290) verwys na van sy vorige werke in 1992 en 1995, waarin hy beklemtoon dat die oortuiging in ekwivalensie in baie gevalle histories, gedeel ("shared") en koste-effektief is, en dat "the translator is an equivalence producer, a professional communicator working for people who pay to believe that, on whatever level is pertinent, B is equivalent to A"[17].

[16] Volgens Paloposki (2011:40) word die idee van die domestikerende en vervreemdende vertaler gebaseer op 'n analise van Friedrich Schleiermacher se 1813-lesing "Über die Verschiedenen Methoden des Übersetzents". ("Domestication and foreignization" in *Handbook of Translation Studies (volume 2)* waarvan Yves Gambier en Luc van Doorslaer die redakteurs is.) Schleiermacher (1977:74) noem hierin dat hy die vertaler óf die outeur in vrede laat, en die leser na hom toe laat beweeg, óf hy laat die leser soveel moontlik in vrede en laat die outeur nader aan hom beweeg. (Die Engelse vertaling van hierdie aanhaling verskyn in "On the different methods of translating" in *Translating Literature: The German Tradition from Luther to Rosenzweig* waarvan André Lefevere die redakteur en vertaler is.) Hieruit voorsien Venuti (1995:20, 2008:15) 'n definisie vir domestikering en vervreemding. In die 1995 uitgawe van *The Translator's Invisibility: A History of Translation* gebruik Venuti "domesticating method" en "foreignizing method" teenoor die 2008 uitgawe van dieselfde boek se "domesticating practice" en "foreignizing practice".

Vergelyk Venuti se omskrywing van hierdie terme:

> [...] domesticating method, an ethnocentric reduction of the foreign text to target-language cultural values, bringing the author back home, and a foreignizing method, an ethnodeviant pressure on those values to register the linguistic and cultural difference of the foreign text, sending the reader abroad. (Venuti, 1995:20)
>
> [...] domesticating practice, an ethnocentric reduction of the foreign text to receiving cultural values, bringing the author back home, and a foreignizing practice, an ethnodeviant pressure on those values to register the linguistic and cultural differences of the foreign text, sending the reader abroad. (Venuti, 2008:15)

Müller en Feinauer (2008:131) bied die volgende Afrikaanse vertaling van die definisie vir domestikering vanuit Venuti se 1995 omskrywing soos dit gebruik word deur Munday (2001:146) in *Introducing Translation Studies*: "... [domestikering] beteken dat die vertaler die skrywer na die leser neem deur 'n etnosentriese herleiding van die vreemde teks (bronteks) na die kulturele waardes van die doeltaal [...]" Müller en Feinauer (2008:131) bied ook en die volgende Afrikaanse vertaling van die definisie vir vervreemding direk vanuit Venuti se 1995 omskrywing: "Vervreemding beteken basies dat die vertaler die leser na die skrywer (en die vreemde kultuur) neem deur byvoorbeeld verwysings na die bronkultuur in die doelteks te behou. Die leser is dus bewus daarvan dat hy/sy 'n vertaalde teks uit 'n vreemde kultuur lees, aangesien die kulturele andersheid van die bronteks in die doelteks weergegee word".

[17] Sien ook die oorspronklike aanhaling in Pym, A. 1992. Translation and text transfer: an essay on the principles of intercultural communication. Frankfurt am Main: Peter Lang.

2.4.4. Ekwivalensie na Polisisteemteorie

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die vertaler verskeie kulturele elemente gaan teëkom in die teks, soos in die geval van Domingo se dialoog wat Kaaps uitbeeld. Die vertaler kan kies watter strategie hy/sy wil aanwend in so ’n geval. Daar word in Spies (2013:42) aangetoon hoe ekwivalensie deel uitmaak van deskriptiewe vertaalkunde. Hermans (1999:11) beskou dit as die deskriptiewe/sistemiese/manipulasieparadigma. Hieroor noem Spies (2013:42) dat die benadering in reaksie op die bronteksgeoriënteerde benaderings tot vertaling wat hoofsaaklik preskriptief/voorskriftelik was. “'n Denkskool het ontstaan wat meer gefokus het op die doelteks se funksie en aanvaarbaarheid in die doeltekssituasie as maatstaf vir 'n goeie vertaling (soos in die funksionalisme) en wat hoofsaaklik deskriptief/beskrywend eerder as voorskriftelik in hulle besprekings van vertalings en vertaalbenaderings was” (Spies, 2013:42). As deel van hierdie argument word daar verwys na die manipuliste vanuit die manipulasieteorie wat aantoon dat ekwivalensie (uit die linguistiese perspektief gesien) tussen die bronteks en die doelteks nie iets is wat nagestreef kan word nie, maar eerder ’n gevolg of resultaat, wat uit die vertaling spruit (Spies, 2013:44) (vergelyk ook die bostaande verwysing na Nord). Die analises wat in Hoofstuk 4 aan bod kom word grootliks op dieselfde wyse benader.

Toury word beskou as die vader van deskriptiewe vertaalkunde (DTS) omdat hy die hierdie tak binne hierdie veld voorgestel en ontwikkel het (Spies, 2013:46). Toury het in sy ontwikkeling van die despkriptiewe tak in vertaalwetenskap gebruik gemaak van sleutelbegrippe wat hy van Even-Zohar oorgeneem het, onder andere norme, modelle, sisteme, en teoretiese teenoor deskriptiewe navorsing (Spies, 2013:46) (vergelyk die latere bespreking oor Toury onder 2.5.1). Barrow (2016:28) voorsien hiervoor ’n breedvoerige oorsig van deskriptiewe vertaalkunde wat ook hierby betrek kan word. Uiteindelik word dieselfde uitgangspunt as deel van die argument wat hier aangevoer word geneem: die manier waarop Even-Zohar se idee van repertoire en Toury se idee van norme saamgetrek word om te bepaal dat ’n spesifieke vertaler se norme (prosesse) wat deur ’n repertoire beïnvloed word, gebruik word om ’n teks te vertaal.[18] Die volgende afdeling bespreek die polisisteem diepgaande en plaas dan ook die romans wat deel vorm van hierdie studie, binne die sisteem (later vasgestel deur ’n analise van beskikbare data in Hoofstuk 4)[19]. Die polisisteem word gebruik as ’n teoretiese raamwerk waarin die voorgenoemde vertaalkeuses bespreek kan word. Die

[18] Vergelyk die onderstaande bespreking en analises wat aantoon hoe die teks van Meyer vertaal is ten opsigte van kodewisseling om eindelik vas te stel tot welke mate die vertaler van ‘n meer innoverende of meer konserwatiewe repertoire gebruik gemaak het.

[19] Vergelyk Hoofstuk 3 vir die data benodig en die metodologiese benadering om hierdie tekste binne ‘n bepaalde polisisteem te plaas. Die bespreking wat deel vorm van die literatuuroorsig, poog om ‘n teoretiese begronding te maak vir die latere afleidings.

moontlike posisie en funksie van die vertaling, sal die tekslinguistiese elemente van die vertaling bepaal wat uiteindelik die strategieë wat tydens die vertaalproses gebruik is, beïnvloed (Toury, 2012:7). Deur Toury (1995:1) se benadering te gebruik word daar gefokus op die doelteks om hieruit fenomene te kan beskryf om uiteindelik algemene beginsels vas te stel.

2.5. Polisisteemteorie

Die polisisteemteorie (hierna PST) behels verskeie komponente wat uiteindelik 'n invloed het op die literêre sisteem. Die polisisteem is 'n model van Even-Zohar (1990) wat bedink is as 'n heterogene, hiërargiese konglomeraat (of sisteem) van idees wat mekaar beïnvloed om 'n aaneenlopende, dinamiese proses van evolusie in die polisisteem as 'n geheel mee te bring (sien ook Shuttleworth, 2009:197).

Die eerste deel van die definisie maak voorsiening vir verskynsels op verskillende vlakke, sodat die polisisteem van 'n gegewe nasionale letterkunde beskou word as 'n element wat 'n groter sosiale sisteem ontsluit (Shuttleworth, 2009:197). In 'n groter sosiale konteks word letterkunde nie net as 'n stel tekste gesien nie, maar ook in 'n breër sin as 'n stel faktore wat die produksie, bevordering en ontvangs van hierdie tekste bepaal. Even-Zohar (1990:14) noem dat die (uni-)sisteem uit alles bestaan wat as die sentrale stratum geïdentifiseer is, wat bestaan uit die "amptelike kultuur" wat in standaardtaal, gekanoniseerde letterkunde en gedragspatrone van die dominerende klasse gemanifesteer is; en waar periferieë kategories as ekstra-sistemies gesien is (indien dit enigsins gesien is), ooreenstemmend met die "inside view" van die "people-in-the-culture" (Even-Zohar, 1990:14, sien ook Lotman, 1975:57 en Voegelin, 1960:60).

Soos kulturele, politiese en ekonomiese elemente deel vorm van die vertaalproses (sien die bostaande bespreking oor kultuur en ekwivalensie in 2.4.), vorm dieselfde komponente ook deel van die polisisteem. Verskeie komponente wat deel vorm van hierdie sisteem wat uiteindelik 'n invloed het op die literêre sisteem, sluit onder andere die politiese, opvoedkundige, ideologiese en ekonomiese sisteme in (Barrow, 2016:20). Alhoewel hierdie verskillende komponente nie die fokus van hierdie studie is nie, vorm hulle deel van die polisisteemteorie, soos dit in die onderstaande model deur Even-Zohar uiteengesit word. Wolf (2007:6) wys tereg daarop dat 'n sisteemgeoriënteerde benadering nie aandring op die teoretiese konseptualisering van die sosiale implikasies van vertaling nie, maar dat dit meer as enige ander navorsingsontwerp 'n verskeidenheid skakels bied tot sosiaalgeoriënteerde vrae. PST het byvoorbeeld waardevolle insigte gebied in die manier waarop vertaalde literatuur binne die breër literêre en historiese sisteme van die doelkultuur funksioneer (Wolf, 2007:6) en hier kan daar gesien word hoe dit verband hou met deskriptiewe vertaalkunde

waar die fokus ook meer op die doelteks en doelkultuur is (vergelyk die bespreking van Spies, 2013:42). Buiten hierdie insigte bied die sosiaalgeoriënteerde vrae ook die navorser die geleentheid om die verskeie rolspelers by die studie te betrek. Die verbande sal later bespreek word, wanneer daar in 2.6. meer aandag geskenk word aan die rolspelers tydens die vertaalproses.

Spies (2013:83) noem dat daar verskillende aspekte binne die literêre polisisteem "mag" uitoefen deur die produksie en resepsie van vertaalde literêre werke binne 'n bepaalde sisteem te beïnvloed, te bepaal en te beperk. "Hierdie magte kan abstrakte konsepte soos instellings, die patronaat[20] en die mark, of persone (of groepe persone) soos die produsente en gebruikers van tekste insluit" (Spies, 2013:83). Net soos die tekste binne die literêre polisisteem, noem Spies (2013:83) dat hierdie magte in 'n gedurige stryd met mekaar is waar hulle om magsposisies wedywer, maar tog ook saamwerk binne die literêre polisisteem. Hierdie wedywering en samewerking impliseer 'n netwerk (wat ook deur die literêre polisisteem geïmpliseer word) van verhoudings tussen rolspelers soos agente en instellings soos bespreek onder afdeling 2.6.

Hieronder word egter eers gefokus op PST (2.5.1) om Deon Meyer se tekste binne die Suid-Afrikaanse (2.5.2.) en Amerikaanse (2.5.3.) literêre polisisteem te plaas, wat die teoretiese agtergrond bied om te verstaan watter keuses deur die verskillende rolspelers uitgeoefen word. Die *rolspelers* sluit onder andere diegene in wat deel vorm van die instelling, soos kritici, uitgewers, skrywersgroepe, akademiese instellings, en so meer (Even-Zohar, 1990:37). Die *keuses* waarna hierbo verwys word, behels byvoorbeeld die tipe tekste wat gekies moet word vir vertaling, soos bepaal deur die rolspelers in Even-Zohar se model[21], en hoe so 'n vertaling binne 'n sisteem funksioneer en uiteindelik hoe dit die keuses op 'n tekstuele vlak beïnvloed (sien ook Barrow, 2016:18). Shuttleworth (2009:200) noem ook dat PST soos wat dit deur Even-Zohar en ander kundiges uiteengesit is, nie 'n volledige, waterdigte pakket is nie, maar eerder 'n vertrekpunt vir verdere studie. Solank as wat die model op hierdie wyse benader word, sal dit voortdurend waarde toevoeg tot ondersoeke van 'n teoretiese sowel as 'n deskriptiewe aard. Die volgende afdeling fokus derhalwe op PST om Deon Meyer se *Koors* en *Fever* binne die twee verskillende sisteme te posisioneer. Daar kan aanvaar word dat die Engelse tekste van Meyer in verskeie polisisteme geplaas kan word, maar omdat dit so 'n

[20] Spies (2013:73) noem dat die patronaat (patronage) die faktore, instellings of persone wat die vertaling van tekste kan beïnvloed, is. Lefevere (soos aangehaal deur Spies, 2013:73) noem dat die ideologie, politiek, sosiale kwessies, ekonomie en status (van die outeur, bronteks en vertaler) hieronder ressorteer.

[21] Sien die onderstaande model vir die uiteensetting van die verskillende komponente.

komplekse sisteem met ’n groot aantal faktore is, sal slegs die Amerikaanse literêre polisisteem ter illustrasie vir die vertaalde teks gebruik word.

2.5.1. Even-Zohar oor polisisteme

As gevolg van die dinamiese aard van die polisisteem is dit nodig om te verstaan dat verskillende tekste kompeteer vir die sentrale posisie van die polisisteem. Munday (2012:166) bevestig hierdie perspektief en verduidelik dat interaksie en posisionering van hierdie sisteme in ’n dinamiese hiërargie plaasvind. Barrow (2016:24) voeg by dat ’n literêre polisisteem gesien kan word as ’n hiërargie wat saamgestel word uit verskillende stratums, wat ’n ander konseptualisering is van die sentrum-periferie-verbande tussen die verskillende sisteme en subsisteme. Hierdie dinamiek het ’n noue verband met die proses van kanonisering (Barrow, 2016:24). Even-Zohar (1990:15) gee ’n oorsig van gekanoniseerde teenoor niegekanoniseerde strata en verduidelik hierin dat *gekanoniseerd* beteken ’n model of teks word aanvaar deur die dominante kringe binne ’n kultuur, terwyl *niegekanoniseerd* beteken die model of teks word verwerp deur hierdie kringe. Soos Barrow (2016:25) tereg verwys na Even-Zohar, beteken dit nie goeie of slegte literatuur nie.

Om hierdie konsep beter te verduidelik is dit nodig om die verskillende komponente van Even-Zohar (1990:31; sien ook Kruger, 2012:100 en Barrow, 2016:20) se Skema van die Literêre Sisteem te verstaan. Hierdie skema is gebaseer op die bekende Kommunikasiemodel van Jakobson (1980), wat verwerk is om faktore oor die literêre (poli-)sisteem in ag te neem (Even-Zohar, 1990:31):

Instelling [konteks]

Repertoire [kode]

Produsent [spreker] ---------- [aangesprokene] Verbruiker

(“skrywer”) (“leser”)

Mark [kontak/kanaal]

Produk [boodskap]

Figuur 2: ’n Skema van die Literêre Sisteem gebaseer op Jakobson se Kommunikasiemodel

Even-Zohar gee die volgende beskrywing van die model, en soos Kruger (2012:101) uitwys, beklemtoon hy die feit dat al die faktore interafhanklik is van mekaar: ’n Verbruiker kan ’n produk “verbruik” wat deur ’n produsent geproduseer is, maar vir ’n produk (soos ’n teks) om gegenereer te word, is dit nodig dat ’n gedeelde repertoire bestaan. Hierdie repertoire se verbruik word deur ’n instelling bepaal. ’n Mark moet bestaan waar so ’n tipe produk oorgedra

kan word. Geeneen van die faktore wat hierin vervat is, kan beskryf word as dat dit in isolasie funksioneer nie en die tipe verbande wat gemerk kan word, loop oor al die moontlike asse van die skema.

Alhoewel al hierdie komponente interafhanklik is, is dit nodig om uit te lig dat die repertoire 'n kernrol vervul. Even-Zohar (1990:39) beskryf repertoire as dit wat die samevatting van reëls en elemente wat beide die maak en gebruik van enige gegewe produk (of te wel teks) aanwys. Kalmer (2013:16) voer aan dat tekste die aktualisering van hierdie wette is: "Die polisisteem kan […] nie tot blote teks of repertoire gereduseer word nie, maar na wisselwerking tussen die twee."

Toury (2012:303) omskryf ook die konsep van *repertoire* en sien dit as 'n stel gekodifiseerde items wat deur sistemiese relasies beheer word. Verder kan daar gekyk word na die kleiner gedeeltes van 'n repertoire, wat ook as "repertoremes" beskou kan word en omskryf word as enige teken wat deel vorm van die repertoire ten spyte van rang of omvang (Toury, 2012:304). Verder vorm "repertoremes" deel van 'n unieke netwerk van verhoudings in 'n teks wanneer dit gebruik word in 'n spesifieke teks wat die "repertoreme" ook 'n "teksteme" maak (Toury, 2012:304).

Hoe groter die gemeenskap wat spesifieke produkte maak en gebruik, hoe groter moet die ooreenkoms met so 'n repertoire wees (Even-Zohar, 1990:39). Alhoewel die graad van bekendheid ten opsigte van 'n spesifieke repertoire nie ten volle identies is vir gespreksvoerders (die bogenoemde produsent/spreker of ook skrywer; en die verbruiker/aangesprokene of ook leser) nie, sal daar in 'n spesifieke interaktiewe situasie (gesprek/kommunikasie) byna geen interaksie wees sonder 'n minimum gedeelde kennis nie (Even-Zohar, 1990:39). Verder beskou Even-Zohar (1990:16) die "voorafkennis" en "ooreenstemming" as sleutelterme vir die konsep van *repertoire*.[22]

Na aanleiding hiervan noem Barrow (2016:24) die volgende oor misdaadromans as 'n genre (of subsisteem) wat sy eie repertoire het, wat ook gesien kan word as die tipiese linguistiese en narratiewe elemente wat gebruik word om 'n teks te konstrueer:

> Dit sluit moontlik in die verwagtinge en konvensies wat geassosieer word met narratiewe styl soos karakter, stel en plot, waarin kultuur noodwendig figureer. Daar kan aangeneem word dat in verskillende literêre sisteme (bv. Duits en Suid-Afrikaans),

[22] Vergelyk die voorafkennis wat die leser moet hê om 'n karakter te dekodeer met die manier waar daar hier 'n gedeelde kennis of voorafkennis moet wees. Alhoewel die voorafkennis in die geval van Even-Zohar se model op 'n meer makrovlak beskou word, hou dit verband met dit wat die leser moet kan bereik op 'n mikrovlak wanneer daar gelees word vir karakteriseringsmetodes en die analise van karakters.

> die subsisteem, of genre tot ’n mate ’n ander repertoire sal hê. Die uitdaging vir vertaling is die verhouding tussen die brongenre-repertoire en die doelgenre-repertoire. Daar is moontlik motiverings om verskillende elemente te behou vanuit die bron-repertoire afhangende van die funksie van die vertaling in die ontvangende sisteem. Alternatiewelik kan daar ’n skuif wees na meer gereelde opsies (“habitual options”) in die doelsisteem se repertoire. Verder beïnvloed vertaling ook die veranderinge op die verhouding tussen die teksteme in ’n bepaalde teks.[23]

Alhoewel ’n vertaling of ’n vertaalde werk gewoonlik in isolasie gesien word, blyk dit uit die voorgenoemde aanhaling dat die idee van repertoire na vertalings oorgedra kan word. Even-Zohar (1990:45) vra selfs waarom vertalings in isolasie gesien word en of daar dieselfde verbande getrek kan word soos wanneer daar oor die oorspronklike werke gehipotetiseer word. Verder word die vraag gestel watter verbande daar is tussen vertaalde werke wat aangebied word as feite wat vanuit ander letterkundes kom en afgesonder is van hul tuiskontekste, en vervolgens geneutraliseer word van die sentrum-periferie-stryd (Even-Zohar, 1990:45).

Alhoewel Even-Zohar nie vertaalde werke gebruik in die verduideliking van sy konsep van *repertoire* nie, staan hy ’n volledige afdeling af aan vertaalde werke in *Polysystem Studies*, naamlik “The Position of Translated Literature within the Literary Polysystem”. Hierin argumenteer hy dat vertaalde werke ten minste op twee wyses ooreenstem met die teorie: (a) die manier waarop die vertaalde tekste se brontekste deur die doelliteratuur gekies word, die beginsels van selektering wat altyd ooreenstem met die tuis-ko-sisteme (“home co-systems”) van die doelliteratuur; en (b) die manier waarop die vertaalde werke spesifieke norme, gedrag en beleide aanneem wat kom van hul verbande met ander tuis-ko-sisteme (Even-Zohar, 1990:46). Dit word nie beperk tot die linguistiese vlak nie, maar vind ook op selekteringsvlak plaas, en daar moet in ag geneem word dat vertaalde literatuur ook ’n repertoire van sy eie kan besit en selfs tot ’n sekere mate eksklusief daaraan kan wees (Even-Zohar, 1990:46). Alhoewel die moontlikheid bestaan dat ’n vertaling as ’n teks op die periferie van enige gegewe polisisteem gesien kan word, is dit nie in alle gevalle so nie en Even-Zohar (1990:46) argumenteer dat die posisie van ’n vertaalde teks bepaal word deur die spesifieke “konstellasie” van die polisisteem wat ondersoek word.

Die waarde van die polisisteemteorie is onder andere gesetel in die moontlikheid wat dit vertaalkundenavorsers bied om vergelykende studies te doen (soos hierna en verder in Hoofstuk 4). Volgens Hermans (2009:42) bevorder die polisisteemteoriebenadering die

[23] Eie vertaling.

funksionele en doelgeoriënteerde benadering tot vertaling. Hierdeur word die klem geplaas op die soeke na verduidelikings wat primêr gerig is op die die ontvangende kultuur om sodoende 'n poging aan te wend om 'n volledige oorsig van so 'n sisteembenadering te kry. Die waarde van PST lê daarin dat dit die ou unilaterale verhouding tussen vertaling en die oorspronklike teks vervang word met 'n multilaterale matriks geanker in die vertaalkultuur (Hermans, 2009:42). Verder, kan navorsers hulle horisonne verbreed deur te kyk na die interaksie tussen gekanoniseerde sentrale sektore van die kulturele domein en minder gesogte, meer perifere sektore deur gebruik te maak van PST. Hermans (2009:42) voer verder aan dat vertalings nou gebruik kan word as 'n instrument deur individue of groepe om 'n spesifieke hiërargie óf te konsolideer óf te ondermyn. Laastens, noem hy dat dit in hierdie opsig besig is om die omvang van vertaalkunde te verbreed en klem lê op en "the impact of translation as a historical force and providing an explanatory frame of reference, polysystem theory gave the descriptive paradigm depth and relevance as well as legitimacy" (Hermans, 2009:42).

Hierdie perspektief oor die polisisteem bied die agtergrond vir die bespreking van die misdaadroman in die Suid-Afrikaanse en Amerikaanse literêre polisisteme.

2.5.2. Die Suid-Afrikaanse literêre polisisteem en *Koors*

2.5.2.1. Algemene literêre polisisteem

Volgens Barrow (2016:25) (sien ook Le Roux, 2013:145) lê misdaadfiksie[24] se kulturele status tussen "high-brow" en "low-brow", en daar kan nog steeds gevra word of 'n misdaadspanningsverhaal 'n kunsvorm is of nie. Le Roux (2013:145) maak wel ook die opmerking dat sommige titels gesien kan word as "low-brow" maar die genre self kan as relevant en lewensvatbaar beskou word. Naidu (2013:130) beskou die Suid-Afrikaanse misdaadroman as formule-gedrewe, met 'n vinnige pas, plot-gedrewe, met meer aksie as speurwerk, gewelddadig, en gewoonlik met 'n einde in 'n klimaksagtige fase of fisiese magspel. Verder noem Naidu (2013:128) dat hierdie romans 'n wêreld van politiese intrige, toenemende transnasionalisme, glans, seks en globale korrupsie uitbeeld, en dat hulle aksiebelaaide en vinnige storielyne karakteriseer. Barrow (2016:57) voer na aanleiding hiervan aan dat die konvensies van die Suid-Afrikaanse misdaadroman voldoen aan die hardgebakte[25] konvensies ("hard-boiled[26] conventions") van misdaadfiksie: 'n misdaadsbestryer ondersoek

[24] Hierdie term word gebruik as die sambreelterm vir alle fiktiewe literatuur wat op misdaad fokus (dieselfde as Naidu, 2013:127).
[25] Hierdie term word ontleen aan Van Heerden se proefskrif.
[26] Die prominentste misdaadfiksie wat in Brittanje en Amerika ontwikkel het, word deur Wessels (soos verwys na deur Barrow, 2016:53) beskou as die fatsoenlike/beskaafde misdaadfiksie en die geharde speurroman.

'n saak en raak betrokke in die onderwêreld, waar dit moeilik is om onderskeid tussen reg en verkeerd te tref.

In Suid-Afrika word die Afrikaanse misdaadromans, en veral Meyer se boeke, beskou as topverkopers en dit kan gesien word as 'n populêre genre (Nicol, 2015; sien ook *Koors* se buiteblad). Volgens Even-Zohar (soos aangehaal deur Barrow, 2016:25) is populêre genres, soos niegekanoniseerde literatuur, egter dikwels sekondêre of perifere sisteme en daar kan geargumenteer word dat populêre misdaadfiksie oor die algemeen 'n sekondêre of perifere sisteem is (en posisie inneem) in die literêre polisisteem. Hierteenoor argumenteer Cawelti (soos aangehaal deur Rolls, 2016) dat misdaadfiksie 'n groot dryfveer is om die literêre kanon te hersien en te demokratiseer. Vergelyk die volgende mening deur Rolls (2016): "As King's[27] work on Crime Fiction as World Literature inevitably places translation at the heart of the transnational mobility of the genre, Crime Fiction, which, as John G. Cawelti has argued, is a great driver of literary canon revision and democratization, can now prepare itself to become the object of its own tendency to open borders." Die artikel, *Whose National Allegory is it Anyway? Or What Happens When Crime Fiction is Translated?* deur Rolls bring beide die misdaadfiksie en vertaling (tot 'n baie beperkte mate) na 'n meer sentrale posisie in die literêre polisisteem. Alhoewel die voorgenoemde benadering juis gekyk het na die Franse konteks, verwys De Kock (2016:5) na die Suid-Afrikaanse politiese konteks en hoe dit tot die ontwikkeling en opkoms van misdaadfiksie aanleiding gegee het. De Kock (2016:6) beweer dat post-apartheid skryfwerk behels dat ondersoek ingestel word en 'n soeke na die ware lokus van siviele deugsaamheid in besliste ontstellende sosiale omstandighede, in 'n gehele konteks van oorgang[28]. Hy verwys na Anthony O'Brien se uitspraak oor die post-1994 jare, wat 'n normalisering van die politiese ekonomie beleef het wat hy tipeer as die neokoloniese uitkomste van 'n antikoloniale 'struggle', na aanleiding van Graham Pechey (De Kock, 2016:3). De Kock (2016:3) voer verder aan:

> So 'n dreigende ontnugtering, indien nie disoriëntasie nie, wat sy oorsprong in sosiale beelde het en aanhou om die stigtingsbeginsels van die "nuwe" demokrasie na aan die hart te hou, stel die geleentheid effektiewelik daar vir postapartheid literêre kultuur. Dit skep die omstandigheid vir 'n wye reeks ondersoeke na die oorsake van die waargeneemde inversie, of perversie, van die land se herbedinkte einddoel ("destiny"), 'n ontsporing wat tot 'n groot mate as krimineel beskou word. Vandaar die

[27] Hier word daar verwys na die volgende werk van King soos bevind in Rolls (2016) se lys bronnelys: Stewart King, 'Crime Fiction as World Literature', Clues: A Journal of Detection, 32.2 (2014), 8–19 (p. 8).

[28] Eie vertaling van "Postapartheid writing constitutes an investigation into, and a search for, the 'true; locus of civil virtue in decidedly disconcerting social conditions, in an overall context of transition."

> merkwaardige bloei in misdaadskryfwerk in die post-bevrydingstydperk, in beide fiksionele speurstories en niefiksiewerke van "ware misdaad", om nie eers die kritiese analise van hierdie werke te noem nie.[29]

De Kock (2016:4) noem dat hy ondersoek instel oor hoe verskeie skrywers, insluitende Deon Meyer, probeer om die lokus of posisie van publieke deugsaamheid te herdefinieer in 'n konteks waar die grense tussen reg en verkeerd nie duidelik is nie. Verder verwys De Kock (2016:36) ook na Warnes wat beweer dat Meyer (en Orford) "keep faith with some of the core features of 'serious' South African literature: its capacity to document social reality, to expose injustice, and to concientise reader into different modes of thought and action".

2.5.2.2. Outeur in die polisisteem

Barrow (2016:57) argumenteer dat die meeste van Meyer se werk voldoen aan die beskrywing van die Amerikaanse hardgebakte misdaadfiksie, soos uiteengesit deur Wessels. Omdat Meyer se werk hieraan voldoen, word hy as 'n skrywer in die sentrum van die misdaadfiksie-subsisteem beskou. Hierdie perspektief mag egter verskil as Meyer in dieselfde subsisteem in Amerika geplaas word en wanneer daar na sy vertaalde werke gekyk word, alhoewel Nicol (2015) hierteenoor noem dat Meyer se romans op dieselfde vlak is as internasionale misdaadfiksie wat plot en letterkundige bekwaamheid betref. Venuti (2008:154) meen ook dat die toename in verkope van misdaadromans nie beperk word tot werke wat oorspronklik in Engels geskryf is nie, maar vreemde/anderstalige misdaadromans insluit wat vertaal is in Engels. Venuti (2008:154) vra selfs die vraag of die toename in populariteit en breër lesersgemeenskap van hierdie genre toegeskryf kan word aan die vertalings wat moontlik die vreemdheid in hierdie genre beklemtoon en, of enige van die kulturele verskille werklik die vertaling en redaksieproses oorleef.

Van Heerden (2018:6) som die uitings wat al oor Meyer se werk gemaak is, soos volg op:

> Naas Nicol is daar talle persone wat soortgelyke bewerings maak, byvoorbeeld dat Deon Meyer se werk die "pretensieuse" skeidslyn tussen "ligte leesstof" en letterkunde oorbrug (Gouws 2004), dat sy romans gerus kan opskuif na 'n hoër kategorie as "blote spanningsverhale of ontspanningslektuur" (Van der Westhuizen 2008), dat hy beskou moet word as een van ons "waardevolste literêre bates" (Wessels 2008) en dat Meyer waarskynlik veel meer gesogte "literêre" pryse sou verower het as dit nie was vir die tradisionele snobisme jeens misdaadfiksie nie (Human 2015).

[29] Eie vertaling.

2.5.2.3. Teks

Koors volg nie dieselfde resep as die tipiese Meyer-roman nie. ’n Sentrale gedeelte van hierdie roman handel oor die verhouding tussen pa en seun – Willem en sy seun Nico. Selfs die omslag dui aan dat hierdie verhouding aandag binne die roman geniet, met die aanhaling: “Hulle het my pa doodgeskiet. Ek gaan hulle kry.” Hierdie verhouding is een van die kenmerke wat Pronzini en Adrian (soos aangehaal deur Barrow, 2016:54) identifiseer van ’n geharde storie: die karakter en die probleme inherent aan menslike gedrag word beklemtoon en die karakterkonflik is van kernbelang, terwyl die misdaad of dreiging van misdaad waarmee die storie sigself besig hou, van sekondêre belang is. Steenkamp (2017) wys daarop dat die voorgenoemde reklame-slagsin op die omslag die leser verlei en dat ’n mens sal kan dink dat hierdie ’n spanningsriller met ’n “vinnige pas, ’n paar ontploffings en grieselrige moord of twee” is, maar dit is nie die geval nie. Hierteenoor noem Steenkamp (2017) wel dat *Koors* al die kenmerke van die Meyer-treffer behou, maar die terrein is onverken in ’n speurverhaal. In die Akademies-resensie-essay van Steenkamp (2017) maak sy die volgende opmerking oor Meyer se roman:

> [D]it [blyk] dat Meyer se inspanning van spekulatiewe elemente, asook ekologiese diskoers in Koors, verder strek as temas wat die plot van die sentrale misdaadnarratief voed.
>
> Die mantel van spekulatiewe fiksie bied Meyer wel die vryheid om te speel met groot idees soos dat die drastiese verlaging van die menslike bevolking sal help om die aarde se biosfeer te herstel. Maar Koors ondersoek ook die komplekse verhouding tussen die mens en die natuur, die fyn balans tussen beskawing en animalistiese aard en die mens se reg op die aarde se hulpbronne.
>
> Daarom is die sentrale tema van die roman steeds antroposentries van aard. Dit is egter juis hierdie spanning tussen beskawing en animalistiese aard wat die spekulatiewe elemente meer om die lyf gee, al bly Koors in die eerste plek nog ’n spanningsroman. Al speel Meyer doeltreffend met tyd en omstandighede, bly die hart van die storie tog steeds die menslike drama wat in hierdie gevaarlike nuwe wêreld ontvou – die lief en leed van die Amanzi-gemeenskap en die humanistiese filosofiese kwessies waarmee hulle worstel met oorgenoeg aksie en ’n “murder mystery” om hardebaard aanhangers van Meyer aan die lees te hou.

Met die bespreking van *Koors* verwys Van Heerden (2018:208) na Prins, wat weer uitwys dat alhoewel Meyer met hierdie roman ’n nuwe koers ingeslaan het, dit steeds in die eerste plek spanningsfiksie is. Van Heerden (2018:208) beaam ook dat die roman genoegsame spanningsvolle episodes en subnarratiewe het om die sentrale misdaadgegewens op die

agtergrond te hou tot met die dubbele onthulling in die slot. Hierbenewens sluit *Koors* wel ander elemente in, soos die Bildungsroman, elemente van romanse, krygsliteratuur en volskaalse oorlog (Van Heerden, 2018:209). Verder maak Van Heerden (2018:215) die samevattende opmerking dat *Koors* neig na die meer "mimetiese[30]" pool van Cawelti se literêre spektrum en dat dit aansienlike gewig verleen aan die idee dat Meyer, as skrywer van populêre misdaadfiksie, die tradisionele Afrikaanse literêre kanon sal kan oopbeur. Op grond van hierdie stellings kan daar aangevoer word dat *Koors* en ook Meyer nie net in die sentrum van die misdaadfiksiegenre in die polisisteem is nie, maar dat hy ook nader beweeg aan die sentrum van die Afrikaanse literêre kanon.

2.5.3. Die Amerikaanse literêre polisisteem en *Fever*

2.5.3.1. Algemene literêre polisisteem

Van Heerden (2018:3) toon dat daar 'n wending in die Westerse denkwêreld plaasgevind het en beweer dat dit meestal verband hou met die opkoms van kultuurstudies en met die idees van post-strukturalistiese denkers (ook Burger, soos aangehaal deur Van Heerden, 2018:3). Volgens Van Heerden (2018:4) het hierdie wending meegebring dat die bevoorregte posisie van "hoë kultuur" toenemend uitgedaag en bevraagteken word. Wanneer daar dan gekyk word na die debat wat geheers het oor wat in die literêre kanon betrek moet word, veral ten opsigte van Engelse en Amerikaanse literatuur, dui Cawelti (1990:5) aan dat 'n baie groot deel van hierdie debat gehandel het oor die verkenning van letterkunde wat geskep is deur vroue en minderheidsgroepe, en om juis hierdie groepe se werke meer in die literêre kanon te beklemtoon. Cawelti (1990:5) noem verder dat daar ook 'n kenmerkende manier is waarop ons gedagtes oor letterkunde verander het. Dit behels onder andere die geleidelike assimilasie van ons idees oor letterkunde wat deel vorm van populêre genres wat pertinent geskei was van die letterkundige hoofstroom, wat dan ook die speurverhaal insluit. Hadley (2017) gee op *Oxford Research Encyclopedias* 'n oorsig van die Amerikaanse speurfiksie in die twintigste eeu en dui aan dat Amerikaanse speurfiksie as genre grootliks verander het sedert dit ontstaan het. In hierdie oorsig word daar verduidelik dat die godagtige manlike protagonis wat misdaad opgelos het met die minste geweld en met omgee vir die samelewingsomstandighede van die tyd, verander het in die taai, vuurwapen-swaaiende hardgebakte speurder wat altyd kommentaar lewer op alles wat verkeerd is om hom (Hadley, 2017). Vandag los dieselfde speurder, wat ook nou dikwels vroulik is, misdaad op vir vriende en familie en betoog oor verskeie diskriminerende praktyke (Hadley, 2017). Speurfiksie het wegbeweeg van 'n vertroostende afleiding na iets wat ons vertel oor die wêreld waarin ons

[30] Met hierdie term sluit Van Heerden (2018:217) die volgende in: etiese vrae oor misdaad, postkoloniale kommentaar, ekokritiek, ens.

lewe en die beste manier om in vrede saam te lewe (Symons, soos aangehaal deur Hadley, 2017).

Met ’n ondersoek na die topskrywers van speurverhale word daar gereeld verwys na outeurs soos Arthur Conan Doyle en Agatha Christie, en hierdie twee Britte word selfs as van die beste en bekendste outeurs in Amerika geag (aldus Klinger, 2018, ook Hadley, 2017). Amerikaners soos Dashiell Hammett, Raymond Chandler en Edgar Allen Poe haal ook die lys, volgens ’n Google-soektog en Ranker.com (2019). Volgens Adams (2015:46) het sommige misdaadskrywers selfs hulle weg tot in die kanon gevind. Die Universiteit van Suid-Carolina bied gevolglik ’n kursus in moderne Amerikaanse literatuur aan waarin die werke van misdaadskrywers soos Raymond Chandler en Patricia Highsmith bestudeer word naas die werke van skrywers soos James Baldwin, Vladimir Nabokov en Silvia Plath (Adams, 2015:46). Daar word aangevoer dat kritiese werke hierdie tendens ondersteun, omdat Amerikaanse misdaadfiksie die stedelike kultuur en verskille van klas, ras en geslag beklemtoon (Adams, 2015:46). Black (2010:76) stel byvoorbeeld in sy hoofstuk, “Crime Fiction and the Literary Canon”, in die boek *A Companion to Crime Fiction*, ondersoek in na misdaadfiksie en waar dit binne die literêre kanon geplaas word. Black (2010:76) bespreek ook in hierdie hoofstuk onder andere die werk van Chandler en Hammett om te illustreer waarom dit nie as tipiese “low brow”-literatuur beskou kan word nie, en waarom dit ook nie as tipiese “high brow”-literatuur gelees kan word nie (sien ook die bespreking hieroor in die vorige afdeling). Ten spyte van hierdie bespreking is daar nog nie werklik ooreenstemming bereik oor waar speurverhale binne die literêre polisisteem lê nie.

Voorts is dit ook ’n baie bekende genre en as gevolg van die populariteit daarvan laat die polisisteem van speurverhale gereeld toe dat nuwe boeke en vertalings die sisteem betree. Werke van onder andere Deon Meyer en Karin Brynard vorm byvoorbeeld deel van die Amerikaanse speurverhaalpolisisteem. Hierdie outeurs neem wel nog nie die sentrale posisie van hierdie sisteem in nie, maar in Ott (2018) se lys van 2018 se beste misdaadromans vir The Booklist Reader (wat ’n deel is van die American Library Association) verskyn een van Brynard se romans, *Weeping Waters* (’n vertaling deur Maya Fowler van die oorspronklik Afrikaanse teks, *Plaasmoord*). Hierdie roman is ook die enigste vertaalde roman wat op dié lys verskyn.

2.5.3.2. Outeur en vertaler in die polisisteem

Geen van Meyer se romans het die voorgenoemde lys gehaal nie, maar sy werk het reeds ’n baie goeie ontvangs in Amerika. In 2011 het Meyer reeds een van die VSA se top boekpryse, die American Barry Prize for Best Thriller, vir *Thirteen Hours* gewen (Malan, 2011; ook Meyer, 2019a). Meyer het ook al talle ander pryse gewen, wat insluit die Duitse Krimi Preis in 2006

en 2009; die Franse Le Grand Prix de Littérature Policière in 2003 en Le prix Mystère de la critique in 2004 (Meyer, 2019a). Talle Suid-Afrikaanse pryse is ook al aan Meyer toegeken vir sy werk. Onder die groot aantal pryse wat Meyer reeds ontvang het, het hy ook die Sweedse Martin Beck toekenning in 2008 vir die beste vertaalde misdaadfiksie ontvang vir *Dead at Daybreak* en die 'Shot in Translation'-toekenning van *Shots Magazine* in 2012 vir die beste vertaalde misdaadroman, *7 Days* (Meyer, 2019a)*. Orion* is die Afrikaanse titel van *Dead at Daybreak* en die roman is deur Madelein van Biljon vertaal, terwyl *7 Days* (met die Afrikaanse titel *7 Dae*) deur KL Seegers vertaal is, wat sedert 2002 Meyer se boeke vertaal vanuit Afrikaans na Engels (Barrow, 2016:5). *13 Uur*, wat bekroon is met die American Barry Prize for Best Thriller, is dan ook vertaal deur KL Seegers. Dit blyk derhalwe dat Meyer en Seegers 'n goeie span vorm. Die toekenning van die American Barry Prize for Best Thriller toon dan ook dat Meyer se vertaalde Engelse romans deel vorm van die Amerikaanse spanningsverhaalpolisisteem. Die prys wat Meyer ontvang het, dien ook as 'n goeie aanduiding dat sy romans nie meer op die periferie van hierdie sisteem lê nie, maar dat sy werk toenemend begin deel word van die Amerikaanse konteks en ook internasionale erkenning geniet.

2.5.3.3. Teks

Stephen King (2017), 'n baie bekende internasionale outeur van onder andere spanningsverhale, het onlangs getwiet oor *Fever* (die vertaling van *Koors*) wat in Amerika uitgegee is en gesê, "UK readers, you have a nice surprise coming. No, not Brexit, FEVER, by Deon Meyer. Reminiscent of THE STAND and THE PASSAGE. Great stuff." Hierdie uiting oor Meyer se roman is nie die enigste positiewe ontvangs wat *Fever* in Amerika ontvang het nie. Alhoewel *Fever* 'n vertaling is en Barrow (2016:26) uitwys dat vertalings ook 'n perifere posisie in die literêre polisisteem inneem, net soos populêre genres, word Meyer se werk nie meer op die periferie van die misdaadfiksiepolisisteem geplaas nie. Dit word aanvaar dat vertaalde literatuur slegs onder spesifieke voorwaardes 'n primêre posisie in die literêre polisisteem inneem; maar omdat vertaalde literatuur ook beskou kan word as 'n sisteem op sy eie, kan dit intern gestratifiseer word en gevolglik verskillende posisies vir verskillende genres toelaat (Even-Zohar, soos aangehaal deur Barrow, 2016:26). Vir die doeleindes van hierdie studie gaan daar wel nie gefokus word op die polisisteem van vertalings in Amerika nie, maar klem sal geplaas word op die posisie wat Meyer se vertaalde werke, en spesifiek *Fever*, in die polisisteem van spanningsverhale in Amerika inneem.

Leber (soos aangehaal deur Meyer, 2019a) het die volgende oor *Fever* gesê:

> "... a thought-provoking, postapocalyptic examination of the human condition, with two diverse views of our species: Willem's core empathy versus Domingo's assertion that

> men are animals. With its stunning final revelation, this is a remarkable literary achievement."

Chan (2018) bied 'n ander perspektief oor *Fever* en noem dat dit 'n lang reis is in 'n post-apokaliptiese samelewing in, en al lys hy 'n paar positiewe aspekte oor die roman, het hy ook die volgende punte van kritiek:

> Fever is a lengthy book, and though some digressions into politics and philosophy dilute the dramatic tension at times, for the most part the suspense slowly builds to a roaring boil, culminating in the tragedy we knew was coming. Meyer's plot has been sure-footed for most of the narrative, but the final forty pages, with revelations aplenty, fall apart into disappointment. The climax, with the revelation of the villain and the motives for destruction, call out for anger and demands for justice and retribution. Instead, we get a lame little response from a major character, without any of the horror and revulsion that is richly deserved. Indeed, I viewed the villain's actions as pure, unjustifiable evil, but the novel seems to accept a certain level of sympathy for these atrocities, and as a result, the entire themes of the book evaporate into smoke. By Fever's end, I lost any hope I might have had for the poor, beleaguered community that had been struggling to survive, for if a prominent figure cannot muster the moral outrage that calls out to Heaven for vengeance, then the remainder of society becomes complicit, and any attempt to build a new world predicated in justice is doomed. Bottom line: the closing pages eviscerate the tone that the previous hundreds of pages built with a rushed, clumsy, and utterly unsatisfying denouement.
>
> Fever is a very interesting read, but at times its ambition leads to overreach, and in the end, the reader is left with nothing more than the wreckage of a post-apocalyptic world.

Hierdie voorbeelde is net 'n oorsig oor die tipe ontvangs wat *Fever* gehad het in die Amerikaanse konteks, wat bydra tot die verstaan van hoe Meyer se tekste binne hierdie sisteem funksioneer. Wanneer die posisie van Meyer en sy werke in ag geneem word, skep dit 'n raamwerk waarbinne die vertaalbesluite en strategieë wat deur die vertaler aangewend is, geanaliseer kan word.

Hierdie afdeling het gefokus op die PST en die verskillende aspekte daarvan vir *Koors* in die Suid-Afrikaanse literêre polisisteem, en vir *Fever* in die Amerikaanse polisisteem. Hierdie sisteme is afhanklik van die betrokke rolspelers; die proses van vertaling is ook afhanklik van verskillende rolspelers. Om hierdie rede fokus die volgende afdeling op die rolspelers van vertaling en die sosiologie van vertaling.

2.6. Die rolspelers in die proses van vertaling

Die vorige afdeling fokus op PST en wys dat die sisteembenadering nuttig is wanneer ’n teks binne ’n spesifieke literêre sisteem geplaas moet word en om te bepaal watter strategieë vir ’n vertaling gebruik is (Barrow, 2016:42). Spies (2013:84) merk ook op dat Even-Zohar en Lefevere deurgaans in hulle sisteemteorieë na Bourdieu verwys (vgl. 2.6.1). Spies (2013:97) noem dat Latour se akteurnetwerkteorie gebruik kan word om voorsieninge te maak vir die moontlike niemenslike akteurs soos aangetoon in die onderstaande bespreking (vgl. 2.6.2.). Sodoende word ’n meer omvattende benadering geneem wanneer ’n spesifieke netwerk bespreek word. Hierdeur word Munday (2001:111) se een kritiekpunt oor PST, dat PST die geneigdheid het om te fokus op die abstrakte model, eerder as om te fokus op die “regte-lewe”-beperkings wat op tekste en vertalers geplaas word, teëgewerk. Hierdie afdeling bou voort op die idee van ’n sisteem, maar die klem word geplaas op die rolspelers van die produk. In die polisisteem word die rolspelers nie volledig uitgeskakel nie, maar daar word klem gelê op die posisie van die teks wat ter sprake is.

Die teks se posisie in die polisisteem word egter bepaal deur ’n verskeidenheid rolspelers, maar nie noodwendig deur rolspelers wat direk betrokke is by die skep van die teks nie. Hierdie rolspelers sluit tipies in die resensente wat ’n teks resenseer, instellings wat pryse toeken aan ’n teks en ook die algemene leserspubliek wat uitlatings op aanlyn platforms maak. Buiten hierdie rolspelers wat die posisie van die teks in die literêre sisteem bepaal, is daar ander rolspelers wat betrokke is by die skep van ’n teks, byvoorbeeld die outeur, die proefleser, die redakteur, die vertaler, die uitgewer en die bemarker. ’n Ander belangrike rolspeler is die leser of die verwagte lesersgroep/teikenmark. Hierdie leser vorm nie *per se* deel van die produksie van die teks, soos daar oorspronklik geredeneer word deur teoretici wat fokus op die sosiologie van vertaling nie, maar die leserskap/gehoor van ’n teks het wel ’n groot invloed op die manier waarop en watter tipe teks geskryf word.

In hierdie afdeling sal daar gekyk word na die sosiologiese benadering van vertaling met fokus op die netwerk wat hierdie rolspelers vorm. Een van die vernaamste redes hiervoor is die meer onlangse fokus op die vertaler, waardeur die vertaler nie beskou word as ’n deursigtige medium van tekstuele prosedures nie, maar liewer in konteks van die vertaler as deel van ’n kulturele groep (Sela-Sheffy (2005:2). Hierdie benadering sluit aan by die idee dat vertalers as ’n netwerk gesien kan word, of as ’n tipe sisteem. In dieselfde artikel, *How to be a (recognized) translator*, bespreek Sela-Sheffy (2005:1) die Bourdieu-konsepte van veld en habitus, wat ook tot ’n mate deel vorm van die bespreking van die rol wat die verskillende

rolspelers in vertaling vervul. In hierdie studie word die netwerk en relevante konsepte net oorsigtelik bespreek ter aanvulling van die voorgenoemde sisteembenadering.[31]

2.6.1. Sosiologie van vertaling

Pym (2014:149) bied 'n oorsig oor die sosiologie van vertaling in die afdeling "Translation Sociology" in *Exploring Translation Theories* en noem dat hy hierdie afdeling nie "the sociology of translation" genoem het nie, omdat die "translation"-gedeelte eerder na 'n metode van analise verwys as wat dit verwys na die objek wat geanaliseer word. Pym steun hier op Callon, wat die model van vertaling gebruik om te redeneer waarom daar 'n netwerk tussen rolspelers gevorm word, veral ten opsigte van die magsverhoudings wat die wetenskap betref (Pym, 2014:149). Callon en Latour is Franse wetenskaplike etnograwe wat die term "sociologie de la traduction" ontwikkel het – dit staan ook bekend as die "akteurnetwerkteorie" (Pym, 2014:149). Pym (2014:150) lei voorts af dat vertaling gesien kan word as die boustene van sosiale verhoudings, en daarom ook die samelewing, wat die objek van sosiologie is. Hierdie sosiologie is uitsonderlik in die manier waarop dit poog om nie net aan te neem dat daar enige grense of kategorieë vooraf bestaan nie. Dit sal bloot die vertaling volg, asook die opknoping van nodusse ("the budding of nodes") in netwerke, om die eintlike instelling van enige grens waar te neem[32] (Pym, 2014:150).

Die bogenoemde afdelings in Pym (2014) se hoofstuk "Cultural Translation" kyk ook na die sisteembenadering (soortgelyk aan die idee van die polisisteem) van Even-Zohar, wat ook bekend staan as "Even-Zohar's call for transfer theory"[33], maar noem hieroor dat hierdie benadering glad nie fokus op die menslike element in die besonder nie (Pym, 2014:147), maar dat die navorser altyd buite die sisteem wat ondersoek word staan. Alhoewel die menslike element nie ingesluit word nie, is hierdie benadering steeds van waarde omdat dit op sisteme fokus, en net soos die posisie en funksie van die vertaalde teks in die doelpolisisteem die keuse van die vertaalstrategie beïnvloed as die sentrale idee van die polisisteembenadering, kan hierdie uitgangspunt ook gebruik word in die oordragteorie ("transfer theory"). Die definisie wat toegeskryf kan word aan "oordrag" is dat 'n tekstuele model van een sisteem nie net binne 'n ander geplaas word nie, maar dat dit geïntegreer word in die verhoudings van die sisteem wat dit inneem ("host") en wat vervolgens veranderinge ondergaan en meebring (Pym,

[31] Vergelyk hier die studie van Spies (2013:83) getiteld, *Die wisselwerking tussen die agente betrokke by die publikasieproses van literêre vertalings* vir 'n breedvoerige oorsig betreffende magsverhoudings en netwerke binne die sosiologiese benadering tot literêre vertaling.

[32] Eie vertaling van die aanhaling deur Pym (2014:150): "This sociology is exceptional in that it tries not to assume any pre-existing categories or boundaries. It would simply follow the translations, the budding nodes in networks, in order to observe the actual institution of any border"

[33] Myns insiens is die kernidee van "Transfer Theory" soos Pym dit noem, om die tekstuele model wat in een sisteem bestaan in 'n ander sisteem te integreer, maar omdat die een sisteem die ander moet inneem is daar spesifieke veranderinge wat die ander moet ondergaan (sien Pym, 2014:147).

2014:147). Dit bring dan weer Toury (1995:12) se benadering tot funksie, proses en produk na die voorgrond, wat beskryf word as interafhanklik van mekaar en duidelik na vore kom in sy benadering tot deskriptiewe vertaalkunde. Volgens hierdie benadering oefen die funksie van die teks in die doelsisteem 'n invloed uit op die strategieë wat gebruik word, die produksie en uiteraard ook die proses.

Die proses van vertaling behels 'n netwerk waarin vertalers werk. Pym (2014:151) beskou dit as 'n baie klein netwerk wat hoogs interkultureel is en gekenmerk word deur kulturele hibriditeit. Volgens hom kom dit nie tot sy volle reg deur die klassieke sosiologieë van samelewings of inderdaad sosiologieë van sisteme[34] en struktureel gedefinieerde sosiale groepe[35] nie (Pym, 2014:151). Vertaalsosiologie blyk gepas te wees vir so 'n voorwerp, asook konsepte soos "mikro-kosmopolitisme"[36] (Pym, 2014:151). Wanneer hierdie netwerk uitgepak word, sal die akteurnetwerkteorie bydra tot die verstaan hiervan, gesamentlik met die konsepte[37] wat Bourdieu geïdentifiseer het, soos uiteengesit deur Inghilleri.

Voor hierdie uiteensetting aangebied word, is dit eers nodig om te bepaal wat beskou word as mikro-kosmopolitisme, soos wat Cronin dit bespreek in *Translation and Identity*. Lane-Mercier (2008:242) beskou mikro-kosmopolitisme as simptomaties van die opkoms van 'n nuwe kosmopolitisme, en wys daarop dat dit baie van die ideale bevat wat geïmpliseer word deur die meer tradisionele konsepsies. Hierdie ideale is onder andere die ideale van die mensdom as 'n versameling vrye en gelyke wesens (wat dieselfde basiese regte besit en vir wie die idees oor gasvryheid, oopheid vir ander en die vryheid van beweging fundamenteel is van die menslike bestaan), maar die effekte wat so 'n konsepsie kan meebring, word vermy (Lane-Mercier, 2008:242). Aan die ander kant bied mikro-kosmopolitisme 'n konseptuele raamwerk om die verhouding tussen die plaaslike en die globale – en in die besonder die universele, die ek en die ander – as deel van die kontemporêre denkwyse van vertaling, beter te artikuleer en te verstaan. Hierdie benadering werk van onder af, eerder as van bo af, deur kulturele en linguistiese vreemdheid, verskille en interaksies binne die plaaslike (soos verder gesien in al sy dinamiese kompleksiteit en sy potensiaal vir intersamehangendheid en solidariteit) te situeer op beide die plaaslike en globale dimensies. Volgens Cronin (2006:18) is dit beter om spesifisiteit te definieer *deur* multiplisiteit en nie *teenoor* multiplisiteit nie. Die kosmopolitiese moment van Delanty (soos aangehaal deur Lane-Mercier, 2008:243) vind plaas wanneer konteksbegrensde kulture mekaar teëkom en transformasie ondergaan: hierdie moment kan

[34] Met verwysing na die werk van Luhmann.
[35] Met verwysing na die werk van Bordieu.
[36] Met verwysing na die werk van Cronin. Sien volgende paragraaf vir 'n duidelike uiteensetting van mikro-kosmopolitisme.
[37] Hierdie konsepte lys Barrow (2016:46) as "field, habitus, capital and illusion".

op dieselfde wyse oorgedra word wanneer vertaling plaasvind. Myns insiens stem hierdie benadering ooreen met dié van die polisisteem en met Pym se benadering soos dit hierbo beskryf is, alhoewel dit op hierdie vlak twee kulture is wat mekaar beïnvloed en transformeer, en nie tekste nie. Vertaling vervul hier die rol van 'n dubbele tussenganger, omdat die proses van vertaling (en al die rolspelers wat dit meebring) die teks wat deel vorm van die polisisteem konsolideer met die idee van mikro-kosmopolitisme. Dit gebeur ook wanneer die vertaling (teks) en vertaalproses twee kulture bymekaar uitbring. Lane-Mercy (2008:243) noem dat Cronin vertaling vanuit 'n mikro-kosmopolitiese perspektief herdefinieer as 'n negentropiese kulturele aktiwiteit wat gemoeid is met die manier waarop vertaling tot diversiteit bydra, en ook die volhouding en ontwikkeling daarvan bevorder. Laastens impliseer mikro-kosmopolitisme 'n etiek van vertaling wat voorspel word deur kompleksiteit, afstand en begeerte; met ander woorde, 'n samehangendheid wat die plaaslike met die globale skakel (Lane-Mercier, 2008:247). Sodoende het dit baie te sê oor hoe die mens in 'n wêreld leef: om te weet wie jy is, is om ander te ken vir wie hulle is (Cronin, 2006:143).

Teen die agtergrond van bogenoemde, sal die konsepte wat Bourdieu gebruik om die verhouding tussen agentskap en struktuur te benader, oorsigtelik bespreek word. Inghilleri (2009:282) definieer *veld*[38] na aanleiding van Bourdieu as plekke[39] vir die konfrontasie van verskeie kragte, hetsy individueel of institusioneel, en vir die produksie, disseminasie en goedkeuring van verskillende vorme van simboliese/materiële kapitaal. Velde word beskou as relatief outonome sosiale mikrokosmosse wat bestaan uit 'n netwerk van objektiewe verhoudings tussen objektief gedefinieerde posisies van kragte binne die sosiale ruimte (Inghilleri, 2009:280). Sosiale rolspelers ("social agents") bepaal en konsolideer hul posisies binne hierdie sosiale ruimte. In die konteks van hierdie studie is dit nodig om die skrywer en vertaler as sosiale rolspelers in hierdie sosiale ruimte te bepaal, sowel as elkeen se verhouding tot mekaar en moontlik ook tot die komponente wat deel vorm van die polisisteem. Hierdie faktore sal die verhouding tussen die betrokke rolspelers beïnvloed, sowel as die bogenoemde funksie, produksie en proses; wat dan weer die vertaalstrategieë sal beïnvloed. Ten opsigte van die sosiale ruimte sal daar gefokus word op die vertaler se agtergrond en habitus[40] as deel van Bourdieu se konsepte.

[38] Eie vertaling van "field"
[39] Eie vertaling van "sites"
[40] Habitus word gedefinieer deur Bourdieu (1990:91) as: "The generative principle of responses more or less well adapted to the demands of a certain field, is the product of an individual history, but also, through the formative experiences of earliest infancy, of the whole collective history of family and class."

2.6.2. Verskillende rolspelers in vertaling

In die vertaalproses word verskeie rolspelers geïdentifiseer. Eerstens is daar die *vertaler*, en daarna kan ander rolspelers betrek word, soos die *skrywer*, die *redakteur*, die *proefleser* en die *uitgewer* (Barrow, 2016:49). Spies (2013:546) stel ook ’n volledige lys voor vir die spansamestelling vir die produksieproses van vertaalde werke na afloop van haar studie. Hierdie produksieagente[41] sluit in: “die uitgewer/opdraggewende redakteur, 'n samesteller (indien nodig), 'n vertaler, 'n reviseur (revisie kan by literêre tekste ook deur 'n ander produksieagent waargeneem word, of revisie kan met redigering kombineer word), die skrywer van die bronteks (indien beskikbaar), 'n redigeerder en 'n proefleser” (Spies, 2013:546). As ’n beperking van hierdie studie word nie al hierdie produksieagente oftewel rolspelers ondersoek as deel van die proses nie en kan op ’n latere stadium nagevors word. Elkeen van hierdie rolspelers kan bepaal watter benadering hulle tot die vertaling wil volg, en die gekose benadering beïnvloed dan die teks (Barrow, 2016:49). Barrow se lys is egter nie volledig nie, omdat die vertaalbesluite ook beïnvloed word wanneer die leser of *gehoor* in ag geneem word. Afgesien van al hierdie rolspelers, is daar egter ook ander faktore wat ’n invloed kan hê op die vertaling, soos die *teks*, die *tale* wat betrokke is (in hierdie geval is dit Afrikaans en Engels), die posisie wat die teks inneem in die *polisisteem*, en die historiese en sosiale *konteks* waarin die vertaling geplaas word.

Al die voorgenoemde rolspelers en faktore het ’n invloed op die uiteindelike produk wat gelewer word. Risku en Windhager (2013:36) noem, na aanleiding van Latour, dat sosiale prosesse slegs verstaan kan word deur die interaksie van menslike akteurs met niemenslike artefakte te bestudeer. In hierdie konteks word die vertaler beskou as die menslike akteur (kliënte, kenners van die veld en kollegas) (Risku & Windhager, 2013:36), of, om dit duideliker te stel: die skrywer, redakteur, proefleser, uitgewer en lesers. Die niemenslike artefakte word beskou as die hulpmiddels van moderne vertaling (teksprosesseerders, aanlyn navorsingshulpmiddels en vertaalgeheue) (Barrow, 2016:49). Spies (soos aangehaal deur Barrow, 2016:49) wys daarop dat die menslike en niemenslike rolspelers ’n netwerk vorm wat mekaar beïnvloed – met ander woorde, die menslike rolspelers beïnvloed die niemenslike artefakte, maar ook andersom. Die akteurnetwerkteorie (ANT) verduidelik hierdie invloed van die een op die ander.

[41] Vergelyk Spies (2013) vir ‘n volledige uiteensetting van die term produksieagente en die rol wat elkeen van die agente in hierdie lys vervul. As gevolg van bepaalde beperkings word daar nie ondersoek ingestel na die rol en funksie van die verskillende rolspelers nie, en om hierdie rede word moontlike rolspelers gelys soos dit te voorskyn kom in ander studies, o.a. Barrow (2016) (vgl. 1.5). Die presiese rolspelers en hul funksie betrokke by die vertaling van Meyer se werke kan op ’n latere stadium ondersoek word.

Die eerste stelling van ANT is dat wat die rolspelers ook al produseer (hetsy dit feite of ’n produk is), is nie lukraak nie, maar nodig om die logika van innovering en die samelewing in geheel te verstaan (Barrow, 2016:49). Die tweede stelling het te make met die moontlikheid, of onmoontlikheid, om voorspellings te maak oor die manier waarop artefakte geproduseer, aangepas en getransformeer word, en des te meer oor rolspelers se gedrag (Buzelin, soos aangehaal deur Barrow, 2016:49). Buzelin (2005:197) maan dat akteurnetwerke nie verwar moet word met tegniese of sosiale netwerke nie, omdat akteurnetwerke menslike sowel as niemenslike akteurs insluit, hetsy dit met of sonder bedoeling ’n aksie tot gevolg het. Akteurnetwerke verskil ook wat betref die manier waarop dit nie stabiel is nie, en akteurnetwerke word eers bekend wanneer dit “geaktiveer” word (Buzelin, 2005:197). Albei konsepte (dié van die sosiologie van vertaling sowel as dié van akteurnetwerke) lê klem op kreatiwiteit en onvoorspelbaarheid: dit bevestig watter uitdaging dit is om die proses waarin (wetenskaplike) feite en artefakte geproduseer word, te konkretiseer (Buzelin, 2005:197). Volgens Buzelin (2005:197) is dit juis hieruit wat die behoefte spruit om die proses van die binnekant af te analiseer, deur waar te neem hoe akteurs besluite neem en met mekaar omgaan terwyl daar steeds onsekerheid is oor die uitkoms en die risiko van mislukking steeds teenwoordig is.

Barrow (2016:49) kom tot die gevolgtrekking dat daar ’n netwerk geaktiveer word wanneer ’n vertaler ’n instruksie ontvang om ’n teks te vertaal, of dan om ’n literêre teks te produseer deur middel van vertaling. Die verskillende agente het ’n invloed op die agentskap en kan besluit om ’n spesifieke vertaalstrategie te verander, wat dan die teks sal beïnvloed.

2.7. Samevatting

Hierdie hoofstuk het ’n literatuuroorsig gebied oor kodewisseling, wat insluit die manier waarop dit in Kaaps voorkom en hoe dit tipies in dialoog gebruik word. Kodewisseling word hier beskou as deel van Kaaps wat deur die karakter Domingo gebruik word en as deel van sy karakterisering kan die kultuurspesifieke element daarvan nie geïgnoreer word nie. By die vertaling van kodewisseling is dit dus nodig om te besin oor die groter geheel waarin dit funksioneer.

Om rekenskap te gee van hierdie groter geheel ten opsigte van dialoog en kultuur, en dan ook van karakterisering, word daar gebruik gemaak van ekwivalensie om te bepaal hoe die karakter in die vertaling van *Koors* uitgebeeld word. Daar is ’n agtergrond gebied oor die gebruik van so ’n kultuurspesifieke element en hoe ekwivalensie gebruik kan word om vertaalbesluite te bespreek. Hierdie vertaalbesluite kan onder meer ondersteun word deur die posisie wat ’n roman inneem in ’n spesifieke literêre sisteem. Daar word in hierdie studie gefokus op die spanningsverhaal, wat ook beskou word as ’n speurverhaal en misdaadroman.

Die bespreking van die polisisteemteorie in hierdie hoofstuk bied leiding om te bepaal watter posisie die roman binne ’n bepaalde sisteem inneem en hoe die posisie van die roman gebruik kan word om bepaalde vertaalbesluite te regverdig. Die polisisteemteorie word aangevul met ‘n bespreking van die sosiologie van vertaling, omdat PST nie altyd op ’n konkrete wyse fokus op die realiteit van die netwerk wat betrokke in die vertaalproses is nie.

Laastens is aspekte van die sosiologie van vertaling bespreek, wat fokus op die verskillende rolspelers wat tydens die vertaalproses betrokke is. Hierdie agtergrond bied inligting om later te kan bepaal watter spesifieke rol die vertaler vervul en hoe ’n betrokke netwerk vertaalbesluite kan beïnvloed.

Die volgende hoofstuk sal aantoon watter metodes in hierdie studie gebruik is.

Hoofstuk 3: Metodologie

3.1. Inleiding

Hierdie hoofstuk gee ’n oorsig oor die navorsingsmetodologie en die besprekings rakende die rasionaal vir empiriese en kwalitatiewe navorsingsbenaderings, die datastel vir hierdie studie en ook hoe die data en resultate geanaliseer word. Dit sal gevolg word deur ’n bespreking van die etiese aspekte rakende die studie.

Koors en *Fever*, twee van Deon Meyer se tekste, word in hierdie studie gebruik. *Koors* is oorspronklik in Afrikaans geskryf en daarna is dit in Engels deur KL Seegers vertaal, met die titel *Fever*. Hierdie twee tekste word ondersoek deur middel van ’n teksanalise en word naas mekaar geplaas vir ’n vergelykende teksanalise. Die fokus van die teksanalise word geplaas op die gebruik van kodewisseling deur een karakter in hierdie tekste.

Vir die doel van hierdie studie is dit nodig om Meyer se *Koors* en *Fever* binne die Suid-Afrikaanse en Amerikaanse literêre polisisteme te kontekstualiseer. Om die posisie van hierdie tekste in die onderskeie polisisteme te plaas word die parateks[42] en literêre resensies bestudeer en ’n oorsig oor aanlyn resensies van die algemene publiek voorsien.

Daar is verskeie rolspelers betrokke by die eindproduk van ’n teks, in hierdie geval die skep van ’n roman, en dan ook die vertaling. Buiten die posisie van ’n teks in die polisisteem, dra hierdie rolspelers by tot die eindproduk en die besluite wat geneem word oor die inhoud van die teks, en dus ook die manier waarop spesifieke karakters uitgebeeld word en die dialoog wat hulle gebruik. Die manier waarop die teks oorgedra word van een polisisteem na die ander word deur hierdie rolspelers bepaal. Om beter insig te kry in die manier waarop hierdie rolspelers met mekaar omgaan, is ’n onderhoud gevoer met die skrywer. Die vertaler was ook genooi vir ’n onderhoud, maar kon ongelukkig nie voor die afhandeling van die studie terugvoer stuur nie.

3.2. Rasionaal vir empiriese en kwalitatiewe navorsingsbenadering

Williams en Chesterman (2002:58) omskryf empiriese navorsing as navorsing wat soek na nuwe data en nuwe inligting wat afgelei kan word van die waarneming van data en van eksperimentele werk. Dit soek bewyse wat ’n hipotese ondersteun of verwerp, of nuwes genereer (Williams & Chesterman, 2002:58). Die gebruik van empiriese navorsing in hierdie studie maak dit moontlik om die data te beskryf deur gebruik te maak van algemeen vasgestelde beginsels.

[42] Raadpleeg 3.4.4.

Teen hierdie agtergrond word daar van ’n kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik gemaak. Soos Barrow (2016:61) dit omskryf, word kwalitatiewe navorsing gebruik om die *waaroms* en *hoekoms* van die menslike gedrag te beantwoord. Johnson en Onwuegbuzie (2004:20) lys 16 sterkpunte van kwalitatiewe navorsing. Die volgende sterkpunte van Johnson en Onwuegbuzie (2004:20) se lys is relevant vir hierdie studie en toon aan hoe dit tot voordeel kan wees om ’n kwalitatiewe benadering te volg:

- Die data word gebaseer op die deelnemers se eie kategorieë van betekenis.
- Dit is bruikbaar om ’n beperkte aantal sake diepgaande te bestudeer.
- Dit voorsien individuele gevalle se inligting.
- Dit verskaf ’n verstaan en beskrywing van mense se persoonlike ervarings van fenomene (met ander woorde, die binnestander se sienswyse).
- Dit kan fenomene gedetailleerd beskryf soos hulle gesitueer en ingebed is in plaaslike kontekste.
- Dit navorser kan kontekstuele faktore identifiseer soos dit verband hou met die tersaaklike fenomeen.
- Die navorser kan die dinamiese proses bestudeer (met ander woorde, om die opeenvolgende patrone en veranderinge te dokumenteer).
- Kwalitatiewe data in die woorde en kategorieë van deelnemers maak dit moontlik om te verken hoe en hoekom ’n fenomeen voorkom.
- Belangrike gevalle kan gebruik word om vir die lesers van die verslag ’n fenomeen duidelik te demonstreer.
- Dit bepaal die ideografiese veroorsaking (met ander woorde, dit bepaal die oorsake van ’n spesifieke gebeurtenis).

Bogenoemde sterkpunte van kwalitatiewe navorsing toon dat hierdie studie daarby kan baat deur gebruik te maak van die manier waarop kodewisseling (spesifiek Kaaps) van ’n spesifieke karakter vertaal is. Hierdie benadering leen sigself daartoe om ’n spesifieke verskynsel te ondersoek, naamlik die vertaling van kodewisseling wat in die Afrikaanse roman voorkom maar nie in die Engelse vertaling daarvan nie. Alhoewel ander vorme van kodewisseling wel in die Engelse roman voorkom, word daar meestal gefokus op die vertaling van Domingo se dialoog, omdat daar soveel bykomende aspekte betrek word, soos kultuur en karakterisering. Die voorgenoemde aspekte dui onder andere op die manier waarop eie kategorieë van betekenis geskep word, kontekstuele faktore geïdentifiseer word soos dit verband hou met die tersaaklike verskynsel, en belangrike gevalle gebruik word om vir die lesers van die navorsingsverslag ’n verskynsel duidelik te demonstreer. Alhoewel daar talle sterkpunte tot voordeel vir hierdie studie is, is dit ook nodig om kennis te neem van die swakpunte van

kwalitatiewe navorsing, om so ver die moontlike invloed daarvan op hierdie studie te vermy. Johnson en Onwuegbuzie (2004:20) lys sewe swakpunte van kwalitatiewe navorsing, waarvan die volgende moontlik ’n invloed op hierdie studie kan hê:

- Kennis wat geproduseer word, kan nie veralgemeen word tot ander mense of ander omgewings nie (met ander woorde, bevindinge is uniek aan die faktore wat ingesluit word in die navorsingstudie).
- Dit is moeiliker om hipoteses en teorieë te toets.
- Data-analises is gewoonlik tydrowend.
- Die resultate word makliker beïnvloed deur die navorsers se persoonlike voorkeure en uniekhede (“idiosyncrasies”).

Hierdie swakpunte kan implikasies vir hierdie studie inhou, byvoorbeeld dat die ondersoek van die vertaling van kodewisseling (met spesifieke verwysing na Domingo se dialoog) in die geval van hierdie roman, nie noodwendig dieselfde sal wees as ’n ondersoek na die manier waarop kodewisseling van ander romans vertaal word nie. Hierdie studie se ondersoek kan beperk wees tot literêre vorm, genre, skrywer en die polisisteme wat ondersoek word. Wanneer hipoteses en teorieë getoets word, word dit gedoen aan die hand van bepaalde parameters of beperkings wat daargestel is, en dit kan beskou word as ’n subjektiewe benadering. Die voorgenoemde punt sluit daarby aan dat resultate makliker beïnvloed kan word deur die navorser se persoonlike voorkeure. Dit is gevolglik nodig om die weergawe van die data en die resultate so nou as moontlik deur middel van objektiewe teorieë te beskryf, en om slegs te rapporteer wat die data toon en nie moontlike afleidings in die data te lees wat nie daar is nie. Om hierdie swakpunte se invloed op die studie te minimaliseer, is dit nodig om van ’n gepaste navorsingsontwerp gebruik te maak.

Verskeie moontlikhede bestaan binne ’n kwalitatiewe navorsingsontwerp. Vir die doel van hierdie studie sal daar gebruik gemaak word van ’n gevallestudie-ontwerp. Volgens Yin (2018:4) (sien ook Creswell, 2014:53) is ’n gevallestudie ’n ondersoekmetode wat in baie navorsingsvelde gevind kan word, en veral in evaluering, waarin die navorser ’n diepgaande analise van ’n geval doen. Schramm (1971:6) (sien ook Yin, 2018:14) noem dat die essensie van ’n gevallestudie is dat dit poog om ’n besluit (of stel besluite) op te klaar: hoekom hulle geneem is, hoe hulle geïmplementeer is en wat die resultaat was. Dit is ook die sentrale tendens onder alle tipes gevallestudies.

Yin (2018:15) het met die verloop van elke nuwe weergawe (dus uit vyf vorige weergawes van dieselfde boek) van sy boek *Case study research and applications* sy tweeledige definisie van gevallestudie as ’n navorsingsmetode geformuleer. Die eerste gedeelte van die definisie het

betrekking op die omvang van ’n gevallestudie wanneer gevallestudienavorsing gedoen word (Yin, 2018:15):

(1) ’n Gevallestudie is ’n empiriese metode wat:
- diepgaande en binne ’n werklike konteks kontemporêre verskynsels (die “geval”) ondersoek, veral wanneer
- die grense tussen verskynsel en konteks nie altyd duidelik is nie.

Die tweede gedeelte van hierdie tweeledige definisie van gevallestudie het betrekking op gevalle waar die verskynsel en konteks nie altyd duidelik in werklike situasies onderskeibaar is nie (Yin, 2018:15):

(2) ’n Gevallestudie:
- hanteer die tegnies kenmerkende situasie waarin daar baie meer veranderlikes van belang as datapunte sal wees[43] en gevolglik
- steun dit op voorheen ontwikkelde teoretiese proposisies om ontwerp, dataversameling en analise te stuur, en verder
- maak dit staat op meervoudige bronne, met data wat saamgevoeg moet word op ’n triangulerende wyse.

Barrow (2016:61) (sien Creswell 2014:53) noem dat die primêre doel van ’n gevallestudie is om iets wat uniek is aan daardie studie te verstaan, en die navorser sal daarom fokus op spesifieke aspekte binne daardie studie. Die spesifieke aspekte van hierdie studie behels dat daar na Domingo se dialoog in Meyer se romans gekyk word as ’n gevallestudie wat sal bydra tot die verstaan van polisisteemteorie in vertaalkunde. Meyer word bestempel as een van die gewildste skrywers in Afrikaans (Koors, 2016:omslag) en al sy romans tot op hede is in Engels vertaal. Hoewel daar ander karakters is wat Meyer ook as Kaaps uitbeeld in sy romans (sien Kleyn, 2016), is *Koors* een van sy mees onlangse romans wat in Engels vertaal is. KL Seegers is sedert 2002 deurlopend gemoeid met die vertaling van Meyer se romans, en sy is dus vertroud met Meyer se skryfstyl en die verwagtinge wat hy stel. Die ondersoek na die dialoog van Domingo wat as Kaaps uitgebeeld word in hierdie roman, leen sigself tot ’n gevallestudie omdat dialoog, en veral Kaaps, ’n baie kultuurspesifieke teks is om te vertaal. Voorts word daar gebruik gemaak van kodewisseling as die vernaamste middel om hierdie dialoog uit te beeld en dit hou daarom ook ander vertaalmoontlikhede in. Hierdie ondersoek blyk uniek te wees en kan gevolglik as ’n gevallestudie benader word.

[43] In hierdie studie kan die bespreking en toevoeging van die rolspelers as so ’n “veranderlike vir belangstelling” beskou word.

3.3. Tekste (datastel)

Vir die doel van hierdie studie word twee van Meyer se tekste gebruik, *Koors* en *Fever*. Hierdie twee tekste word met mekaar vergelyk om aan te toon hoe die vertaler te werk gegaan het om die kodewisseling te vertaal en ook watter posisie hierdie tekste binne 'n spesifieke polisisteem inneem. Die posisie van die tekste sal moontlik kan toelig waarom die vertaler spesifieke vertaalbesluite geneem het. Die dialoog van Domingo in *Koors* is baie kultuurspesifiek en daar word grootliks van kodewisseling gebruik gemaak om die karakter as Kaapssprekend uit te beeld. Dialoog maak 'n groot deel uit van die karakterisering van 'n spesifieke karakter, en wanneer die vertaler nie die dialoog op dieselfde wyse kan uitbeeld in die vertaling nie, kan die karakter moontlik anders uitgebeeld word as in die bronteks. Vanweë die uniekheid van so 'n tipe vertaling, is 'n gevallestudiebenadering geskik vir die ondersoek.

Soos reeds genoem, is twee van Meyer se tekste gekies vir hierdie studie. Die eerste is die Afrikaanse teks, *Koors*, en die tweede is die Engelse teks, *Fever*, wat deur KL Seegers vertaal is. Die data van hierdie studie bestaan uit die volgende kwalitatiewe data:

- Die data wat onttrek is uit die teks van onderskeidelik *Koors* en *Fever* (sien 3.4.2.; 3.4.3. en 3.4.4. oor die selektering en onttrekking van die data). Hierdie data is onttrek deur middel van 'n woordsoektog in beide die Afrikaanse en Engelse teks. Op hierdie wyse kon daar op 'n eenvoudige manier bepaal word waar die karakter Domingo in die onderskeie romans figureer, wanneer die karakter aan die woord is en hoe die skrywer hierdie karakter gekarakteriseer het.
- Die data vanuit die onderhoud wat met die skrywer gevoer is.

Hierdie data sal in die konteks van die voorafgaande literatuurstudie (sien Hoofstuk 2) bespreek word. Eerstens word die tekste naasmekaar geplaas om ondersoek in te stel oor hoe die vertaler te werk gegaan het om Domingo se dialoog te vertaal, om eindelik te kan bepaal in watter mate 'n ekwivalente effek bereik is in die doelteks bereik is. Hierdie analises word vergelyk met die ander karakateriseringsmetodes wat in die roman voorkom om Domingo op 'n bepaalde manier uit te beeld. Daarbenewens word die tekste binne die onderskeie literêre polisisteme geplaas deur gebruik te maak van Evan-Zohar se polisisteemteorie. Hierdie teorie hou in dat verskeie faktore 'n rol speel om 'n teks se posisie binne 'n bepaalde sisteem te bepaal (in hierdie studie word daar gefokus op die subgenre, misdaadfiksie binne die Amerikaanse literêre polisisteem). Om hierdie rede word die parateks, literêre resensies deur literêre kritici en opinies van die algemene publiek geanaliseer om die posisie van die teks binne die betrokke polisisteme te posisioneer.

3.4. Oorsig van data benodig

Die data wat gebruik word vir hierdie ondersoek sluit die volgende in: ’n lys van die dialoog en karakteriseringsmoontlikhede in die teks om Domingo uit te beeld wat naasmekaar geplaas word, die posisie van Meyer se tekste in die onderskeie literêre polisisteme, die inligting wat verkry word van die outeur en die vertaler asook die paraktekste, literêre resensies en aanlyn resensies van die leserspubliek.

3.4.1. Selektering van items wat kodewisseling bevat

Om soveel moontlik trefslae te kon kry van die gevalle waar Domingo gekarakteriseer word in beide die Afrikaanse en Engelse tekste, is daar gebruik gemaak van die e-weergawes van die tekste. Hierdie e-weergawes het dit moontlik gemaak om deur middel van ’n woordsoektog[44] al die gevalle waar Domingo genoem is, beskryf is, of van dialoog voorsien is, op te spoor. Elke geval waarin Domingo se naam verskyn, is oorgedra na ’n Excel-dokument waarin die bladsynommers en die ooreenstemmende Engelse vertaling gelys is. Deur die Afrikaanse teks en die Engelse teks op hierdie wyse naasmekaar te plaas, kan gesien word watter ooreenkomste en/of verskille daar tussen die twee tekste is.

Om aan te toon hoe kodewisseling in *Koors* benut is, word daar selektief omgegaan met die data. Voorbeelde wat bydra tot die uitbeelding van kodewisseling in die roman word vir die analises gebruik. Die voorbeelde wat gekies is, word gebruik vir ’n produktiewe bespreking oor die uitbeelding van kodewisseling. Waar dit van toepassing is, sal ontlenings ook uitgelig word (sien 2.2.2.). Nie alle items wat moontlik as kodewisseling bestempel kan word, word in hierdie studie ingesluit nie, maar slegs die gevalle daarvan wat voorkom in Domingo se dialoog in die Afrikaanse teks. Hierdie selekteringsproses is tweeledig: eerstens, om aan te toon hoe Domingo gekarakteriseer word deur middel van sy kodewisseling; en tweedens, om aan te toon hoe die vertaler te werk gegaan het om die kodewisseling (en ook ontlenings) in die doelteks te vertaal. Hierdie werkswyse skep die moontlikheid om te kan bepaal of die vertaler eindelik ’n ekwivalente effek in die doelteks bewerkstellig het (sien 2.4.).

3.4.2. Selektering van karakteriseringsmetodes

Dieselfde werkswyse as wat hierbo genoem is, is gevolg om al die moontlike karakteriseringsmomente van Domingo op te spoor. In die volledige bespreking van karakteriseringsmetodes in 2.3 hierbo is reeds daarop gewys dat ’n karakter in ’n teks op verskillende wyses uitgebeeld kan word en dat dit nie uitsluitlik deur dialoog gedoen word nie. Hier is weereens selektief omgegaan met die data om aan te toon watter karaktereienskappe

[44] Hiermee word bedoel dat al die trefslae wat “Domingo” bevat, binne die pdf dokument gesoek is. Die e-weergawes van beide romans is oopgemaak met Adobe Acrobat Pro waarin die spesifieke metode dan gebruik is.

aan Domingo toegeken is. Die karakteriseringsmetodes wat benut is, word vergelyk met die manier waarop die dialoog Domingo se karakter uitbeeld. Hierdie benadering word gevolg om aan te toon in watter mate daar 'n ekwivalente effek in die doelteks bereik is ten opsigte van die uitbeelding van Domingo.

3.4.3. Vergelykende tekstuele analise

Die aanvanklike vergelykende tekstuele analise is gedoen deur gebruik te maak van Adobe Acrobat Pro en Microsoft Office Excel. Hierdie programme word gratis deur die universiteit beskikbaar gemaak, maar kan ook aangekoop word indien dit nie by die geïnstalleerde pakket ingesluit is nie. Omdat slegs 'n gedeelte van die tekste met mekaar vergelyk word, is dit geïdentifiseer as die maklikste manier om te werk te gaan. Die e-weergawes van die romans is in Adobe Acrobat Pro oopgemaak (sien ook 3.4.1.). In hierdie program is die trefwoord "Domingo" in die soekfunksie getik en al die moontlike trefslae binne die dokument is geïdentifiseer. Hierdie trefslae is met gepaardgaande konteks oorgedra na die Excel-dokument, waarin die Afrikaanse en Engelse tekste naasmekaar geplaas is. Om die naslaanwerk makliker te maak, is die bladsynommers van die trefslae ook in 'n aparte kolom ingesluit. Alhoewel die teks in sommige gevalle op sinsvlak naasmekaar geplaas is, is dit nie in alle gevalle so nie. Die rede hiervoor is dat dialoog nie altyd die karakter se naam bevat wanneer daardie karakter aan die woord is nie, en om verwarring oor die konteks of spreukbeurt uit te skakel, is daar soms meer as net die betrokke sin ingesluit. Aanhangsel B voorsien 'n voorbeeld van die manier waarop die tekste met mekaar belyn is.

3.4.4. Die doel, funksie en posisie van Meyer se vertaalde teks in die Amerikaanse polisisteem

Die posisie van Meyer se romans in die onderskeie literêre polisisteme het 'n noue verband met die diskoers oor die plasing van misdaadfiksie. Barrow (2016:63) noem dat Meyer se romans 'n sentrale posisie inneem wanneer dit by goeie populêre literatuur kom, alhoewel dit nie gekanoniseer is nie.[45] In die Amerikaanse literêre sisteme lê Meyer se romans op die periferie, veral wanneer daar oor die algemeen gekyk word na die vertalings in Engels wat in Amerika gepubliseer word. Publishers Weekly se redakteur, Post (2019), lewer verslag oor die vertalings in Engels wat in Amerika gepubliseer is (hy sluit doelbewus die publikasies in die Verenigde Koninkryk en hervertalings uit) en dui aan dat daar in 2018 (die jaar waarin *Fever* deur Grove Atlantic gepubliseer is (Grove Atlantic, 2019)) slegs 495 titels vertaal is. Post (2019) berig ook dat die drie tale waaruit die meeste werke vertaal word, Spaans, Frans

[45] Sien die argument wat Van Coller (2011) in sy artikel voer, *Literatuur in die marge: Die plek van die middelmoot-literatuur*. Hierin argumenteer hy, onder andere, dat middelmoot-literatuur 'n problematiese kategorie binne enige literêre veld is. Sien 2.5. oor polisisteemteorie en spesifiek 2.5.2. oor die Suid-Afrikaanse literêre polisisteem vir 'n breedvoerige bespreking van misdaadfiksie as middelmoot-literatuur.

en Duits is. Afrikaans verskyn nie onder die top 10 van hierdie tale nie, en dit gee ŉ goeie aanduiding dat Meyer se werk op die periferie van daardie literêre polisisteem lê. Hierdie afleiding kan gemaak word na aanleiding van die aantal vertaalde werke wat gepubliseer word in vergelyking met die totale aantal publikasies in die VSA, waarvan misdaadfiksie voorts net ŉ persentasie van die vertaalde werke is.

Om duidelikheid te kry oor die posisie van Meyer se roman, *Fever*, in die Amerikaanse literêre polisisteem, word die parateks, literêre resensies deur literêre kritici en aanlyn resensies deur die algemene publiek geanaliseer. Volgens Genette en Maclean (1991:264) is die parateks gelyk aan die periteks en die epiteks van ŉ roman. Die volgende verduideliking word deur Genette en Maclean (1991:264) aangebied vir die periteks en epiteks as deel van die parateks:

> ŉ Element van parateks (ten minste in die vorm van ŉ gedrukte boodskap) het ŉ posisionering, wat ŉ mens in verhouding met die teks self kan plaas: rondom die teks, in die ruimte van dieselfde volume (soos die titel of die voorwoord) en soms ingevoeg in die tussenruimtes van die teks (soos die titels van hoofstukke en sekere notas); ek sal hierdie eerste ruimtelike kategorie gedeelte periteks noem, wat beslis die mees tipies is […] Weer rondom die teks, maar die keer van ŉ meer respekvolle (of meer omsigtige) afstand is al die boodskappe wat (gewoonlik oorspronklik) buite die boek geplaas word, naamlik die steun van die media (onderhoude, gesprekke), of private kommunikasie (korrespondensie, private dagboeke, en so meer). Dit is die tweede kategorie wat ek, by die gebrek aan ŉ beter woord, epiteks noem […][46]

Barrow (2016:63) stel dit op ŉ eenvoudige manier as dat die parateks die teks omring en verleng. Die paratekstuele elemente is dit wat as waardevol of aanloklik gesien word rondom die teks. Hiermee word daar gefokus op die manier waarop tekste "vir die doelkultuur (ontvangerkultuur) verpak" word en hoe hulle dit ontvang (Barrow, 2016:63). Dit behoort ŉ aanduiding te gee van wat op die voorgrond geplaas word omdat dit beskou word as belangrik ten opsigte van die funksie van die vertaalde teks in die doelsisteem (ontvangersisteem) (Barrow, 2016:63). Met terugverwysing na die aanhaling van Genette en Maclean hierbo, word daar aangetoon dat die paratekstuele elemente bydra tot die posisionering van die roman in die doelkultuur, maar dat dit ook die moontlikhede skep om die teks beter te posisioneer binne ŉ spesifieke literêre polisisteem. Een voorbeeld hiervan is die grootte en posisie van die boek se titel en die outeur se naam op die voorblad, as ŉ aanduiding van die outeur se bekendheid in die doel- literêre of polisisteem (Barrow, 2016:64).

[46] Eie vertaling van oorspronklike Engelse aanhaling.

Verskeie resensies word gebruik as deel van die epiteks om beide *Koors* en *Fever* binne die onderskeie polisisteme te posisioneer. Eerstens word aandag gegee aan resensies wat plaaslik in Suid-Afrika gepubliseer is oor die Afrikaanse roman, en daarna aan resensies wat in Amerika verskyn het oor die Engelse vertaling van die roman. Baie van die Engelse resensies is in Brittanje geskryf, maar na ’n noukeurige soektog kon daar bepaal word watter resensies wel in Amerika gepubliseer is. ’n Groot hoeveelheid inligting word voorsien deur aanlyn boekwinkels, byvoorbeeld ’n sinopsis van die roman en ook opsommende resensie; terwyl ander aanlyn platforms/winkels ook resensies deur die algemene leserspubliek bevat. Daar is op hierdie aanlyn resensies gesteun om Meyer se romans en sy posisie binne ’n spesifieke literêre sisteem te bepaal.

3.5. Data-analise

3.5.1. Analise van kodewisseling

Deur gebruik te maak van kodewisseling om uiteindelik Kaaps uit te beeld, gee Meyer vir die leser ander moontlikhede om die karakter te visualiseer, in vergelyking met karakters wat nie van hierdie kodewisseling gebruik maak nie. Die manier waarop Domingo se Afrikaanse dialoog uitgebeeld word, word teen die agtergrond van teorie oor kodewisseling en Kaaps bespreek om vergelyk te word met die Engelse dialoog, in ’n poging om te bepaal hoe die karakter in die onderskeie weergawes uitgebeeld word. Hierdie benadering moet die voorgenoemde uiteensetting van die manier waarop die vertaler die karakter in die Afrikaanse teks interpreteer, in ag neem. Dit word in hierdie studie gedoen deur vrae te rig aan die skrywer oor die besluite ten opsigte van die vertaling van kodewisseling en die vertaalstrategieë wat gebruik is tydens die proses van vertaling en skepping van dialoog.

3.5.2. Analise van karakteriseringsmetodes

’n Vergelyking van die twee tekste met mekaar kan bepaal watter karakteriseringsmetodes die skrywer in die Afrikaanse teks gebruik het en hoe dit ooreenstem met die Engelse teks. Die bogenoemde soekfunksie in Adobe Acrobat Pro bied ’n eenvoudige manier om hierdie gedeeltes oor die karakterisering van Domingo naasmekaar te plaas. Wanneer daar dan met die data omgegaan word wat hierdie karakteriseringsmomente aantoon, kan daar bepaal word op watter wyse die skrywer die karakter uitbeeld, maar ook hoe die leser dan moontlik hierdie karakter kan interpreteer. Daar sal eerstens ’n bespreking gegee word van kernkarakteriseringsmomente in die Afrikaans teks en hoe hierdie momente vergelyk met die Engelse teks. Na die vergelyking van die karakteriseringsmoontlikhede wat die skrywer gebruik het, is daar vrae aan hom gerig om duidelikheid te kry oor wat die bedoeling was met die kernkarakteriseringsmomente. Op hierdie manier is gepoog om ’n vergelyking te tref

tussen die analises en afleidings en die manier waarop die onderskeie rolspelers die karakter uitgebeeld het. Vir ’n leser word die karakter op ’n bepaalde manier gevisualiseer: die vertaler is ook ’n leser van die Afrikaanse teks, wat dan hierdie karakter heruitbeeld in die Engelse teks, sodat die leser van die Engelse teks die karakter weer op ’n bepaalde manier kan visualiseer. Die uitbeelding van Domingo in beide die Afrikaanse en Engelse teks word in Hoofstuk 4 geanaliseer en bespreek.

3.5.3. Vertaalstrategieë

Daar is verskeie vertaalstrategieë tot ’n vertaler se beskikking. Soos Barrow (2016:64) tereg uitwys, gebruik ’n vertaler nie noodwendig een strategie regdeur ’n teks nie. Dieselfde merker of woord kan ook op meer as een manier in ’n teks vertaal word (Barrow, 2016:64). Sy noem verder dat die proses van vertaling ’n individuele en kognitiewe proses is en dat die praktyk nie altyd netjies pas binne die begrensing van bepaalde kategorieë wat deur sekere denkskole[47] beskryf word nie (Barrow, 2016:64). Kruger (2016) merk in hierdie verband ook op dat dit nie net die vertaler is wat ’n rol speel in die vertaling nie, omdat die besluitneming oor die vertaling van boeke en die vertaalstrategieë wat gebruik word, binne ’n komplekse globale en plaaslike netwerk geskied, waarin sisteem en agentskap vervleg is (sien 3.5.4.).

Om te bepaal watter vertaalstrategie(ë) die vertaler gebruik het, sal voorbeelde uit die data voorsien word. Vir die doel van hierdie studie word daar slegs bepaal of daar ’n doelteks- of bronteksgerigte benadering gebruik is, met fokus op ekwivalensie deur gebruik te maak van Pym se benadering. In 2.4.3. en 2.4.4. is daar in meer besonderhede aandag gegee aan ekwivalensie, die vertaler as ’n skepper van ekwivalensie, maar ook ’n professionele kommunikeerder in diens van ’n betalende leserspubliek met sekere verwagtinge.

3.5.4 Die rol van individuele agente in die selektering van vertaalstrategieë

As die vertaler gesien word as ’n “ekwivalensieskepper”, is daar ander elemente van hierdie skepper wat ook in ag geneem moet word. Die proses van vertaling in geheel behels dat verskeie rolspelers bydra tot die vertaalstrategie(ë) wat gebruik word. Barrow (2016:73) toon aan dat die vertaler nie alleen deel uit maak van die besluitnemingsproses nie, maar dat die outeur (in hierdie geval Meyer) die finale sê in die vertaalproses in Engels het. Tydens die onderhoud met Meyer is hy dan ook gevra of hy die Engelse vertaling van *Koors* goedgekeur het. Om te bepaal watter rol elkeen van hierdie rolspelers, insluitende die uitgewer en ander rolspelers, gespeel het, is vrae aan beide die outeur, Deon Meyer, en die vertaler, KL Seegers, gestuur, maar die vertaler kon ongelukkig nie aan die onderhoud deelneem nie.

[47] Byvoorbeeld deur slegs gebruik te maak van vervreemding teenoor domestikering.

3.5.4.1. Onderhoud en oop vrae

Die doel van die onderhoud is om te bepaal watter rol elkeen van die rolspelers gespeel het tydens die skep van die karakter en die vertaling daarvan. Vir hierdie studie is daar gebruik gemaak van ’n ekspertonderhoud met die outeur. Meuser en Nagel (soos aangehaal deur Flick, 2009:165) bespreek die ekspertonderhoud as ’n spesifieke manier om semi-gestruktureerde onderhoude toe te pas. Hiervoor is dit nodig om te definieer wat as ’n ekspert gesien kan word. Bogner en Menz (soos aangehaal deur Flick, 2009:166) definieer ’n ekspert as iemand wat tegniese prosesgeoriënteerde en interpretasiekennis het wanneer daar verwys word na hulle spesifieke professionele sfeer of aktiwiteit. Beide Meyer en Seegers kan dus gesien word as eksperts (kundiges). Ekspertkennis bestaan nie net uit gesistematiseerde en refleksiewe toegang tot spesialiskennis nie, maar dit het die karakter van praktiese kennis oor groot dele met verwysing na tegniese prosesgeorïenteerde en interpretatiewe kennis oor hulle spesifieke professionele sfeer of aktiwiteite (Bogner en Menz, soos aangehaal deur Flick, 2009:166).

Bogner en Menz (soos aangehaal deur Flick, 2009:167) noem dat ekspertonderhoude verskillende doelwitte kan hê. Die sistematiserende ekspertonderhoud kan gebruik word om kontekstuele inligting in te samel en die insigte komplementeer wat verkry word uit ander metodes, is relevant vir hierdie studie. Flick (2009:167) noem wel dat as gevolg van tydsdruk en die noue fokus van die onderhoud se toepassing, die onderhoudskedule ’n baie sterker rigtinggewende funksie het ten opsigte daarvan om onproduktiewe onderwerpe uit te sluit. ’n Beperking wat Flick (2009:169) oor ’n ekspertonderhoud uitwys, is dat hierdie tydsdruk en ander tegniese probleme beperkend kan wees as die onderhoud as ’n enkele data-insamelingsmetode gebruik word. In die geval van hierdie studie is dit egter nie die geval nie omdat dit as ’n aanvullende data-insamelingsmetode aangewend word.

Die onderhoudskedule wat vir hierdie studie saamgestel is, bestaan uit ’n gestruktureerde vraelys wat aan die skrywer en die vertaler gestuur is. ’n E-pos met die gestruktureerde vrae is aan beide die skrywer en die vertaler gestuur vir moontlike voorbereiding en om meervoudige opsies vir beantwoording te bied. Daar is later ’n Skype-onderhoud met net die outeur gevoer. Oop vrae vorm deel van hierdie onderhoudskedule om die respondent die geleentheid te gee om hulle ekspert kennis met die navorser te deel en om insigte wat uit die analises verkry is, met die antwoorde van die respondente te vergelyk. Wanneer ekspertonderhoude gevoer word, loop die navorser die risiko dat die respondent (ekspert) sekere mislukkings ten opsigte van die onderhoud kan teëkom (soos uitgewys deur Meuser en Nagel (aangehaal deur Flick, 2009:167):

- Die ekspert staak die onderhoud omdat hy/sy bewys dat hy/sy nie ’n ekspert in die veld is, soos daar voorheen aangeneem is nie.
- Die ekspert probeer om die onderhoudvoerder in aaneenlopende konflikte binne die veld te betrek en praat oor interne sake en intriges in sy/haar werk in plaas daarvan om te praat oor die onderwerp van die onderhoud.
- Die ekspert verwissel gereeld tussen die rolle van ’n ekspert en private persoon, sodat meer inligting uiteindelik gegee word oor hom/haar as ’n persoon as oor sy/haar ekspert kennis.
- Die “retoriekonderhoud” is ’n intermediêre vorm tussen sukses en mislukking van die onderhoud. Hierin gee die ekspert ’n lesing oor sy of haar kennis in plaas daarvan om te hou by die vraag-en-antwoord vorm van die onderhoud. Indien hierdie lesing gedeeltes van die onderwerp raak wat deel vorm van die onderhoud, kan dit wel bruikbaar wees. Indien die ekspert egter glad nie oor die onderwerp praat nie, kan hierdie vorm van interaksie dit moeilik maak om terug te keer na die eintlike relevante onderwerp.

Om hierdie mislukkings te vermy, is dit nodig om die onderhoud op so ’n manier te struktureer dat die respondent wel by die relevante vrae uitkom, andersins sal die antwoorde van die onderhoud nie vir die studie benut kan word nie.

3.5.4.2. Struktuur van vraelyste

Die vrae in die onderhoude word gebruik om die rol van die verskillende rolspelers tydens die vertaalproses te bepaal, en hoe elkeen van die rolspelers bygedra het tot die uiteindelike besluite wat geneem is oor die karakteriseringsmetodes wat gebruik is en hoe om die kodewisseling in *Koors* te vertaal.

3.5.4.2.1. Onderhoudvrae aan die skrywer

Vraag 1 is gevra om agtergrond te kry oor die roman en om die roman binne die outeur se oeuvre te kontekstualiseer.

1. Wat het u laat besluit om ’n roman soos *Koors* aan te pak? Dit is ’n roman wat wel iets kenmerkends van Deon Meyer se werk bied, maar ook baie verskil van die ander spanningsverhale.

Vraag 2 tot 6 is gevra om meer inligting te voorsien oor die kreatiewe proses rakende die skep van ’n karakter, en uiteindelik word daar gefokus op die skep van die karakter Domingo, om vergelykings te kan trek met die analises wat gemaak word oor die karakteriseringsmetodes wat geïdentifiseer is.

2. In u vorige romans is daar karakters wat die leser baie goed kan visualiseer en dit is dieselfde met *Koors*. Waaruit put u inspirasie by die skep van karakters vir ’n spesifieke roman?
3. Hierdie vraag volg in ’n mate op die vorige vraag. Volg u ’n bepaalde sketsingsproses wanneer karakters geskep word vir ’n spesifieke roman?
4. Dialoogweergawe is een van die kernskeppingsmiddele wat deurdink moet word om karakters geloofwaardig aan die leser voor te stel. Watter proses en/of werkswyse volg u by die besluitneming oor en die skep van dialoog?
5. Wanneer daar oor die karakterisering van iemand soos Domingo in *Koors* nagedink word, kom die leser onder die indruk dat sy dialoog getrou geskep is aan sy agtergrond, soos wat dit geskets word in die Amanzi-projek. (In ’n opskrywing in dié projek word daar aangedui dat Domingo ’n inwoner van Abbotsdale is.) Waar en hoeveel navorsing het u gedoen om die spesifieke karakter se manier van praat in sy karakterdialoog te kon weergee?
6. Wat sou u beskou as die funksionaliteit daarvan dat Domingo as ’n Kaapssprekende karakter uitgebeeld moet word?

Vraag 7 en 8 fokus op kodewisseling en die uitbeelding van Kaaps. Hierdie aspek handel oor die karakteriseringsmetodes, die gebruik van dialoog en uitbeelding van die karakter.

7. In die weergawe van Domingo se dialoog in *Koors* word kodewisseling benut, byvoorbeeld in ’n geval soos die volgende: “Wapens op plase is mostly jaggewere. Daar is ’n klomp verskillende calibers. As ons mense wil leer skiet… Oor drie of vier maande sal ons baie ver moet gaan soek vir ammunition.” Die kodewisseling word benut om Kaapse spreektaal voor te stel, alhoewel daar nie soveel van ander gangbare kenmerke van Kaaps gebruik gemaak word nie. Het u ’n doelbewuste besluit in hierdie verband geneem en is daar ander oorwegings wat bygedra het tot so ’n besluit, bv. om nie die dialoog vir die leser alte vervreemdend te maak nie?
8. Wanneer die Engelse vertaling van die boek met betrekking tot die uitbeelding van hierdie spesifieke karakter bekyk word, val dit op dat in sy karakterisering deur middel van die dialoog nie van kodewisseling as strategie gebruik gemaak word nie. Was dit ook ’n doelbewuste besluit, of het ander uitdagings hierdie besluit ten opsigte van die vertaling beïnvloed?

Vraag 9 bepaal die invloed van die skrywer tydens die vertaalproses en hoe hy deel vorm van die besluitneming oor die vertaling.

9. In ’n onderhoud oor u vorige romans het u genoem dat u, wat vertalings van u werk in Engels betref, volle beheer oor die vertaalstrategie het. Was dit ook die geval wat hierdie roman betref?

Vraag 10 tot 11 fokus op die besonderhede van die vertaling van Domingo en bevestig weer die rol van die skrywer tydens die vertaalproses en die besluitneming oor die uitbeelding van Domingo.

10. Die vertaalproses word beskou as een waarin na ’n balansering van betekenisverliese uit die brontaal en betekeniswinste in die doeltaal gestreef word. Tot watter mate, meen u, is die afwesigheid van Domingo se (Kaapse) manier van praat, wat vermoedelik baie herkenbaar is vir die deursnee leser van die Afrikaanse teks, ’n verlies waarvoor nie vergoed word vir die leser van die Engelse teks nie?
11. Die leser kry die indruk dat Domingo in *Fever* uit die staanspoor ’n bietjie meer formeel voorkom as in die bronteks. Was ander strategieë oorweeg in die vertaling van sy dialoog?

Vraag 12 vra oor die rol wat die uitgewers se rol is in die proses veral ten opsigte van die besluitnemingsproses oor die vertaling.

12. U het in ’n vorige onderhoud genoem dat alle Engelstalige uitgewers insette lewer met betrekking tot die Engelse vertaling en dat al drie uitgewers van die vertaling (Brits, Amerikaans en Kanadees) byvoorbeeld oor titelkeuse moet ooreenkom. Watter invloed het hierdie rolspelers in die besluitnemingsproses oor die vertaling, en weet u watter oorwegings hulle voorkeure beïnvloed?

Nadat daar per e-pos gekommunikeer is, is daar ’n afspraak vasgestel waar ’n Skype-onderhoud met die skrywer gevoer is om die vrae volledig te antwoord in gespreksformaat. Voor die aanvang van die gesprek is daar bevestig dat die antwoorde opgeneem kan word sodat daar later weer teruggekeer kan word na die antwoorde. Hierdie opname het gedien as ’n herinnering van die presiese antwoorde wat verskaf is om ’n duideliker weergawe daarvan in die studie te bied. Hierdie opname word veilig bewaar en word slegs in konteks van hierdie studie gedeel. Sien die onderstaande bespreking vir ’n volledige oorsig van etiese kwessies.

3.6. Etiese oorwegings

Vir hierdie studie was daar baie lae risiko’s ten opsigte van etiese oorwegings. Die skrywer (respondent) word beskou as ’n professionele persoon in sy veld en hy is ook so benader. Dit

was nodig om die skrywer in te lig oor die aard en beskrywing van hierdie studie. In die kommunikasie met hom is die kontakbesonderhede van die navorser en studieleier beskikbaar gestel vir moontlike toekomstige vrae. Die respondent moet ook in ag neem dat anonimiteit nie in hierdie studie verseker kan word nie omdat die naam van die outeur direk gekoppel word aan die tekste wat gebruik word vir hierdie ondersoek.

Vir die doel van die onderhoud is die respondent die geleentheid gegun om ’n vraag nie te antwoord nie indien hy gevoel het dat dit nadelig kon wees. Verder is die deelnemer die opsie gebied om enige tyd te onttrek aan die studie indien hy gevoel het dat hy deur die studie of deur die onderhoud benadeel word.

Etiese klaring is verkry van die Noordwes-Universiteit se Etiekkomitee, *Ethics Committee for Language Matters (ECLM)* (etieknommer: NWU-00793-18-S7).

3.7. Samevatting

Hierdie hoofstuk het die metodologiese benadering van hierdie studie bespreek. Die rasionaal vir ’n empiriese en kwalitatiewe navorsingsbenadering is hier uiteengesit. Hierdie rasionaal is gevolg deur ’n bespreking van die datastel en hoe spesifieke elemente as deel van die datastel gekies is en die wyse waarop die data geanaliseer gaan word.

Die bevindinge sal in Hoofstuk 4 bespreek word.

Hoofstuk 4: Analises en bevindinge

4.1. Inleiding

Die voorafgaande hoofstuk beskryf die metodologiese aspekte van hierdie studie en hoe die dialoog van ’n spesifieke karakter, Domingo, ondersoek word ten einde bepaalde navorsingsvrae te beantwoord. Hierdie karakter maak gebruik van kodewisseling in sy dialoog wat hom as ’n Kaapssprekende voorstel. Hoofstuk 4 poog om hierdie dialoog omvattend te bespreek as deel van die data wat gegrond is op die literatuur (sien hoofstukke 2 en 3). Soos aangedui in Hoofstuk 3, vorm ’n onderhoud met die skrywer ook deel van die data wat gebruik word en dit word ondersteunend toegevoeg tot die analise van Domingo se dialoog en die vertaling van kodewisseling in die doelteks, *Fever.*

In die literatuur- en metodologiese beskrywing (in hoofstukke 2 en 3) blyk dit dat verskeie strategieë aangewend kan word tydens die proses van vertaling – veral ten opsigte van dialoog. Kodewisseling vorm hier deel van ’n Kaapssprekende karakter. Kaaps kan gesien word as ’n baie kultuurspesifieke manier van praat en dit voeg elemente by tot die karakteriseringsmetodes wat deur Meyer aangewend word. Sommige aspekte van kodewisseling word in die Engelse vertaling, *Fever*, opgemerk maar die meerderheid van die kodewisseling in die bronteks is in die doelteks afwesig.

Hierdie hoofstuk het ten doel om vas te stel watter strategieë die vertaler gebruik het om hierdie karakter in die doelteks voor te stel. Daar word hoofsaaklik gebruik gemaak van teorie oor ekwivalensie om vas te stel watter strategieë deur die vertaler aangewend word. Voorts word polisisteemteorie (PST) gebruik as deel van die navorsingsontwerp om die posisie van die roman binne ’n bepaalde sisteem vas te stel en om die vertaalbesluite van die vertaler te ondersoek. Saam met PST word daar ook gekyk na die rolspelers wat tydens die vertaalproses deel vorm van die netwerk. Hierdie aspek word toegevoeg omdat PST soms te abstrak is en nie altyd werklike beperkings in ag neem nie. Hiervoor word die rolspelers as deel van hierdie proses gelys en klem word geplaas op die vertaler as deel van die netwerk (veral die agtergrond en habitus).

Deur gebruik te maak van die voorafgaande benadering is die doelwitte van hierdie studie soos volg:

- Eerstens, om te bepaal watter spesifieke vertaalstrategieë gekies is om ’n kultuurspesifieke item soos kodewisseling as deel van Kaaps te vertaal.
- Tweedens, om te bepaal of die doel, funksie en posisie van Amerikaanse/Engelse vertalings van Meyer se *Koors* in die Amerikaanse letterkunde polisisteem tot die verkose vertaalstrategieë bydra.

- Derdens, om te bepaal wat die rol van die individuele rolspelers is tydens die selektering van spesifieke vertaalstrategieë van kultuurspesifieke items soos kodewisseling in die Engelse vertaling van *Koors*. Die bevindinge wat deel vorm van hierdie doelwitte word in hierdie hoofstuk bekendgemaak.

Hierdie hoofstuk word in ’n mate gestruktureer in die volgorde van die bogenoemde doelwitte. Die hoofstuk word afgesluit met ’n samevatting van die bevindinge.

4.2. Die vertaling van kodewisseling

Hierdie afdeling fokus op die verskillende vorme van kodewisseling wat Meyer gebruik om Domingo se dialoog in *Koors* uit te beeld. Tydens die sortering van die data is die dialoog naas die Engelse vertaling daarvan geplaas om die teks vergelykend te benader. Nadat al die data naasmekaar geplaas is, het dit duidelik geword dat die meerderheid van die kodewisseling in Domingo se dialoog wegvertaal is. Dit is nogtans opmerklik dat die Engelse weergawe *Fever* wel ’n glossarium insluit (sien 4.4.1.) wat ’n aanduiding is dat sommige (Suid-)Afrikaanse woorde wel in die roman ingesluit word. Wanneer daar na die onderstaande analises gekyk word, word daar spesifiek ook gefokus op die kodewisseling in Domingo se Afrikaanse dialoog, waar daar dan bepaal word of die lekseme moontlik eerder beskou kan word as ontlenings. Tydens die bespreking word daar ook aangetoon hoe die dialoog tot die karakterisering van Domingo bydra. Die geselekteerde dialooggedeeltes word ook met die Engelse vertaling vergelyk om te bepaal hoe die vertaler die dialoog in *Fever* uitbeeld. Voorts word daar ook ander karakteriseringsmomente in *Koors* ondersoek om te bepaal in watter mate daar ’n “ekwivalente effek” ten opsigte van Domingo se karakter bereik is. Daar sal per geleentheid ander Kaapse taalverskynsels uitgewys word (sien 4.2.2.).

Alvorens die karakterisering van Domingo bespreek word, word daar eers verduidelik hoe Meyer op karakters en karakterisering besluit. Dit sal meer insig bied in die manier waarop Domingo uitgebeeld word. Meyer (2019b) gee in die onderhoud die volgende inligting:

> Ek werk om ’n karakter te skep en wag nie vir inspirasie nie – dit is liewer ’n geval van perspirasie. Dit is ook die geval met Domingo waar ek moes dink oor wat die gemeenskap, Amanzi, sal nodig hê waar daar spesifieke militêre uitdagings is en dit noodsaak ’n karakter wat dit daarna toe kan bring. Oor Domingo het ek in ’n oomblik van wat sal “cool” wees besluit op sy agtergrond veral ten opsigte van ras en etnisiteit. Die karakter moet ook dan in diens wees van die storie en ek moes, net soos al die ander karakters, Domingo geloofwaardig uitbeeld. Ek moet die leser kan oorreed waarom byvoorbeeld ’n bruinman 'n militêre agtergrond het. Dit is sulke tipe vrae wat aanleiding gee tot die navorsingsproses wat volg in die skeppingsproses. Hierdie

besluitnemingsproses vorm deel van die skryfproses wat ek beskou as ’n oop en intuïtiewe een.

In die geval van Domingo, ken ek ook die bruingemeenskap van Worcester redelik goed en dit is makliker om iets te gebruik waarvan ek reeds kennis dra en ek beskou dit as ’n pragmatiese besluit wat die navorsingsproses verkort. Ek luister byvoorbeeld baie fyn na hoe iemand praat en ek het al ’n lys van Bruin Afrikaans saamgestel soos ek dit hoor en leer om te gebruik. Vir my gaan dit nie net oor die woorde wat jy kies en gebruik nie, maar oor die ritme, die melodie en die musikaliteit van hoe mense praat, maar dit is baie instinktief.

Uit hierdie antwoorde wat Meyer in die onderhoud bied, blyk dit duidelik dat hy nie lukraak besluit op ’n karakter besluit nie en dat elke karakter in diens staan van die storie wat hy vertel. Dit wil sê, die manier waarop Domingo se dialoog in *Koors* uitgebeeld word, dra by tot die manier waarop die leser die karakter interpreteer en verstaan. Hierdie uitbeelding vorm deel van die manier waarop ’n karakter as ’n volronde karakter aan die leser voorgestel word.

4.2.1. Kodewisseling in *Koors* en *Fever*

Domingo word uitgebeeld as ’n Kaapssprekende karakter en Meyer maak (onder andere) gebruik van kodewisseling om hierdie karakter se dialoog aan die leser oor te dra. Domingo se taalgebruik bepaal watter identiteit hy as die meer dominante identiteit ten toon wil stel, in ooreenstemming met Myers-Scotton se argument dat twee of meer kodes as die ongemerkte keuse beskou kan word, veral as die spreker verskillende identiteite ten toon wil stel, en dat dit in ’n spesifieke “spraakgemeenskap” deur ’n ander linguistiese variëteit gekodeer is. Die karakter Nico maak selfs ’n opmerking oor Domingo se taalgebruik: “Hoekom praat Domingo nou met my wit Afrikaans? Hy het nog altyd Kaaps met my gepraat, dis asof hy my van iets wil uitsluit” (Meyer, 2016:270).

Bogenoemde aanhaling toon hoe die dialoog van ’n karakter tot sy/haar identiteit kan bydra, wat ook aansluit by die manier waarop Meyer ’n spesifieke karakter karakteriseer. Deur die loop van die roman is 142 gesprekke tussen Domingo en ander karakters geïdentifiseer. In die volgende afdeling word daar klem gelê op hierdie dialoog. Alhoewel Domingo in sommige gevalle wel nie van kodewisseling gebruik maak nie, word bepaalde aanhalings as voorbeelde van sy dialoog gebruik om aan te toon watter kodewisseling hy wel gebruik en hoe dit vergelyk met die prominente nuanses van hoe Engels in Kaaps gebruik word. Alhoewel Hendricks (2016:7) in hierdie nuanses verwys na ontlenings word daar in hierdie studie die volgende

onderskeid[48] getref: *Ontlenings* word beperk tot Engelse lekseme wat die Afrikaanse spelwyse aangeneem het, dit wil sê klankmatige verafrikaansing van tussengeplaaste of morfologies ingebedde Engelse ontlenings; maar *kodewisseling* word beskou word as lekseme wat in die Afrikaanse sinne voorkom wat tipies as Engels beskou word, dit wil sê tussengeplaaste direkte lekseme uit Engels en morfologiese inbedding van Engelse lekseme (sien 2.2.2.). Die ooreenstemmende Engelse weergawe van hierdie dialoog word voorsien om deel van die bespreking te vorm. Telkens word die bladsynommer langs elke teksgedeelte voorsien soos dit in die e-boeke verskyn.

In die onderstaande afdelings, 4.2.1.1., 4.2.1.2. en 4.2.1.3. word verskeie opmerkings gemaak oor die uitbeelding van Domingo as karakter wanneer daar op sy dialoog gefokus word. Eerstens word daar uitgewys onder watter tipe kodewisseling die gebruikte voorbeelde ressorteer, en dit word dan na gelang van die onderstaande afdelings gekategoriseer. Die dialooggedeeltes word nie begrens tot hierdie kategorieë nie omdat daar deurlopend in Domingo se dialoog van verskillende tipes kodewisseling gebruik gemaak word, veral tussengeplaaste lekseme uit Engels wat intra- en intersintakties voorkom. Hierdie kategorisering bied slegs ’n sistematiese manier om bepaalde voorbeelde te bespreek. Voorts word die voorbeeld in sy geheel ondersoek om te bepaal of daar uiteindelik ’n ekwivalente effek in die Engelse weergawe van Domingo se dialoog bereik is. Die ekwivalente effek word gemeet aan die hand van die uitbeelding van Domingo se karakter, wat verder in afdeling 4.2.3 bespreek word maar ook die kontekstuele elemente wat deel van Domingo se dialoog vorm. Domingo se agtergrond word byvoorbeeld geskets in die Amanzi-projek, sy militêre kennis word uitgebeeld deur sy optrede in spesifieke situasies en verder word daar ook sterk op sy verhouding met Nico en Birdie (sien 4.2.3.) gefokus. Hierdie aspekte van sy karakter word as agtergrond gebruik om te bepaal in watter mate daar ’n ekwivalente effek in die Engelse weergawe bewerkstellig is. Gevolglik word die voorbeeld in sy geheel oorweeg (met ander woorde, die gespreksituasie in sy geheel). Die uitbeelding van karakter is nie die enigste bepalende faktor wanneer daar ’n uitspraak gemaak word of daar ’n ekwivalent in die Engelse weergawe gebruik is nie (sien 2.4). Daar word ook na die manier gekyk waarop spesifieke teksgedeeltes vertaal is, hetsy dit ’n spesifieke woord of sin is. Hierdie teksgedeeltes word telkens in vetdruk aangebied.

Pym (2007) en Baker (2018) se uitgangspunte word vir die onderstaande analises gebruik (vgl. die volledige bespreking onder punt 2.4.4). Die linguistiese en kulturele faktore word

[48] Hierdie onderskeid wat getref word poog nie om die debat tussen “ware” of amptelike kodewisseling en ontlenings op te los nie, maar om die onderskeid werkbaar te maak vir hierdie studie word dit op hierdie wyse benader.

geaktiveer deur die gespreksituasies in die onderstaande voorbeelde wat voorsien word. Soos Baker (2018:5) uitwys, word woorde en teks verdeel om potensiële probleemareas in die vertaling uit te wys en ’n uitspraak te kan maak of ’n ekwivalent in die vertaling voorsien is en of daar ’n ekwivalente effek bewerkstellig word. Soos hierbo vermeld, word die voorbeelde verdeel in drie kategorieë, naamlik tussengeplaaste lekseme uit Engels as kodewisseling, morfologiese inbedding van Engelse lekseme en klankmatige verafrikaansing van tussengeplaaste of morfologies ingebedde Engelse ontlenings. Hierdie kategorieë word gebruik om die dialooggedeeltes in werkbare kategorieë te plaas, maar dialoog word nie begrens deur hierdie kategorieë nie omdat die gespreksituasie in sy geheel gebruik word. Daar word in die analises na die kodewisseling verwys en na hoe die gespreksituasie Domingo karakteriseer.

4.2.1.1. Tussengeplaaste lekseme uit Engels as kodewisseling

Die volgende voorbeelde dui op direkte lekseme uit Engels wat verband hou met die eerste voorbeeld wat Hendricks lys as deel van die prominente nuanses[49] oor hoe Engels in Kaaps gebruik word.

Die onderstaande voorbeelde, net soos die eerste nuanse uitgebeeld deur Hendricks (2016:7), beeld uit hoe Afrikaans as matrikstaal gebruik word en Engels as die ingebedde taal om kodewisseling voor te stel. In hierdie voorbeelde kan daar ook intersintaktiese en intrasintaktiese kodewisseling opgemerk word.

Tabel 4: Dialoog – voorbeeld 1

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
In Domingo se woorde: “**Where the corona-virus stopped**, da’[50] het Darwin begin.”	56	In Domingo’s words: ‘**Where the corona virus stopped**, Darwin stepped in.’	52

Uit die bostaande voorbeeld begin Domingo sy sin met ’n Engelse frase en skakel dan oor na Afrikaans. Die manier waarop hierdie Engelse frases in die Afrikaanse dialoog ingebed word, word deur die loop van die roman gebruik om Domingo as ’n Kaapssprekende karakter uit te beeld. In sommige gevalle (sien voorbeeld 2) word daar net een of twee Engelse lekseme (woorde) in ’n Afrikaanse sin ingebed wat deel van Domingo se dialoog vorm.

[49] Sien 2.2.2. vir hierdie lys van nuanses.
[50] Sien 4.2.2.

Die Engelse weergawe van hierdie dialooggedeelte hou ten nouste met die Afrikaans verband, en die woorde wat reeds in Engels in die Afrikaanse teks aangebied is, bly onveranderd in die Engelse teks. Hierteenoor word die Afrikaans wel in Engels vertaal om die doelteks volledig in Engels voor te stel. Die verandering van die kodewisseling wat in die Afrikaanse weergawe uitgebeeld word in die doelteks, blyk nie 'n ekwivalent te wees vir die bronteks nie, maar die woorde "Darwin stepped in" kom ook informeel in die Engelse teks voor en bewerkstellig hier 'n ekwivalente effek.

Tabel 5: Dialoog – voorbeeld 2

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
"Hazyview se wêreld vir twee maande. Daardie paaie … Lekker. Maar toe raak dit rof. Kwaai reën, verspoelings. Mense by Nelspruit wat skiet sonder om vrae te vra. Toe ry ek Mosambiek toe. Maputo. Dis chaos daar. Ek sit op die **bike** in die middel van Avenida Vinte e quatro de Julho, en 'n ou hardloop kaalgat oor die straat, 'n ander ou met 'n panga agterna. En hy …" Domingo kyk na my en skud sy kop. "Let's just say chaos. En toe is ek Durban toe … Daar's omtrent vyftig mense wat daar op die **beach** bly. Flower power vibe."	78	'Around Hazyview for two months. Those roads . . . Great. But it got rough. Heavy rain, flooding. People at Nelspruit shooting without asking questions. So I rode to Mozambique. Maputo. It's chaos there. I sat on my **bike** in the middle of Avenido Vinte e Quatro Julho, and a fellow ran naked across the street, with another man chasing him with a panga. And he . . .' Domingo looked at me and shook his head. 'Let's just say, chaos. And then I went to Durban . . . There must be fifty people living on the **beach** there. Flower power vibe.'	73

Die bostaande voorbeeld illustreer weereens die manier waarop Domingo Engelse frases tussendeur sy Afrikaanse uitings gebruik. Wat hier opmerklik is, is dat hy die woorde "bike" en "beach" in die middel van 'n ander sin gebruik en nie net meer een frase volledig in Afrikaans sê en dan die volgende in Engels, soos in die voorafgaande voorbeeld nie. Wanneer die Afrikaanse teks met die Engelse vertaling vergelyk word, word hierdie woorde net so oorgedra en binne die konteks van die voorbeeld dien hierdie vertaling as 'n ekwivalent vir die Afrikaans. Die teks in die Engelse deel van hierdie voorbeeld bewerkstellig in sy geheel ook 'n ekwivalente effek.

Tabel 6: Dialoog – voorbeeld 3

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
"Sleg. Anderkant Rawsonville, net voor die Du Toitskloof-pas, lê die uitgebrande **lorries** en busse en karre die hele pad vol, jy kan nie daar deur nie. Charred bodies, it's pretty gruesome. En daar is hand-painted signs wat sê, danger, radiation, go through and die. Die berge is swart, dit lyk toxic. Ek kan maar net dink hoe die Kaap self lyk …"	78	'Bad. Beyond Rawsonville, just before Du Toits Kloof Pass, the burned-out **trucks** and buses and cars are blocking the road. You can't get through. Charred bodies, it's pretty gruesome. And there are hand-painted signs saying danger, radiation, go through and die. The mountains are black, it looks toxic. I can only imagine what the Cape itself looks like . . .'	73

In hierdie voorbeeld word die woord "lorries" beklemtoon. Dit is weer 'n voorbeeld van 'n situasie waar een Engelse woord in 'n Afrikaanse sin gebruik (ingebed) word, en sodoende bewerkstellig hierdie woord kodewisseling in hierdie sin. Alhoewel "lorries" ook 'n aanvaarde Engelse woord is, word die woord "trucks" in die Engelse weergawe gebruik. Dit dui op 'n verskuiwing, en daar word nie volledig 'n ekwivalent van die bronteks in die doelteks gebied nie. Wanneer hierdie voorbeeld vergelyk word met ander dialoog van Domingo waar hy wel die woord "lorry" in die Engelse weergawe gebruik, is dit opmerklik dat die woord "trucks" gebruik word en nie die woord "lorries" nie (sien Voorbeeld 14).

Tabel 7: Dialoog – voorbeeld 4

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Ek is in Abbotsdale gebore. Dis die **coloured township** van Malmesbury. Ek het daar skoolgegaan. My ma het by die Sasko mill op die dorp gewerk. Ma' ek was daar naby Swellendam toe Die Koors kom. Soort van **paramilitary occupation** gehad. Nee, ek gaan nie **elaborate** nie. No need. Useless information.	92 (projek)	As recorded by Willem Storm. The Amanzi History Project. I was born in Abbotsdale. It's the **coloured township** of Malmesbury. I went to school there. My mother worked at the Sasko mill in town. But I was there near Swellendam when the the Fever came. It had a sort of **para-military occupation**. No, I'm not going to **elaborate**. No need. Useless information.	87 (project)

Uit hierdie bostaande aanhaling is Domingo aan die woord en hy gee ’n beskrywing oor sy agtergrond wat ook as deel van die dialoog beskou word. Die teksgedeelte wat deel vorm van hierdie voorbeeld is ’n optekening uit die Amanzi-projek (sien 4.2.3). Die Engelse weergawe dui hierdie aspek eksplisiet aan deur “As recorded by Willem Storm. The Amanzi History Project” voor die teks in te sluit, waar dit nie in die Afrikaans voorkom nie. Hier word Domingo se woorde direk opgeteken soos dit aan Willem Storm weergegee is (Nico Storm se pa). Die leser word in hierdie voorbeeld ook bekendgestel aan die biografiese besonderhede van Domingo se karakter. Weereens kan daar gesien word dat daar van inter- en intrasintaktiese kodewisseling in Domingo se dialoog gebruik gemaak word en dit is in die Engelse weergawe afwesig. Die sin “Soort van paramilitary occupation gehad” in die bronteks verskil van die een in die doelteks : “It had a sort of para-military occupation.” In die Afrikaanse weergawe verwys Domingo na homself wat ’n paramilitêre beroep gehad het, waar die Engelse weergawe na ’n onbekende iemand of iets verwys. Die agtergrond wat vir Domingo in die bronteks geskets is, word net so in die doelteks oorgedra en dien as ’n ekwivalente vertaling van die spesifieke voorbeeld. Betreffende Domingo se beroep, word dit onduidelik in die Engels oorgedra, en net soos die afwesigheid van die kodewisseling word hier ook nie ’n ekwivalente effek bewerkstellig nie.

Tabel 8: Dialoog – voorbeeld 5

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Domingo dra ’n groot boks aan store toe. Hy sê: “Ja, well, it is because we are stupid.” “Wat sê jy, Domingo?” vra Pa skerp. Domingo gaan staan en sit die boks neer. “We are stupid,” sê hy. “Wat beteken dit?” En Pa kom nader. Ek het hom nog nie só gesien nie. Kil, ’n ysige kyk in sy oë. Ek weet dit is die spanning van die afgelope weke, die druk van verantwoordelikheid. Ek hoor hoe almal stil raak, hoe almal kyk na Pa. En Domingo. “Dit beteken ons moes die low-hanging fruit vir laaste gelos het – die naby dorpe – vir die winter. Vir die bad times. Ons moes op die ver plekke gaan kos soek het toe die weer mooi was.” Pa	110	Domingo carried a big box into the store. He said, ‘**Ja**, well, it is because we are stupid.’ ‘What did you say, Domingo?’ asked Pa sharply. Domingo halted. ‘We are stupid,’ he said. ‘What does that mean?’ Pa approached him. I had never seen him look like that. Cold, an icy glare in his eyes. I knew it was the tension of the past few weeks, the pressure of responsibility. Everyone went quiet, everyone looked at Pa. And Domingo. ‘It means we should have left the low-hanging fruit for last – the nearby towns – for the winter, for the bad times. We should have looked for food in the distant places when the weather was	102

kom nog nader aan hom. “En hoekom het jy nooit iets gesê nie?” “’Cause nobody asked.” “**’Cause nobody asked?**” sê Pa. “So ons moet vra voor ons jou wysheid kry? Dis jou idee van gemeenskaplikheid? Van ’n **bydrae** maak?” “Sê jy ek maak nie ’n **contribution** nie?” Meer verbaas as aggressief.		good.’ Pa stepped closer to him. ‘And why didn’t you ever say so?’ ‘’Cause nobody asked.’ ‘’Cause nobody asked?’ said Pa. ‘So we must ask before we can share your wisdom? That’s your idea of a community? Of making a **contribution**?’ ‘Are you saying I don’t make a **contribution**?’ More surprise than aggression.	

Hierdie voorbeeld behels ’n gesprek tussen Willem Storm en Domingo. Buiten die Engelse sinne, frases en woorde wat in Domingo se dialoog voorkom, is daar ook ’n verdere aspek van Domingo se taalgebruik wat hier uitgelig kan word. Willem herhaal Domingo se woorde “’Cause nobody asked?” en vertaal dit nie in Afrikaans nie – volgens Meyer-Scotton se benadering sou dit as die ongemerkte keuse beskou word. Hierdie ongemerkte keuse staan dan in sterk kontras met die gemerkte keuse wat Domingo gebruik wanneer hy nie ook die woord “bydrae” gebruik nie, maar dit aanpas na “contribution”. Hierdie woordkeuse kan beskou word as die kontrasterende perspektiewe van Willem en Domingo binne hierdie teksgedeelte, en dit klem lê op Domingo se onwilligheid om te voldoen aan Willem se versoek. In die Engelse weergawe word die woorde wat die een karakter gebruik net so herhaal, maar die konflik wat hier uitgebeeld word, word nog duidelik voorgestel en die gevolgtrekking kan gemaak word dat ’n ekwivalente effek in die doelteks in hierdie voorbeeld bewerkstellig is.

Tabel 9: Dialoog – voorbeeld 6

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Wanneer ek hoor van die Komitee se besluite, gaan sien ek dadelik vir Domingo. “Ek wil een van jou soldate wees,” sê ek. “Watse soldate? Die Committee het my vier security-mense gegee.” “Ek wil een van die vier wees.” “Too early,” sê hy. “Go finish school first.” “Maar …” Hy sit sy vinger op sy mond, hy kyk links en regs, asof hy reg is om ’n geheim met my te deel. “I will be needing a few guys I can trust. For a special mission.” “Jy weet jy kan my **trust**,” my stem net so sag en sameswerend soos syne. Hy knik. “Kan ons vir Jacob Mahlangu trust?” “Ja. Maar hoekom …?” “All will be revealed. Ma’ dit gaan harde werk wees.” “**Okay**.” “And if you or Jacob spill the beans, I will have to kill you.” “Okay.”	200	When I heard what the Committee had decided, I went straight to Domingo. ‘I want to be one of your soldiers,’ I said. ‘What soldiers? The Committee gave me four security people.’ ‘I want to be one of the four.’ ‘Too soon,’ he said. ‘Go finish school first.’ ‘But—’ He put a finger to his lips, looked left and right, as if he were about to share a secret with me. ‘I’ll be needing a few guys I can trust. For a special mission.’ ‘You know you can trust me,’ my voice just as low and conspirator-rial as his. He nodded. ‘Can we trust Jacob Mahlangu?’ ‘Yes. But why?’ ‘All will be revealed. But it’s going to be hard work.’ ‘**Okay**.’ ‘And if you or Jacob spill the beans, I’ll have to kill you.’ ‘Okay.’	183

Die manier waarop Nico “okay”[51] en “trust” hier gebruik, kan ’n aanduiding wees van die deurlopende invloed wat Domingo op Nico het en kan ook dui op die vordering of versterking van hulle verhouding. Nico maak hier gebruik van intrasintaktiese kodewisseling deur die gebruik van “trust”. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat Domingo hierdie woord in sy dialoog gebruik. Hierdie verskynsel kan ook die verhouding tussen hierdie karakters beklemtoon en die leser bewus maak van Domingo se invloed op Nico. Weereens is hierdie kodewisseling afwesig in die Engelse teks, maar uit die konteks van die gesprek word Domingo se invloed duidelik gemaak, en sodoende word daar ’n ekwivalente effek in die doelteks bewerkstellig.

[51] Vergelyk voorbeeld 16 vir ’n verdere bespreking oor “okay”.

Tabel 10: Dialoog – voorbeeld 7

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
"Much better," sê Domingo. "One more thing. Jou skoot is nie klaar as jy die sneller getrek het nie. Dis soos 'n golf swing. Jy moet follow through. Jy moet deel bly van daai rifle, jy moet visualise hoe die bullet die target tref. En jy kyk deur die scope, vir die target, tot hy tref. Eers dan is die skoot verby." Ek skiet weer, 'n hele magasyn. "Perfect," sê Domingo. Ek gloei van trots. "Now both of you, remember, if those dogs come up here, you aim for the leaders first, the ones in front of the pack. You get them, they will get confused. Keep shooting, we need to get them all. You hear me?" Ons knik, ek en Jacob Mahlangu, en ons harte klop vinniger. "Waar het jy dit alles geleer?" vra ek vir Domingo. Sy oë is agter sy donkerbril, soos altyd bedags. Sy gesig vertrek effens na wat moontlik 'n glimlag kan wees. "**You're talkin' with Davy, who's still in the Navy.**" "Jy was in die Navy?" "Nee," sê Domingo. "Billy Joel." "Wie?" Hy sê niks. Ek verstaan glad nie. "Was jy saam met Billy Joel in die Navy?" Maar hy is al weer op pad, en ek is niks wyser nie.	117	'Much better,' said Domingo. 'One more thing. Your shot isn't over when you pull the trigger. It's like a golf swing. You must follow through. You must stay part of that rifle, you must visualise how the bullet strikes the target. And you look through the scope until it hits. Then the shot is complete.' I shot again, a whole magazine. 'Perfect,' said Domingo. I glowed with pride. 'Now both of you, remember, if those dogs come up here, you aim for the leaders first, the ones in front of the pack. You get them, the others will get confused. Keep shooting, we need to get them all. You hear me?' We nodded, Jacob and me, and our hearts beat faster. 'Where did you learn all that?' I asked him. His eyes were dark behind his sunglasses, as they always were in daytime. His face twitched a fraction into what might possibly be called a smile. '**You're talking to Davy, who's still in the navy.**' 'You were in the navy?' 'No,' said Domingo. 'Billy Joel.' 'Who?' He didn't say. I didn't understand him at all. 'Were you with Billy Joel in the navy?' But he was on his way already, and I was none the wiser.	108

Weereens beeld hierdie voorbeeld die verhouding tussen Nico en Domingo uit, maar in hierdie voorbeeld word daar klem gelê op die verskil in verwysingsraamwerk tussen hierdie twee karakters, wat die leser ook bewus maak van die ouderdomsverskil tussen hulle. 'n Verdere afleiding wat daar uit hierdie voorbeeld gemaak kan word, is Domingo se bewustheid van

verskillende tipe uitsprake, soos om gebruik te maak van die woord “talkin’ ” en nie “talking” nie. In hierdie geval word “talkin’” wel beskou as die ongemerkte woordkeuse. Na ’n eenvoudige Google-soektog is daar bepaal dat die woord “talkin’ ” wel in die oorspronklike lirieke van Billy Joel se lied voorkom. Die Engelse teks maak dus gebruik van ’n gemarkeerde woordkeuse, omdat dit nie hou by die oorspronklike uitspraak van die woord soos dit in lirieke voorkom nie.

Hierdie voorbeeld beeld Domingo as ’n enigmatiese figuur uit. Nico is nie altyd seker wat Domingo dink en hoe hy voel nie, en hy verwys konstant na sy donker bril en sy oë om hom te probeer verstaan (sien 4.2.3.). Hierdie idee word versterk deur die voorgenoemde verwysing wat Domingo maak na lirieke wat Nico nie ken nie. Nico maak dan eindelik ook die uitspraak dat hy niks wyser is nie, wat op Domingo as ’n enigmatiese figuur klem lê. Hierdie eienskap van Domingo word in beide die Afrikaanse en Engelse weergawes uitgebeeld, en ten spyte van die voorgenoemde gemerkte keuse by die woord “talkin’ ”, word daar ’n ekwivalente effek in die doelteks bewerkstellig.

Tabel 11: Dialoog – voorbeeld 8

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Haar antwoord boul vir Domingo uit, sodat hy reageer met ’n “**Uh** …” “Die brosjure praat van elektrisiteit,” sê Birdie. “Hidro, neem ek aan?” Domingo sê: “**Uh** …” “Dis meer van ’n pamflet,” sê Pa. “Ons hoop ons sal die hidrokrag aan die gang kan kry.” “Hoop? Werk dit nog nie? Daai is **false advertising**.” Domingo sê: “**Uh** …”	122	Her answer had Domingo stumped for a reply and he could only respond with an ‘**Uh** . . .’ ‘The brochure mentioned electricity,’ said Birdy. ‘Hydro, I assume?’ Domingo said, ‘Uh . . .’ ‘It’s more of a pamphlet,’ said Pa. ‘We hope to get the hydro-elec-tricity working,’ he added. ‘Hope? You mean it’s not working yet? That’s **false advertising**.’ Domingo said, ‘**Uh** . . .’	113
“**Uh**,” sê Domingo. “**Shame**, is hy ’n bietjie sag in die kop?” vra **Birdie**[52] vir Pa, en wys na Domingo. Die buswagte lag. Pa lag, van die omstanders lag. Birdie lag en die draadjies op haar tande blink. En almal kyk na Domingo, wat nog	123	‘Uh,’ said Domingo. ‘**Shame**, is he a bit soft in the head?’ **Birdy** asked Pa, and pointed at Domingo. The bus guards laughed. Pa laughed, some of the onlookers laughed. Birdy laughed and the braces on her teeth sparkled. And everyone looked at Domingo, who had	113

[52] Kyk 4.2.1.3. voorbeeld 17 vir ’n bespreking oor “Birdie” wat vertaal word na “Birdy”.

nooit hard gelag het van hy daar aangekom het nie. En dan lag hy ook.		never once laughed out loud since he'd arrived. And then he laughed too.	

'n Nuwe dimensie van Domingo word in hierdie voorbeeld bekendgestel. Alhoewel Domingo nie werklik hier van kodewisseling gebruik maak nie, is die afwesigheid van sy woorde 'n bewys van die invloed wat Birdie op hom het. Die verhouding tussen Domingo en Birdie vorm ook deel van die bespreking van ander karaktersingsmetodes in 4.2.3.

Nog 'n element wat in hierdie teksgedeelte teenwoordig is, is die kodewisseling wat Birdie gebruik, deur van die woorde "false advertising" en "shame" gebruik te maak. Birdie word ook as 'n Kaapssprekende karakter uitgebeeld. Volgens Meyer (2019b) wou hy Birdie as 'n spreker van Noord-Kaaps uitbeeld. Hierdie studie fokus egter net op die kodewisseling wat spesifiek deur Domingo gebruik word omdat hy so 'n groot rol in Nico se lewe speel en as 'n hoofkarakter uitgebeeld word.

Wanneer die doelteks in oorweging gebring word, word dieselfde dinamiek tussen hierdie karakters oorgedra, veral wanneer die kontekstuele aspekte in hierdie voorbeeld oorweeg word. Sodoende word daar 'n ekwivalente effek bewerkstellig.

Tabel 12: Dialoog – voorbeeld 9

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
"**That's why auntie Nandi died?**" vra Domingo, sy hande stil, sy stem dun soos 'n lem. "**And the bishop? That's why the KTM robbed us? And it snowed? Because God wanted to make a statement?**" "Tell us, Domingo," sê pastoor Nkosi, sy oë vol evangeliese drif: "Do you believe in God?" "**Yes, pastor, I believe in a god. My god is Darwin. I believe in the survival of the most ruthless.**" "Then you have the devil in you," met soveel afgryse dat die hare in my nek regop staan. "**Are you going to drive him out now?**" "Perhaps one day, we will have to," sê die pastoor met veel meer moed as	135	'**That's why Granny Nandi died?**' asked Domingo, his hands still, his voice as keen as a blade. '**And the bishop? That's why the KTM robbed us? And it snowed? Because God wanted to make a point**?' 'Tell us, Domingo,' said Pastor Nkosi, his eyes full of evangelical fire. 'Do you believe in God?' '**Yes, Pastor, I believe in a god. My god is Darwin. I believe in the survival of the most ruthless.**' 'Then you have the devil in you.' Spat out with so much revulsion that the hairs rose up on the back of my neck.	123

wat hy gewoonlik teenoor Domingo openbaar. “Nobody is going to drive out anybody,” sê Pa. Hy kan nie die moegheid in sy stem wegsteek nie.		‘**Are you going to exorcise him now**?’ ‘Perhaps one day we will have to,’ said the pastor, with much more courage than he usually showed in Domingo’s presence. ‘Nobody is going to exorcise anybody,’ said Pa. His voice betrayed his fatigue.	

Die pastoor, Nkosi, is ’n Engelssprekende karakter in die Afrikaanse roman, wat bydra tot die veelsydige taallandskap[53] wat in hierdie roman geskets word. In hierdie voorbeeld maak Domingo van die ongemerkte keuse gebruik wanneer hy Engels met Nkosi praat. In die Suid-Afrikaanse konteks sal ’n Afrikaanssprekende persoon baie meer geneig wees om oor te skakel na Engels wanneer ’n anderstalige persoon in sy/haar teenwoordigheid is of met hom/haar in gesprek tree. Op dieselfde wyse beeld Meyer so ’n gespreksituasie in hierdie voorbeeld uit. Die dialoog wat hier uitgebeeld word, is deurlopend Engels in ’n Afrikaanse roman wat op die aanname werk dat alle Afrikaanssprekende lesers Engels magtig is. Hierteenoor word slegs Engels in *Fever* gebruik, omdat die omgekeerde nie vir alle Engelssprekende lesers gebruik nie en omdat die roman ’n ander gehoor het.

’n Opmerklike kenmerk wat in hierdie geval geïdentifiseer word, is die woord “auntie” in die Afrikaanse weergawe, teenoor die Engelse weergawe se “granny”. Die woord “auntie” is ’n kultuurspesifieke manier om na ’n ouer vroulike persoon te verwys, alhoewel dit ook meer van ’n informele vorm van die woord as “aunt” is. Verder is daar ook van alternatiewe woordkeuses in die doelteks gebruik gemaak, al word Domingo se dialoog volledig in Engels in die bronteks aangebied. Die eerste is die vertaling van die woord “statement” na “point”. “Statement” bewerkstellig ’n groter beslistheid as “point”. Die tweede is die vertaling van “drive him out” na “exorcise him”. Volgens die aanlyn Pharos, word “exorcise” vertaal met “uitdryf”. Die manier waarop Domingo dan “drive him out” gebruik, kan ooreenstem met die Afrikaanse manier van praat oor hierdie tipe onderwerp. Beide die Afrikaans en Engels is duidelik oor die aksie wat uitgevoer word, al bied die Engels ’n meer direkte beskrywing. Daar kan derhalwe aangevoer word dat daar ’n ekwivalente effek bereik word, behalwe in die geval waar daar ’n verskil in die gebruik van “statement” teenoor “point” is.

[53] Hierdie veelsydige taallandskap beskou Kleyn (2016:2) as ’n hibriede teks (in ander Meyer-romans) en noem dat ’n hibriede bronteks verskillende variëteite asook verskillende tale wat in een teks voorkom, insluit.

Tabel 13: Dialoog – voorbeeld 10

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Da' was niks om te like voor die Fever nie. Niks. **It was a crazy, bad world.** Ammal[54] haat vi'[55] ammal. White and black, haves and have nots, liberals en conservatives, Christian en Muslim, north and south, ek scheme mense het net rede gesoek om mekaar te haat, jy's langer as ek, so ek haat jou daarvoor ook. So ek mind nie lat daai wêreld nie meer hie' is nie. Ja, of course het ek ook gehaat. Facebook most of all, if you have to know. Facebook. Hated it. Daai was vir my die epitome van wat verkeerd was met society. 'Cause why, jy't al hierdie friends, ma' dis nie regte friends nie, dis mense vir wie jy kan foto's post van jou **breakfast[56]** en jou lunch en jou cute kitty. I ask you. Like they really cared. They only cared because they needed you as an audience. Facebook friends was 'n audience, dis al. And it made me sick how they all needed an audience. Society het so impersonal geword, so don't care, lat ons onsself moes laat validate op iets soos Facebook, voor an audience of people who don't give a flying … Let me just say, that's sad. Tragic. Ek sê nie ek is bly oor the	298 (projek)	There was nothing to like before the Fever. Nothing. **It was a mad, bad world.** Everyone hating everyone else. White and black, haves and have-nots, liberals and conservatives, Christian and Muslim, north and south, I scheme people were just looking for reasons to hate each other: you're taller than me, so I hate you for it. So I don't mind that that world is gone. Yeah, of course I hated too. Facebook most of all, if you have to know. Facebook. Hated it. For me that was the epitome of what was wrong with society. 'Cause why, you've got all these friends, but they're not real friends, just people you can post photos for, of your **breakfast** and your lunch and your cute kitty. I ask you. Like they really cared. They only cared because they needed you as an audience. Facebook friends were an audience, that's all. And it made me sick how they all needed an audience. Society got so impersonal, so don't-care, till we had to validate ourselves on something like Facebook, to an audience of people who don't give a flying . . . Let me just say, that's sad. Tragic. But I'm not saying I'm glad about the Fever. I'm just	272 (project)

[54] Kyk 4.2.2.
[55] Kyk 4.2.2.
[56] Kyk 4.2.1.3. voorbeeld 8 vir die klankmatige verafrikaansing van die woord "breakfast".

Fever nie. Ek sê net ek het niks nostalgia vir die time before the Fever nie. **Niks**.		saying I've got no nostalgia for the time before the Fever. **Nothing**. **Nada**.	

Hierdie teksgedeelte vorm deel van die opskrywing in van die Amanzi-projek, soos deur Willem Storm opgeteken. Daar is twee gevalle wat in hierdie voorbeeld uitgelig kan word. Die eerste voorbeeld is die uiting wat Domingo maak, "It was a crazy, bad world." wat vertaal word na "It was a mad, bad world." Kleyn (2016:82) wys daarop dat rym wat tussen dialoog gebruik word 'n kenmerkende eienskap van Kaaps is, en hierdie vertaling bevorder moontlik hierdie idee van rym. Myns insiens het "mad" wel 'n versagtende effek in die Engelse teks, maar in die breër konteks van hierdie teksgedeelte kan hierdie woorde as ekwivalente van mekaar beskou word.

Die tweede voorbeeld is die gebruik van "nada" na die woord "nothing" in die Engelse weergawe. Hierdie woord is addisioneel toegevoeg in die Engelse vertaling. In die Afrikaanse teks is die woord "niks" alleenstaande en vorm nie deel van 'n sin om 'n spesifieke vorm van intersintaktiese kodewisseling aan te toon nie, maar binne die groter teksgedeelte word daar telkemale van kodewisseling gebruik gemaak. Die woord "nada" is in die Engelse teks ook alleenstaande, maar dien in hierdie konteks as 'n tipe beklemtoning van "nothing". Die voorafgaande "nothing" kan moontlik ook as 'n verduidelikende term gebruik word. "Nada" is egter van Spaanse afkoms, en dit bewerkstellig 'n vorm van kodewisseling in die Engelse teks. Kleyn (2016:60) beskryf die invoeging van "nada" as gesofistikeerde kodewisseling. Myns insiens werk "nada" ook goed in die doelteks as gevolg van die mate waartoe Spaans in die Amerikaanse konteks gebruik word.

In die geheel is daar 'n ekwivalente effek in hierdie voorbeeld bewerkstellig, en die Engelse vertaling bied vir die leser 'n bepaalde genuanseerdheid van die karakter deur gebruik te maak van die voorgenoemde kodewisseling, soortgelyk aan die gebruik van kodewisseling in die Afrikaanse roman om 'n volronde, genuanseerde karakter aan die leser voor te stel.

Tabel 14: Dialoog – voorbeeld 11

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Domingo kyk na die pastoor, daardie koue kyk van hom. “Their attacks are less, because it is summer now. Lots of low-hanging fruit. Maybe they’ve focused on robbing other, more vulnerable communities. And the roads are worse, but they ride dual-purpose motorcycles, they can go anywhere. And who knows how long they will stick to motorcycles? There are a lot of diesel trucks and cars and **bakkies** out there …” “Wat wil jy hê, Domingo?” “Nóg vyftig mense vir ons army. Vyftig full-time mense, geselect en getrain. And no fossils, ek soek young and able mense. En radio’s vir hulle almal. En ons moet die pad oor die damwal toemaak, ’cause I’m worried about the security of the power stations. Daai is ons soft underbelly, our most strategic asset. Da’s[57] net te veel traffic da’ verby. En ek soek nog ’n secret arsenal vir die majority van ons weapons, en ’n seed bank. En ’n back-up herd van beeste en skape op Heart’s Island. We don’t have any insurance in that regard.”	198	Domingo looked at the pastor, that cold stare of his. ‘There are fewer attacks because it’s summer now. Lots of low-hanging fruit. Maybe they’re focused on robbing other, more vulnerable communities. And the roads are worse, but they ride dual-purpose motorcy-cles, they can go anywhere. And who knows how long they’ll stick to motorbikes? There are a lot of diesel trucks and cars and **pick-ups** out there.’ ‘What do you want, Domingo?’ ‘Another fifty people for our army. Fifty full-time people, selected and trained. And no old farts, I want young and able people. And radios for them all. And we must close the road over the dam wall, ’cause I’m worried about the security of the power station. That is our most strategic asset. There’s just too much traffic past there. And I want another secret arsenal for the majority of our weapons, and a seed bank. And a back-up herd of cattle and sheep on Heart’s Island. We don’t have any insurance in that regard.’	181

Met die aanvang van hierdie voorbeeld word Domingo se dialoog (antwoord) op die pastoor, Nkosi, gerig wat as ’n Engelssprekende karakter uitgebeeld word en, soos reeds genoem, word sy dialoog ook in Engels in die Afrikaanse weergawe weergegee. Domingo se antwoord aan Nkosi is gevolglik volledig in Engels, behalwe vir die woord “bakkies”, wat ’n bekende woord onder Suid-Afrikaners is. Hier word die woord “bakkie” vertaal na “pick-ups”, wat beskou

[57] Kyk 4.2.2.

word as die Engelse ekwivalent vir “bakkies”. In ’n ander geval, ook in ’n optekening wat deel vorm van die Amanzi-projek, maak ’n ander karakter, Sewes Snijders, gebruik van die woord “bakkie”, maar hy verduidelik dat dit ’n klein roeibootjie is. Met ’n eenvoudig woordsoektog in die e-boek is daar geen ander gevalle gevind vir die woord “bakkie” in die sin van “pick-ups” in die vertaling nie. Hierdie definisie word egter vir die woord gebied in die glossarium aan die einde van die roman gebied (sien 4.4.1).

Bogenoemde voorbeeld beeld Domingo uit as ’n militêre karakter, wat deel is van die karaktereienskappe wat Meyer aan hom toegeken het. Uit die dialoog in die Afrikaanse sowel as die Engelse weergawe kan die leser hierdie karaktereienskap van Domingo identifiseer en die afwesigheid van kodewisseling in die Engelse weergawe van hierdie spesifieke voorbeeld, verwar nie die leser ten opsigte van die manier waarop Domingo gekarakteriseer word nie. Daar word ’n ekwivalente effek in die doelteks bewerkstellig, nie net ten opsigte van bepaalde woordkeuses nie, maar ook ten opsigte van die manier waarop Domingo gekarakteriseer word.

Tabel 15: Dialoog – voorbeeld 12

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Domingo haal ’n stophorlosie uit sy sak. Hy draai na die twee spanne toe. Hy skree: “Dit is nou sewe-uur.” Die twee SpOT-spanne skree hard, in perfekte gelid: “Ja, kaptein.” “Hoe ver is Luckhoff?” “Dertig kilometer, kaptein.” “Hoeveel tyd het hy?” “Sewe ure, kaptein.” Domingo kyk na my. “Jy’t gehoor?” “Ja, kaptein.” “Jy moet Luckhoff toe, en jy moet weer terug. Tot hier. Sestig kilometer. Binne sewe ure.” “Ja, kaptein.” “Sewe ure.” “Ja, kaptein.” “Jy mag nie die pad gebruik nie. As enigiemand jou op of naby die pad sien, is jy gediskwalifiseer. Verstaan jy?” “Ja, kaptein.” “As jy jouself diskwalifiseer, kan jy weer terugkom	270 (oor taal	Domingo took a stopwatch out of his pocket. He turned to the two teams. He shouted, ‘It’s now seven o’clock.’ Both SpOT teams shouted back, loudly, in perfect time, ‘Yes, Captain.’ ‘How far is Luckhoff?’ ‘Thirty kilometres, Captain.’ ‘How much time does he have?’ ‘Seven hours, Captain.’ Domingo looked at me. ‘You heard that?’ ‘Yes, Captain.’ ‘You have to run to Luckhoff, and back again. To here. Sixty kilometres. In seven hours.’ ‘Yes, Captain.’ ‘Seven hours.’ ‘Yes, Captain.’ ‘You may not use the road. If anyone sees you on or near the road, you’ll be disqualified. Understand? If you disqualify yourself, you can come back when you’re	225 (on language)

as jy sewentien is." **Hoekom praat Domingo nou met my wit Afrikaans? Hy het nog altyd Kaaps met my gepraat, dis asof hy my van iets wil uitsluit.**		seventeen.' **Why was Domingo talking to me formally now? He'd always talked to me like best buddies, now he seemed to want to exclude me from something.**	

Domingo maak in hierdie voorbeeld gebruik van Afrikaans sonder enige kodewisseling (daar is ook geen ander Kaapse taalverskynsels nie). Die manier waarop daar doelbewus gemerkte keuses gebruik word soos in hierdie geval, skep die idee dat Domingo 'n sterk boodskap wil oordra en dat daar 'n opsetlike verskuiwing in Nico en Domingo se verhouding plaasvind. In die konteks van die roman is dit 'n gemaak ernstige manier van praat, omdat Domingo weer van kodewisseling gebruik maak wanneer hy op 'n latere stadium met Nico praat.

Kleyn (2016:57) plaas klem op die verhouding tussen kodewisseling en register en dui aan hoe 'n gespreksituasie 'n beduidende invloed op kodewisseling het. In die Engelse weergawe word die opmerking wat Nico oor Domingo se taalgebruik maak, aangepas. Waar hy sy taalgebruik in die bronteks van Kaaps na "wit" Afrikaans aanpas, is dit in Engels van informeel na formeel. Na aanleiding van die voorgenoemde stelling deur Kleyn word daar tot 'n groot mate 'n ekwivalente effek bewerkstellig, omdat dit (of altans die gemaak ernstige dialoog) die verhouding tussen Domingo en Nico beklemtoon.

4.2.1.2. Morfologiese inbedding van Engelse lekseme

Die volgende voorbeelde dui op morfologiese inbedding van Engelse lekseme, wat verband hou met die tweede voorbeeld wat Hendricks (2016:7) lys as deel van die prominente nuanses[58] oor hoe Engels in Kaaps gebruik word.

Die onderstaande voorbeelde beeld uit hoe Afrikaans as matrikstaal gebruik word en Engels as die ingebedde taal om kodewisseling voor te stel. Die gebruik van hierdie kodewisseling verskil in die opsig dat 'n morfologiese verbinding vanuit die matrikstaal (Afrikaans) gekoppel word aan die ingebedde taal (Engels). Hierdie voorbeelde dui meestal op intrasintaktiese kodewisseling.

[58] Sien 2.2.2. vir hierdie lys van nuanses.

Tabel 16: Dialoog – voorbeeld 13

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
You really want to know? Friends reruns. And a good bunny chow. En Bundesliga football. Ek was 'n Dortmund fan. Oorlat ek hou van die underdog, en ek het hulle style **gelike**. There is no justice in the universe, toe Die Koors kom, toe lê Dortmund tweede in die liga, hulle kon gewen het. Daai Thomas Tuchel, hy was hulle coach. Man's a genius …	195 (projek)	You really want to know? Friends reruns. And a good bunny chow. And Bundesliga football. I was a Dortmund fan. 'Cause I like the underdog, and I **liked** their style. There is no justice in the universe: when the Fever came, Dortmund was in second place in the league, they could have won. That Thomas Tuchel, he was their coach. Man's a genius.	179 (project)

Die bostaande voorbeeld is weer 'n optekening wat deel vorm van die Amanzi-projek. Die woord "gelike" vorm deel van die morfologiese inbedding van Engelse lekseme. Die woord "gelike" word vertaal na die verledetydsvorm van "like" dus, "liked", wat dan dieselfde tydsvorm aanneem as wat in die Afrikaanse teks gebruik word en sodoende as 'n ekwivalent dien. Hierdie voorbeeld bied ook meer insig in Domingo se karakter, en beide die bron- en doelteks deel hierdie insigte met die leser en beeld Domingo uit op 'n ekwivalente wyse, ten spyte van die kodewisseling wat afwesig is.

Tabel 17: Dialoog – voorbeeld 14

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Let me try to set the record straight: Die KTM was nie **getrain** nie. They were a bunch of amateur yahoos with assault rifles. And yet they managed to kill my guards at two gates, breach those gates, and get past me with the **lorry**. They managed to kill twenty-six of us. En jy moet onthou, hulle plan het **gebackfire**. Hulle plan was die Trojan Horse, hulle plan was om vir Thabo en Magriet te hijack. Dan kruip twee	232 (projek)	Let me try to set the record straight. The KTM were not trained. They were a bunch of amateur yahoos with assault rifles. And yet they managed to kill my guards at two gates, breach those gates, and get past me with the **lorry**. They managed to kill twenty-six of us. And remember, their plan **backfired**. Their plan was the Trojan Horse, their plan was to hijack Thabo and Magriet. Then two men with	216 (project)

ouens met silenced pistols voor by Thabo-hulle in die **lorry** se cabin weg, en tien is agter in die trailer, en die twaalf op die bikes kom agterna. By die hek dan sien my guards vir Thabo en Magriet, en hulle is nie suspicious nie, en dan spring die twee silenced pistols uit en sê vir my guards om op die radio te sê alles is okay. By die Petrusville checkpoint, toe werk hulle plan. Toe skiet hulle my guards, en die motorbikes kom ook deur. Toe wag die motorbikes waar die bus gate se guards hulle nie kan sien nie, en Thabo-hulle se **lorry** ry tot by die bus gate.		silenced pistols hid in the **lorry** cab with Thabo and her, and ten were behind in the trailer, and the twelve on bikes followed. At the gate my guards saw Thabo and Magriet, and they didn't suspect a thing, but then the two with silenced pistols jumped out and told the guards to tell us everything was okay on the radio. At the Petrusville checkpoint their plan worked well. They shot my guards and the motorbikes came through. The motorbikes then waited where the bus gate guards couldn't see them, and Thabo and Co. drove the **lorry** to the bus gate.	

Hierdie voorbeeld toon dat die vertaler dieselfde patroon hou met elke voorbeeld wat met die prefiks/voorvoegsel "ge-" koppel. So word die woord "getrain" vertaal na "trained" en "gebackfire" na "backfired". Ander voorbeelde wat ook in Domingo se dialoog voorkom, maar nie in die betrokke voorbeeld verskyn nie, is woorde soos "gewire", "getry", "gescheme" en "girltjie". Die vertaling van die voorgenoemde woorde hou by die patroon om slegs die suffiks/agtervoegsel "-ed" aan die einde van die woord te voeg om die korrekte Engels in die vertaling weer te gee. "[G]irltjie" volg wel nie dieselfde patroon nie, omdat dit nie 'n werkwoord is nie. Hierdie woord is 'n verkleining van 'n Engelse selfstandige naamwoord met 'n Afrikaanse agtervoegsel en word met "girlie" in die Engelse teks vertaal, om sodoende 'n ekwivalente effek mee te bring.

Die woord "lorry" word ook in hierdie voorbeeld uitgelig. Terwyl die woord "lorries" in voorbeeld 3 na "truck" vertaal word, word dit in hierdie geval egter direk oorgedra na die Engelse weergawe. 'n Verdere verskil is dat die eerste teks (voorbeeld 3) deel vorm van Domingo se dialoog, terwyl hierdie teksgedeelte deel van die Amanzi-projek se optekeninge vorm.

Tabel 18: Dialoog – voorbeeld 15

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Domingo ruk aan my, hy ruk my arm en skree: “Is jou sector **geclear**?” **Ek skrik, ek stamel.** “Storm! Is jou sector **geclear**?” “Ja, kaptein.” “Deploy, deploy, deploy!” skree Domingo. Ek staan versteen. Domingo ruk aan my: “Kry jou gat daar bo.” Die skaamte verswelg my. En dan nog meer, want ek vergeet om my DM te vat, Domingo moet my terugpluk en die geweer vir my gee.	289	Domingo shook my arm and yelled, ‘Is your sector **cleared**?’ ‘Yes, Captain.’ ‘Deploy, deploy, deploy!’ shouted Domingo. I stood rooted to the spot. Domingo shook me: ‘Get your ass up there.’ Shame engulfed me. And doubly so, as I forgot to take my DM, and Domingo had to pull me back and hand the rifle to me.	264

Hierdie voorbeeld beeld die militaristiese taalgebruik van Domingo uit. Eerstens maak Domingo van die woord “geclear” gebruik wat dan vertaal word na “cleared”, in navolging van die patroon soos aangetoon in die vorige voorbeelde (13 en 14). Hier kan daar gesien word dat Domingo nie net meer Standaardafrikaans gebruik soos in die geval van voorbeeld 12 nie. Kleyn (2016:56) bevind dat verskillende gespreksituasies ’n beduidende invloed op die gebruik van kodewisseling het, maar dit is nie noodwendig duidelik uit Domingo se dialoog nie. ’n Moontlike geval waar Domingo se taalgebruik en dan ook die gebruik van kodewisseling beïnvloed word, is wanneer hy gebruik maak van militêre woorde soos “deploy” in die bostaande voorbeeld. Die gebruik van hierdie spesifieke woorde dui op ’n moontlikheid dat Domingo opgelei is om gebruik te maak van spesifieke woorde in die geval van ’n aanval, en dat dit in sy taalgebruik as karakter voortgesit word. Indien Domingo die Afrikaanse woorde hiervoor sou gebruik het, sou dit beskou kon word as ’n gemerkte keuse; maar in hierdie geval is dit die ongemerkte keuse vir die spesifieke gespreksituasie.

Wat in hierdie voorbeeld ook opgemerk word, is die afwesigheid van Nico se beskrywing van sy aksies nadat Domingo vir hom vra, “Is jou sector geclear?” Nico sê, “Ek skrik, ek stamel” wat uitbeeld hoe Nico vir Domingo in daardie situasie ervaar. Domingo word as ’n militaristiese karakter uitgebeeld (sien 4.2.3) en die manier waarop Nico reageer nuanseer die verhouding tussen hom en Domingo maar versterk ook die uitbeelding van Domingo se karakter. Die afwesigheid van hierdie beskrywing in die doelteks het ’n verlies van hierdie nuanse wat in die bronteks voorkom tot gevolg, en dit bewerkstellig nie ekwivalensie nie.

4.2.1.3. Klankmatige verafrikaansing van tussengeplaaste of morfologies ingebedde Engelse ontlenings

Die volgende voorbeelde dui op klankmatige verafrikaansing van tussengeplaaste of morfologies ingebedde Engelse ontlenings wat verband hou met die derde voorbeeld wat Hendricks lys as deel van die prominente nuanses[59] oor hoe Engels in Kaaps gebruik word. In hierdie studie word die klankmatige verafrikaansing van tussengeplaaste of morfologies ingebedde Engelse ontlenings nie as ware kodewisseling beskou nie omdat hierdie woorde, aan die hand van hulle status, liewer as ontlenings geklassifiseer kan word.

Hierdie ontlenings word wel nog in berekening gebring vir die bespreking van kodewisseling juis omdat die debat oor ontlenings en kodewisseling nie volledig opgelos is nie, en dit is ook nie die doel van hierdie studie nie. Myers-Scotton (1993:5) beskou selfs kodewisseling en ontlenings as verskynsels op ’n kontinuum. Die onderskeid wat getref word vir die doel van hierdie studie is dat klankmatige verafrikaanste lekseme beskou kan word as ontlenings omdat hierdie woorde tot so ’n mate al deel gevorm het van die matrikstaal (Afrikaans) dat dit nie beskou kan word as woorde wat in die matrikstaal ingebed word nie – grootliks as gevolg van die status wat dit in Afrikaans geniet (sien Myers-Scotton oor ontlenings). Net soos kodewisseling gebruik word om Domingo te karakteriseer, word hierdie ontlenings ook gebruik om sy karakter vir die leser beter te nuanseer. Op hierdie wyse kan die ontlenings bepaalde implikasies vir die vertaling inhou.

[59] Sien 2.2.2. vir hierdie lys van nuanses.

Tabel 19: Dialoog – voorbeeld 16

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Pa se kop is by al die ander ellendes. Hy kyk na Domingo. Hulle verhouding is deesdae meer formeel. Pa kyk na my. "Dis goed." "Dankie." Domingo staan op, neem die gewere, loop voor my uit sitkamer toe. Hy beduie ek moet langs hom kom sit. Hy gee vir my die DM-geweer en 'n swart seilsak met agt magasyne. "Jy oefen hiermee, hoor jy?" "Ek hoor," sê ek en probeer my geesdrif onderdruk. "Begin op honderd meter, en oefen tot op seshonderd. Skiet al die ammunisie uit, ek bring vir jou môre nog agt." "**Okay**, Domingo," sê ek. "Dankie." "Niks dankie nie. This is business. Daai[60] honde kan ons uitroei as hulle by die herd kom." Hy gee 'n kleiner sakkie met magasyne aan. "Dis vir Jacob. Help hom, lat hy ordentlik kan skiet. Jy't hom nodig." "**Okay**." Hy staan op en loop.	116	Pa's mind was occupied by all the other troubles. He looked at Domingo. Their relationship was more formal nowadays. Pa looked at me. 'Very well.' 'Thank you.' Domingo rose, picked up the rifles, walked across the room. He beckoned, inviting me to sit with him. He gave me the DM rifle, and a black canvas bag with eight magazines. 'You practise with this, you hear me?' 'I hear you,' I said trying to contain my excitement. 'Start at one hundred metres, and practise up to six hundred. Use all the ammunition, tomorrow I'll bring you another eight.' '**Okay**, Domingo,' I said. 'Thank you.' 'Don't thank me. This is business. Those dogs can wipe us out if they reach the flock.' He passed me a smaller bag with magazines. 'This is for Jacob. Help him, so he can learn to shoot properly. You need him.' '**Okay**.' He just got up and walked away.	107

Die bostaande gesprek tussen Nico en Domingo dui nie net op die kodewisseling wat in Domingo se dialoog voorkom nie, maar Nico maak hier ook gebruik van die woord "okay", wat beskou word as 'n aanvaarde Afrikaanse woord van Engelse oorsprong, dit wil sê 'n ontlening. Die manier waarop Nico "okay" gebruik kan 'n aanduiding wees van die deurlopende invloed wat Domingo op Nico het en kan ook dui op die vordering of versterking van hulle verhouding. Hierdie voorbeeld speel af oomblikke nadat Domingo Willem konfronteer sodat Nico 'n skut kan word. Voor hierdie oomblik het Nico sy pa verwyt omdat hy nie wil hê hy moet 'n skut word nie, en Domingo word tot 'n mate beskou as 'n rolmodel vir Nico. Hierdie perspektief wat Nico

[60] Sien 4.2.2.

van Domingo ontwikkel, kan moontlik aanleiding gee tot die aanpassing van Nico se taalgebruik. In die doelteks is daar nie ’n opmerklike verskil ten opsigte van die manier waarop Nico se dialoog uitgebeeld word nie. Daar is dus ’n verlies aan die dialoog se funksie as ’n karakteriseringsmetode en om aan te dui hoe die een karakter die ander beïnvloed. Sodoende word daar nie ’n ekwivalente effek bewerkstellig nie, maar wanneer die groter konteks van hierdie gesprek in ag geneem word, beeld die kontrasterende gevoelens van Nico teenoor sy pa en Domingo hierdie invloed uit, wat wel as ’n ekwivalent vir hierdie gespreksituasie beskou kan word ten spyte van die afwesigheid van die kodewisseling.

Tabel 20: Dialoog – voorbeeld 17

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Ek scheme jy wil baie graag ’n grootmeneer wees. We’ve all been there. Ma’ jou pa weet, en ek weet, kind wees, daai innocence … as hy eers uit is, jy kry nie daai genie terug in die bottel nie. Dis wat jou pa wil doen. Hom so lank daar hou as wat hy kan …” Ek wil vir hom sê dit is al klaar te laat, ek wil vir hom vertel van die aand toe ek die twee mans geskiet het. “Domingo, ek het al twee …” “**Shaddap**. Maak nie saak hoeveel honde jy geskiet het nie, jy’s ’n kind, en jou pa protect jou. Ma’ nou het die Committee en die community hulle se trump cards gespeel, en jou pa sit toe met ’n losing hand, en ek voel vir hom, en jy gaan nie gloat nie, en jy gaan baie, baie humble wees. In fact, as ek vir jou vang dat jy gloat, slat ek vir jou. Versta’ ons mekaar?” “Ja, Domingo.” Dit is die meeste wat hy nog ooit op een slag met my gepraat het. Ek is geïntimideerd en geëerd. En opgewonde, want dit beteken ’n klomp opwindende dinge. “En jou pa het vanoggend twee ure lank	162	I scheme you want to play the big man really badly. We’ve all been there. But your pa knows, and I know, that being a child, that innocence . . . once it’s gone, you never get that genie back in the bottle. That’s what your pa wants to do. Keep the genie there as long as he can . . .’ I wanted to say that it was way too late; I wanted to tell him about the night that I shot two men. ‘Domingo, I’ve already shot two—’ ‘**Shaddup**. It doesn’t matter how many dogs you’ve shot, you’re a child, and your pa is protecting you. But now the Committee and the community have played their trump card, and your father is sitting with a losing hand, and I feel for him, so you’re not going to gloat, and you’re going to be very, very humble. In fact, if I catch you gloating, I’ll give you a hiding. Understand?’ ‘Yes, Domingo.’ It was the longest talk he had ever had with me. I was intimidated and honoured. And excited, because it meant a whole lot of exciting things. ‘And your father talked to Hennie **Fly** for two hours this morning,	150

met Hennie **Flaai** gepraat, en Hennie het vir jou pa **geconvince** hy sal nie land as daar gevaar is nie. So your role is very clear: Jy's net die pass-me-the-spanner-boy. Versta' jy?" "Ja, Domingo." Hy kyk lank vir my. Dan is sy stem sagter: "Nou, jy vat die DM saam op die **aerie**. En hier agter op die seat lê die R6. Hoekom vat jy die R6 ook? Want as julle binne hangars en geboue is, is die R6 die better choice of weapon." Ek vra nie vir hom waarom ons met die wapen oefen as ek net die pass-me-thespanner- boy is nie. Ek luister net aandagtig, doen presies wat hy sê.		and Hennie **convinced** him that he wouldn't land if there was any danger. So your role is very clear: you're just the pass-me-the-spanner boy. Understood?' 'Yes, Domingo.' He stared at me a long time. Then his voice softened. 'Now, take the DM along in the **aerie**. And behind the seat will be the R6. Why take the R6 too? Because if you are inside hangars and buildings, the R6 is the better choice of weapon.' I didn't question why we had to practise with the weapon if I were merely the pass-me-the-spanner boy. I just listened closely, doing exactly as he said.	

Die eerste ontlening wat in hierdie voorbeeld uitgelig word, word beskou as die klankmatige verafrikaansing van "shut up" deur die gebruik van die woord "shaddap". Dit word vertaal met "shaddup", wat algemeen beskou word as die informele vorm van die oorspronklike "shut up" in Engels. Verder word Hennie "Flaai" Laas se bynaam word ook na "Fly" vertaal. Alhoewel die naam van hierdie karakter in Domingo se dialoog voorkom, word "Hennie Flaai" regdeur die Afrikaanse weergawe so gebruik, terwyl "Hennie Fly" in die Engelse vertaling gebruik word. Die bynaam wat op hierdie manier aangepas word, is 'n tipiese voorbeeld van 'n ontlening, maar word nie beskou as 'n vorm van kodewisseling nie omdat dit 'n eienaam is wat aangepas is. Reeds in voorbeeld 8 word Birdie se naam ook aangetref, wat in die Engelse weergawe as "Birdy" vertaal is en ook as 'n ontlening beskou word juis omdat dit klankmatig verafrikaans is. Verder beeld hierdie gesprek ook die verhouding tussen Domingo en Nico uit. Domingo word in hierdie voorbeeld as 'n karakter uitgebeeld wat strategies kan dink en dit beklemtoon sy militêre agtergrond.

Die woord "aerie" in hierdie voorbeeld word in die doelteks in die glossarium omskryf as "slang for aeroplane". Beide die Afrikaanse en Engelse weergawe bevat hierdie woord, maar waar dit bekend is in die Suid-Afrikaanse konteks, moet dit in die Engelse vertaling in die glossarium omskryf word. Dit is egter nie moeilik om die betekenis van hierdie woord af te lei nie, en dit is waarskynlik waarom die vertaler besluit het om dit in die doelteks te behou.

Met al die voorgenoemde aspekte in ag geneem, word daar ’n ekwivalente effek bewerkstellig ten opsigte van die behoud van die karakterisering van Domingo maar ook ten opsigte van spesifieke woordkeuses. Hierdie argument kan aangevoer word omdat ontlenings, soos dit in hierdie voorbeeld voorkom, algemeen onder beide spraakgemeenskappe bekend is, naamlik sprekers van Afrikaans en Engels, maar ook Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners en Engelssprekende Amerikaners.

Tabel 21: Dialoog – voorbeeld 18

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Groot Domingo wat bo haar staan, as jy nie weet wat hy doen nie, lyk dit na bose marteling. Maar hy werk so mooi en sag en sekuur met haar. Stadig, versigtig, sy stem paaiend. Hy gebruik ’n draadknipper en ’n langbektang en sy sterk vingers. Hy sê vir haar: “Moenie worry nie, moenie worry nie, ek sal jou nooit seermaak nie.” Hy verwyder die draadjies en die metaal-ankers, hy plaas dit in ’n leë teekoppie, elkeen rinkel fyn as dit daarin val, tot die laaste anker af is. Nou neem hy die teekoppie en wys vir haar die inhoud en hy sê: “Daar’s hy. Nou skuld jy my dinner.” “Ek skuld jou niks, ma’ ek sê jou wat, as ek en Hennie Flaai lewendig terugkom, sal ek saam met jou dinner én **brekfis**.” “Wa’[61] gaan jy en Hennie Flaai?” “Ons gaan die diesel aeroplane haal.” “Over my dead body,” sê Domingo. “Dan moet jy maar solank dood neerslaan, Domingo, want ek gaan. I had an epiphany last night: As ek vir myself kan wys ek het die guts lat jy met ’n tang in my mond rondkrap,	160	Domingo loomed over her; if you hadn’t known what he was doing it could have been mistaken for a torture scene. But he worked very gently, deftly and surely. Slowly, carefully, his voice soothing. He used a pair of wire cutters, long-nose pliers and his strong fingers. He told her: ‘Don’t worry, don’t worry, I would never hurt you.’ As he removed the wires and the metal anchors, he dropped each one into an empty teacup, each one tinkling delicately as it dropped, until the last bit of metal was removed. He picked up the teacup and showed her the contents and said, ‘There you are. Now you owe me dinner.’ ‘I owe you nothing, but I’ll tell you what, if Hennie Fly and I come back alive, I’ll have dinner and breakfast with you.’ ‘Where are you going with Hennie Fly?’ ‘We’re going to get the diesel aeroplane.’ ‘Over my dead body,’ said Domingo. ‘Then you had better fall down dead already, Domingo, because I’m going. I had an epiphany last night: if I can prove to myself I have the guts to let you mess around with a pair of pliers in my mouth,	148

[61] Kyk 4.2.2.

het ek die guts vir dié trip. En hier is ons nou. Ek is die kleinste, die ligste grootmens over eighteen in Amanzi. En nou gaan jy my leer skiet." "Nee, Birdie," sê my pa voor hy kan keer. "Jy's te kosbaar." Sy staan op uit die stoel uit, sy vat-vat aan haar kakebeen, en sy sê: "So, Willem, some animals are more equal than others?"		then I have the guts for this trip. And here we are. I'm the smallest, lightest adult over eighteen in Amanzi. And you are going to teach me how to shoot.' 'No, Birdy,' said my father before he could stop himself. 'You're too valuable.' She got up from the chair, feeling her jaw, and she said, 'So, Willem, some animals are more equal than others?'	

Hierdie voorbeeld beeld die verhouding tussen Domingo en Birdie uit. Die klankmatige verafrikaansing van die woord "breakfast" kom in hierdie voorbeeld voor. Birdie spreek dit uit as "brekfis", wat anders is as die manier waarop Domingo dieselfde woord uitspreek en dui op idiolektiese taalgebruik. Buiten die voorgenoemde voorbeeld en die humoristiese ondertoon van hierdie gesprek, is daar geen opmerklike verskil tussen die manier waarop Domingo met Birdie praat en die manier waarop hy met 'n karakter soos Nico praat nie. Hier word dit dan ook beklemtoon dat die gespreksituasie nie die gebruik van kodewisseling in Domingo se dialoog so sterk beïnvloed nie. Wanneer die Engelse vertaling gelees word, is die leser steeds van die humoristiese ondertoon van hierdie gesprek bewus, omdat die vertaler wel 'n ekwivalente effek met die vertaalde dialoog bewerkstellig het.

Tabel 22: Dialoog – voorbeeld 19

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
"Well, I'm not so sure. Hier is my philosophy: Ons is animals, Nico. Social animals. Domesticated, social animals. Thin veneer of civilisation. Gentle creatures as die wêreld **orraait** is, as die social conditions undisturbed and normal is. Ma' as jy die conditions disturb, dan skuur daai veneer af. Dan raak ons wild, ons raak predators, killers, ons hunt in packs. Dan raak ons net soos die honne[62]. Daai is hoekom dit my mantra is:	191	'Well, I'm not so sure. Here is my philosophy: we are animals, Nico. Social animals. Domesticated, social animals, thin veneer of civilisation. Gentle creatures if the world is **fine**, if the social conditions are undisturbed and normal. But if you disturb the conditions, then that veneer wears off. Then we go feral, we turn into predators, killers, we hunt in packs. Then we become just like the dogs. That is why my mantra is: the other	176

[62] Kyk 4.2.2.

The other guy wants to kill me. If I hesitate, I die. Want dis hoe dit werk in die jungle, dis hoe dit werk met animals. Daai ou wat vir Okkie kom steek het, daai ouens wat vir Melinda Swanevelder in die huis captured gehou het, Die KTM wat vir ons kom besteel het, hulle is animals, net soos ek en jy. Da's[63] niks verkeerd met hulle se koppe nie, dis net die veneer wat afgeskuur het." Ek dink aan die twee mans in die vliegtuigloods op Klerksdorp, aan hulle oë, hulle uitdrukking. En dan dink ek aan goeie mense. "Maar hoekom … ? Daar is nie net slegte mense nie? My pa …" "Daai is 'n classic mistake. Very human reasoning. If we're good, we can't be bad, the one has to exclude the other. Net soos met die honne. Daai tyd voor Die Koors, as jy vir iemand sê sy hond is bad news, dan kyk hulle jou aan of jy 'n serial killer type is. How can you not be a dog lover? Dan sê hulle dogs are noble. Dogs are loyal and loving and cute. Hulle vra: Wat van die police dogs se bravery, en van man's best friend, al die mooi goete wat honne al gedoen het? Ek sê nie honne en mense kan nie mooi goete doen nie. Onthou, ons is social animals. Dit meen ons moet social wees, from time to time, nice goete doen. Ma' dit meen ook ons moet animal wees, from time to time." Ek probeer dit verteer. "I don't need you to buy into my philosophy, I don't want you to," sê Domingo.		guy wants to kill me. If I hesitate, I die. That's the law of the jungle, that's how it works with animals. That guy who stabbed Okkie, those guys who kept Melinda Swanevelder tied up in the house, the KTM who robbed us, they are animals, just like you and me. There's nothing wrong with their heads, it's just the veneer that's worn off.' I pictured the two men in the aeroplane hangar in Klerksdorp, their eyes, the look on their faces. And then I thought of good people. 'But why? Not everyone is bad? My pa—' 'That's a classic mistake. Very human reasoning. If we're good, we can't be bad, the one has to exclude the other. Just like with the dogs. That time before the Fever, if you told anyone their dog was bad news, they would look at you as if you were a serial killer type. How can you not love dogs? Then they would tell you dogs are noble. Dogs are loyal and loving and cute. They would ask: what about the brave police dogs, and man's best friend, all the feel-good things that dogs have done? I'm not saying dogs and people can't do good things. Remember we're social animals. That means we must be sociable from time to time, do nice things. But that also means that from time to time we must be animals.' I sat there, processing it all. 'I don't need you to buy into my philosophy, I don't want you to,' Domingo said.	

[63] Kyk 4.2.2.

Die woord “orraait” in hierdie voorbeeld behels klankmatige verafrikaansing. Hierdie woord word wel nie net deur Kaapssprekendes gebruik nie, maar word ook in informele gespreksituasies gebruik deur Standaardafrikaanssprekendes. In hierdie geval word “orraait” vertaal met “fine”, wat beskou kan word as ’n ekwivalent van “orraait”. ’n Ander voorbeeld, wat nie hier gelys is nie maar deel vorm van hierdie kategorie, is “sparkie”, wat vertaal word na “sparky”.

Hierdie voorbeelde toon dat Meyer nie ’n groot aantal woorde verbuig om klankmatige verafrikaansing van tussengeplaaste of morfologies ingebedde Engelse ontlenings voor te stel nie. Die vertaler het kreatiewe wyses gevind om woorde wat spesifiek deel van hierdie kategorie vorm, te vertaal om ’n ekwivalente effek te bewerkstellig (byvoorbeeld “shuddap”) of ’n voldoende ekwivalent (byvoorbeeld “fine”) in die Engelse vertaling gekies.

4.2.2. Linguistiese verskynsels van Kaaps

Kleyn (2016:38) bied ’n opsomming van verskeie studies wat oor die linguistiese verskynsels van Kaaps uitgevoer is. Uit die bostaande voorbeelde is die volgende fonologiese variasies in Domingo se dialoog geïdentifiseer, wat bydra tot die uitbeelding van sy karakter as ’n Kaapssprekende. Vergelyk die onderstaande tabel met ’n beskrywing van die fonologiese variasies wat Kleyn (2016:38) en Hendricks (2016:7) lys:

Tabel 23: Fonologiese variasies in Domingo se dialoog

Kaaps	**Afrikaans**	**Engels**	**Fonologiese variasies**
da’	Daar	there	Weglating van die postvokaliese [r]
Da’s	Daar is	There’s	Enklisis van *is* en klankweglating van die postvokaliese [r]
Wa’	Waar	Where	Weglating van die postvokaliese [r]
inne	in ’n	in a	Enklisis van *’n*
ma’	Maar	but	Weglating van die postvokaliese [r]
Versta’	Verstaan	Understand, understood	Weglating van die postvokaliese [n]
honne	Honde	dogs	Weglating van [d] (Sinkopee)

Ammal	Almal	Everyone, all	Weglating van [l] (Sinkopee)
vi’	Vir	wegvertaal	Weglating van die postvokaliese [r]
lat	Laat	let, that, till	Vokaalverkorting
oorlat	oor dat	because	Vokaalverkorting
slat	Slaan	hiding	Vokaalverkorting

Buiten hierdie fonologiese variasies bied Kleyn (2016:42) ook insig in die gebruik van “daai” in plaas van “dit”, wat sy ook as ’n algemene kenmerk van Kaaps beskou. Sy lys hierdie woord onder die kategorie “morfologiese variasies” en merk op dat dit aansluit by die reduksie van leksikale items. Hierdie woord sal aansluit by ander voorbeelde soos “som” in die geval van “sommige” of “nodig” in die geval van “benodig” (Kleyn, 2016:42). Kleyn (2016:82) beklemtoon wel dat “daai” nie net deur Kaapssprekendes gebruik word nie en dat hierdie woord deur Standaardafrikaanssprekendes in informele gespreksituasies gebruik word. ’n Ander voorbeeld wat ook in Domingo se dialoog voorkom, is die gebruik van “se” in kombinasie met ’n besitlike voornaamwoord, soos in “hulle se koppe” (sien ook Hendricks (2016) oor grammatiese verskynsels in Kaaps).

4.2.3. Karakteriseringsmetodes

Die struktuur wat Meyer vir *Koors* bedink het, maak voorsiening vir verskeie moontlikhede om ’n karakter te karakteriseer. Hierdie karakterisering word bespreek met inagneming van die bespreking oor die posisie wat *Fever* in die spesifieke polisisteem inneem, omdat dit ’n invloed sal hê op die keuses wat die vertaler uitgeoefen het (sien 2.5.1. en 4.4.). Verder is die agtergrond van ekwivalensie ook hier ter sprake (sien 2.4. en 4.3.)[64]. Die vertaler moet ’n raamwerk bepaal wat die kulturele aspekte in ag neem voordat vertaalbesluite geneem kan word, omdat ’n besluit op die leksikale vlak ’n groot uitwerking op die semiotiese vlak van die teks kan hê (Barrow, 2016:37) (sien 2.4.). Die geïdentifiseerde karakteriseringsmomente word in hierdie afdeling naasmekaar geplaas en dan aan die hand van ekwivalensie bespreek. Ekwivalensie word in hierdie geval met Pym (2007:290) (sien 2.4.) se definisie geassosieer, waarvolgens dit as ’n struktuur van oortuigings beskou kan word, en dit moet ook as sodanig

[64] Kleyn (2016:63) noem dat die idee van pragmatiese ekwivalensie aansluit by die idee van die sosiale en geografiese elemente, omdat die vertaling van dialoog die werklikheid van die karakters van die bronteks so goed moontlik in die doelteks moet uitbeeld. Pragmatiese ekwivalensie word gedefinieer as die bestudering van die doel(e) waarvoor sinne gebruik word; van die regtewêreldomstandighede waarin dit gebruik word waarin ’n sin toepaslik as ’n uiting gebruik kan word (vgl. Kleyn, 2016:63).

geanaliseer word. Baker (2018:5) se uitgangspunt word ook hier betrek, naamlik dat alhoewel ekwivalensie tot ’n sekere mate bereik kan word, dit beïnvloed word deur ’n verskeidenheid linguistiese en kulturele faktore en dat dit om hierdie rede altyd relatief is.

Struktureel is die roman verdeel in twee perspektiewe. Die eerste perspektief bied die vertelling van Nico aan die leser en hoe hy sy memoires neerpen. Die grootste gedeelte van die roman bestaan uit hierdie agternavertelling deur Nico. Die tweede perspektief is die optekeninge wat deel vorm van die Amanzi-projek wat tussendeur Nico se agternavertellings aangebied word. Die eerste optekeninge wat deel van hierdie projek vorm is eers gedoen deur Willem Storm en daarna deur Sofia Berg. Alhoewel hierdie optekeninge deur Willem en Sofia geskryf is, het Meyer deur middel van hierdie karakters probeer om dit in die spesifieke karakter se woorde te behou, byna soos ’n neergepende klankopname.

Nico se vertelling is ’n terugblik op gebeurtenisse, maar Meyer het die skrywersvernuf ontwikkel om karakters te beskryf en so word die karakters ook verder beskryf deur die manier waarop Nico die verhaal vir die leser ontbloot. Tydens Nico se vertelling word die karakters se dialoog ook op ’n direkte wyse uitgebeeld en die leser vorm aktief deel van die proses. Die roman word nie aangebied as ’n passiewe agternavertelling van wat gebeur het nie[65]. Die optekeninge van die Amanzi-projek word ook baie aktief aan die leser voorgestel omdat die direkte woorde van die verteller aan die leser gebied word. Uit hierdie twee perspektiewe word die leser aan ’n volronde karakter bekendgestel.

Daar is ongeveer 300 momente geïdentifiseer waarin ander karakters oor Domingo kommentaar lewer of waarin hy ’n daad uitvoer. Hierdie karakteriseringsmomente word geskei van Domingo se direkte dialoog. Dié werkswyse bied twee moontlikhede: om Domingo se karaktereienskappe volgens ander karakters te bepaal (wat die moontlikheid bied om ‘n onderskeid te tref tussen wanneer hy oor homself ’n uiting maak en wanneer ander dit doen). Verder bied dit die moontlikheid om die dialoog van Domingo makliker te analiseer as dit van die ander teks geskei is. Die onderstaande teksgedeeltes vorm deel van hierdie geïdentifiseerde karakteriseringsmomente. Spesifieke karaktereienskappe van Domingo word in hierdie teksgedeeltes bepaal.

[65] Hier word daar verwys na die tipiese alombekende “showing vs. telling”.

Die eerste karaktereienskap van Domingo wat in die roman beskryf word, is dat hy as ’n enigmatiese figuur voorgestel word. Nico noem byvoorbeeld die volgende oor Domingo:

Tabel 24: Karakterisering van Domingo as enigmatiese figuur

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Sy tred is soos dié van ’n roofdier aan die bopunt van die voedselketting, argeloos en vol selfvertroue. Hy haal sy donkerbril af, sy oë is hipnoties, lig – ’n grys wat soos ’n verkleurmannetjie sy omgewing weerspieël, nou vaagweg groen, dan ’n vermoede van blou, in sterk kontras met sy donker gelaat. Hy loop tot by Pa. Hy steek sy hand uit.	76	His walk was like a predator at the top of the food chain, nonchalant, supremely confident. He took off his dark glasses. His eyes were hypnotic, pale – a grey that reflected the environment like a chame-leon, now faintly green, then a hint of blue, in strong contrast to his dark complexion. He walked up to Pa. Put out his hand.	72
Domingo kyk na Pa, sy oë onsigbaar agter die donkerbril, maar ek voel aan dat hy dinge teen mekaar opweeg. Dat hy weet daar is ’n prys om te betaal as hy dalk hier by ons wil bly.	77	Domingo gave Pa a long look, his own eyes invisible behind the dark glasses, but I felt that he was weighing things up. That he knew there was a price to pay if he wanted to stay with us.	73
Domingo se gesig is strak en onleesbaar agter die donkerbril.	83	Domingo’s face was stiff and unreadable behind his dark glasses.	78
Domingo kom na ons toe aangestap. Onleesbaar, soos gewoonlik. Hy staan voor ons, hy roep ons tot aandag. Hy talm, sy oë agter die donkerbril.	340	Domingo came walking back to us. Poker-faced, as usual. He stood in front of us, called us to attention. He waited, his eyes as always hidden behind dark glasses.	311

Wanneer die Afrikaanse teks naas die Engelse vertaling geplaas word, word Domingo in Engels ongeveer op dieselfde wyse as hierdie enigmatiese figuur uitgebeeld. Daar is geen opmerklike verskille tussen die Afrikaans en Engels wat betref die manier waarop Domingo uitgebeeld word nie.

Domingo word verder uitgebeeld as ’n karakter met gefokusde selfversekering, moontlik as gevolg van sy militêre agtergrond. Kyk byvoorbeeld na die volgende aanhalings uit Nico se perspektief:

Tabel 25: Karakterisering van Domingo as militante karakter

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Domingo is eenkant, soos gewoonlik. Hy olie en maak vyf R4-gewere skoon, deel van ons arsenaal wat uit De Aar se Weermag-opslagplek aangery is. Hy doen elke aand vyf nuwes, en soggens gaan bêre hy hulle weer by ons magasyn. Domingo hou tweehonderd gewere en patrone in die kluis van die ou polisiestasie – die gewere wat hy so skoonmaak.	99	Domingo sat apart, as was his habit. He oiled and cleaned five R4 rifles, part of the arsenal that had been brought from the De Aar army base storage facility. Every evening he did five new ones, and in the morning he would take them back to our magazine. Domingo kept two hundred rifles and ammunition in the safe of the old police station – the guns that he cleaned.	92
Domingo se bewegings is ritmies, georden, geoefen. Sussend vir ’n uitgeputte dertienjarige wat amper aan die slaap is.	99	Domingo’s movements were rhythmic, ordered, practised. Soothing to an exhausted, dozing thirteen-year-old.	92
Domingo hou aan mik en skiet, die vragmotor snel op sy bakkie af, tref die agterkant teen ’n hoë spoed, ’n dawerende klank van metaal op metaal en glas wat breek, die bakkie tol van die pad af, die vragmotor is by Domingo, dan verby. Hy skiet, hy gryp sy radio terwyl hy opspring en hardloop. Hy skree in die radio vir Pa om die alarm te maak, die stelsel van motortoeters wat Domingo geprakseer het vir ’n noodgeval. Hy skree in die radio vir sy garnisoen van twintig mense om vanaf die polisiestasie die verdedigingsplan in werking te stel. Hy hardloop terug dorp toe, teen die opdraande op, omtrent ’n kilometer, hy hardloop so vinnig as wat hy kan.	224	Domingo kept on aiming and shooting as the truck accelerated towards his pick-up, and hit the back at high speed with a thunderous crash of metal on metal and breaking glass; the pick-up rolled off the road, the truck reached Domingo, then passed. He fired, grabbed his radio, jumped up and ran. He screamed into the radio for Pa to raise the alarm, the system of car hooters that Domingo had devised for an emergency. He screamed over the radio for his garrison of twenty men to put the defence plan into action from the police station. He ran back to town, uphill, about a kilometre, as fast as he could.	207

Weereens is daar nie ’n beduidende verskil tussen die Afrikaanse en Engelse weergawe van Domingo as karakter nie. In beide hierdie weergawes word Domingo as ’n karakter met gefokusde selfversekering uitgebeeld. Buiten dat Domingo uitgebeeld word as ’n streng militant met ’n vermoë om strategies te werk, word die leser ook bekendgestel aan ’n sagter kant van hom wat hom ook ’n bietjie meer menslik maak. Die volgende perspektief wat Nico bied, beeld die ontwikkeling van Domingo en Birdie se verhouding uit:

Tabel 26: Karakterisering van Domingo deur middel van sy verhouding met Birdie

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
In die Jaar van die Kraai smag Domingo na Birdie en nog vyftig manskappe, ek smag na Lizette. Hy maak geen vordering op een van die twee fronte nie. **Die Groot Gevry** gaan steeds voort, sonder my én sonder Domingo.	202	In the Year of the Crow Domingo demanded reinforcements, another fifty men. He longed for Birdy, I longed for Lizette. Neither of us made any progress on either of these fronts. **The Sex Fest** went on, without me and Domingo.	186
“Okay,” sê Birdie. “Ek gaan nie baie technical raak nie. Laat ek net sê vir ’n hydroelectric system om te werk, het jy voltage regulators nodig. Dis vital, dis critical. Dit is hoekom daar altyd twee voltage regulators op jou control panel is. Die een doen die werk, die ander een is die back-up, die redundancy. Soos in, die spaar regulator. Verstaan jy?” “Ek verstaan.” “Soos jy weet, het ek by die pastoor-hulle gehelp om NJ se hydropower aan die gang te kry. Hulle het basies dieselfde stelsel as ons, dis net vyf jaar laas gebruik of geservice. Ons het alles gereconnect en gedivert, en toe die hele ding aan die gang gekry, ons was baie versigtig, but when I threw the final switch, toe blaas ons die voltage regulator. Completely fried, irreparable. So toe weet ek iewers het ek ’n fout gemaak …” “Maybe	474	‘Okay,’ said Birdy. ‘I’m not going to get very technical. Let’s just say for a hydro-electric system to work, you need voltage regulators. It’s vital, critical. That’s why there are always two voltage regulators on the control panel. One does the work, the other is the back-up, the redundancy. As in, the spare regulator. Understand?’ ‘I understand.’ ‘As you know, I helped the pastor and company to get NJ’s hydro-power going. They basically have the same system as we do, it’s just been five years since it was last used or serviced. We connected and diverted everything, got it all going. I was very careful, but when I threw the final switch, the voltage regulator blew. Completely fried, irreparable. So I knew I had made a mistake somewhere . . .’ ‘Maybe it wasn’t you, Birdy. Maybe it was—’ ‘Shush, Domingo.’ **Only Birdy Canary**	432

was dit nie jy nie, Birdie. Maybe was dit …" "Shush, Domingo." **Net Birdie Canary kan vir Domingo sê om te "shush". Die dinamiek van hul verhouding bly verrassend en onverklaarbaar. En ondenkbaar. Mens verwag dat hy 'n mes of 'n pistool sal uitpluk en sê: "Nobody tells me to shush." Maar nie wanneer Birdie betrokke is nie. En tog, daar is iets in die afwesige knik van sy kop wanneer hy haar stilmaak gelate aanvaar, wat sê Domingo se gedagtes is elders.**		**could tell Domingo to 'shush'. The dynamics of their relationship remained surprising and mysterious. And unthinkable. You expected him to pull out a knife or a pistol and say, 'Nobody tells me to shush.' But not when Birdy was involved.**	
In die Jaar van die Vark stem Birdie eindelik in om saam met Domingo "uit te gaan". Sy sê volgens oorlewering vir Nero Dlamini "he just wore me down".	373	In the Year of the Pig, Birdy finally agreed to go on a date with Domingo. Apparently she told Nero Dlamini that 'he just wore me down'.	342

Uit die bostaande aanhalings is daar twee voorbeelde wat ten opsigte van die vertaling uitgelig word. Die eerste is die vertaling van "Die Groot Gevry" wat vertaal word na "The Sex Fest". Hierdie vertaling het nie 'n groot invloed op die manier waarop Domingo uitgebeeld word nie, maar 'n indirekte verband kan in hierdie opsig getrek word. Die Engelse vertaling is baie sterkter en selfs kru gestel in verhouding met die oorspronklike Afrikaans. Nico trek verbande tussen homself en Domingo met hierdie beskrywing en die feit dat hulle nie deel daarin nie, beeld die karakter op 'n spesifieke manier uit. "Die Groot Gevry" beeld nie so 'n groot mate van losbandigheid uit soos "The Sex Fest" nie. Indien daar 'n hunkering is na 'n maat, beeld die Afrikaans dit op 'n versagtende wyse uit, en nie so eksplisiet soos die Engels nie. In die Afrikaans is daar eerder sprake van 'n hunkering na 'n liefdesmaat in 'n langtermynverhouding; waar die Engels dui op 'n meer kortstondige seksuele verhouding.

Die tweede voorbeeld fokus op die dinamiek van Domingo en Birdie se verhouding. Die Engelse vertaling eindig met "But not when Birdy was involved", terwyl die oorspronklike Afrikaans 'n bykomende beskrywing oor Domingo bied, "Maar nie wanneer Birdie betrokke is nie. En tog, daar is iets in die afwesige knik van sy kop wanneer hy haar stilmaak gelate aanvaar, wat sê Domingo se gedagtes is elders." Die Engelse weergawe lê hierdeur meer klem op die verhouding tussen Domingo en Birdie, terwyl die Afrikaanse weergawe klem lê

op Domingo se karakter en aansluit by die manier waarop hy as ’n enigmatiese figuur uitgebeeld word.

Die volgende aanhalings uit Nico se perspektief is ’n gesprek tussen Nico en Birdie oor Domingo. Hierdie aanhalings dui op die tipe verhouding tussen Birdie en Domingo en daar word klem gelê op die vertrouensband tussen hulle. In hierdie aanhalings vertel Birdie aan Nico wat Domingo vir haar oor sy verlede gesê het en bied ook meer insig in die tipe karakter wat Domingo is:

Tabel 27: Karakterisering van Domingo deur sy verlede

Afrikaans	bl.	Engels	bl.
Ek dink dit was vir Birdie ’n soort **verlossing** om daardie oggend alles aan my te vertel. Ek dink sy het swaar aan die alleenkennis oor **Domingo** gedra. Ons sit teen mekaar op die rusbank. Sy hou al twee my hande vas. Sy is só gefokus dat sy nie die swelsel aan my **hand** en die skaafmerke en die bloed aan my kneukel sien nie. Sy vertel my van Domingo. Sy sê hy was Ryan John Domingo. Hy het in Riverview op Worcester grootgeword, waar die stank van die rioolwerke in die somer saam met die suidoostewind by hulle huisie ingewaai het. Sy ma was ’n skoonmaker by die De la Batskool vir Dowes, sy pa was ’n gemors, ’n man wat leeggelê en gesteel en gelieg en bedrieg en gesuip het. ’n Man wat nooit ’n betrekking vir langer as drie maande kon hou nie. Sy pa was swak van binne, maar sterk van buite, ’n groot man, ’n man wat as kind fisiek mishandel is en dié tradisie voortgesit het deur sy vrou en sy ses kinders met vuiste en gordels en toue	515	I think it was a **release** for Birdy to tell me the truth about **Domingo** that morning. I think carrying that knowledge alone had been a burden to her. We sat side by side on the couch. She held both my hands. She was so focused that she didn’t register how swollen **they** were, the grazes and blood on my knuckles. She told me about Domingo. His name was Ryan John Domingo. He grew up in Riverview in Worcester, where in summer the south-easter blew the stench of the sewerage works into their little house. His mother was a cleaner at the De la Bat School for the Deaf, his father was scum, a man who didn’t work, only stole, lied, cheated and boozed. A man who never held down any job longer than three months. A weak man, but outwardly strong, a big man, a man who had been physically abused as a child and who continued the tradition by beating his wife and	469

en enigiets byderhand te slaan, wanneer hy nugter of dronk was. 'n Man met 'n verskriklike humeur.		six children with fists and belts, ropes and anything he could lay his hands on, whether he was sober or drunk. A man with a terrible temper.	
Domingo praat met my daar by daai tafeltjie, maar ek sien sommer hy's terug op Worcester. Mens het nie baie Domingo se oë gesien nie, ek dink dis oorlat hy geweet het sy oë sê alles wat in sy siel aangaan. Ek sien sy oë is ver, and **it hurts**. Hy sê Birdie, ek het die bicycle spoke skerpgemaak, weke aanmekaar, daardie puntjie was vlym. En ek wil hom doodmaak, ma' dan kry ek nie die moed nie. Ek wil hom doodmaak, ek sien dit so in my kop, hy lê in sy dronkslaap en ek glip daai spoke tussen sy ribbes in, net soos wat hulle maak da' in die **Brandvlei** in, ma' ek kry nie die moed nie. Dis 'n big step, to kill another human being. Selfs as jy die hart en die motivation het. Selfs as dit in self-defence is. A very big step. Weke aanmekaar, dan sit ek en ek luister na sy dronkmanstories, ken jy dronkmanstories, Birdie? Hulle is ammal dieselfde, elke keer, oor en oor, long and rambling and all the same, tot jy wil kots. Dronkmanstories van watse hero my pa was, al die goed wat hy gedoen het, die ouens wat hy geslaan het, die base vir wie hy gesê het keep your jobs, oor en oor, oor en oor. En toe een aand toe slaan hy my ma, en ek try hom keer, en hy slaan vir my, hy **slaan**	517 (projek)	Domingo may have been at the table talking to me, but really I could tell he was back in Worcester. You didn't often see Domingo's eyes, I think because he knew his eyes were windows to his soul. I saw his eyes were distant, and **hurting**. He said, Birdy, for weeks I sharpened that bicycle spoke, its tip was sharp. I wanted to kill him, but didn't have the courage. I wanted to kill him, I pictured it in my mind, as he lay dead drunk, how I'd slip the spoke between his ribs, just like they did in **Brandvlei Prison**, but I didn't have the courage. It's a big step, to kill another human being. Even when you have the heart and the motivation. Even when it's in self-defence. A very big step. For weeks I sat and listened to his drunkard's tales, you know those stories, Birdy? They're all the same, every time, over and over, long and rambling and all the same, until you want to throw up. Drunkard's tales about what a hero my father was, all the things he had done, the guys he had beaten up, the bosses he had told just keep your stupid job, over and over, over and over. And then one night he hit my ma, and I tried to stop	470 (project)

my so stukkend, Birdie, en my boetietjie try hom keer, en hy slaan my klein boetietjie, hy was maar elf, **hy slaan hom ook stukkend.** Daardie aand, Birdie, toe gaan druk ek daai bicycle spoke deur my pa se ribbes, en ek maak vir hom vrek.		him and he hit me, he **beat me black and blue**, Birdy, and my little brother tried to stop him, and he hit my little brother, he was just eleven, he **beat him to a pulp too**. That night, Birdy, I shoved that bicycle spoke between my father's ribs, and I killed him, in his bed.	

In hierdie aanhalings is daar 'n paar kenmerkende verskynsels ten opsigte van die vertaling. Eerstens word Domingo se dialoog hier vanuit die perspektief van Birdie aangebied, wat die verhaal aan Nico vertel, alhoewel Nico die een is wat hierdie verhaal in sy memoires neerpen. Die dialoog wat hier verskyn is tegnies Domingo se dialoog, maar word nie in berekening gebring as die dialoog wat hy andersins in die roman sou gebruik het nie – die feit dat daar van kodewisseling in hierdie spesifieke gedeelte gebruik gemaak word, is wel opvallend. Verder is daar ook 'n tydsprong tussen die Afrikaans en Engelse weergawe in die voorafgaande aanhaling.

Enkele voorbeelde word uit die bostaande teksgedeeltes uitgelig wanneer daar na spesifieke woorde of sinne ten opsigte van die vertaling gekyk word. Die eerste opvallende verskil is die gebruik van die woord "release" teenoor die bronteks se "verlossing". Myns insiens sal die Afrikaanse ekwivalent vir "release" "verligting" wees, veral in hierdie konteks, maar die aanlyn Pharos gee eerstens die vertaling van "release" aan as "loslating, vrylating, ens.", tipies in die geval van 'n gevangene. Tweedens word "verlossing, lossing, bevryding" as vertaling gebied, en die twee woorde kan dan in die opsig as ekwivalente van mekaar beskou word.

Die tweede opvallende verskil is die gebruik van "hand" in die bronteks teenoor "they" in die doelteks. In die Afrikaanse weergawe het Nico net een hand gehad wat geswel is, terwyl albei sy hande in die Engelse weergawe geswel is. In die konteks van die roman het Nico 'n vuisgeveg met die pastoor gehad en dit is die rede waarom sy hand geswel is. Die verskil in betekenis kan dan aandui dat Nico net een hand tydens die geveg gebruik het en dit kan tot 'n mate minder ernstig voorkom as wanneer iemand albei hande in 'n vuisgeveg gebruik. Die vertaling bring nie 'n merkwaardige verskil in die betekenis mee nie, maar vir hierdie spesifieke vertaling is daar nie 'n ekwivalent aan die leser gebied nie.

Die derde opvallende verskil in hierdie teksgedeeltes is die gebruik van "it hurts" teenoor "hurting". In die Afrikaanse teks is daar 'n meervoudige betekenis wat die leser kan aflei,

waarvan een is dat Domingo seer het as gevolg van sy slegte herinneringe of dat Birdie ’n empatieke seer ervaar omdat sy kan sien Domingo se gedagtes is elders, by slegte herinneringe. Die doelteks dui duidelik daarop dat Domingo se oë wys dat hy die een is wat seer het. Die Afrikaanse teks behou die enigmatiese figuur van Domingo deur hierdie onsekerheid by die leser te skep, teenoor die Engels wat nie voortbou op hierdie karaktersketsing van Domingo nie. Die Afrikaanse teks maak van die Engelse “it hurts” gebruik en dit kon moontlik net so oorgedra word na die Engels om ’n ekwivalente effek te bewerkstellig, maar in hierdie geval is dit nie gedoen nie.

Laastens voorsien die doelteks ook ’n mate van ’n omskrywing in die vertalings van “Brandvlei Prison” teenoor “Brandvlei”, “beat me black and blue” teenoor “slaan my so stukkend” en “beat him to a pulp too” teenoor “hy slaan hom ook stukkend”. Met die eerste voorbeeld wat hier voorsien word, neem die vertaler aan dat die leser van die Engelse teks nie sal weet wat Brandvlei is nie, terwyl Afrikaanssprekende lesers dit wel sal weet. In die tweede en derde voorbeeld is daar afwisseling in Domingo se taalgebruik om “stukkend slaan” te beskryf. In die bron- en doelteks kan hierdie manier van praat as idiomaties beskou word en dit kan beskou word as ’n ekwivalent vir die frases wat gebruik word, maar nie ten opsigte van Domingo se karakter nie. Die woorde wat Domingo in die doelteks gebruik, kom nie so grof of rou voor soos in die bronteks nie. Hierdeur word daar nie ’n ekwivalente effek in die doelteks bewerkstellig nie.

4.3. Uitbeelding van kultuur en die invloed op ekwivalensie

Die doel van hierdie afdeling is om die volgende navorsingsvraag gedeeltelik te beantwoord:

- Watter strategieë word deur die vertaler van *Koors* aangewend om kodewisseling te vertaal ten opsigte van die uitbeelding van die karakter, Domingo?

Die voorafgaande afdeling (4.2.) fokus op Domingo se dialoog in *Koors* en die manier waarop Meyer dit in die Afrikaanse roman uitbeeld deur spreukbeurte van Domingo te analiseer en aan te dui hoe kodewisseling as deel van Kaaps gebruik word om ’n kultuurspesifieke manier van praat uit te beeld. Die volgende afdeling fokus op die meer algemene kultuuraspekte van Kaaps en hoe Domingo se karakter hierby aansluit. Verder word daar ook na die manier gekyk waarop ’n ekwivalente effek in die vertaling bereik is, al dan nie.

4.3.1. Kaaps en kultuur

Culpeper (2011:116) argumenteer dat dit vir ons makliker is om mense te sien as deel van ’n sosiale groep as om hulle te sien as individue. Dit is om hierdie rede dat nie net dialekte deel vorm van hierdie bespreking nie, maar ook die sosiale groep wat die dialek praat. Die bogemelde perspektief bied die geleentheid om Domingo as ’n spreker van Kaaps te

ondersoek en ook die manier waarop Kaaps as kultuur uitgebeeld word. Hendricks se perspektief word egter hier toegepas, en Domingo se dialoog en manier van praat word beskou as ’n idiolektiese uitbeelding van Kaaps. Meyer (2019b) bevind dat Kaapssprekendes van Stellenbosch dieselfde dialek praat as dié van Worcester se bruin gemeenskap. Hieruit kan daar afgelei word dat verskillende bruin gemeenskappe wel ooreenstemmende taalgebruik toon. Meyer (2019b) beklemtoon dat die dialoog in ’n teks ’n fiktiewe weergawe is van hoe Kaaps in die werklikheid gepraat word omdat dit in diens van die storie staan.

Verder kan elemente van Domingo se verlede moontlik verteenwoordigend wees van die gewelddadige aktiwiteite wat deel vorm van die hedendaagse Cape Flats (ook Die Kaapse Vlakte) en moontlik ander informele nedersettings in die omliggende areas. Volgens Hendricks (2019) in ’n berig geplaas op *Independent Online* (beter bekend as IOL), word die Cape Flats beskou as ’n “gang-ridden hot spot”. Meyer (2019b) verduidelik dat Domingo uit ’n gemeenskap moet kom wat geloofwaardig moet wees, byvoorbeeld die aspekte oor sy verlede en die feit dat hy as gevolg van misdadige aktiwiteite in die tronk was. Hierteenoor is daar ook ’n kenmerkende sin vir humor wat deel vorm van die Kaapssprekendes se gemeenskappe. Volgens SA-V (sa-venues.com, 2019) het die mense wat in hierdie nedersettings woon dan ook die vermoë om die humoristiese kant van die lewe te sien. Hierdie humorsin is merkbaar op Vannie Kaap se Instagram-blad. ’n Platform wat ’n meer hedendaagse perspektief gee oor Kaapssprekendes se kultuur is die Instagram-blad, Facebook-blad en webwerf, *Vannie Kaap*. Op hierdie blad word daar kenmerkende aspekte van die Kaapssprekendes se kultuur uitgebeeld en word die inklusiewe benadering van Van der Waal gevolg (sien 2.2.1.). Myns insiens bied hierdie platform vir baie Kaapssprekendes ’n sentrale punt waarop verskeie sienswyses en aspekte oor die kultuur uitgebeeld kan word en die volgende aanhaling is relevant vir hierdie studie: “Some people speak and write in Kaaps, get over it” (Vannie Kaap, 2019). Kenmerke van humor vorm wel nie volledig deel van Domingo se karakter nie, maar in die interaksie tussen Domingo en Birdie kom daar tog so ’n humoristiese element na vore.

Wanneer daar besin word oor die “ekwivalente effek” (sien 2.4.) is daar verskeie faktore wat ’n rol speel in die vertaler se taak as ’n ekwivalensieskepper (aldus Pym, 2007). Een van hierdie aspekte wat die vertaler in ag moet neem, is die manier waarop ’n karakter in die bronteks deur ’n skrywer uitgebeeld word. Die skrywer besluit om ’n karakter op ’n spesifieke manier te laat praat en moet ook in ag neem wat die beperkinge van die medium is waarin hy/sy met die leser kommunikeer (vergelyk byvoorbeeld Nico se dialoog met dié van Domingo). So ook moet die vertaler besluit hoe om hierdie karakter op ’n ekwivalente wyse – hetsy ’n formele of dinamiese ekwivalent – uit te beeld. Na aanleiding van die verskillende strategieë wat Hatim en Mason (1990:245) identifiseer om niestandaardelemente in dialoog

te vertaal, word die strategie gebruik om niestandaardelemente in standaardtaal in *Fever* te vertaal, wat beteken dat die effek wat so ’n element soos die gebruik van Kaaps op die leser sou hê, verlore gaan. Uit die bostaande voorbeelde blyk dit dat die vertaler tot ’n groot mate wel ’n ekwivalente effek met die vertaling bewerkstellig het. In ooreenstemming met Hatim en Mason is die effek wat niestandaardelemente op die leser sal hê, verlore in die Engelse teks, maar daar is ook betekeniswinste van ander elemente.

In die onderhoud met Meyer (2019b) sê hy dat die leser ’n verlies daaraan het om hierdie niestandaardelemente soos Domingo se dialoog te ervaar, maar dat die boek as ’n storie werk. Verder spreek Meyer (2019b) die mening uit dat die Engelse leser nie dieselfde waarde sal heg aan Kaaps as die niestandaardelement nie en dat die emosionele reaksie van lesers van die Engelse teks (en ander tale) dieselfde is. Hierdie stelling van Meyer (2019b) stem ooreen met die bevinding van Culpeper (2011:157) dat sy Maleise studente nie die Skotse aksent wat in ’n advertensie gebruik is, verstaan het nie. In afdeling 2.4. is daar vier afleidings gemaak op grond van Culpeper (2011:157) wat aangetoon het dat sy Maleise studente nie die Skotse aksent van die advertensie wat hy vir hulle gewys het, verstaan het nie, en wat hier aangevul word met beperkte bevindinge uit die analises:

1. Die verbuiging van woorde en die aanpassing van spelling is nie noodwendig geslaagd om ’n spesifieke aksent of manier van praat uit te beeld nie. Na die analises van die dialoog en die insigte wat Meyer (2019b) in die onderhoud gebied het, is dit duidelik dat die karaktereienskappe van Domingo steeds in *Fever* oorgedra word, en sy karakter “staan in diens van die storie”. Dit is dus nie nodig vir die aanpassing van spelling of verbuiging van woorde om die karakter suksesvol uit te beeld nie. So ’n aanpassing sou heel moontlik net die leser verwar of hy/sy sou dit steurend vind.
2. Konteks sal geskep moet word om die leser beter in te lig oor waarom ’n spesifieke manier van praat in die teks gebruik word. In hierdie geval is daar konteks geskep oor die agtergrond van Domingo en indien ’n Amerikaanse leser sou weet dat Kaapssprekendes op ’n bepaalde manier praat deur onder andere gebruik te maak van kodewisseling, word die leser van Domingo se agtergrond as aanvullende inligting bekendgemaak. Die kodewisseling wat dit sou uitbeeld, word egter wegvertaal.
3. Konteks sal nodig wees om die kode van die aksent te dekodeer. Hierdie konteks sal nie net deur die teks geskets kon word nie. Agtergrondinligting oor die karakter sal ’n aanduiding kan gee, maar moontlike ekstra voetnotas sou vir meer konteks en verduideliking bygevoeg moes word.

4. Soos Culpeper (2011:167) uitwys, het die skrywer (gewoonlik) net linguistiese middels tot sy/haar beskikking om te in ’n teks soos ’n roman karakteriseer. *Fever* is reeds ’n redelike dik boek en indien die skrywer/vertaler Domingo se dialoog deur middel van nog teks moes omskryf of verduidelik sou die roman selfs nog langer wees en dit raak op ’n spesifieke punt onprakties en nie meer winsgewend nie.

Wanneer een stel linguistiese middels (byvoorbeeld Afrikaans) vertaal word, gebruik die vertaler ’n nuwe stel linguistiese middels (in hierdie geval Engels) en is daar bepaalde uitdagings wat die vertaler teëkom. Na aanleiding van die vertaler wat as ’n ekwivalensieskepper beskou word, word vertaalbesluite op ’n spektrum van ’n doelteks- en bronteksgerigte benadering geneem en die posisie van die romans onder bespreking binne die polisisteem kan moontlik duidelikheid oor spesifieke vertaalbesluite bied.

4.4. Die doel, funksie en posisie van Meyer se vertaalde teks in die Amerikaanse polisisteem

’n Opvolgende doelwit van hierdie studie is om te bepaal wat die doel, funksie en posisie van die Engelse vertaling van Deon Meyer se misdaadroman in die Amerikaanse literêre polisisteem is. In hierdie afdeling word ook die verdere gedeelte van die vorige navorsingsvraag en doelwit beantwoord. Hiervoor word daar eerstens van die parateks van *Fever* gebruik gemaak. Verder sal daar ook na die aanlyn resensies van Meyer se roman in hierdie polisisteem gekyk word soos deur lesers en kritici bepaal. Soos daar in 3.4.4. aangedui is, is die parateks gelyk aan die periteks en die epiteks. Daar sal eerstens gefokus word op die periteks, wat insluit ’n bespreking van die roman se voorblad en die inhoud aan die voor- en agterkant van die roman. Hierna sal die resultate bespreek word.

4.4.1. Paratekstuele analise

Die voorblad van *Fever* soos dit deur Grove Atlantic (2019) voorsien word, is oorwegend oranje met bruin vlekke, wat herinner aan ’n ou foto –moontlik ’n uitbeelding van ’n tyd in die verlede. Aan die linkerkant van die voorblad sien die waarnemer die rugkant van twee manlike figure wat op ’n verweerde teerpad in die rigting van ’n huis stap. As die inhoud van die teks in gedagte gehou word, is hierdie manlike figure heel moontlik Nico en sy pa, Willem. Daar word in die openingsgedeeltes van die teks beskryf hoe Nico en sy pa probeer om te oorleef en hoe hulle in ’n huis wegkruip, en dit hou nou verband met die beeld wat die leser op die omslag/voorblad teëkom. Verder verskyn die titel ook op die omslag, tesame met ’n aanhaling van Stephen King: “Reminiscent of *The Stand* and *The Passage.* Great stuff.” Stephen King word ook as een van die wêreld se suksesvolste skrywers beskou en hy het al meer as 50 boeke gepubliseer (Stephen King, 2019); dit is moontlik die rede waarom hierdie aanhaling

op die voorblad verskyn. Onder die titel verskyn die literêre vorm wat hierdie boek aanneem, genaamd “a novel” (wat vertaal kan word na “’n roman”). Aan die onderkant van die voorblad verskyn die naam van die outeur, Deon Meyer, duidelik sigbaar, hoewel dit kleiner as die titel is.



Figuur 3: Voorblad van* Fever *(e-boek)

Die volgende inligting oor die periteks van die roman is verkry uit ’n e-boek wat met spesiale vergunning van Grove Atlantic gebruik is. Die e-boek se data is dikwels makliker verwerkbaar en die inhoud kan in sommige opsigte van die gedrukte weergawe verskil. Die Amerikaanse gedrukte weergawe is nie vrylik in Suid-Afrika beskikbaar nie, waar boekwinkels die uitgawe verkoop wat deur Hodder en Stoughton uitgegee word. Die inhoud imprintblad van die roman sluit die titel van hierdie roman in, *Fever*, met die beskrywing “The memoirs of Nicolaas Storm, concerning the investigation of his father’s murder”. Verder verskyn daar ook ’n lys titels van ander werke deur Deon Meyer. Daarbenewens verskyn ook die titel, die literêre vorm, “a novel”, die skrywer se naam, Deon Meyer, en dat hierdie roman uit die Afrikaanse weergawe deur KL Seegers vertaal is. Verder word die uitgewer se naam, “Grove Press” en “New York” aangedui. Die kopiereg van die roman word aangedui en ook dat daar kopiereg op die Engelse

vertaling is. ’n Kennisgewing dat reproduksie van die boek verbied word, word ook voorsien. Inligting van ander uitgewers word aangebied, naamlik die oorspronklike uitgewer, Human & Rousseau, as die uitgewer van *Koors* in 2016; en die eerste uitgewer van die Engelse roman, Hodder en Stoughton, ’n Hachette VK Maatskappy in Groot Brittanje, in 2017. Meer besonderhede van Grove Press word voorsien en daar word aangedui dat hulle deel vorm van Grove Atlantic in New York en dat die roman versprei word deur Publishers Group West.

Nadat al die uitgewers se inligting en ander besonderhede voorsien is wat tipies op die kolofon van ’n roman verskyn, tref die leser die inhoudsopgawe aan[66]. Dit toon hoe die roman verdeel is. Die inhoudsopgawe dui ook aan hoe die roman in spesifieke jare verdeel word, naamlik “Die Jaar van die Hond”, “Die Jaar van die Kraai”, “Die Jaar van die Jakkals”, “Die Jaar van die Vark” en “Die Jaar van die Leeu”. In die roman self kan die leser sien dat elk van hierdie indelings ook onderverdeel word in hoofstukke met nommers van twee tot eenhonderd en twintig. Die eerste hoofstuk is voor die “jaar”-indelings geplaas. Na die inhoudsopgawe word die leser van ’n kaart van Suid-Afrika voorsien, wat die leser ’n aanduiding gee van die mees prominente plekke wat in die roman teëgekom word. Voor die eerste hoofstuk is daar ook aanhalings wat Meyer in die oorspronklike Afrikaanse weergawe ingesluit het, wat deel vorm van die periteks. Hierdie aanhalings hou verband met die formaat en inhoud van die boek. Voorbeelde hiervan in Meyer (2017) sluit die volgende in:

> The initial mystery that attends each journey is: how did the traveller reach his starting point in the first place? — Louise Bogan
> Memories of mortification persist for decades . . . — Oliver Burkeman, Help
> Every autobiography is concerned with two characters, a Don Quixote, the Ego, and a Sancho Panza, the Self. — W.H. Auden
> Autobiography is usually honest but it is never truthful. — Robert A. Heinlein, Friday
> Down these mean streets a man must go who is not himself mean, who is neither tarnished nor afraid. The detective must be a complete man and a common man and yet an unusual man. He must be, to use a rather weathered phrase, a man of honour. — Raymond Chandler

Hieronder is die voorblad van die Afrikaanse e-boek, *Koors*. Die verskille met die Amerikaanse weergawe is opmerklik:

[66] In die Afrikaanse e-boek word die leser nie van ’n inhoudsopgawe voorsien nie en die tipiese kolofon inligting verskyn aan die agterkant van die roman. Ander titels van werke deur Meyer word ook aan die agterkant van die e-boek voorsien asook ’n lys van titels van werke wat as luisterboeke beskikbaar is.



Figuur 4: Voorblad van* Koors *(e-boek)

Op hierdie voorblad is daar geen aanhaling van ’n ander bekende skrywer nie en die roman kondig aan dat Deon Meyer “Die gewildste skrywer in Afrikaans” is. Verder is daar ook ’n lokfrase aan die onderkant van die roman om die leser nuuskierig te maak. Wanneer die visuele elemente vergelyk word met dié van die Amerikaanse uitgawe, word die fokus van die pa-en-seun-verhouding verskuif na die gemeenskap wat hulle vesting langs die dam maak, waar die lokfrase weer die leser bewus maak van die pa-en-seun-verhouding wat in die roman voorkom. In vergelyking met *Fever* is die verhouding van die naam en titel se grootte ongeveer dieselfde. Die manier waarop hierdie voorblad ontwerp is, is al deel van die Deon Meyer-handelsmerk.

Op die laaste bladsy van die e-boek van die Amerikaanse uitgawe, *Fever,* sal die leser ’n erkenningsafdeling, bibliografie en glossarium aantref. Die glossarium is ’n interessante toevoeging tot die Engelse uitgawe. Hierdie glossarium sluit woorde in wat tipies in die roman gebruik word maar nie werklik ’n ekwivalent in Engels het nie. Woorde wat in die glossarium opgeneem is, sluit die volgende in (Meyer, 2017:535):

Aerie – Slang for ‘aeroplane’.
Bakkie – Afrikaans for ‘pick-up truck’.
Blikslater – Softer version of the mild Afrikaans profanity ‘bliksem’, used as an adverb: ‘You blikslater = ‘you bastard’. Or an exclamation or adjective (‘Damn!’ or ‘damned’).
Dassie /Dassies – small, furry animal found in the western semi-desert region of South Africa called the ‘Karoo’. English name: Cape hyrax.
Donga – South African English for a gully, or gulch.
Duiker/s – small African antelope.
Jakkalsdraffie – ‘Jakkals’ = ‘jackal’. ‘Draffie’ = ‘to jog’. It refers to the way the African jackal jogs through the veld, an effortless gait.

Daar is in totaal 24 woorde in die glossarium opgeneem. Daar is uiteraard geen glossarium in die Afrikaanse uitgawe nie omdat al die woorde wat hierin gebruik word relatief bekend vir die gemiddelde Suid-Afrikaanse, Afrikaanse leser is. Hierdie glossarium is ook verteenwoordigend van die ander moontlike kodewisseling wat in *Fever* voorkom.

Die paratekstuele elemente gee ’n aanduiding van die funksie en posisie van Meyer se roman binne die Amerikaanse literêre polisisteem, wat in die volgende afdeling bespreek word. Hierdie bespreking het ook ten doel om die bevindinge wat deels verband hou met die navorsingsvraag van die posisie van Meyer se romans binne die Suid-Afrikaanse en Amerikaanse literêre polisisteem, te beantwoord.

4.4.2. Die funksie en doel van Meyer se romans in die Amerikaanse literêre sisteem

Die eerste navorsingsdoelwit is om Deon Meyer se *Koors* en *Fever* binne die relevante polisisteme te kontekstualiseer. ’n Ondersoek na die doel, funksie en posisie van die Engelse vertalings in die Amerikaanse polisisteem sal lei tot beter insigte oor waarom Meyer se romans gekies word om deel van hierdie polisisteem te vorm. Uit die voorafgaande bespreking van die parateks (met fokus op die periteks) sal daar tot ’n mate ’n antwoord gegee kan word op die vraag oor watter posisie Meyer se tekste binne die relevante polisisteme inneem.

In die e-boek van *Fever* word die leser nie onmiddellik op die voorblad bewus gemaak van die feit dat die roman ’n vertaling is nie, maar wel binne die eerste drie bladsye van die roman. Hier word aangedui dat die roman uit Afrikaans deur KL Seegers vertaal is. Op die voorblad is daar geen aanduiding dat hierdie roman ’n tipe van post-apokaliptiese roman is nie en indien die leser Meyer se ander werke ken, mag hulle moontlik ’n tipiese misdaadroman verwag. Die Amerikaanse uitgewers het besluit om Stephen King se mening oor die boek op die voorblad te plaas. Hierdie aanhaling is strategies daar geplaas omdat dit die leser ’n aanduiding gee

van wat hy/sy kan verwag. *The Passage* deur Justin Cronin word deur The Guardian (2010) beskryf as ’n post-apokaliptiese vampierverhaal en *The Stand* deur Stephen King word deur Amazon (2011) beskryf as Stephen King se apokaliptiese uitkyk op ’n wêreld wat deur ’n plaag oorrompel is. Die aanhaling is dus nie net ’n bemarkingsgeleentheid vir die Amerikaanse uitgewers van die roman nie, maar bied ook die leser insig in wat in die roman verwag kan word.

Die inligting wat deur die parateks van die roman, *Fever*, gebied word, is tweevoudig. Die eerste is dat die roman ’n vertaling is (alhoewel dit nie eksplisiet genoem word nie) en dat die polisisteem ontvanklik vir vertalings vanuit die brontaal is. Hierdie inligting tref die leser aan in die voorste inhoud van die roman. Die tweede is dat alhoewel Meyer ’n misdaadfiksieskrywer is, hierdie roman ook deel vorm van die literêre polisisteem wat apokaliptiese/post-apokaliptiese romans insluit. Die ontvanklikheid vir hierdie roman van Meyer mag daaraan te danke wees dat hy in 2011 reeds een van die VSA se topboekpryse, die American Barry Prize for Best Thriller, gewen het (sien 2.5.2.2.) en daarom reeds deel van die Amerikaanse literêre polisisteem vorm. Verder mag die Amerikaanse polisisteem ook ontvanklik vir hierdie roman wees omdat dit ’n post-apokaliptiese verhaal is en aansluit by ander romans wat in dieselfde kategorie geplaas word en bekend is onder lesers in Amerika. Hierdie punte toon dat Meyer se romans, en spesifiek dan *Fever*, die grense van misdaadfiksie en vertaalde werke se polisisteme oorskry en aanklank by die lesers in Amerika vind, en vanuit hierdie perspektief ’n verkooppunt word.

4.4.3. Aanlyn resensies van Meyer se Engelse roman, *Fever*

Die gebruik van aanlyn resensies van ’n spesifieke roman deur resensente sowel die algemene leserspubliek bied die moontlikheid om die posisie van ’n roman binne ’n bepaalde literêre sisteem te plaas. Om te verseker dat resensies gebruik word wat spesifiek vir die Amerikaanse uitgawe van die roman geskryf is, moes daar noukeurig gesoek word vir spesifiek Amerikaanse platforms wat resensies plaas. Dit was ook nodig om die oorsprong vas te stel van resensies wat deur die algemene leserspubliek geskryf is. Sommige platforms is tipies Amerikaans, maar ander (soos Amazon) is internasionale aanlyn winkels wat ’n wyd verspreide leserspubliek bedien. Om te verseker dat resensies gebruik word wat wel deur Amerikaners geplaas is, is daar slegs gebruik gemaak van resensies waarvan die leser se profiel aangedui het dat hulle in Amerika woon.

In vroeër afdelings (2.5.2. en 2.5.3.) is reeds verwys na die ontvangs van Meyer se romans in beide Suid-Afrika en in Amerika. Die bespreking in hierdie afdelings dra by tot die diskoers oor misdaadfiksie en die posisie wat hierdie genre in die groter literêre polisisteem inneem. Die bespreking van aanlyn resensies in hierdie afdeling word gebruik om te bepaal watter

posisie Meyer se roman *Fever* as ’n vertaalde misdaadfiksieroman in die Amerikaanse polisisteem inneem met betrekking tot hierdie stelsel wat ondersoek word. Even-Zohar (1990:46) argumenteer dat die posisie van ’n vertaalde teks bepaal word deur die spesifieke “konstellasie” van die polisisteem wat ondersoek word (sien 2.5.1.).

Die eerste resensie wat bespreek word, is geskryf deur Michele Leber en is geplaas op Booklist Online[67] (die resensie is ook te sien op Deon Meyer se webwerf). In hierdie resensie noem Leber (2017) die volgende oor *Fever*:

> But this is less a mystery in any sense than a thought-provoking, postapocalyptic examination of the human condition, with two diverse views of our species: Willem’s core empathy versus Domingo’s assertion that men are animals. With its stunning final revelation, this is a remarkable literary achievement.

’n Ander resensie wat op Publishers Weekly[68] gepubliseer is, geskryf deur Richard Pine (2017), beskryf *Fever* as “Meyer (Trackers) neatly integrates a whodunit into a sophisticated postapocalyptic thriller set in South Africa” en sê dat “Willem’s tireless efforts are clouded by the reader’s knowledge of how things will end for him, and Meyer effectively teases his ultimate reveal. Thoughtful character development complements the clever storytelling.” Albei hierdie resensies deur kritici dui op ’n positiewe ontvangs van *Fever*, maar hierteenoor sluit Christopher Chan (2018) sy resensie wat op The Strand Magazine[69] se webwerf gepubliseer is, af met die volgende opmerking oor *Fever*: “Bottom line: the closing pages eviscerate the tone that the previous hundreds of pages built with a rushed, clumsy, and utterly unsatisfying denouement.” Chan (2018) lys ook positiewe punte van die roman, maar sy slotsin is nie so positief soos die bogenoemde resensies nie.

---

[67] Volgens die “FAQ” afdeling op Booklist Online (2019) word die volgende beskrywing oor hierdie webwerf gegee: “*Booklist* is a book-review magazine that has been published by the American Library Association for more than 100 years, and is widely viewed as offering the most reliable reviews to help libraries decide what to buy and to help library patrons and students decide what to read, view, or listen to.” en “*Booklist Online* is the web version of the *Booklist* print magazine.”

[68] Volgens Publishers Weekly se “About”-afdeling word die volgende inligting voorsien: “*Publishers Weekly*, familiarly known in the book world as *PW* and "the bible of the book business," is a weekly news magazine focused on the international book publishing business. It is targeted at publishers, booksellers, librarians, literary agents, authors and the media. It offers feature articles and news on all aspects of the book business, bestsellers lists in a number of categories, and industry statistics, but its best known service is pre-publication book reviews, publishing some 9,000 per year.”

[69] Volgens die “About The Strand Magazine”-afdeling op The Strand Magazine (2019) se webwerf word hierdie tydskrif beskou as: “a quarterly which offers the best of both worlds—publishing previously unpublished works by literary masters such as John Steinbeck, F. Scott Fitzgerald, Joseph Heller, Mark Twain, Tennessee Williams and H.G.Wells, as well as new works of fiction by today’s bestselling authors such as Alexander McCall Smith, Michael Connelly, Joseph Finder and Jeffery Deaver. Our reviews section looks at the latest mystery/thriller offerings, Sherlock Holmes pastiches, and anthologies, in addition to audiobooks and DVDs.”

Buiten die resensies wat deur literêre kritici geskryf is, is daar ook resensies van die algemene leserspubliek beskikbaar. Om te verseker dat slegs resensies wat van toepassing is op die Amerikaanse uitgawe van die roman gebruik word, moes aanlyn resensies noukeurig deurgewerk word. Op Amazon is daar in totaal 125 kliënteresensies, waarvan 19[70] deur Amerikaners geskryf is. Elkeen van die kliënte se profiele is nagegaan om te bepaal of hulle 'n aanduiding gegee het uit watter land hulle kom. Negentien van hierdie kliënte is volgens hulle Amazon-profiel woonagtig in Amerika. Met die soektog het nie alle kliënte hulle stad of land bygevoeg nie en daar mag moontlik meer as net 19 Amerikaners wees wat 'n resensie geskryf het, maar hier sal slegs resensies gebruik word van die algemene leserspubliek wat tans in Amerika woonagtig is.

Amazon (2019) gebruik 'n staafgrafiek met 'n die gradering ("rating") van wat elke leser aan die roman toeken. Met 125 lesers se gradering in ag geneem, het die hierdie roman 'n gemiddelde gradering van 4.4 uit 5 sterre ontvang. Vyftien van die 19 Amerikaanse lesers het die roman 5 sterre gegee. Van hierdie lesers het die volgende opmerkings saam met hulle gradering gemaak:

> "The book may be 530 pages long, but it is very hard (truly, almost impossible) to put down—at least for someone like me who is interesting [*sic*] in how things work, or don't." (Victoria Weisfield, 11 April 2018).
>
> "Really interesting story told in a way that could actually happen." (Nana Sherry, 18 Desember 2017).
>
> "The author is from South Africa and the novel is also placed in South Africa using geographical names, flora, fauna and the like. It makes it real yet also foreign at the same time. Thoroughly enjoyed it with the unusual twists towards the end [sic] the book." (Daniel L. Driewer, 21 November 2017).
>
> "I have read every book Mr Meyer has had translated into English and loved them all. Although I miss Bennie I hope I will see him again, hopefully sober and productive, in a future book. But this book held me spellbound from start to the unpredicted finish." (Barb B, 15 September 2017).
>
> "I'm a fan of Deon Meyer's work, so I was intrigued find he'd written a stand-alone post-apocolyptic novel. Great exploration of ethical themes in reinvention of society

[70] Uit die 19 geïdentifiseerde lesers, het 13 lesers die Kindle-uitgawe gelees en die ander ses die hardebanduitgawe.

> wrapped in a terrific thriller with well developed and complex characters. Truly enjoyed it!" (T Stricker, 18 November 2018).
>
> "The characters, Africa after an apocalypse, twists and turns all told with compassion and condemnation. Don't miss it! I was sorry that it had to end." (JOANNE MANSELL, 18 Julie 2019).

Van die opmerkings ("resensies") wat die vier ander lesers gemaak het wat nie vyf sterre vir hulle gradering gegee het nie, lui soos volg:

> "Much of the story is told from Nico's perspective and his trials over the next four years. Nico has some special physical skills but he is no more mature than your next door neighbor's teenager. He's annoying; I never got to a point where I cared for him nor for his issues. The story goes on and on and then with about 20 pages to go we get The Big Explanation. The Big Twist. I didn't like it all, I thought it was a bit silly." (Kenneth C. Mahieu, 11 November 2017). (Gradering: 2 sterre)
>
> "I wish the last third (half) weren't wasted on war and battles. I can read that anywhere and it's formulaic and boring." (Barbara Morrell, 22 Februarie 2018). (Gradering: 3 sterre)

Uit hierdie aanlyn resensies van die algemene leserspubliek is daar verwysings na verskeie aspekte in die roman, onder andere die karakterontwikkeling, maar daar word ook klem gelê op die feit dat die roman in Suid-Afrika (of Afrika) afspeel. Hierdie onbekende omgewing bied vir die lesers 'n interessante perspektief op 'n post-apokaliptiese omgewing en bied lesers die geleentheid om 'n vreemde kultuur en ongewone karakters te ervaar. Die resensies verwys ook gereeld na Meyer se ander romans, wat as 'n aanduiding kan dien dat die leserspubliek ook met van sy ander werke vertroud is.

'n Resensent vanuit die algemene leserspubliek het ook daarna verwys dat hierdie roman 'n vertaling is:

> "The author, Deon Meyer, was born in South Africa and wrote the book in Afrikaans. So, to me, part of the price being charged is for the English translation of this very long book into English by Laura Seegers (and she did a brilliant job)." (Cheryl Stout, 28 Augustus 2019).

Hierin noem die persoon dat die vertaler ook 'n baie goeie werk gelewer het. So 'n tipe stelling kan aandui dat buitelandse lesers en veral lesers van die Amerikaanse algemene publiek, *Fever* positief, veral ten opsigte van die vertaling, ontvang. Verder het twee van die algemene leserspubliek se resensies oor *Fever* melding gemaak van top- Amerikaanse skrywers soos

Stephen King en Cormac McCarthy en genoem dat Meyer se roman op dieselfde kerf as ’n roman soos *The Stand*[71] geklassifiseer kan word. Alhoewel Meyer se werke deel van die vertaalde spanningsverhaalliterêresisteem vorm, beweeg hy dus nader aan die sentrale posisie van spanningsverhale in die Amerikaanse literêre sisteem.

4.4.4. Die posisie van Meyer se roman in die Amerikaanse literêre sisteem

Even-Zohar (1990:46) voer aan dat die posisie van ’n vertaalde teks bepaal word deur die spesifieke “konstellasie” van die polisisteem wat ondersoek word, en dat dit nie beteken dat ’n vertaling van ’n teks in alle gevalle op die periferie van enige gegewe polisisteem gesien kan word nie (sien 2.5.1.). Voorts is Even-Zohar van mening dat populêre genres, soos niegekanoniseerde literatuur, dikwels beskou word as sekondêre of perifere sisteme en dat daar geargumenteer kan word dat populêre misdaadfiksie oor die algemeen ’n sekondêre of perifere sisteem is (en sodanige posisie inneem) in die literêre polisisteem (sien 2.5.2.1. en 2.5.3.1.). Alhoewel Barrow (2016:87) bevind dat Meyer se romans in die sentrum van die misdaadfiksiesubsisteem figureer, beklee Meyer se roman volgens Even-Zohar se teorie ’n perifere posisie in hierdie subsisteem. Op grond van die bostaande resensies deur beide literêre kritici en die algemene Amerikaanse leserspubliek, en veral ook omdat Meyer se romans naas bekende Amerikaanse skrywers genoem word, blyk dit dat *Fever* ’n meer sentrale posisie in die subsisteem, naamlik vertaalde spanningsverhale inneem.

So ’n sentrale posisie van Meyer se roman in die voorgenoemde subsisteem kan ’n aanduiding wees van die tipe vertaalstrategieë wat gebruik is. Vergelyk hier die bespreking van “repertoremes” en “tekstemes” (2.5.1.) wat klem lê op die repertoire van ’n spesifieke skrywer of teks. Hierdie “repertoremes” vorm ’n unieke netwerk van verhoudings in ’n teks, aldus Toury (2012:304). Die unieke netwerk van verhoudings kan gesien word in die manier waarop ’n roman volgens genre geklassifiseer kan word, maar sluit ook tipiese linguistiese en narratiewe elemente in (sien 2.5.1.) en die proses van vertaling kan hierdie netwerk van verhoudings beïnvloed. Die vertaler kan besluit om van meer konvensionele repertoires gebruik te maak, of van meer innoverende repertoires – veral as hierdie tekste nader aan die sentrum van die literêre sisteem is (Even-Zohar, 1990). Wanneer die genre of struktuur van *Fever* in ag geneem word, blyk dit dat daar van ’n meer konvensionele repertoire gebruik gemaak is (moontlik die sterk herinnering aan *The Stand*), maar wanneer die narratiewe en linguistiese elemente daarvan in ag geneem word, is daar van ’n meer innoverende repertoire gebruik gemaak, hoewel moontlik slegs in ’n geringe mate. Die keuses wat die vertaler gemaak het ten opsigte van sekere (Suid-)Afrikaanse woorde wat in die vertaling ingesluit is en waarvoor

[71] *The Stand* het op Amazon ’n gradering van 4.6 uit 5 sterre ontvang deur 3615 lesers.

daar ’n glossarium voorsien is, is hier ter sprake, maar ook die feit dat die vertaalde roman in Suid-Afrika afspeel en byvoorbeeld nie veramerikaans is nie.

Afdeling 4.2. bespreek hierdie konvensionele en innoverende repertoires deur verbande te trek na die bron- of doelteksgerigte benadering met inagneming van die posisie wat hierdie roman inneem. Die keuses wat uitgeoefen word om te bepaal watter repertoire meer gepas is, hou verband met die idee van ekwivalensie en in hierdie studie word daar klem geplaas op die uitbeelding van kultuur en die invloed wat dit het om ’n “ekwivalente effek” te bereik (sien 2.4.).

4.5. Die netwerk van rolspelers

Elke rolspeler in die proses van vertaling oefen ’n interafhanklike invloed op die ander uit en werk saam om ’n bepaalde produk te lewer. Dit is in hierdie geval waar die akteurnetwerkteorie tot die verstaan van die interaksie tussen die menslike en niemenslike akteurs bydra (sien 2.6.2.). Die eindproduk van hierdie geaktiveerde netwerk (interaksie) is die vertaalde produk. Meyer dui in ’n vorige onderhoud (2015) aan dat hy slegs sy werk aan ander uitgewers kan voorlê wanneer dit vertaal is (Barrow, 2016:116). Myns insiens is dit ’n sinvolle besluit omdat uitgewers, in ooreenstemming met Even-Zohar se PST, dan op ’n baie letterlike wyse kan kies of die vertaling binne die bepaalde sisteem ingesluit kan word. Om die vertaalde weergawe voor te kan lê aan ’n uitgewer moet hy (Meyer) dan verantwoordelikheid neem om sy boeke na Engels te (laat) vertaal (die vertaler te kies, te betaal, dit self (laat) redigeer en goedkeur) en op hierdie wyse werk hy in noue verband met die vertaler (Barrow, 2016:117). Soos met Meyer se ander romans bestaan die netwerk vir die vertaling, *Fever*, ook uit die outeur, literêre agente, die redakteur, die vertaler, rekenaar (as ’n woordverwerker), e-pos (vir kommunikasie) en die internet (vir navorsing) (sien Barrow, 2016). Die verskeie agente het ’n invloed op die agentskap en kan besluit om ’n spesifieke vertaalstrategie te verander wat dan die teks beïnvloed. Meyer (2019b) noem egter dat daar spesifiek wat *Fever* betref, weinig veranderinge aan die oorspronklike vertaalde weergawe aangebring is wat deur die Britse uitgewers gepubliseer is, en aan die uitgawe wat deur Amerikaanse uitgewers gepubliseer is.

4.5.1. Rolspelers in die vertaalproses

Elkeen van die rolspelers in die vertaalproses kan bepaal watter benadering hulle tot die vertaling wil volg en beïnvloed dan die teks sodoende (Barrow, 2016:49) (sien 2.6.2.). Omdat die vertaler so ’n groot deel van die vertaling as produk uitmaak, word daar op ’n baie elementêre vlak gebruik gemaak van die konsepte wat Bourdieu (2005) gebruik om die verhouding tussen agentskap en struktuur te benader. Die volgende afdeling bied ’n poging aan om meer konteks te voorsien van die vertaler, maar as gevolg van die onderhoud wat as

gevolg van onvoorsiene redes nie gevoer kon word nie, moes alternatiewe bronne soos koerantartikels en ander onderhoude geraadpleeg word om tot 'n kleinere mate hierdie gaping in die studie te vul.

4.5.1.1. KL Seegers

Die vertaler, KL Seegers, sê aan *The Herald* dat sy haar hand aan Meyer se werk gewaag het nadat sy haar been as kranige perderuiter gebreek het en vir ses maande haar been in gips moes hê. In hierdie tydperk het haar suster voorgestel dat Seegers met vertaling begin. Alhoewel Meyer se eerste romans deur Madelein von Biljon vertaal is, het Meyer verduidelik dat dit vir hom glad nie daaroor gaan dat die vertaler 'n graad in skryfwerk of vertaling moet hê nie. Seegers sê verder, "but you need to have an ear for language, like you have an ear for music, and English must be your home language" (Mcainsh, 2011). Seegers vertaal al ongeveer 20 jaar lank en (soos in Mcainsh, 2011) beskou sy haarself ook as iemand wat goed met die vertaling van Meyer se boeke is omdat sy die mense ken waaroor sy skryf: "I 'see' these people. I'm a rural person and very down to earth, and he [Meyer] writes about the kind of people that I'm friends with. I only do Deon's books because I don't have time to do others. It takes three to four months and I can't do it full time", noem Seegers. Uit die onderhoud wat Seegers met Barrow (2016:114) gevoer het, noem sy Seegers dat sy ook wetenskaplike tekste vertaal (sy het 'n honneursgraad in landbouwetenskap). Alhoewel Engels haar moedertaal is, het sy kennis oor Afrikaans opgedoen deur saam met Afrikaanse mense te bly en te studeer (Seegers, soos in Barrow, 2016:114).

4.5.1.2. Habitus van die vertaler

Seegers is in Suid-Afrika gebore en het aan die Universiteit Stellenbosch studeer. Barrow (2016:114) meen dat dit haar kennis oor die Afrikaans en Engelse tale en kulture verduidelik. In die artikel deur Mcainsh (2011) word daar aangedui dat Seegers in die Kaap en omliggende area bly. As gevolg hiervan sal die grootste gedeelte van die kultuurspesifieke items in die bronteks aan haar bekend wees (sien Barrow, 2016:115). Verder dui Seegers in haar onderhoud met Barrow (2016:116) aan dat sy gebruik maak van mense wat sy vertrou om terugvoer te kry oor bepaalde besluite en sodoende haar bekendheid met kultuurspesifieke items verbreed. Seegers (soos aangehaal deur Barrow, 2016:116) meen dat sy in 'n posisie is om haar habitus te verbreed wanneer sy spesifieke uitdagings hanteer omdat sy deur die bronkultuur omring word.

4.6. Opsomming van bevindinge

Die oorhoofse doel van hierdie hoofstuk was om die resultate van die data wat ingesamel is, te bespreek. Daar is bevind dat alhoewel die groter meerderheid van die kodewisseling in die doelteks wegvertaal is (Domingo se dialoog) daar wel sommige (Suid-)Afrikaanse woorde

(glossarium) in die doelteks ingesluit is. Eerstens is kodewisseling in die dialoog van Domingo aan die hand van voorbeelde wat in die data voorkom, bespreek. Hierdie voorbeelde dui op die verskillende maniere waarop Engels in die Afrikaanse teks in ’n spesifieke karakter se dialoog gebruik is. Die tussengeplaaste Engelse woorde, frases en sinne (en ander talige verskynsels, soos in 4.2.2. aangedui) wat in hierdie karakter se dialoog voorkom, het ten doel om hierdie karakter as ’n Kaapssprekende in Meyer se roman, *Koors*, uit te beeld. As gevolg hiervan is die dialoogvoorbeelde volgens die nuanses gestruktureer wat Hendricks oor die invloed van Engels op Kaaps lys. Na aanleiding van die bespreekte voorbeelde blyk dit of Domingo se dialoog deur hierdie nuanses begrens word en Meyer beeld dus Domingo suksesvol as ’n Kaapssprekende uit.

Hierdie vorm van karakterisering deur middel van dialoog ontsluit die moontlikheid dat Domingo as ’n spreker van Kaaps ondersoek kan word wat ander kulturele aspekte betrek. Wanneer die dialoog van die karakter met ’n spesifieke agtergrond in ag geneem word, bied dit bepaalde uitdagings tydens die vertaalproses. Deur die bronteks en doelteks vergelykend te benader is daar gebruik gemaak van aspekte betreffende ekwivalensie om aan te dui in watter mate die vertaler ’n ekwivalente effek in die Engelse weergawe, *Fever*, bewerkstellig het. Die voorgenoemde dialoog as karakteriseringsmetode fokus op die taalgebruik van die karakter wat die karakter vir die leser nuanseer, maar die skrywer het ook ander middele tot sy beskikking om die karakter aan die leser voor te stel. Om hierdie rede is daar ook voorbeelde wat hierdie rol vervul, geïdentifiseer. Op hierdie wyse kon daar afgelei word in watter mate daar betekenisverliese en -winste in die doelteks ten opsigte van Domingo se karakter voorkom en watter vertaalstrategieë die vertaler gebruik het, veral ten opsigte van die vertaling van kodewisseling.

As deel van die navorsingsontwerp word daar ook van PST gebruik gemaak om aan te toon hoe die literêre sisteem en spesifieke subsisteme funksioneer. Hiervoor is daar ’n bespreking gebied oor die Suid-Afrikaanse, Afrikaanse literêre polisisteem en die Amerikaanse literêre polisisteem met die fokus op die subsisteem van misdaadfiksie en vertaalde misdaadfiksie. Om te bepaal watter posisie Meyer se roman in hierdie sisteme inneem, is daar gekyk na die parateks van die Engelse teks, *Fever* en tot ’n mate met die Afrikaanse weergawe vergelyk. Daar moet in ag geneem word dat ’n literêre sisteem uit verskeie ander sisteme bestaan en die spesifieke sisteem wat ondersoek word, die posisie van ’n roman sal bepaal. Vir die doel van hierdie studie is daar op die sisteem van spanningsverhale en vertaalde spanningsverhalde gefokus omdat Meyer (onder andere) as ’n misdaadskrywer bestempel word en hierdie romans by Meyer se aanbod aansluit. Hierdie selfde afleiding kan gemaak word uit die paraktekstuele elemente wat bespreek is. Daar is verskeie ander faktore wat

gebruik kan word om te argumenteer dat hierdie roman ook as ’n post-apokaliptiese roman bestempel kan word, maar vir die doel van hierdie studie word dit nie volledig in ag geneem nie sodat ’n bepaalde sisteem beter begrens en bespreek kan word; in hierdie geval die sisteem wat op misdaadfiksie betrekking het.

Meyer word as ’n skrywer beskou wat nie meer sy posisie op die periferie van hierdie sisteem inneem nie. Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat Meyer se romans goed binne die Amerikaanse literêre sisteem ontvang word en uit die aanlyn resensies blyk dit ook duidelik te wees dat *Fever* ’n meer sentrale posisie inneem. Uit ’n aanlyn resensie beklemtoon die resensent die feit dat dit ’n vertaling is en dat KL Seegers haar goed van haar taak gekwyt het. Hierdie aspek plaas klem op die volgende afdeling wat deel vorm van hierdie hoofstuk: die manier waarop die posisie van die roman binne ’n bepaalde sisteem ’n invloed het op die vertaalstrategieë wat gebruik word. Die rolspelers wat by die vertaling betrokke is het ’n invloed op die vertaalstrategieë en bepaal in watter mate daar ’n meer innoverende of meer konvensionele repertoire ingesluit moet word en hoe Meyer se romans, in hierdie geval *Fever*, tot die polisisteem bydra. Vanuit die analises is dit duidelik dat daar wel ’n innoverende repertoire ingesluit word in die vertaling wanneer daar gekyk word na die uitbeelding van Domingo se karakter. Die karakter ondergaan nie ’n wesenlike verandering ten opsigte van karaktereienskappe wat aan hom toegeken is deur Meyer nie, en daar is gebruik gemaak van ’n konvensionele repertoire ten opsigte van taalgebruik omdat die kodewisseling in meeste gevalle vertaal is met ’n ekwivalent in die doeltaal.

Die voorgenoemde rolspelers sluit die vertaler, die skrywer, die redakteur, die proefleser en die uitgewer in. Hierdie netwerk is ’n baie klein netwerk wat hoogs interkultureel is en deur kulturele hibriditeit gemerk word. Myns insiens speel die vertaler die grootste rol in hierdie netwerk en as gevolg hiervan word daar klem op die agtergrond en habitus van die vertaler geplaas. Omdat hierdie netwerk hoogs interkultureel is, vervul die vertaler in ’n groot mate ’n mediëringsrol binne hierdie netwerk. Alhoewel hierdie netwerk meestal uit menslike akteurs bestaan, beskryf die akteurnetwerkteorie ook die interaksie tussen die niemenslike akteurs (soos rekenaars, e-poskommunikasie en die internet). Wanneer beide van hierdie akteurs in ag geneem word, is die eindproduk van hierdie interaksies die vertaalde produk. Eerstens word die netwerk geaktiveer wanneer die skrywer, Meyer, die vertaler, Seegers, nader om die teks te vertaal. Daarna word ander akteurs ingesluit, naamlik die redakteur, proefleser, uitgewer, die internet, rekenaars, e-poskorrespondensie, en ander. Wanneer daar na die vertaalstrategieë gekyk word, blyk dit of hierdie rolspelers van Meyer se posisie binne die Amerikaanse literêre polisisteem bewus is omdat daar ooreenkomstig sy posisie in die vertaalde spanningsverhaalsubsisteem bepaalde vertaalbesluite geneem word. Hierdie

stelling stem ook ooreen met Barrow (2016:122) se opmerking dat hierdie netwerk van rolspelers (of akteurs) die posisie van Meyer se roman binne die Amerikaanse literêre polisisteem eggo deur van spesifieke strategieë gebruik te maak, hetsy dit vertaalstrategieë, ontwerpstrategieë of bemarkingstrategieë is, om sy romans as vertaalde misdaadfiksie te onderskei wat sy eie handelsmerk tot misdaadfiksiesisteem toevoeg.

4.7. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die bevindinge van die studie aangebied. Daar is eerstens gekyk na die manier waarop kodewisseling in *Koors* ten opsigte van Domingo se dialoog gebruik word en hoe dit vergelyk met die manier waarop dit tipies in Kaaps voorkom. Voorbeelde uit die teks is voorsien om aan te toon hoe Domingo deur sy dialoog gekarakteriseer word en hoe dit met die Engelse roman, *Fever*, vergelyk om vas te stel of daar ’n ekwivalente effek bewerkstellig word ten spyte van die afwesigheid van kodewisseling in sekere opsigte. Om verder te bepaal hoe Domingo in die roman uitgebeeld word, word daar ook na ander karakteriseringsmetodes gekyk. Hierna word die polisisteemteorie gebruik om aan te toon watter posisie die roman binne die literêre polisisteem inneem, veral as daar gekyk word na die Amerikaanse literêre polisisteem en die subsisteem van vertaalde spanningsverhale. Die polisisteemteorie help om aan te toon hoekom bepaalde vertaalbesluite geneem is. Laastens word daar ook gekyk na die vertaler as deel van die netwerk van rolspelers in die vertaalproses en hoe so ’n netwerk vertaalbesluite kan beïnvloed.

Die volgende hoofstuk bied die opsomming van hierdie studie en aanbevelings vir toekomstige navorsing.

Hoofstuk 5: Samevatting en aanbevelings

5.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die studie saamgevat en aanbevelings aangebied. Die doel van hierdie studie was om ondersoek na die vertaling van kodewisseling in *Koors* in te stel en hoe dit uiteindelik in die Engelse, spesifiek die Amerikaanse, weergawe, *Fever*, vergestalt word. Hierdie doel is bepaal nadat daar vasgestel is dat dieselfde hoeveelheid[72] kodewisseling nie in die Engelse weergawe voorkom soos dit in die Afrikaanse weergawe gebruik is nie. Die verskil in die bron- en doelteks bring interessante navorsingsmoontlikhede voort, veral wanneer daar op die uitbeelding van 'n bepaalde karakter gefokus word wat (onder andere) deur middel van sy dialoog gekarakteriseer word. Wanneer Kaaps tydens die ondersoek na die vertaling van kodewisseling in ag geneem word, bring dit ook bepaalde kulturele elemente na vore wat die karakter verder verryk. Die voorgenoemde elemente vorm deel van die bespreking om te bepaal hoe die vertaler as 'n tussenganger tussen die Afrikaanse en Engelse teks optree. Om te kon vasstel watter aspekte 'n op die vertaling invloed het, is daar ondersoek ingestel na wat die doel, funksie en posisie van die teks binne die literêre polisisteem is en ook die agtergrond van die vertaler en hoe beide die vertaler se vertaalbesluite kon beïnvloed.

Hierdie hoofstuk volg die struktuur van die navorsingsvrae. Sodoende word die bevindinge ook sistematies bekendgestel deur eerstens te fokus op die vertaling van kodewisseling, daarna die posisie van Meyer se roman in die Amerikaanse polisisteem, gevolg deur die rolspelers in die vertaalproses. Verder sal daar ook aanbevelings vir toekomstige navorsing gemaak word.

5.2. Vertaling van kodewisseling in *Koors*

Hierdie studie het ten doel gehad om drie navorsingsvrae te beantwoord. Die eerste navorsingsvraag van hierdie studie was om te bepaal watter strategieë deur die vertaler van *Koors* aangewend word om kodewisseling te vertaal. Om hierdie vraag te kon beantwoord is daar eers 'n teoretiese agtergrond oor kodewisseling gebied en hoe dit in Kaaps figureer. Hierdie begrensing het bepaalde ander besprekings genoodsaak om die vertaling van hierdie kodewisseling te ondersoek. Kaaps word verbind aan 'n kultuurspesifieke manier van praat en hiervoor was dit nodig om eers kodewisseling binne Kaaps te kontekstualiseer en uiteindelik hoe dit die manier waarop die karakter uitgebeeld word, beïnvloed. Hierdie afdeling fokus spesifiek op die verskillende tipes kodewisseling wat in Kaaps geïdentifiseer is en hoe dit in die vertaling, *Fever*, uitgebeeld is. Verder word daar ook aandag geskenk aan die ander

[72] Kodewisseling kom wel in *Fever* voor. Dink hier aan byvoorbeeld woorde wat ingesluit word in die glossarium.

karakteriseringsmetodes wat in die roman voorkom wat beperk word tot die karakterisering van Domingo omdat dit bydra tot die manier waarop die karakter op ander maniere aan die leser voorgestel word.

5.2.1. Die verskillende tipes kodewisseling in Kaaps en vertaling

Die vertaler neem deurlopend tydens die vertaalproses besluite en hierdie besluite kan nie altyd tot ’n uiterste op die spektrum, naamlik tot ’n doel- of bronteksgerigte benadering begrens word nie. Hiervoor is daar agtergrond oor ekwivalensie gebied soos Pym (2007) dit omskryf. Hy noem dat ekwivalensie as ’n oortuigingstruktuur beskou kan word, en moet ook as sodanig geanaliseer word (Pym, 2007:290). Pym (2007:290) verwys na van sy vorige werke en redeneer dat die vertaler ’n ekwivalensieskepper en professionele kommunikeerder is in diens van mense wat betaal om te glo dat B ekwivalent aan A is, op watter vlak dit ook al toepaslik is. Baker (2018:5) se uitgangspunt word weer hier herhaal omdat dit ook betrek word, wat noem dat alhoewel ekwivalensie tot ’n sekere mate bereik kan word, dit deur ’n verskeidenheid linguistiese en kulturele faktore beïnvloed word en is om hierdie rede altyd relatief.

Alvorens daar op die vertalings gefokus is, is daar ondersoek ingestel na die gebruik van kodewisseling in die Afrikaanse teks. Daar word gebruik gemaak van navorsing wat Hendricks (2016) oor Kaaps gedoen het waarin hy aantoon watter invloed Engels op Kaaps het en hoe die vermenging van die tale deur Kaapssprekendes gebruik word. Sy navorsing het aanleiding gegee tot die kategorisering van Domingo se dialoog, maar is ook met die navorsing van Myers-Scotton (1988 en 1993) gekonsolideer wat handel oor die gebruik van kodewisseling in realiteitspraak. Die manier waarop Meyer (2019b) ’n karakter uitbeeld en die dialoog van die karakter skryf, is ook hier in berekening gebring omdat die uitbeelding van dialoog iets anders as realiteitspraak is. Die skrywer kan nadink oor die dialoog wat hy in ’n karakter se mond plaas en sodoende is dit meer gestruktureerd as realiteitspraak.

Die voorgenoemde aspekte het bygedra tot die metodologiese benadering wat geneem is om te bepaal watter tipes kodewisseling in Domingo se dialoog voorkom en hoe sy dialoog ook in die Engelse weergawe vertaal is. Die metode het behels dat spesifieke voorbeelde vir die analises gekies word. In hierdie voorbeelde word karaktereienskappe van Domingo onder andere deur sy dialoog uitgebeeld, maar ook deur ander aspekte van die teks. Die dialooggedeeltes is gebruik om elemente van kodewisseling te illustreer, waarvoor daar drie kategorieë geïdentifiseer is: (1) tussengeplaaste lekseme uit Engels as kodewisseling, (2) morfologiese inbedding van Engelse lekseme en (3) klankmatige verafrikaansing van tussengeplaaste of morfologies ingebedde Engelse ontlenings (Hendricks, 2016). Die voorbeelde wat onder hierdie kategorieë ressorteer, word nie duidelik begrens nie omdat elkeen van hierdie kategorieë op verskillende tye teenwoordig in Domingo se dialoog is, maar

hierdie kategorisering het dit wel moontlik gemaak om op ’n spesifieke element te fokus en die bespreking van ’n voorbeeld te beperk. Daar is ook aangetoon wanneer daar tipies intrasintaktiese kodewisseling en wanneer intersintaktiese kodewisseling geskied. Die eersgenoemde was in al drie kategorieë teenwoordig, terwyl die laasgenoemde slegs in die eerste kategorie, tussengeplaaste lekseme uit Engels as kodewisseling, voorkom.

Daar is gepoog om deur middel van die analises verskeie elemente wat in die dialoog voorkom te ondersoek. Met die bogenoemde agtergrond oor dialoog, Kaaps en karakterisering in ag geneem, is daar gekyk na die kodewisseling in die geselekteerde voorbeelde en hoe dit vertaal is. Daarna is daar bepaal in watter mate daar eindelik ’n ekwivalente effek bewerkstellig is na aanleiding van Pym en Baker se benadering en aan die hand van die betrokke voorbeeld in sy geheel wat dan die karakterisering deur middel van dialoog insluit. Spesifieke verskynsels in die voorbeelde is uitgelig om die bespreking te ondersteun. In die meerderheid van die vertaalde dialooggedeeltes is daar ’n ekwivalente effek bewerkstellig, veral as daar gelet word op die uitbeelding van Domingo in die Engelse teks en die karaktereienskappe wat aan hom toegeken is.

5.2.2. Karateriseringsmetodes en heruitbeelding

Alhoewel Nico die verteller is, word verskillende karakters uit die perspektief van ander karakters ook gekarakteriseer. ’n Voorbeeld hiervan is Domingo wat deur Nico beskryf word, maar Birdie vertel ook vir Nico van Domingo se verlede en waarom hy op ’n bepaalde manier optree. Deur hierdie elemente word sekere karaktereienskappe aan die leser bekendgemaak. Na aanleiding van die teksgedeeltes wat deel van die bespreking oor karakteriseringsmetodes vorm, is daar geargumenteer dat Domingo uitgebeeld word as ’n enigmatiese karakter met ’n militêre agtergrond en ’n sterk strategiese denkwyse, en dat hy dien as ’n goeie rolmodel vir Nico maar ook ’n vriendskaplike verhouding met hom het. Laastens word hy ook as ’n karakter uitgebeeld wat ’n liefdesverhouding met Birdie het. Al hierdie elemente nuanseer die karakter vir die leser.

Wanneer die dialooggedeeltes vergelyk word met hierdie karakteriseringsmetodes, word hierdie karaktereienskappe van Domingo ook ten toon gestel. Daar is geen verlies ten opsigte van die uitbeelding van die karakter ten opsigte van hierdie karaktereienskappe nie; die grootste verlies aan karakter is die verrykende ervaring wat die taallandskap van die Afrikaanse weergawe vir die leser bied, waarby Kaaps ingesluit word. Die afwesigheid van Kaaps en dan ook kodewisseling in Domingo se dialoog in die Engelse weergawe blyk ’n verlies te wees vir die Suid-Afrikaanse Afrikaanse leser en daar sal selfs geargumenteer kan word dat dit so is vir die Suid-Afrikaanse Engelse leser wat Afrikaans en Kaaps ken. Hierteenoor redeneer Meyer (2019b) dat die internasionale Engelse leser, met die fokus op

Amerika, tipies nie dieselfde waarde aan Kaaps heg nie en om hierdie rede word dit nie as ’n verlies beskou nie. Die genuanseerdheid wat die kodewisseling in die roman meebring sal moontlik dan so oneffektief wees soos die Skotse advertensie vir Culpeper (2011:157) se Maleise studente wat geen voorafkennis van die aksent gehad het nie (sien 2.4.).

Alhoewel hierdie voorgenoemde elemente in ’n roman realiseer, is die gebruik van ander vorme van dialoog oneffektief en die argument wat hier aangevoer word, is eens met die perspektief wat Meyer bied. Hier word aangetoon hoe die bostaande uitbeelding van kodewisseling vergelyk met die strategieë wat Sternberg (in Weston & Gardner Chloros, 2015) voorstel: Die eerste is die gebruik van verwysende inperking waar die skrywers slegs van een taal gebruik maak en die karakters almal in daardie taal laat praat. Die tweede is die gebruik van homogene konvensie waar ’n tweetalige omgewing en karakters almal eentalig in die bronteks uitgebeeld word. Die derde is die gebruik van verwysende verbinding waar kodewisseling deurlopend gebruik word om die karakters en omgewing uit te beeld. In die ontleding van Domingo se dialoog blyk dit dat daar meestal van die eerste strategie gebruik gemaak is, maar die derde strategie is ook by tye aangewend, veral wanneer daar nie slegs op Domingo se dialoog gefokus is nie, maar op die konteks van die hele roman (bv. die gebruik van woorde wat in die glossarium voorkom). Buiten hierdie strategieë wat vir die vertaling van kodewisseling aangewend is, blyk die ander karakteriseringsmetodes genoegsaam te wees om Domingo suksesvol in die Engelse weergawe uit te beeld.

Met betrekking tot die voorgenoemde punt word die polisisteemteorie (PST) gebruik as deel van die teoretiese raamwerk om te argumenteer waarom spesifieke vertaalbesluite geneem is en waarom bepaalde strategieë, veral ten opsigte van die vertaling van kodewisseling in *Koors*, gebruik is.

5.3. Die posisie van Meyer in die Amerikaanse literêre polisisteem

Die tweede navorsingsvraag is watter posisie Meyer se roman in die Amerikaanse literêre polisisteem inneem. Deur gebruik te maak van PST is daar bepaal wat die doel, funksie en posisie van Meyer se roman binne hierdie polisisteem is. Die besprekings wat hiermee gepaardgaan het duidelikheid gebied oor die manier waarop Meyer se romans in die doelsisteem ontvang word wat op sy beurt duidelikheid bied oor die vertaalbesluite wat in die doelteks geneem is.

PST bied die geleentheid om die doel, funksie en posisie van die teks te bepaal deur van die parateks en aanlyn resensies van hierdie romans gebruik te maak. As deel van die metode is die parateks en aanlyn resensies ontleed en bespreek om die voorgenoemde te kon bepaal. Afhangende van die prospektiewe posisie van die roman kan die vertaler besluit om van meer

konvensionele repertoires gebruik te maak of meer innoverende repertoires – veral as hierdie tekste nader aan die sentrum van die literêre sisteem is. Uit die parateks word daar bepaal dat Meyer deur hierdie teks poog om deel te neem aan dieselfde kategorie as ander spanningsverhaalskrywers soos Stephen King wat beskou word as een van die bekendste spanningsverhaalouteurs. Die roman, *Fever*, het dus ten doel om ook beskou te word as 'n spanningsverhaal. Even-Zohar se PST dui egter aan dat vertaalde literatuur meestal op die periferie van 'n literêre sisteem geposisioneer word, behalwe as die polisisteem jonk, swak of in 'n krisis is. Wanneer daar na die parateks van *Fever* gekyk word, funksioneer hierdie roman as 'n vertaalde spanningsverhaal binne die Amerikaanse spanningsverhaalsubsisteem. Die voorblad dui nie op 'n spesifieke kulturele element wat uitgebeeld word nie, maar fokus op die verhouding tussen Nico en sy pa, maar deur die aanhaling van Stephen King op die voorblad van die Engelse uitgawe te voeg, word die roman van 'n bepaalde status voorsien en beweeg die roman meer nader aan die sentrum van die spesifieke polisisteem, die Amerikaanse spanningsverhaalsubsisteem.

Die aanlyn resensies van *Fever* het grootliks 'n positiewe ontvangs deur kritici en die algemene leserspubliek getoon. Hierdie grootliks positiewe ontvangs van spanningsverhale dui aan dat Meyer se roman vir invoer in die spesifieke polisisteem gekies is omdat hierdie tipe literatuur oor die algemeen 'n positiewe ontvangs toon.

Die invoer van Meyer se *Fever* toon aan dat hierdie roman reeds aan bepaalde konvensies voldoen, maar daar word ook van meer innoverende repertoires gebruik gemaak as gevolg van sy posisie binne hierdie sisteem. Beide hierdie elemente kan in die vertaling waargeneem word. Daar word tot 'n groot mate voldoen aan die konvensionele repertoires wat van spanningsverhale verwag word, naamlik struktuur[73] en grootliks die gebruik van Engels, maar daar word tog innoverende repertoires gebruik. Dit kan gesien word veral deur die klein mate van kodewisseling wat in die roman voorkom waarvoor daar 'n glossarium voorsien is, en ook dat die roman se milieu nie na byvoorbeeld 'n Amerikaanse omgewing met Amerikaanse karakters aangepas is nie. Die rolspelers wat deel vorm van die vertaalproses het ook 'n groot invloed op die uiteindelike vertaalbesluite wat geneem is. Alhoewel die posisie van die roman binne die literêre polisisteem reeds 'n aanduiding kan gee tot waarom bepaalde vertaalbesluite geneem is, word die bespreking van die rolspelers aanvullend gebruik veral ten opsigte van die kritiekpunte wat deur Munday (2001:111) uitgewys word, wat insluit dat PST die geneigdheid het om op die abstrakte model te fokus, eerder as om te fokus op die "regte lewe"-beperkings wat op tekste en vertalers geplaas word.

[73] Myns insiens is die struktuur ook innoverend as gevolg van die Amanzi-projek optekeninge wat deel vorm van die roman. Dit is iets wat nie tipies is van 'n spanningsverhaal nie.

Die volgende afdeling fokus op die rolspelers in die vertaalproses met klem op die rol van die vertaler, wat myns insiens die grootste rol in hierdie proses vervul. Soos reeds aangetoon is dit ’n beperking van hierdie studie dat die vertaler nie kon deelneem aan die onderhoud as gevolg van tydsbeperkings en moontlik ander verpligtinge nie. Verder sou dit ook tot voordeel van hierdie studie strek om onderhoude te voer met ander rolspelers in die netwerk om ’n beter begrip te kry van elkeen se invloed op die vertaalproses.

5.4. Rolspelers in die vertaalproses

Daar word in hierdie afdeling gepoog om die derde navorsingsvraag te beantwoord: Wat is die rol van die individuele rolspelers wanneer spesifieke vertaalstrategieë vir die vertaling van kultuurspesifieke items soos kodewisseling in die Engelse vertaling van *Koors* gekies word? In hierdie studie word verskeie rolspelers, naamlik die skrywer, die redakteur en die proefleser tydens die vertaalproses in ag geneem, maar die klem word op die vertaler geplaas. Die leser word ook ingesluit omdat die ontvangs van ’n roman ook die posisie daarvan binne ’n spesifieke sisteem, en gevolglik die vertaalbesluite, bepaal. Hierdie netwerk van rolspelers word beskou as hoogs interkultureel en word gemerk deur kulturele hibriditeit, aldus Pym (2014:151).

Alhoewel die fokus op die vertaler geplaas is, sluit dit nie die ander rolspelers uit nie, maar ’n beskrywing van die agtergrond en habitus van die vertaler word voorsien om verdere insigte te bied oor moontlike vertaalbesluite wat geneem is. Die vertaler maak staat op haar veld en habitus om ’n spesifieke manier van praat, soos in die geval van Domingo se kodewisseling en Kaaps, te verstaan en ’n heruitbeelding van hierdie karakter in die doelteks te skep. Die agtergrond en habitus van die vertaler, Seegers, toon aan dat sy die bronteks se kulturele aspekte wat in die roman voorkom goed verstaan omdat sy direkte kontak met die brontaal en -kultuur het en op ’n gemaklike wyse as mediator tussen die bron- en doeltaal en bron- en doelkultuur kan optree. Seegers maak ook gebruik van haar netwerk, hetsy dit die outeur, literêre agente, die redakteur, rekenaarondersteuning, e-pos en/of die internet is soos reeds aangetoon deur Barrow (2016:117).

5.5. Samevatting

Om saam te vat, het hierdie studie ten doel gehad om te bepaal hoe kodewisseling van *Koors* in die doelteks, *Fever,* vertaal is deur te fokus op die karakter Domingo. Alhoewel verskeie vorme van kodewisseling in die roman voorkom is die ondersoek begrens tot die karakter wat ook as Kaaps uitgebeeld word wat genoodsaak het dat kulturele elemente oor Kaaps en die manier waarop kodewisseling in Kaaps gebruik word, betrek word omdat dit ’n verrykende rol in die uitbeelding van Domingo speel. Die interessantheid van die kodewisseling in Domingo se dialoog lê daarin dat dit gekategoriseer kan word volgens die manier waarop dit in Kaaps

voorkom (sien Hendricks, 2016) en dat daar verbande getrek kon word na die navorsing van Myers-Scotton (1988; 1993) wat kodewisseling in realiteitspraak ondersoek. In die onderhoud wat met Meyer gevoer is, sê hy dat die dialoog van karakters baie meer gestruktureerd kan wees as wat dit in realiteit voorkom, maar dat hy die dialoog van Domingo op so ’n wyse geskryf het dat dit ooreenstem met die bevindinge van Myers-Scotton, alhoewel Meyer redeneer dat dit intuïtief gedoen is. Myns insiens is dit hierdie intuïtiewe manier van dialoogskryf wat hom (Meyer) in staat stel om die dialoog so geloofwaardig te skryf en die leser te oortuig van die verhaal wat hy besig is om te vertel. Dit is ook op hierdie wyse waarop Meyer die karakter karakteriseer deur middel van sy dialoog en vir die leser op ’n geloofwaardige manier aanbied.

Ook van belang is die manier waarop Meyer op verskillende wyses die karakter vir die leser nuanseer. Hy maak nie net staat op die dialoog nie en hierdie ander karakteriseringsmetodes vorm sterk deel van die manier waarop die leser die karakter verstaan soos daar gesien kan word in Hoofstuk 4. Alhoewel die leser nie deur middel van Domingo se dialoog kan waarneem dat hy ’n Kaapssprekende is nie, kom Domingo se karaktereienskappe nog sterk na vore, naamlik dat hy as ’n enigmatiese figuur uitgebeeld word, dat hy ’n sterk militaristiese agtergrond het en hoe sy verhouding met Nico en Birdie lyk. Die verlies vir ’n Suid-Afrikaanse/Afrikaanse leser blyk groot te wees wanneer die karakter se dialoog nie as Kaaps in die Engelse teks uitgebeeld word nie, maar ten spyte hiervan behou Domingo sy karaktereienskappe in die doelteks. Met hierdie aspekte inaggenome is bevind dat ’n ekwivalente effek in die doelteks bewerkstellig is. Sodoende word bevind dat die wegvertaling van kodewisseling, in die geval van *Fever* en Domingo se dialoog, nie die Engelse leser benadeel of die teks verarm nie.

Die meer sentrale posisie wat die roman as ’n vertaalde spanningsroman in die Amerikaanse spanningsverhaalsubsisteem in die Amerikaanse literêre polisisteem inneem stel die moontlikheid daar dat daar van ’n meer innoverende repertoire gebruik gemaak kan word. Met ander woorde, meer (Suid-)Afrikaanse woorde kan in die Engelse teks gebruik word. Meyer se romans word in die meer sentrale posisie geplaas as gevolg van sy bekendheid in Amerika en gelykplasing met ander internasionaal bekende spanningsverhaalskrywers. Seegers is reeds bekend met Meyer se werk en haar agtergrond en die netwerk waarvan sy deel vorm bied haar die geleentheid om bepaalde vertaalbesluite te neem wat duidelik word in die vertaling van Domingo se dialoog om eindelik ’n ekwivalente effek in die doelteks te bewerkstellig. Deur gebruik te maak van hierdie netwerk sal sy ook kan bepaal in watter mate sy van ’n meer innoverende repertoire gebruik kan maak indien Meyer se posisie in die

bepaalde polisisteem behoue bly, juis omdat die polisisteem so dinamies is en tekste altyd vir die sentrale posisie kompeteer.

5.6. Aanbevelings

Alhoewel hierdie studie nie ten doel gehad het om ’n uitspraak oor die vertaalgehalte van die roman te maak nie, kan daar na afloop van die studie enkele aanbevelings aan vertalers van literêre tekste gemaak word. Dit blyk duidelik dat dit voordele inhou wanneer ’n vertaler bekend is met die brontaal en -kultuur om bepaalde vertaalbesluite te neem veral met ’n kultuurspesifieke manier van praat soos Kaaps en die gebruik van kodewisseling in Kaaps. Alhoewel vertaalbesluite op ’n spektrum gemaak word en daar verskeie faktore ’n rol speel, soos hierbo genoem, is dit tot die vertaler se voordeel om ten volle bewus te wees van die brontaal en -kultuur om ’n ekwivalente effek te bewerkstellig en in Meyer (2019b) se woorde “die storie te laat werk”. Verder is dit ook tot voordeel vir die vertaler om bewus te wees van die posisie wat ’n outeur en sy werk in die literêre polisisteem inneem en vandaar te besluit in watter mate daar van ’n meer innoverende repertoire gebruik gemaak kan word en sodoende meer brontaal en -kultuurelemente in die doelteks te integreer.

Aanbevelings vir toekomstige navorsing is dat studies ondersoek kan instel na die gebruik van Kaaps in Meyer se romans en sy idiolektiese uitbeelding van Kaaps deur middel van sy karakters. Daar is in hierdie studie slegs op een van Meyer se karakters gefokus wat van Kaaps gebruik maak en verdere studies mag die moontlikheid bied om te verstaan hoe Meyer se intuïtiewe manier van dialoog skep, werk. Die gebruik van kodewisseling in Meyer se vertaalde romans kan ondersoek word, veral in Engels (met verwysing na glossariums wat ingesluit word), maar ook in ander tale. So ’n studie kan moontlik tot ander insigte kom omdat dit nie fokus op dialoog nie en aanvullend wees tot Myers-Scotton se navorsing. Ten opsigte van die netwerk van rolspelers betrokke tydens die vertaling van Meyer se romans kan ook in meer diepte nagevors word. So ’n ondersoek kan aantoon hoe elkeen bydra tot die eindproduk. Ten opsigte van ’n literatuurwetenskaplike studie kan daar ’n ondersoek gedoen word na die uitbeelding en karakterontwikkeling van meer bekende karakters soos Bennie Griessel kan ook oorweeg word. Domingo word nie beskou as so ’n sentrale karakter soos Bennie Griessel nie en Domingo verskyn (voorlopig) net in een roman, terwyl Bennie in verskeie Meyer-romans verskyn en insigte kan bied in die manier waarop Meyer te werk gaan om ’n genuanseerde karakter aan sy lesers voor te stel.

Bronnelys

Adams, M. 2015. Collecting to the Core: American crime fiction. *Against the Grain*, 27(3):46-48.

Amazon. 2019. Fever. https://www.amazon.com/Fever-Deon-Meyer/dp/0802126626#customerReviews Toegang verkry op: 04 September 2019.

Amazon. 2011. The Stand. https://www.amazon.com/Stand-Stephen-King/dp/0307743683 Toegang verkry op: 27 Augustus 2019.

Baker, M. 2018. In Other Words: a coursebook on translation. 3de uitg. London: Routledge.

Barrow, W.L. 2016. System, agent, process: The selection of translation strategies in the translation of crime novels from Afrikaans to German – a comparative study of two novels by Deon Meyer. Vanderbijlpark: NWU. (MA-verhandeling).

Black, J. 2010. Crime Fiction and the Literary Canon. (*In* Rzepka, C.J. & Horsley, L., *reds.* A Companion to Crime Fiction. Sussex: Wiley-Blackwell.

Booklist Online. 2019. Frequently Asked Questions. booklistonline.com/faq Toegang verkry op: 04 September 2019.

Bourdieu, P. 1990. In other words: essays towards reflexive sociology. Vertaal deur Matthew Adamson. Stanford: Stanford University Press.

Buzelin, H. 2005. Unexpected allies. How Latour's network theory could complement Bourdieusian analyses in translation studies. *The Translator,* 11(2):193-218.

Cawelti, J.G. 1990. Canonization, Modern Literature, and the Detective Story. (*In* Delamater, J.H. & Prigozy, R., *reds.* Theory and Practice of Classic Detective Fiction. New York: Doubleday.)

Chan, C. 2018. Review of the week: Fever by Deon Meyer. *Strandmag.* https://strandmag.com/review-of-week-fever-deon-meyer/ Toegang verkry op: 12 Februarie 2019.

Creswell, J.W. 2014. Research Design: qualitative, quantitative and mixed method approaches. Los Angeles: SAGE.

Cronin, M. 2006. Translation and Identity. Oxon: Routledge.

Culpeper, J. 2001. Language and characterisation: people in plays and other texts. New York: Longman.

Culpeper, J. 2014. Language and characterisation: people in plays and other texts. Oxon: Routledge.

Davids, A. 1994. Afrikaans – die produk van akkulturasie. (*In* Olivier, G. & Coetzee, A., reds. Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans. Pretoria: Southern Uitgewers. pp. 110-119).

De Kock, L. 2016. Losing the Plot: crime, reality and fiction in postapartheid writing. Johannesburg: Wits University Press.

Du Plessis, H. 1988. Variasietaalkunde. Pretoria: Serva-uitgewers.

Even-Zohar, I. 1990. Polysystem Theory in Polysystem studies. *Poetics Today*, 11(1). https://www.tau.ac.il/~itamarez/works/books/Even-Zohar_1990--Polysystem%20studies.pdf Toegang verkry op: 15 Augustus 2018.

Flick, U. 2009. An introduction to qualitative research. 4de uitg. London: Sage.

Genette, G. & Maclean, M. 1991. Introduction to Paratext. *New Literary History*, 22(2):261-272.

Grove Atlantic. 2019. Fever. https://groveatlantic.com/book/fever/ Toegang verkry op: 14 Augustus 2019.

Hadley, M. 2017. American Detective Fiction in the 20th Century. http://oxfordre.com/literature/view/10.1093/acrefore/9780190201098.001.0001/acrefore-9780190201098-e-585 Toegang verkry op: 5 Februarie. 2019.

Hatim, B. & Mason, I. 1990. Discourse and the translator. London: Longman.

Hatim, B. & Mason, I. 1997. The translator as communicator. New York: Routledge.

Hendricks, A. 2019. Elsies River residents march over ‘ridiculous’ crime rate. https://www.iol.co.za/capetimes/news/elsies-river-residents-march-over-ridiculous-crime-rate-33533579 Toegang verkry op: 26 September 2019.

Hendricks, F. 2016. Die Aard en Konteks van Kaaps. (*In* Hendricks, F. & Dyers, C., *reds.* Kaaps in Fokus. Stellenbosch: Sun MeDIA. pp. 1-36).

Hermans, T. 1999. Translation in Systems. Descriptive and system-oriented approaches explained. Cornwall: St. Jerome.

Hughes, R. 1996. English in Speech and Writing: investigating language and literature [e-boek]. Beskikbaar: https://www.takealot.com/

Inghilleri, M. 2009. Sociological approaches. (*In* Saldanha, G. & Baker, M., *reds.* Routledge encyclopedia of translation studies. 2de uitg. Abingdon: Routledge. pp. 279-282).

Jakobson, R. 1980. Metalanguage as a linguistic problem. (*In* Jakobson, R., *red*. The framework of language. Ann Arbor: Michigan Studies in the Humanities. pp. 81-92.)

Johnson, R.B. & Onwuegbuzie, A.J. 2004. Mixed Methods Research: A Research Paradigm Whose Time Has Come. *Educational Researcher*, 33(7):14-26.

Joseph, J.E. 2010. Identity. (*In* Llamas, C & Watt, D., *reds*. Languages and identities. Edinburgh: Edinburgh University Press.)

Kalmer, H. 2013. Van Plaas tot Agterplaas: die uitbeelding van Afrikaners in Johannesburg in drie Hertzogpryswenners. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (MA-verhandeling)

King, S. 2017. Twitter post. https://twitter.com/StephenKing/status/847187112315248641 Toegang verkry op: 12 Februarie 2019.

King, S. 2019. Press Biography. https://www.stephenking.com/press.php Toegang verkry op: 13 Augustus 2019.

Kleyn, R. 2016. Die vertaling van ’n hibriede teks: ’n Ondersoek na die uitbeelding van karakters in 7 Days en Cobra deur Deon Meyer. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. (MA-verhandeling).

Klinger, L.S. 2018. The Birth of American Detective Fiction. https://crimereads.com/the-birth-of-american-detective-fiction/ Toegang verkry op: 12 Februarie 2019.

Kruger, H. 2016. Fluency/resistancy and domestication/foreignisation: a cognitive perspective. *Target. International Journal of Translation Studies*, 28(1):4-41.

Kruger, H. 2012. Postcolonial Polysystems: the production and reception of translated children’s literature in South Africa. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

Landsberg, W. 1999. The influence of language variation on literary translation: George Weideman’s ‘(Matrys)’. Potchefstroom: PU vir CHO. (MA-skripsie).

Lane-Mercier, G. 2008. Comptes Rendus: Micheal Cronin. Translation and Identity. *TTR: traduction, terminologie, réduction*, 21(1):241-247.

Le Roux, E. 2013. South African crime and detective fiction in English: a bibliography and publishing history. *Current writing: text and reception in southern Africa*, 25(2):136-152.

Leber, M. 2017. Booklist Review: Fever. https://www.booklistonline.com/Fever-Deon-Meyer/pid=8867542 Toegang verkry op: 04 September 2019.

Lotman, J.M., Uspenskij, B.A., Ivanov, V.V., Toporov, V.N. and. Pjatigorskij, A.M. 1975 Theses on the Semiotic Study of Cultures (as Applied to Slavic Texts). (*In* Sebeok, T.A., *red*. The Tell-Tale Sign. Lisse: The Peter de Ridder Press. pp. 57-83).

Malan, M. 2011. Deon Meyer wins top US book prize. https://www.channel24.co.za/News/Local/Deon-Meyer-wins-top-US-book-prize-20110919 Toegang verkry op: 12 Februarie 2019.

Mcainsh, G. 2011. Laura to saddle up in the UK. https://www.pressreader.com/south-africa/the-herald-south-africa/20111207/281535107816248 Toegang verkry op: 02 Oktober 2019.

Mesthrie, R. 1993. Nineteenth-century Attestations of English-Afrikaans Code-mixing in the Cape. *Language matters*, 24(1):47-61.

Meyer, D. 2019a. Biography. https://www.deonmeyer.com/bio.html Toegang verkry op: 12 February 2019.

Meyer, D. 2019b. Onderhoud [Skype]. 24 Julie 2019.

Meyer, D. 2017. Fever [e-boek]. Beskikbaar: https://www.takealot.com/ (VSA uitgawe verkry deur spesiale toestemming van Grove Atlantic per e-pos.)

Meyer, D. 2016. Koors [e-boek]. Beskikbaar: https://www.takealot.com/

Müller, M.B. & Feinauer, I. 2008. Die literêre vertaler as kulturele bemiddelaar. *Literator*, 29(2):125-148.

Munday, J. 2012. Introducing translation studies: theories and applications. 3de uitg. London: Routledge.

Munday, J. 2001. Introducing translation studies: theories and applications. London: Routledge.

Myers-Scotton, C. 1988. Code switching as indexical of social negotiations. (*In* Heller, M., *red*. Codeswitching: Anthropological and Sociological Perspectives. Berlin: De Gruyter.)

Myers-Scotton, C. 1993. Duelling Languages: grammatical structures in codeswitcing. Oxford: Clarendon Press.

Naidu, S. 2013. Crime fiction, South Africa: a critical introduction. *Current writing: Text and reception in Southern Africa*, 25(2):124-135.

Nel, M. 2014. Joan Hambidge se idiolek oor die grense van genres: 'n korpuslinguistiese ondersoek. Potchefstroom: NWU. (MA-vehandeling).

Newmark, P. 1988. A Textbook of Translation. Essex: Pearson Education Limited.

Nicol, M. 2015. A short history of South African crime fiction. *Books live. Crime beat.* http://crimebeat.bookslive.co.za/a-short-history-of-south-african-crime-fiction/ Toegang vekry op: 26 Julie 2019.

Nord, C. 2018. Translating as a Purposeful Activity: functionalist approaches explained. 2de uitg. Oxon: Routledge.

Ott, B. 2018. The year's best crime novels: 2018. https://www.booklistreader.com/2018/05/03/books-and-authors/the-years-best-crime-novels-2018/ Toegang verkry op: 10 September 2019.

Page, N. 1988. Speech in the English Novel. 2de uitg. London: The Macmillan Press. https://books.google.co.za/books?id=76OwCwAAQBAJ&printsec=frontcover&source=gbs_ge_summary_r&cad=0#v=onepage&q&f=false Toegang verkry op: 25 Julie 2018.

Paloposki, O. 2011. Domestication and foreignization. (*In* Gambier, H. & Van Doorslaer, L., *reds*. Handbook of translation studies. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. pp. 40-42.)

Poplack, S. 2004. Code-switching. (*In* Ammon, U., Dittmar, N., Mattheier, K.J., Trudgill, P. *reds*. Soziolinguistik. An international handbook of the science of language. 2de uitg. Berlin: Walter de Gruyter.)

Post, C. 2019. The Plight of Translation in America. https://www.publishersweekly.com/pw/by-topic/industry-news/publisher-news/article/79407-the-plight-of-translation-in-america.html Toegang verkry op: 01 Maart 2019.

Pym, A. 2007. Natural and directional equivalence in theories of translation. *Target*, 19(2):271-294.

Pym, A. 2014. Exploring Translation Theories. 2de uitg. Oxon: Routledge.

Ranker.com. 2019. The Best Crime Authors. https://www.ranker.com/crowdranked-list/best-crime-authors Toegang verkry op: 12 Februarie 2019.

Risku, H. & Windhager, F. 2013. Extended translation: a sociocognitive research agenda. *Target*, 25(1):33-45.

Rolls, A. 2016. Whose National Allegory is it Anyway? Or What Happens When Crime Fiction is Translated? https://doi-org.nwulib.nwu.ac.za/10.1093/fmls/cqw054 Toegang verkry op: 30 Januarie 2019.

Rosa, A.A. 2011. Descriptive Translation Studies. (*In* Gambier, H. & Van Doorslaer, L., *reds*. Handbook of translation studies. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. pp. 94-104.)

SA-V. 2019. The Cape Flats Region, Cape Town. https://www.sa-venues.com/attractionswc/cape-flats.htm Toegang verkry op: 26 September 2019.

Schramm, W. 1971. Notes on case studies of instructional media projects. Working paper for the Academy for Educational Development, Washington, DC.

Sela-Sheffy, R. 2005. How to be a (recognized) translator: Rethinking habitus, norms, and the field of translation. *Target*, 17(1):1-26.

Shuttleworth, M. 2009. Polysystems. (*In* Saldanha, G. & Baker, M., *reds.* Routledge encyclopedia of translation studies. 2de uitg. Abingdon: Routledge. pp. 197-200.)

Simpson, P. 1998. Odd talk: studying discourses of incongruity (*In* Culpeper, J., Short, M., & Verdonk, P., *eds*. Studying Drama: from text to context. London: Routledge. pp. 34-53.)

Slabbert, S. & Finlayson, R. 1999. A socio-historical overview of codeswitching studies in the African languages. *South African Journal of African Languages*, 19(1):60-72.

Steenkamp, E. 2017. Koors deur Deon Meyer, 'n Litnet Akademies-resensie-essay. http://www.litnet.co.za/koors-deur-deon-meyer-n-resensie-essay/ Toegang verkry op: 17 Mei 2018.

Spies, C. 2013. Die wisselwerking tussen die agente betrokke by die publikasieproses van literêre vertalings. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. (PhD-proefskrif).

Steyn, P. 2012. Skiet, skop en donder. (*In* Scheepers, R. & Kleyn, L., *reds.* Die Afrikaanse Skryfgids. Johannesburg: Penguin Books. pp. 84-89).

Taalkommissie. 2017. Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. 11de uitg. Kaapstad: Pharos.

The Guardian. 2010. The Passage: a post-apocalyptic vampire tale you can get your teeth into. https://www.theguardian.com/books/booksblog/2010/jun/11/justin-cronin-passage-hype Toegang verkry op: 27 Augustus 2019.

Toury, G. 1995. Descriptive translation studies – and beyond. Amsterdam: John Benjamins.

Toury, G. 2012. Descriptive translation studies and beyond: revised edition. Amsterdam: John Benjamins Publishing.

Van Coller, H. 2011. Literatuur in die marge: Die plek van die middelmoot-literatuur. *LitNet Akademies*, 8(2):66-89.

Van der Waal, C.S. 2012. Creolisation and Purity: Afrikaans Language Politics in Post-Apartheid Times. *African Studies*, 71(3):446-463.

Van Dulm, O. 2007. The grammar of English-Afrikaans code switching: a feature checking account. Utrecht: LOT.

Van Heerden, N. 2018. Misdaadfiksie en die literêre kanon in Afrikaans: 'n Ondersoek na aanleiding van die romans van Deon Meyer. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (PhD-proefskrif).

Van Rensburg, C. 2018. Van Afrikaans Gepraat. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Vannie Kaap. 2019. Instagram-plasing. https://www.instagram.com/p/B1--_2vCgnk/ Toegang verkry op: 26 September 2019.

Venuti, L. 2008. The translator's invisibility. a history of translation. 2de uitg. London: Routledge.

Venuti, L. 1995. The translator's invisibility: a history of translation. London: Routledge.

Voegelin, C.F. 1960. Casual and Non-Casual Utterances within Unified Structure. (*In* Sebeok, T.A., *red*. Style in Language. Cambridge: MIT Press. pp. 57-68).

Weston, D. & Gardner-Chloros, P. 2015. Mind the gap: what code-switching in literature can teach us about code-switching. *Language and literature*, 24(3):194-212.

Willemse, H. 2016. Soppangheid vir Kaaps: Mag, Kreolisering en Kaapse Afrikaans. (*In* Hendricks, F. & Dyers, C., *reds.* Kaaps in Fokus. Stellenbosch: Sun MeDIA. pp. 1-36).

Williams, J. & Chesterman, A. 2002. The map: a beginner's guide to doing research in translation studies. Manchester: St. Jeromes.

Wolf, M. 2007. Introduction: the emergence of a sociology of translation. (*In* Wolf, M. & Fukari, A., *reds*. Constructing a sociology of translation. Amsterdam: John Benjamins Publishing. pp.1-38).

Yin, R.K. 2018. Case Study Research and Applications: design and methods. 6de uitg. California: Sage Publications.

Aanhangsel A: Om karakter te begryp



Figure 1.1 Comprehending character

Aanhangsel B: Uittreksel uit Excel-spreiblad van teks

Koors				Fever			
Dialoog	Bladsy (PDF)	Karakterisering	Bladsy (PDF)	Dialoog	Bladsy (PDF)	Karakterisering	Bladsy (PDF)
In Domingo se woorde: “Where the corona-virus stopped, da’ het Darwin begin.”	56	Dit is meer as drie dekades gelede dat ek die eerste keer vir Domingo gesien het. Ek dink my herinneringe is sterk gekleur deur die groot indruk wat hy op my as dertienjarige gemaak het.	73	In Domingo’s words: ‘Where the corona virus stopped, Darwin stepped in.’	55	It’s more than three decades since I saw Domingo for the first time. I think my memories today are strongly coloured by the huge impression he made on me as a thirteen-year-old.	69
“Domingo.” Sy stem is diep. “Tempest-tost,” sê hy en sy oë trek skrefies, asof hulle sonder sy mond kan glimlag.	77	Die aand van 7 April het ek net een woord geskryf: Domingo. Dit is al wat ek sou nodig hê om te onthou.	73	‘Domingo.’ A deep voice. ‘Tempest-tost,’ and his eyes crinkled as though they could smile without his mouth.	72	On the evening of 7 April I wrote only one word: Domingo. It was all I needed to remember.	69

“Hazyview se wêreld vir twee maande. Daardie paaie … Lekker. Maar toe raak dit rof. Kwaai reën, verspoelings. Mense by Nelspruit wat skiet sonder om vrae te vra. Toe ry ek Mosambiek toe. Maputo. Dis chaos daar. Ek sit op die bike in die middel van Avenida Vinte e quatro de Julho, en ’n ou hardloop kaalgat oor die straat, ’n ander ou met ’n panga agterna. En hy …” Domingo kyk na my en skud sy kop. “Let’s just say chaos. En toe is ek Durban toe … Daar’s omtrent vyftig mense wat daar op die beach bly. Flower power vibe.”	78	Sy tred is soos dié van ’n roofdier aan die bopunt van die voedselketting, argeloos en vol selfvertroue. Hy haal sy donkerbril af, sy oë is hipnoties, lig – ’n grys wat soos ’n verkleurmannetjie sy omgewing weerspieël, nou vaagweg groen, dan ’n vermoede van blou, in sterk kontras met sy donker gelaat. Hy loop tot by Pa. Hy steek sy hand uit.	76	‘Around Hazyview for two months. Those roads . . . Great. But it got rough. Heavy rain, flooding. People at Nelspruit shooting without asking questions. So I rode to Mozambique. Maputo. It’s chaos there. I sat on my bike in the middle of Avenido Vinte e Quatro Julho, and a fellow ran naked across the street, with another man chasing him with a panga. And he . . .’ Domingo looked at me and shook his head. ‘Let’s just say, chaos. And then I went to Durban . . . There must be fifty people living on the beach there. Flower power vibe.’	73	His walk was like a predator at the top of the food chain, nonchalant, supremely confident. He took off his dark glasses. His eyes were hypnotic, pale – a grey that reflected the environment like a chameleon, now faintly green, then a hint of blue, in strong contrast to his dark complexion. He walked up to Pa. Put out his hand.	72

“Ou op Harrismith het gesê van mense wat glo naby Fouriesburg ’n ding begin het. Net vir wittes, in die berge. Ek het nie gaan kyk nie.”	78	Domingo kyk my in die oë en hy skud my hand. Ek sien daar is ’n tatoeëermerk op die rugkant, twee kromswaarde en ’n opkomende son. Ek voel die hitte en koue van sy hand tegelyk. ’n Siddering wat deur my trek, want sy glimlag en sy oë, eintlik sy hele teenwoordigheid, sê hy is dodelik. Ek weet nie waarom ek dit op daardie oomblik ervaar het nie. Dalk kinder-intuïsie. Dalk omdat Domingo so in skrille kontras met my pa se vredeliewende onskuld is. Maar ek weet instinktief en sonder twyfel, jy wil vir Domingo aan jóú kant hê.	77	‘Guy in Harrismith talked about people who started a place near Fouriesburg. In the mountains, whites only. I didn’t go to look.’	73	Domingo looked me in the eyes and shook my hand. I noticed there was a tattoo on the back of his hand, two curved swords and a rising sun. I felt the heat and cold of his hand at the same time. A shiver went through me, because his smile and his eyes, in fact his entire presence, said he was deadly. I don’t know why I experienced it at that moment. Childlike intuition? Perhaps because Domingo was in such sharp contrast to my father’s peace-loving innocence. But I knew instinctively and without a shadow of a doubt that you wanted Domingo to be on your side.	72

Aanhangsel C: Onderhoudskedule vir vertaler

Die volgende vrae is aan die vertaler gestuur, maar sy kon ongelukkig nie die vrae beantwoord voor die afhandeling van die studie nie.

Vraag 1 tot 3 is gevra om agtergrond inligting te kry oor die vertaling van die Meyer-romans en uiteindelik oor die vertaling van *Koors.*

1. Luidens ’n vorige onderhoud met u, doen u al ongeveer 17 jaar lank vertaalwerk – sodat u deeglike kennis oor én ervaring van vertaling het. Was daar iets wat vir u uitgestaan het tydens die vertaling van *Koors* in vergelyking met die werk wat u al voorheen gedoen het?
2. *Koors* wyk af van die gebruiklike aanbod van ’n Deon Meyer-roman. Moes u ander strategieë vir vertaling aanwend as tydens die vertaling van ander Deon Meyer-romans?
3. Daar is ’n groot verskeidenheid aspekte wat ’n vertaler in ag moet neem tydens die vertaalproses. Wat was die grootste uitdagings in die vertaling van *Koors*?

Vraag 4 tot 6 fokus op die vertaling van Kaaps (en implisiet op kodewisseling) en Domingo as ’n karakter, om vergelykings te kan trek met die analises wat gemaak word oor die karakteriseringsmetodes wat geïdentifiseer is.

4. In ’n onderhoud het u genoem dat die outeur u gevra het om nie die taal af te water in die vertaling nie, maar om die outentieke spraak van die karakters te behou. Hoe het u te werk gegaan in die vertaling van die dialoog van ’n karakter soos Domingo, wat in *Koors* voorgestel word as ’n spreker van Kaaps (oftewel Kaapse Afrikaans)?
5. U het in vorige romans van Deon Meyer met karakters wat Kaaps praat, te doen gehad. Was dieselfde vertaalstrategie gebruik om die sprekers van Kaaps as karakters uit te beeld as in hierdie roman van hom?
6. Wanneer *Koors* met *Fever* vergelyk word, kry ’n mens die indruk dat Domingo in *Fever* uit die staanspoor meer formeel voorkom as in die Afrikaanse *Koors.* Wat was die uitdagings in die vertaling van hierdie karakter se dialoog?

Vraag 7 en 8 fokus op die vertaler as ’n rolspeler binne ’n netwerk van rolspelers om te bepaal watter invloed sy as ’n rolspeler het en hoe dit vergelyk met ander rolspelers tydens die proses van vertaling.

7. Dialoog van ’n karakter kan beskou word as iets wat baie plekspesifiek is, en ’n baie verrykende rol speel ten opsigte van karaktersketsing. Dít in ag genome: Het die uitgewers se insette ’n groot invloed op die besluite wat u neem in die vertaling van ’n roman?
8. Stel uitgewers riglyne of beperkings met betrekking tot taalregister- of -variëteitsvertaling, byvoorbeeld om seker te maak dat die eindproduk gepas is vir hulle teikengehore – selfs al sou sulke oorwegings ten koste wees van linguisties verrykte of genuanseerde karaktertekening? In watter opsigte, indien enige, was sulke riglyne of beperkings ter sake wat *Fever* betref, met fokus op die Amerikaanse uitgawe?

Vraag 9 tot 11 fokus weer op kodewisseling en die gebruik van kodewisseling in die roman. Hierdie vrae het betrekking op die manier waarop die karakter uitgebeeld word en die manier waarop die vertaler die karakter visualiseer. Die vrae kan ook geskakel word met die vertaalstrategie(ë) wat aangewend word.

9. Wat is u standpunt met betrekking tot die handhawing, al dan nie, van kodewisseling in die omsetting van die bronteks tot die doelteks?
10. Daar kom verskeie vorme van kodewisseling in beide romanweergawes voor. In *Fever* word daar ’n glossarium verskaf om sommige van die Afrikaanse/tipies Suid-Afrikaanse terme wat gebruik is, te verklaar. Hoe (indien wel) verskil *Fever* ten opsigte van die gebruik van Afrikaanse woorde met die praktyk wat u gevolg het in die eerste vertalings wat u van Deon Meyer-werke gedoen het?
11. Die karakter Domingo se dialoog in *Koors* word gekenmerk deur die benutting van kodewisseling om uit te beeld dat die karakter Kaaps praat. Na aanleiding van die vorige vraag: Dink u dat die uitbeelding van ’n karakter deur middel van dialogiese kodewisseling in die toekoms vir die Engelstalige romans meer aanvaarbaar as tans sal wees? Dit wil sê: dat die weergawe van die kodewisselende dialoog van so ’n karakter soos dit in ’n Afrikaanse roman voorkom, gelykwaardig oorgedra sal kan word in die weergawe daarvan in ’n Engelstalige uitgawe?